# SIEN JY, HIERDIE SKIP IS BESIG OM TE SINK!

’n Profetiese gesprek met die sowat 30 000 verskillende kerke en denominasies in Suider-Afrika, met spesifieke verwysing na dr Christo Nel se gesprek met die NG Kerk in die besonder

DR CHRISTO NEL

# SIEN JY, HIERDIE SKIP IS BESIG OM TE SINK!

## Inhoudsopgawe


Inleidend ........ 9

“NG Kerk se grootste gemeente wil waai” ........ 10

In 1991 het die passasierskip, Oceanos, gesink ........ 12

Operasie See-redding - Die profetiese woord in die verband in die jaar 2020 ........ 13

‘n Belydenis tydens die 500-jarige viering van die Reformasie ........ 16

Deel 1 – Die gebeure van 31 Oktober 1517 ........ 16

Deel 2 – Die kernwaarhede van die Protestantse Reformasie ........ 18

Deel 3 – Reformeer weer ’n keer in 2017 ........ 19

Laat toe dat God julle gedagtes vernuwe! ........ 21

My teologiese fondasies word geskud! ........ 21

“Ek wil My nuut aan jou openbaar!” ........ 21

Ek en my gesin word Bybels gedoop as gelowiges ........ 22

“Ek is besig om My Mense se prentjie van die Kerk/Ekklesia te verander” ........ 23

Dit wat julle “kerk” noem, is grotendeels menslike strukture ........ 23

’n Profetiese woord ........ 23

Hoe lyk dit waar die Koninkryk van God deurbreek? ........ 25

’n Visioen van die Ekklesia van die toekoms ........ 27

Elvis Iverson se visioen ........ 27

My gesprek met die NG Kerk is eintlik ’n gesprek met elke kerk-sisteem rondom my ........ 29

Die Evangelie van die Koninkryk wat kom ........ 29

Wat mense se hande-werk is, moet val voor die Koninkryk! ........ 30

Reformeer! ........ 32

Reformeer terug soos God dit begeer ........ 32

Geroep om mense dissipels van Jesus te maak ........ 36

Ons basiese opdrag in die Ekklesia ........ 36

Soms moet ons die kerk, soos ons dit ken, vir kort of langer tye “toemaak” ........ 37

Die tradisie van “verskillende denominasies en kerke” moet krities bevraagteken word ........ 38

Hoe maak ’n mens iemand prakties ’n dissipel van Jesus? 38
Hoe lyk jou lokale naby-familie in Jesus? 39
Nuwe wyn roep na nuwe wynsakke 40
Inleidend 40
Nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke 42
'n Bietjie meer oor die nuwe wynsakke 43
Kom ons hou op praat van kerk en kerke! 44
“Ekklesia” in die Bybel 45
’n Herontdekking van die genetiese DNA in elke wedergebore gelowige 48
Die praktyk van die Bybelse ekklesia 49
Ef. 4:11-16 50
Ruimte vir die vyfvoudige bediening-span 51
Oktober 1999 – 'n Profetiese woord: Waarmee is God tans wêreldwyd besig? 52
Herstel My Liggaam! 53
In die Nuwe Testament sien ons vier elemente in die kleiner ekklesia-geloof-familie 54
Geroep om mense dissipels van Jesus te maak 55
‘n Geloof-verantwoording van 'n ekklesia in die lig van die reformasie van strukture 59
1. God se spesifieke bedoeling vir ons bestaan 59
2. Ekklesia-wees is om… 64
3. Ekklesia se roeping 66
’n 7-Stap-Plan 66
4. Bybelse waardes wat die ekklesia se lewe en optrede kleur en geur 68
Ekklesia is om… 71
Onder wie se gesag staan en bedien jy? 74
’n Belydenis van geloof en konstitusie vir die ekklesia 76
Definisie en taak van die plaaslike ekklesia 76
Inhoud van ons geloof 77
Konstitusie van die ekklesia 79
Regering van die ekklesia 81
’n Nuwe Ekklesiologie – Kom ons hou op praat van “kerk” en “kerke”! 83
’n Ekklesia sonder “kerke” – Uitgedaag tot ’n suiwer Bybelse ekklesiologie 83
Sodat ons een kan wees 86
1. God sien net een kerk 86
2. Ef. 4:11 tot 16 oor hierdie eenheid 88

Jy is deel van God se aardse familie ..... 91
Inleidend ..... 91
Frustrasie met "kerk-wees" in die kerkstrukture ..... 92
Ekklesia-wees is… ..... 92
'n Nuwe Bybelse ervaring van kerk/Ekklesia-wees ..... 93
Die Nuwe wynsakke was M-eatings ..... 93
'n Profetiese skrywe aan al vyf die gereformeerde kerke in Suidelike Afrika, April 2013 ..... 96
Reformeer… Weer 'n keer – Die Waarheid sal julle vrymaak ..... 96
Deel 1 – My teologiese paradigmas word dramaties verskuif ..... 96
Deel 2 – Die onvoltooide deel van die Reformasie ..... 98
Deel 3 – Om babas te doop of nie ..... 102
Deel 4 – Om weer 'n keer te Reformeer, dwing ons weer terug na die Woord toe ..... 107
Die Doopsformulier van die NG Kerk wat gebruik word by die doop van babas van gelowige ouers ..... 109
My opmerkings oor wat in die Formulier staan ..... 111
Verdere kritiese opmerkings oor die leer van die NG Kerk rondom die bediening van die doop aan suigelinge ..... 113
Deel 5 – Die Waagmoed om te Reformeer terug na die Woord toe… Weer en weer ..... 118
Meer oor die verskille rondom die doop ..... 125
Die volgende oor die reëling vir 'n interim-periode ..... 125
Terug na die Skrif en die Skrif alleen ..... 126
Verkorte Bibliografie ..... 126
God is besig met iets nuuts ..... 128
Inleidend ..... 128
Die Nuwe Testament oor eenheid en liefde ..... 129
1. Oor eenheid ..... 129
2. Oor liefde omdat ons een is ..... 131
Ekklesia – God se spesifieke bedoeling met die Ekklesia ..... 138
A. Inleidend ..... 138
B. God se bedoeling met ons as ekklesia ..... 138
C. Trek goeie leiers in jou span in ..... 141
Huisgesinne is die Ekklesia-in-die-kleine ..... 143
'n Paar belangrike Bybelse lyne in die verband ..... 143
Die visioen oor die Herlewing – April 1997 ..... 146

Die meeste herlewings begin waar mense begin bid… 148
God is besig om Sy Bruid te restoureer 151
Restourasie 151
Saai en oes 155
’n Profetiese padkaart vir ’n apostoliese reis in die Ekklesia 161
Die hele kerklike landskap gaan radikaal verander 161
Laat staan jou vooropgestelde idees 162
’n Profetiese visioen 163
Ek sien iets! 165
God se nuwe intelligensiekorps 166
Ons het nodig om weer van God te hoor 169
’n Praktiese Leer-deur-Ervaring vir 10 weke: Beleef Bybelse Ekklesia 173
Lukas 10 – Beleef Bybelse Ekklesia 173
Here, verander ons prentjie en belewenis van gemeente-wees 173
Inleidend 173
Terug na die lering van die apostels 175
Die Aard en Waardes 175
Praktiese Reëlings 177
10 Sleutelelemente van die Lukas 10-program 177
1. Betrokkenes kan getuig van ’n Radikale Bekering 177
2. Gedoop in water as gelowiges 178
3. Gedoop met die Gees 178
4. Deel-wees van die familie van God in die ekklesia 178
5. ’n Nuwe, skoon begin 179
6. Deel word van God se Apostoliese sending 179
7. ’n Finansiële Bekering 179
8. Gawes en Roeping 180
9. Dissipel mekaar 180
10. Om netwerke van ekklesia te plant 180
Die Verwagte Uitkomste van die Lukas 10-program 181
Ander studiemateriaal 182
Brief vooraf: 'n Nuwe Bybelse Ekklesia-ervaring vir 10 weke! 183
Week 1 – Jy word deel van die Ekklesia deur ’n normale Bybelse geboorte 184

1. ’n Normale geestelike geboorte vereis Bybelse berou en bekering – Luk. 24:47; 2 Kor. 7:9,10; 1 Tess. 1:9 ..... 184

2. Glo in die Here Jesus as Verlosser, is deel van ’n normale geestelike geboorte (Hand. 2:38,39 en Heb. 6:1,2) ..... 187

Week 2 – (Vervolg: ’n Normale Bybelse geboorte) ..... 190

3. Om gedoop te word in water… ..... 190

4. Die doop met die Heilige Gees… ..... 191

Week 3 – Leer mekaar God se stem hoor om te kan bedien ..... 196

Inleidend ..... 196

Hoe praat die Here met ons? ..... 197

Week 4 – Jy is deel van die Familie van God ..... 201

Inleidend ..... 201

Frustrasie met “kerk-wees” in die kerkstrukture ..... 202

Daar ontdek ons Ekklesia-wees is… ..... 202

’n Nuwe Bybelse ervaring van kerk/ekklesia-wees ..... 203

Die Nuwe wynsakke was m-eatings ..... 203

Week 5 – Bekering rondom julle finansies ..... 206

Inleiding ..... 206

God, ek en finansies ..... 206

My “ere-diens” ..... 208

Oor jou werk ..... 208

6 Bybelse beginsels vir my bediening op die markplein ..... 209

Finansiële asemhaling ..... 209

Leer die dissipline van gereeld-gee aan ..... 209

Vir wie moet ons gee? ..... 209

Week 6 – Opdrag Lukas 10 leer ons om ’n gemeenskap te dissipel ..... 211

Inleiding ..... 211

Lukas 10 – ’n Metode om ’n gemeenskap te dissipel ..... 211

Vraag: Hoe kan ons die 96% gemeentelede mobiliseer om die mense om ons te bereik? ..... 212

Vraag: Hoe kan ek as “gewone” gelowige bogenoemde in my besige program inpas? ..... 214

Hoe doen ons dit prakties? ..... 215

Ons roeping ....218
Week 7 – 'n Heilige lewe ....220
Lering – opsomming ....220
Lering ....220
God se Gees in ons is die wonderlikste Berader ....221
God se Gees in ons ....222
Dissipelskap beteken dus ook… ....223
Week 8 – Lewe soos nuwe mense ....224
Lering: Lewe soos nuwe mense ....224
Week 9 – Wees My getuies… Teenoor die hele wêreld ....227
Lering: Wees My getuies ....227
'n Vergelyking ....227
God het 'n spesifieke plan vir jou lewe (Ef. 2:9,10) ....227
Wees jy maar net sensitief vir die stem van die Heilige Gees in jou ....228
Jou invloedsfeer ....228
Wees op die uitkyk vir 'n man of vrou of tiener "opsoek na vrede" (Luk. 10:5-9) ....228
Besef jy dat jou huis of werksplek 'n bedienings plek kan wees? ....229
Ons saam-wees met ander gelowiges het ten minste 5 elemente: ....229
Maak mense My dissipels – Mat. 28:19,20 ....231
Week 10 – Opdrag Lukas 10 – Om Ekklesia-netwerke te plant ....233
Opdrag Lukas 10 – Om gelowiges op te lei om te minstens 100 miljoen nuwe ekklesia te plant ....233
In die Bybelse ekklesia… ....234
"Tydelike huis-ekklesia" van tot 12 persone word geskep om geestelike geloofsfamilies te wees ....235
Opsomming: 10 Sleutel-elemente van Opdrag Lukas 10 ....235
Bylaag A –'n Bekendstelling-pamflet ....239
ADDENDUM: Agtergrond-materiaal en korrespondensie ....244
'n Baie persoonlike brief aan die NG Gemeente, Potchefstroom-Mooirivier, 1992 ....245
'n Getuienis: Om aan God die eer te gee! ....245
Operasie: Help-Mekaar! 'n Kerklike Aksie-Noodplan (K.A.N.) ....245

Weer 'n stukkie getuienis ... 245
'n Brief aan Dr Johan Engelbrecht (Instituut vir Kerkgroei in Afrika, Kempton Park) ... 247
My bedankingsbrief as leraar – 18 Oktober 1993 ... 249
Redes vir bedanking as Leraar van die Ned.Geref. Kerk ... 249
'n Artikel vir die JOY-tydskrif – Gepubliseer in JOY, Oktober 1997 ... 250
In the midst of a Second Reformation! ... 250
'n Artikel vir die JOY-tydskrif – 11 Aug. 1998 ... 253
Lansering van die REVEILLE BEDIENING in 1998 ... 255
Reveille Bediening ... 255
Visie ... 255
Metodiek ... 256
'n Beleidsverklaring oor die Liggaam van Jesus ... 256
'n Moontlike prentjie vir toekomstige bediening ... 257
Finansiering van die bediening-span ... 257
Die Bekendstelling-blaadjie van REVEILLE ... 258
My brief op 22 Januarie 2004 aan DIE KERKBODE, oor die doop ... 262
Ons uitdaging: Om die ongedane werk van die Reformasie van 1517 af te handel! ... 262
Oor 'n "Petri-glas-gemeente op 18 Maart 2005 ... 266
Bylaag: 'n Petri-glas-gemeente kan 'n effektiewe oplossing wees ... 267
Die doop van gelowiges – 'n Kursoriese Bybelse en Kerkhistoriese ondersoek met die oog op biddende nadenke hieroor ... 270
Die volgende Bybelse gegewens is van belang in die verband ... 270
Die nuutste navorsing rondom die Reformasie-gebeure van 1517 ... 272
Brief aan die Moderatuur van die NG Kerk oor ruimte vir die doop van gelowiges, 25 Maart 2005 ... 277
In sake: Bestuur doelbewus die verskille oor die doop binne die Ned.Geref. Kerk ... 277
My Voorstel: ... 277
My beredenering ... 278
Agtergrond ... 278
Meer oor die verskille rondom die doop ... 279
Die volgende oor die reëling vir 'n interim-periode ... 279

Kommentaar oor die besluite van die NG Kerk in 2015 en 2016 oor Selfde geslag verhoudings en - huwelike ..... 284
Die 2015-besluit ..... 284
Die 2016-besluit ..... 285
My kommentaar ..... 286
My artikel op my BLOG hieroor ..... 289
Verdere opmerkings van my kant af hieroor ..... 290
VERKLARING – Moreletapark Gemeente se reaksie op die Algemene Sinode se besluite rakende selfdegeslag verhoudinge ..... 293
Geloofsdokument van Moreletapark Gemeente ..... 294
"Dink mooi voor jy die NGK verlaat", vra Moreleta" ..... 295
Verslag oor die SPESIALE BERAAD van 25 en 26 Februarie 2020 ..... 297
Hoekom moet ek en Hetta by die Beraad wees, Here? ..... 298
Rapport oor Dag 1 en 2 tydens die beraad ..... 299
'n Profetiese woord aan Ds. Willem Badenhorst na die Beraad ..... 301
My brief aan die Leierskap van die nuwe Beweging na die Beraad ..... 302
'n Sirkel wat na 27 jaar voltooi word ..... 305
Oor die Skrywer ..... 306

# Inleidend

Dit is April 2019.

Kan jy glo, dit is reeds meer as 25 jaar gelede wat die Here vir my hard en duidelik as 'n NG-dominee gesê het: Ek wil hê jy moet uit die NG Kerk as leraar bedank en uitstap om beskikbaar te kan wees om My mense te gaan bedien wat honger en dors na meer en nie meer tuis is in hierdie kerksisteem nie.

Nou die dag beleef ek hoe die Here my aanpor om 'n boek te skryf oor my gesprek met die NG Kerk, maar ook natuurlik met alle ander kerksisteme, oor die nuwe prentjie wat ek glo God besig is om vir ons as Sy mense oor Sy ware Bybelse Kerk, of die Ekklesia, soos ek haar graag wil aanspreek, te wys.

Daarmee sê ek nie dat alles wat ek hierna sê alles "van die Here af is nie". Tog is dit ten minste my eerlike mening na meer as 25 jaar se soeke en nadenke oor die Ekklesia, met God se Woord, die Bybel, in my hande as my enigste toets vir waarheid.

Omdat ek ook nie net wil kritiese vrae vra of net 'n reuse hoop inligting op jou as leser se tafel wil neersit nie, waag ek dit om baie prakties te wees deur onder andere 'n 10 weke-program van Leer-deur-ervaring-oor Bybelse Ekklesia-wees ook in hierdie boek saam te bundel.

Mag dit God se kinders ten minste 'n plek gee om te begin om iets nuuts en iets anders te ervaar as dit wat ons tot nou toe in allerlei mensgemaakte kerksisteme beleef het van "kerk-wees"!

Januarie 2021

Dit is so inlyn met 'n profetiese woord van Cindy McGill, op Elijahlist.com, 1 Januarie 2021:

"Tim said to God, "People don't like the Church." God spoke back to Tim and said, "People have never SEEN the Church." Tim then said to God, "People don't like Christianity." God spoke back to Tim and said, "People don't like POWERLESS CHRISTIANITY."

https://elijahlist.com/words/display_word.html?ID=24814

Dit is egter belangrik om 'n onderskeid te maak tussen wat God "Kerk" of Ekklesia noem, en dit wat ons "kerk" noem.

Ek het daarom my uiterste bes gedoen om dit te onderskei van wanneer ons te make het met wat in die algemene spreektaal "kerk" genoem word en wat niks anders is as mensgemaakte "kerksisteme" of "denominasies" of georganiseerde "gemeentes" nie. Dus, tipies bloot maar net nog 'n mens-gedrewe en georganiseerde groep mense is wat hulleself "kerk van Jesus" noem.

Die skrywer

Christo Nel

## “NG Kerk se grootste gemeente wil waai”

So lui die opskrif in die Kerkbode van die 2de Mei 2019.

Kom ek haal uit hierdie artikel vir jou aan:

Kerkleiers sal eersdaags ontmoet om te sien of die NG Kerk haar grootste gemeente sal kan behou.

Ds Nelis Janse van Rensburg sal volgende week in Pretoria vergader met leiers van Moreletapark Gemeente wat die NG Kerk wil verlaat.

Die makrogemeente se voorneme om die kerkverband te verlaat, is glo na ’n “tydperk van afsondering en verootmoediging” geneem en geld vir leraars sowel as die kerk se meer as 14 000 belydende lidmate.

Janse van Rensburg en dr Dewyk Ungerer, onderskeidelik voorsitter en aktuarius van die Algemene Sinodale Moderamen, sal nou met Moreletaparkleiers ontmoet. “Ons moet hoor wat hulle sê, wat ons kan leer en watter ruimte daar vir hulle is om die Here te dien saam met ons,” het Janse van Rensburg oor die doel van sy besoek gesê.

Volgens Janse van Rensburg het hy met “hartseer en ontsteltenis” van die besluit te hore gekom, maar hy het klem daarop gelê dat hy nie volgende week se gesprek vooruit wil loop nie. “Daar is altyd moontlikhede om misverstande uit die weg te ruim.”

*Kerkbode* kon nog nie daarin slaag om met Moreletapark se gemeentewoordvoerder oor dié saak, ds Pieter Badenhorst, kontak te maak vir meer besonderhede oor die redes vir die besluit nie. Hou dus *Kerkbode* dop vir meer oor hierdie storie.

Die moontlike afskeiding van so ’n reuse-gemeente blyk nuwe vaarwater vir die kerk te wees. Janse van Rensburg het gesê hy het nog nie in sy 30 jaar bedieningstyd met so iets te doen gekry nie.

Nog ’n kerkleier wat by daardie gesprek teenwoordig sal wees, is ds Dirkie van der Spuy. Dié het aan *Kerkbode* verduidelik hy bevind homself as ’t ware tussen die twee partye, naamlik die sinodes (Oostelike Sinode in Pretoria en die Algemene Sinode) en dan die leiers van Moreletapark, wat hom van hulle besluit ingelig het nadat dit sonder sy medewete geneem is.

Van der Spuy het by navraag oor sy gemoedstoestand oor die gebeure gesê: “Op hierdie stadium bid ek vir die pad vorentoe dat die Here baie duidelik sal lei en dat almal oop sal wees om die stem van die Here te hoor,” het hy Donderdagaand (2 Mei) gesê.

Van der Spuy is die moderator van die Oostelike Sinode en ondervoorsitter van die Algemene Sinode. Hy het ’n sleutelrol in die groei van Moreletapark gespeel in sy termyn as leierleraar daar. Sy termyn is beëindig toe hy in Februarie 70 jaar oud geword het, maar hy dien steeds as ouderling by die kerk met agt leraars met portefeuljes wat wissel van “Gasvryheid en gemeenskap” tot “Wêreldsending” en wat ook met ’n kleuterskool, laerskool (Pure Hope Primary) en boekwinkel spog. “Aan die een kant verstaan ek die gemeente se bekommernis oor verskeie sake in die NG Kerk en dat hulle ná ’n opregte soeke na die wil van die Here aan Hom gehoorsaam wil wees. Aan die ander kant is my hart by die leierskap van die NG Kerk waar ek meewerk aan ’n pad om dinge wat pla aan te spreek,” aldus Van der Spuy.

Oor die vraag of Moreletapark se grootte ’n verskil aan die kerk se reaksie maak, het Janse van Rensburg gesê dit maak nie saak of die gemeente groot of klein is nie: “Ons kyk nie so daarna nie.”

Hy het bygevoeg dat dit kerkregtelik ook nie eenvoudig is vir ’n gemeente om hulle sakke te pak nie. **– Kerkbode-redaksie.**

**MEER OOR MORELETAPARK-GEMEENTE?**

- Moreletapark het 14 801 belydende lidmate en 5 423 dooplidmate wat dié gemeente loshande die grootste NG gemeente in die land maak.
- Die enigste ander NG gemeente wat naby hulle totale aantal lidmate van 20 224 kom, is kerksondermure in Centurion met 17 812.
- Die gemeente se kerkgebou is in Moreletapark, ’n voorstad van Pretoria, in De Villebois Mareuilrylaan en sowat 12 km van Pretoria se middestad.
- Moreletapark-Assosiasie (MPA) is een van die gemeente se entiteite wat fokus daarop om gemeenteleiers en predikante te begelei en toe te rus.
- Hulle het ook ’n niewinsgewende organisasie, LIFT Community Development, wat die gemeente se gemeenskapsprojekte fasiliteer. Een van die organisasie se funksies is om Woodlane Village, ’n plakkerskamp langs die kerk, te ondersteun.

Bronne: *Jaarboek van die NG Kerk 2019*, moreletapark.org


(Soos aangehaal uit http://kerkbode.christians.co.za/2019/05/02/ng-kerk-se-grootste-gemeente-wil-waai/ )

## In 1991 het die passasierskip, Oceanos, gesink

Die storie het wêreldwyd opslae gemaak en die video daaroor op YOUTUBE trek steeds duisende:

In 1991 het die passasierskip, OCEANOS, met 1500 passasiers aan boord, langs die Suid-Afrikaanse kus vergaan.

Deur die Here se genade en die dapperheid van gewone mense, is niemand dood nie. Die tragiese van die verhaal egter was dat die kaptein en bemanning die skip voor die tyd verlaat het en al hulle passasiers aan hulle eie lot oorgelaat het.




Dit het vir my simbool geword van wat ek vir soveel jare, met God se Woord in my hande, aan die voete van Koning Jesus, die Hoof van Sy Kerk, oor bid en dink.

Rondom my sien ek soveel kerk-sisteme besig om stadig maar seker te verkrummel, terwyl God se mense verward oorboord spring, sonder om altyd te weet waarheen om nou te gaan.

In Oktober 1993, na ’n bediening van 14 jaar as ’n leraar van die NG Kerk, moes ek en my gesin bedank en daaruit padgee, omdat ek oortuig was dat die Here ons roep om ander wat oorboord spring, te help om hulle plek weer in die groter Ekklesia, of Liggaam van Jesus, te vind.

## Operasie See-redding - Die profetiese woord in die verband in die jaar 2020

Terwille van die waarheid, liefde en eenheid

Deel van die profetiese woord van die Here vir hierdie seisoen is dat Hy besig is om vir Sy mense 'n nuwe prentjie te wys van wat ware Bybelse Ekklesia en ekklesia-wees beteken.

Toe die Here my en Hetta opdrag gee om persoonlik by die Spesiale Beraad by die Moreletapark NG-gemeente, 25 en 26 Februarie 2020, teenwoordig te wees, het ons nie besef dat dit ook die aanbreek van 'n nuwe seisoen in ons bediening sou beteken nie.

Die meeste van julle weet dat ek en Hetta vir 14 jaar, tot in 1993, 'n predikante-paar was in die NG Kerk. Daardie jaar, in Oktober 1993, het die Here my beveel om te bedank as leraar uit die NG Kerk-struktuur, om te kan doen waarvoor Hy ons in die nuwe seisoen wou gebruik.

**Sy profetiese woord aan ons**

Sy profetiese woord aan ons was: "Ek het julle geroep as pionier onder tradisionele Afrikaans sprekende mense wat kom uit die kerkstruktuur en sy teologie waarin jy vir jare opgelei is.

Vir hulle moet jy 'n pad deur die bos maak, waar daar tans net 'n voetpad is. Dan moet jy hierdie pad teer, want daar kom derduisende binnekort in hierdie selfde rigting vir wie jy dan moet sê: Hier is die pad. Ja, ek weet julle weet nie nou waarheen nie. Hierdie is die pad en die rigting wat die Here self vir ons oor die afgelope jare gewys het!"

Op daardie stadium, in 1993, het die NG Kerk sowat 'n miljoen en 'n half belydende lidmate gehad.

**Nou, 27 jaar verder**

Nou, 27 jaar verder, in die jaar 2020, is daar net 500 000 belydende lidmate oor in die NG Kerk.

Dit is nie omdat die ander miljoen nie meer die Here lief het nie. Dit is eerder juis omdat hulle die Here Jesus liefhet dat hulle die NG Kerk verlaat het, omdat hulle gesien en beleef het dat binne hierdie kerkstruktuur word dinge nie meer gedoen en geleer soos wat die Here God in Sy Woord vir ons leer nie.

Die afgelope 5 jaar se gebeure in die NG Kerk is 'n goeie (of eerder "tragiese") voorbeeld daarvan. Kom ek probeer die gebeure kort opsom sonder om te tegnies of slim te probeer wees:

- Tydens die Algemene Sinode van 2015 het die geestelike leiers van die NG Kerk besluit dat selfde-geslag verhoudings en -huwelike Skriftuurlik is (met ander woorde, volgens die Bybel en sy boodskap, is dit reg en toelaatbaar)
- Na hierdie vergadering was daar soveel opstand oor hierdie besluit, dat daar 'n noodvergadering van die Algemene Sinode uitgeroep is, waartydens die besluit van 2015 herroep is.

- Kort na hierdie vergadering het vier lidmate en vier dominees van die NG Kerk, die kerk hof toe geneem omdat hulle gevoel het die korrekte prosedures is nie gevolg tydens die vergadering nie. Die Hof het hulle dit toegegee en die besluit van 2015 is weer van krag verklaar.
- Dit lei toe tot die gebeure tydens die Algemene Sinode van 2019. Tydens hierdie kerkvergadering sou dinge gebeur wat ʼn skeuring in die NG Kerk sou bewerk. Want behalwe dat die besluit van 2015 herbevestig is, naamlik dat selfde-geslag verhoudings en -huwelike as Bybels en binne God se wil beoordeel is, word predikante wat in selfde-geslag verhoudings en huwelike is, toegelaat tot die gemeente-bediening. Hulle kan dus, as die gemeente dit aanvaar, beroep en bevestig word as leraar van so ʼn gemeente.
- Na hierdie Algemene Sinode-besluit het twee sinodes van die tien in die NG Kerk gevoel dat hulle nie na hierdie besluit saam die pad verder kon stap nie en het hulle met gesprekke en prosedures begin hoe nou verder. Omdat, om sommer net “uit te stap” uit die NG Kerk-verband, nie ʼn eenvoudige proses is nie en dit baie wetlike implikasies het (soos leraars wat hulle status en pensioen dalk sal moet prysgee, en gemeentes betrokke wat hulle geboue, ens., kan verloor), het Moreletapark NG-gemeente besluit om ʼn Spesiale Beraad vir geestelike leiers uit hierdie ontevrede gemeentes te reël waartydens daar rustig oor opsies gedink en gepraat kon word van hoe nou verder.

Tydens die Spesiale Beraad is dié sowat 450 afgevaardigdes (waarvan sowat 300 leraars was), met die volgende vier opsies huis toe gestuur wat hierdie “nuwe beweging in die NG Kerk” duidelik sigbaar sal laat word:

Hieraan gaan julle "die nuwe beweging van God se Gees" in die NGK herken…

1. Die betrokke “ontevrede gemeentes” kan hulleself as sogenaamde “dolerende gemeentes” verklaar. (Die woord "doleer" is ʼn Nederlandse woord, wat beteken dat die gemeente treur oor die toestand in die NG Kerk en al die onwaarhede wat verkondig en besluit is). Dit moet dan ook opgevolg word deur van die ander van die volgende opsies.

2. Belydende lidmate, gemeentes, Ringe en Sinodes wat so voel, kan ʼn leergeskil met die NG Kerk verklaar deur ʼn brief (of sogenaamde “gravamen”) daaroor aan die Algemene Sinode te skryf. Die probleem hiermee is natuurlik dat daar gewag moet word vir die volgende Algemene Sinode om hieroor te sit. (Waarvoor bitter min gemeentes/lidmate kans sien om so lank nog te wag voordat hierdie saak gehanteer word.)

3. Met behulp van ʼn merkwaardige Kerkorde Artikel, Artikel 37, het hierdie gemeentes ook ontdek dat hulle as gemeente, of as ring of sinode, hulle self los kon maak van die Algemene Sinode en haar besluite. Hulle kon dan ook voortgaan om binne 'n ander sinode (wat besluit het om ook hierdie pad te volg) vir hulle 'n nuwe geestelike tuiste te vind. So bly hulle wel deel van die NG Kerk, maar word nie meer gebind deur "probleem-besluite" van die Algemene Sinode nie.

4. Dit bied dan ook vir dié gemeentes, ringe of sinodes, die ruimte en geleentheid om nuwe samewerking strukture te begin soek met ander gemeentes, Ringe, Sinodes, en selfs met ander "kerke" wat die Skrif dieselfde verstaan met die oog op reformasie.

(Natuurlik was daar ook die opsie om weer 'n regsaksie in die burgerlike hof aan die gang te sit om so hierdie besluite van die Alg Sinode ongeldig te laat verklaar. Dit word wel as 'n opsie deur sommiges oorweeg.)

Hoe dit ook al sy, vir my en Hetta het al hierdie gebeure die volgende betekenis gehad:

Voor hierdie beraad het die Here ons hierdie prentjie gewys van hoe verskillende kerkstrukture, waarmee God nie tevrede was nie, besig is om soos groot skepe te sink!

Maar op die dek van hierdie skepe het God se mense gestaan waarvoor Hy baie lief is!

**"Reddingsbote"**

Ons het gesien hoe die Here ons en andere oor die jare "reddingsbote" laat bou het, wat nou nader moet seil om nou God se mense, wat wil, te red van hierdie skepe af. Ons gaan hulle dan land toe neem waar ons vir hulle die teerpad gaan wys wat God ons maak bou het die afgelope jare.

Waar ons egter eers nie mooi kon verstaan nie was waarom ons die Spesiale Beraad moes bywoon (ons was immers nie meer geestelike leiers in die NG Kerk nie).

Tog het die Here aan ons verduidelik dat ons die beraad bywoon as "verteenwoordigers" van die sowat 'n miljoen gelowiges wat die afgelope jare reeds van die skip afgeklim het, omdat hulle oortuig was dat die skip besig is om te sink.

Nou, na die Beraad, stuur Hy ons en andere soos ons, om onsself aan te bied vir hierdie gelowiges, gemeentes, ringe en sinodes, om te help waar ons kan.

Ja, 27 jaar gelede het Hy ons beveel om af te klim van die skip, maar nou stuur Hy ons terug in reddingsbote om die derduisende te help wat nou eers deur die Gees van God tot dieselfde insigte gekom het.

Daarom sien ek hoe ek en Hetta, oral oor die land, maar ook in Namibië en Botswana, rondry om gelowiges te help en toe te rus met die "nuwe wyn" en met die nuwe prentjie van die Ekklesia wat die Here ons geleer het.

Daarom verklaar ons onsself bereid om op die wyse betrokke te wees by hierdie beweging van God se Gees in ons midde!

## ‘n Belydenis tydens die 500-jarige viering van die Reformasie

- Hierdie is ‘n reeks artikels wat Dr Christo Nel geskryf het wat uiteindelik in die Christelike koerant, PNEUMA, verskyn het.
- Dit was oorspronklik ‘n reeks artikels wat voorgelê is aan koerante en tydskrifte van NASPERS om geplaas te word ter voorbereiding van die 500-jarige viering van die Reformasie op 31 Oktober 2017. Hulle het daarteen besluit om dit te plaas.

Ps. 36:10

U is die Fontein van die lewe; in U lig sien ons die lig.

Wat wil God se Gees aanspreek vandag, op 31 Oktober 2017, in die wêreldwye Bybelse Ekklesia?

Heelwaarskynlik die vergroeisels of kanker wat oor die eeue as gevolg van misverstaan van die Waarheid, of uit ongeloof, of uit pure ongehoorsaamheid, gebeur het.

Jesus sê self daar in Joh. 8:32 “… julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

Die Lewe in die ware Bybelse Ekklesia, onder die leiding en in gehoorsaamheid aan die stem van die Heilige Gees, kon oor die eeue die Ekklesia gesond hou, normaal organies laat groei en laat ontwikkel.

Op 31 Oktober 1517 het ’n Martin Luther die stem geword wat, ten spyte van allerlei vergroeisels in sy eie verstaan van die Waarheid en die Skrif, gewaag het om in die woorde van 2 Kor. 6:1 en 2, vir die kerk te sê:

“As medewerkers van God doen ons ’n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.

Hy sê: ‘Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp.’ Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.”

### Deel 1 – Die gebeure van 31 Oktober 1517

Vanjaar, 2017, vier ons die 500-jarige Herdenking van die gebeure van die Reformasie van 31 Oktober 1517.

Kan ek jou herinner aan wat daardie dag in Oktober 1517 gebeur het?

Op hierdie dag in 1517 het die monnik en leermeester in die Rooms-Katolieke Kerk, Martin Luther, ’n dokument met 95 stellings gaan vaskap teen die deur van die Rooms-Katolieke kerkgebou, vandag bekend as die Schlosskirche, in Wittenberg in Duitsland. Destyds was hierdie betrokke kerkgebou as’t ware die Rooms Katolieke kweekskool gewees.

Hierdie 95 stellings van Martin Luther was rewolusionêr vir daardie tyd en word beskou as die begin vir wat vandag bekend staan as die Protestantse Reformasie.

Om dit nader aan jou lyf te bring, wil ek jou herinner dat die meeste van ons wie se voorsate as Franse Hugenote na hierdie land toe gekom het, juis hierheen gekom het omdat hulle geglo het wat in hierdie dokument gestaan het en daarom deur die Rooms-Katolieke Kerk van destyds vervolg is en moes vlug uit hulle geboorteland na ʼn vreemde land toe.

In hierdie 95 stellings het Martin Luther, wat ʼn monnik in die Rooms-Katolieke kerk was, die totaal onbybelse praktyke en korrupsie in die Rooms-Katolieke Kerk van sy tyd, oopgevlek. Een van hierdie praktyke waarteen Luther kapsie in hierdie dokument gemaak het, was die gebruik onder priesters om geld te vra (wat bekend gestaan het as "aflaatgeld") wanneer hulle moes bid vir lidmate vir die vergifnis van sondes.

Om hierdie korrupte praktyk van aflaatgeld beter te verstaan, kom ek vertel jou van ʼn Dominikaanse priester, genaamd Johann Tetzel, wat aangestel is deur die Aartsbiskop van die stad, Mainz, asook deur Pous Leo X.

Hy was besig met ʼn geweldige fondsinsameling in Duitsland om vir die herstelwerk van die St. Petrus se Basilika in Rome te betaal.

Alhoewel Prins Frederick, die Derde, ook bekend was as die Wyse, die verkoop van vergifnis vir aflaatgeld verbied het, het baie lidmate steeds van oraloor gekom om dit te "kom koop" by die betrokke gemeente. Wanneer hulle dan later by Monnik Martin Luther teruggekom het, het hulle eenvoudig vir hom die sertifikaat gewys dat hulle betaal het vir vergifnis van hulle sonde, en dan het hulle aangedring dat hulle dus nie meer nodig gehad het om verder te bid vir vergifnis vir hierdie sondes nie.

Luther se frustrasie met hierdie praktyk, maar ook met ander dwalinge wat hy en andere ontdek het in die leer van die Rooms Katolieke Kerk, het hy verwoord in hierdie 95 stellings. Omdat die amptelike taal in die Rooms Katolieke Kerk van destyds Latyn was, het Martin Luther ook sy dokument in Latyn geskryf. Dit is toe vertaal in Duits en is oral in Duitsland en verder oor die hele Europa versprei in ʼn kort tyd.

ʼn Kopie van hierdie dokument is toe ook na Rome na die Pous toe gestuur.

Van alle kante het die Rooms Katolieke Kerk geprobeer om Luther te oortuig om van deuntjie te verander, maar hy het geweier om stil te bly, en daarom word Luther in 1521 offisieel deur Pous Leo X geëkskommunikeer uit die Rooms Katolieke Kerk.

Daardie selfde jaar weier Luther ook om dit wat hy in hierdie dokument van hom geskryf het, terug te trek en word hy en al sy volgelinge, deur Keiser Charles V van Duitsland, in die Edik van Worms, verklaar as misdadigers en as ketters, en word enigiemand die reg gegee om hom en sy volgelinge dood te maak sonder dat daar enige konsekwensies sal wees.

Martin Luther vlug toe en word vir ʼn lang tyd in Duitsland beskerm deur een van die prinse in Duitsland, naamlik Prins Frederik.

Daar, onder sy beskerming, begin Luther ook om die hele Bybel uit Latyn na Duits toe oor te vertaal, sodat dit gedruk kan word en Jan Alleman op straat ook self die Bybel kon lees en kan sien wat werklik daarin staan.

Hierdie vertaalwerk sou 10 jaar lank duur om te voltooi.

Die term “Protestant” word vir die eerste keer in 1529 gebruik wanner Keiser Charles V van Duitsland ’n reëling teruggetrek het waarvolgens elke prins van enige Duitse provisie/staat kon kies of hulle die Edik van Worms wou afdwing op almal in hulle provinsie/staat. ’n Hele aantal van hierdie prinse en hulle volgelinge, wat Luther ondersteun het in sy stryd teen die dwalinge in die Rooms Katolieke Kerk, het in “protes” verklaar dat hulle eerder aan God gehoorsaam wil wees as om aan Keiser Charles V se vervolg-aksie gehoor te gee. Hulle word dan bekend as die sogenaamde “Protestante”, wat mettertyd die algemene naam geword het van almal oor die wêreld wat saamgestem het met Luther en andere saam met hom, dat die Rooms Katolieke Kerk moes “reformeer” of verander om in lyn te kom met dit wat werklik in die Bybel staan.

Na Luther se dood in 1546, aan natuurlike oorsake so tussen hakies, het hierdie rewolusionêre stellings wat hy geformuleer het, die hart geword van wat vandag bekend staan as die Protestantse Reformasie en Protestantse geloof. Dit vorm vandag die hart van die leer van al die sogenaamde gereformeerde kerke, maar ook Baptistiese kerke oor die wêreld.

## Deel 2 – Die kernwaarhede van die Protestantse Reformasie

Die begrip “Reformasie” waaroor dit vir Martin Luther en sy volgelinge oor die wêreld en deur die geskiedenis heen gegaan het, vind ons vandag in die naam en begrip van ’n reuse groep kerke of kerklike denominasies, wat hulleself beskryf as “ge-reformeerde kerke”. Hier in Suid-Afrika val die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke, die Hervormde Kerk, die Afrikaans-Protestantse Kerk en die Christelike Evangeliese Kerk hieronder.

Vanjaar, 2017, vind die 500-jarige viering en herdenking van die gebeure van 1517 plaas. So herdenk ons dan die Reformasie wat daar op 31 Oktober 1517 begin het, toe Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeure van die Schloss-kerk in Wittenberg in Duitsland vas gekap het.

Daarom het ek dit goed gedink om in hierdie betrokke artikel net weer ’n slag erns te maak met dit wat presies gesê is in daardie 95 stellings, wat die hart vorm van die Reformasie waaroor dit hier gaan.

Kan ek begin deur te sê dat “reformeer” van die begin af, vir Luther en almal na hom wat hulle kon vereenselwig met die boodskap van die Reformasie, nog altyd in die eerste plek beteken het “terug na die Skrif en die Skrif alleen”.

Daarom is dit vir ons in 2017, as deelgenote van die Reformasie van 1517, net soos vir Luther en almal van sy tyd, weer ’n tyd om vir onsself erns te maak met presies wat in die Bybel staan; wat die waarheid en hart van die Bybel se boodskap en van die Evangelie is; en om weer self by die voete van Jesus te gaan sit om hierdie waarhede uit die Reformasie te ondersoek in die lig van die Skrif.

Die God wat ons aanbid en leer ken het in die Skrif, het boonop die afgelope 500 jaar, wêreldwyd met Sy mense in die ware Kerk van Jesus bly praat en ook aan ons die waarhede in Sy Woord geopenbaar.

Daarom is dit ook vir ons noodsaaklik om vir onsself, in ons eie woorde en in die taal van vandag, weer die Bybelse waarhede nuut te verwoord in die lig van die volle Boodskap van die Skrif en in die lig van die Nuwe Verbondsverhouding wat Christus Jesus vir ons deur Sy doop en opstanding bewerk het, met God se Gees wat in en op ons as Sy mense is.

Martin Luther se 95 stellings en die hart van die boodskap van die Reformasie word gewoonlik in vyf stellings opgesom. Hulle is die volgende…

- “Sola fide”, wat uit Latyn vertaal kan word as “geloof alleen”. Hiermee bely ons dat ek en jy, wanneer ons in geloof die verlossing vasgryp wat Christus Jesus vir ons volledig bewerk het deur Sy lyding, kruisiging, dood en opstanding, dit vir ons totale vergifnis, verlossing, en ʼn posisie van reg-wees in God se oë bewerk (= geregtigheid voor God)
- “Sola gratia”, “genade alleen”, wat hierdie Bybelse waarheid vasvat, naamlik dat ons as mens, op geen manier die genade en verlossing voor God self kan bewerk deur enigiets wat ons doen nie, maar dat dit alleen ons s’n word omdat God dit uit genade vir ons bewerk en aanbied as ʼn geskenk wat ons net met die leë hande van geloof kan aanvaar
- “Sola scriptura”, die Bybel alleen, wat hierdie Bybelse waarheid probeer verwoord dat ons finale toets vir waarheid en vir wat die hart is van wat ons glo en vir wat die hart is van ons lewe as volgelinge van Jesus, net die Bybel is en dit wat daarin staan
- “Solus Christus”, wat ons kan vertaal met “Christus alleen”, wat bely dat ons finale en totale verlossing geheel en al berus op Jesus Christus se gedane verlossings- en versoeningswerk deur Sy lyding, kruisiging, dood en opstanding
- “Soli Deo gloria”, aan God alleen die eer, waarmee ons bely dat al die lof en eer net God toekom, wat reeds voor die grondlegging van die wêreld Sy finale verlossing- en herstelplan vir ’n mensdom en Sy wêreld volledig bedink en beplan het; wat steeds daarby getrou bly en wat sal sorg dat dit presies volgens Sy genade- en verlossingsplan tot die wederkoms van Christus so sal gebeur.

## Deel 3 – Reformeer weer ʼn keer in 2017

Tussen ons en dit wat Martin Luther daar op 31 Oktober 1517 reeds bely het, lê 500 jaar. In hierdie tyd het God soveel dinge aan Sy volgelinge oor die wêreld in die lig van die Bybel geopenbaar en geleer.

Daarom wil ek waag om in hierdie laaste artikel oor die 500-Jarige Herdenking van die Reformasie-gebeure, te bely wat ek glo deel moet wees van ʼn belydenis van ons geloof op grond van die Bybel.

Kom ek stel dit anders: As ek of jy ʼn Martin Luther in 2017 sou wees, wat sou ons, as volgelinge van Jesus Christus en as deel van die Ware Bybelse Kerk van Jesus Christus oor die wêreld, moes bely in so ʼn Reformasie-dokument vir 2017 en verder?

Aangesien die hart van die Reformasie in 1517 gehandel het oor die posisie van geregtigheid van die gelowige in Christus Jesus (vir wie vergifnis en vryspraak van sonde nodig was), is die volgende geweldig belangrik om van kennis te neem.

Sedert die sewentigerjare is daar wêreldwyd ʼn ernstige gesprek oor die regverdiging-leer tussen Rooms Katolieke en Protestantse teoloë aan die gang.

Reeds in 1999 het die Vatikaan (as verteenwoordigers van die Rooms Katolieke Kerk), en die Lutherse Kerk, ’n verklaring onderteken waarin die geskil oor die regverdiging-leer uit die weg geruim is (en die Rooms Katolieke Kerk dus bely het dat Luther reg was in dit wat hy geglo het die Bybel hieroor bely het).

Sedertdien het die Metodiste Kerk hulle ook hierby gevoeg. Op 5 Julie vanjaar, in dieselfde kerk in Wittenberg waar Luther sy dokument teen die kerkdeure vas gekap het, het die WGGK hom ook hierby aangesluit.

Die Wêreldwye Genootskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) verteenwoordig 225 kerkgenootskappe en sowat 80 miljoen Christene oor die wêreld.

In die gesamentlike verklaring uit die Lutherse en Katolieke geledere, waarby die WGGK nou sy stem gevoeg het, hoor ons dat “die historiese verskille oor die regverdiging-leer” nie meer hierdie dele van die Kerk van Jesus gaan skei nie en dat “hulle konsensus gevind het” rondom die grondwaarhede van die regverdiging van gelowiges in Christus Jesus.

In die verklaring staan uitdruklik: “Die regverdige leef uit die geloof wat uit die Woord van God kom en in die liefde werk, wat die vrug van die Gees is.”

En: “Gemeenskaplik bely ons: Alleen uit genade in die geloof aan die heilsdaad van Christus, en nie op grond van ons verdienste nie, word ons deur God aangeneem, en ontvang ons die Heilige Gees, wat ons hart vernuwe en ons tot goeie werke oproep.”

Tog glo ek is dit van kardinale belang vir die wêreldwye Bybelse Kerk van Jesus, om weer opnuut krities teenoor mekaar te bely dat dit uit historiese ondersoeke baie duidelik is dat selfs Martin Luther en die leiers van die Reformasie van destyds in 1517, self nog so vasgevang was in die leer van die Rooms Katolieke Kerk, dat hulle te bang was om suiwer Bybels te bely wie werklik deel en lid van die ware Kerk van Jesus Christus is.

Daarom sal die gereformeerde kerke hier in Suid-Afrika en oor die wêreld heen, nie die gesprek oor wie werklik volgens die Bybel gedoop mag word, kan ontsnap nie. Daarom glo ek, sal dit in die volgende jare weer en weer sy opwagting in kerkvergaderings bly maak totdat ons gewaag het om nuut ook hier rondom te bely wat in die Bybel hieroor staan.

Die ander sake waaroor die Kerk van Jesus weer vir hulleself duidelikheid aan die voete van Jesus sal moet kry, is oor die plek en die werk van die Heilige Gees, maar ook oor wat die nuwe verbond in Christus Jesus vir elke gelowige volgeling van Jesus inhou. Ons sal dus weer nuut moet dink oor die plek van die Tora-wetgewing (as “ou wet”), en oor die Nuwe Wet en Nuwe Wetgewer (wat die Gees van God is) wat nou vir elke gelowige volgeling van Jesus in die waarheid wil lei.

## Laat toe dat God julle gedagtes vernuwe!

As ek vandag terugkyk oor die pad wat God die Gees met my geloop het, staan ek net verstom!

Tog weet ek ook, net God self kon my oortuig van hierdie sake! Geen mens sou dit ooit kon doen nie. Honderde het dit oor die jare probeer, maar ek was so vasgevang in ŉ teologiese sekerheid dat "ons reg is en hulle verkeerd is".

Hierdie pad wat die Here met my geloop het, is seker die sigbaarste uit wat in my lewe tydens en sedert my drie-maande studieverlof in Switserland by CEF (Child Evangelism Fellowship) se Europese Hoofkwartier, in Kilzchimmer, gebeur het.

Gun my ŉ geleentheid om so hier en daar uit hierdie gebeure vir jou aan te haal uit skrywes wat oral op my rekenaar rondlê uit daardie tyd.

### My teologiese fondasies word geskud!

"Ek is besig om julle prentjie van die Kerk (Ekklesia, is die woord daarvoor in die Grieks in die Nuwe Testament) wêreldwyd te verander!"

Hoe goed onthou ek nie hierdie woorde tydens my M Th-studies aan die Universiteit van Pretoria in die vak, Ekklesiologie, reeds in die jare 1986 tot 1988, nie!

Dié van julle wat iets van die Here se pad met my weet, sal weet hoe die Here in daardie tyd in my lewe as NGK-dominee, al my baie stewig-geboude teologiese mure een vir een begin omstoot het. In oomblikke was my netjies-geordende teologie onlogiese en onverstaanbare chaos!

Eers was dit my prentjie van die Bybelse Kerk (of Ekklesia, soos ek dit graag wil noem as gevolg van al die misverstand rondom die Afrikaanse woord "kerk"), wat tot in sy fondasies geskud is deur wat ek in die Skrif daaroor ontdek het.

Hoe goed onthou ek die vier maande in Switserland en Europa waar ek en my gesin in 1988 reeds, deur God se genade, ŉ toekomsblik gekry het oor waarheen ons in die gereformeerde wêreld, met al ons gereformeerde teologiese leringe, uiteindelik op pad was.

Daar in Europa het ek Gereformeerde kerke ontdek waar Calvyn, Luther en die ander leiers van die Reformasie bedien het, wat nou leeg staan en bloot toeriste bestemmings geword het!

Ek onthou ook hoe dominees van sulke gemeentes ons Kinderevangelisasie-span verbied het om in hulle gemeentes die volle Evangelie aan kinders te bedien en om hulle uit te nooi om Jesus te aanvaar as Verlosser en Here, want "hulle is as gedooptes, klaar deel van die Kerk van die Here Jesus!"

### "Ek wil My nuut aan jou openbaar!"

In 1992 daag die Here my uit om vir drie maande dié sowat 327 verse in die Ou en Nuwe Testament wat direk na die Heilige Gees verwys, in die Hebreeus en Grieks, en aan die hand van al my kommentare op die rak, te bestudeer, want het Hy gesê: "Ek gaan Myself op ŉ nuwe manier aan jou openbaar!"

So ontdek ek in daardie drie maande Jesus Christus, my Verlosser en Here sedert die 10de Oktober 1969, ook as “die Doper met die Gees”.

My hele bediening verander boonop nadat ek en my vrou deur gelowiges hande opgelê word en daar vir ons gebid word vir die “doping met die Gees”!

Alhoewel daar niks buitengewoons gebeur het daardie dag nie, begin ek as NG-dominee van die kansel af profeteer na daardie dag, en vind genesing plaas in die erediens van die gemeente waar ek al vir die afgelope 10 jaar die medeleraar was!

Ek onthou ook hoe verbaas ek soms voor mense gestaan het as ek iets wat eenvoudig in my hart begin opborrel het, maar net in gehoorsaamheid begin uitspreek het, en mense dit beleef het as ’n profetiese woord van die lewende God aan hulle!

Maar dit was nie net alles positief wat ek in daardie tyd beleef het nie!

Hoe goed onthou ek nie hoe ek in Ring-, Sinodale en Algemeen Sinodale vergaderings, totaal gefrustreerd probeer deel wat ek “in die Gees” sien gebeur het rondom my, om uiteindelik gefrustreerd en met ’n gevoel van magteloosheid uit te stap uit vergaderings omdat ek nie in staat was om deur te dring tot my medebroers en -susters daar nie.

Ek onthou ook hoe ons teruggery het van Pretoria Potchefstroom toe, deur al daardie groeiende stedelike en plakker-woonbuurte, met ’n seker-wete dat ons, as NG Kerk, deur ons bediening in hierdie gebiede, net meer en meer agter raak en irrelevant word, omdat ons manier en wyse hoe ons hierdie kerk-ding doen, nie eers die nood en seer daar oppervlakkig kon bedien nie!

## Ek en my gesin word Bybels gedoop as gelowiges

Toe bars die bom, toe die Here my en hele gesin in Oktober 1993 vriendelik, maar met ’n beslistheid uitnooi om gedoop te word as gelowiges, want sê Hy: “Die besprinkeling-ritueel wat in julle lewe plaasgevind het as babas, was nie die ware Bybelse doop nie! Net gelowiges kan Bybels gedoop word!”

So word ek, my vrou, Hetta, en ons twee dogters, Marilene (toe 11 jaar oud), en Christelle (toe 8 jaar oud), as gelowiges gedoop daar in Pretoria, in die tent van die Lewende Woord-gemeente, waar Neville Norden die leraar van was. Dit gebeur die Saterdagoggend, die 10de Oktober 1993.

Daar in die water, het die Here daardie oggend vir my vrou, Hetta, gesê ons moet “uit die NG Kerk uit”.

Vroeg die volgende oggend, 05H00 om presies te wees, maak Hy my wakker en sê vir my: “Ek wil hê jy moet binne 14 dae bedank as NG dominee! Ek wil jou in My wyere Ekklesia gebruik om mense met dieselfde “nuwe wyn” te bedien, waarmee Ek jou die afgelope tyd bedien het.”

Op Sondag, 25 Oktober 1993, het ek toe my afskeidspreek gepreek het in die NG-gemeente, Potchefstroom-Mooirivier, en moes ek vir die stom-geslane gemeente sê: “Niemand van julle mag agter my aankom nie, behalwe as die Here vir jou so sê, want die Here wil nie hierdie gemeente skeur nie. Hy is besig om met ons ’n nuwe pad te stap en wil ons gebruik om ander wat ook besig is om hierdie pad te stap, te begelei en te bedien.”

# “Ek is besig om My Mense se prentjie van die Kerk/Ekklesia te verander”

## Dit wat julle “kerk” noem, is grotendeels menslike strukture

Baie van wat julle “die kerk” noem, is niks anders as blote mensewerk nie, het ek beleef die Here sê!

Hy het voorgegaan en gesê: Daarom moet Ek, as deel van My Koninkryk wat hier op aarde moet kom, ook daarmee werk maak!

In 1 Kor. 15:24-28 beskryf God se Gees dit so:

*“Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het.*

*Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het.*

*Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.*

*Daar staan immers geskrywe: ‘Alles het Hy aan Hom onderwerp.’ Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is.*

*Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.”*

## ŉ Profetiese woord

ŉ Profetiese woord in die verband, het dit so beskryf:

Die Here is besig om ons uit te daag om die Kerk of Ekklesia te herdefinieer.

Maar, waarsku die Here ons, dit is baie moeilik om iets te herdefinieer as die mense dink hulle weet presies reeds wat dit is en hoe dit werk.

Dit is soos om vir ŉ seeman of matroos te probeer verduidelik wat ŉ “boot/skip/skuit” is.

God is werklik oral op aarde aan die beweeg en besig om iets van Sy heerlikheid en Sy heerlikheid binne die Ekklesia te openbaar.

Hy was al vir jare hiermee besig, maar tog beleef ons nou ŉ tyd waarin dimensies waarvoor ons blind was, nou oral deurbreek.

Kom ons neem nou maar dit wat daar in Ef. 4:11 tot 16 staan, as ŉ goeie beskrywing van wat binne die Bybelse Ekklesia moet gebeur.

*“En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.*

*Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.*

*So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ‘n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.*

*Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.*

*Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."*

Dit is merkwaardig dat die Griekse woord, wat ons met "opbou" vertaal het in die NAV, in skeepsterme ook kan beteken dat 'n skip se bemanning opgelei word om hulle spesifieke werk effektief te doen, maar ook impliseer dat alles verder op daardie skip op plek en in perfekte kondisie sal wees om te laat gebeur wat op daardie skip moet gebeur.

Die volgende ding waarvan die Here my bewus gemaak het, was dat ons nie iets kan herdefinieer as ons nie weer 'n slag erns maak met die oorspronklike bedoeling daarvan nie.

As ons dus die Ekklesia en wat Kerk-wees is, moet herdefinieer, sal ons weer moet gaan kyk na wat Jesus self in Sy lering aan Sy dissipels daaroor geopenbaar het, maar ook na dit wat Sy Gees aan die gelowiges in die vroeg-Christelike gemeentes in Handelinge en deur die inhoud van die ander Nuwe Testamentiese boeke daaroor geopenbaar het.

Ja, ons sal spesifiek mooi moet luister na wat God se bedoeling met Sy Liggaam hier op aarde is.

In skeepsterme is dit belangrik om te hoor hoe Jesus vir Sy dissipels wat vissers van beroep was, sê dat hulle, as hulle Hom volg as hulle Koning en Here, hulle nou "vissers van mense" gaan word.

Dink net wat dit alles geïmpliseer het.

Ja, selfs die bekende "vis-skuit" wat hulle so goed geken het, het verander van vaartuie waarin hulle as destydse vissermanne, die grootste deel van die dag en nag gespandeer het om vis in die see te vang, na vaartuie wat hulle en ander letterlik van een plek na 'n ander moet vervoer, om daar op die droë land, te kan doen wat hulle moes doen.

Kom ons trek die implikasies hiervan deur na die Kerk of Ekklesia.

Die ekklesia was dus nie bedoel om mense vir altyd vas te hou of vir altyd te akkommodeer nie. Nee, daar gaan 'n tyd wees wat hulle gaan inkom om toegerus en opgelei te word, en dan gaan daar 'n tyd wees wat hulle moet "uitstap" om te gaan doen wat hulle moet doen, sodat die Koninkryk van God kan kom.

Net soos skepe/bote van ouds bedoel was om voorraad van plekke waar daar 'n oorvloed is, te neem na plekke waar daar tekort was, het die vroeg-Christelike ekklesia of gemeentes van die begin af op hierdie prinsipes geopereer. Ja, soveel so, dat daar midde al die armoede van daardie tyd, en in die gemeenskappe waar die Ekklesia ontstaan en gefloreer het, ook lang tye was "waar daar niemand was wat iets nodig gehad het nie".

Ef. 4:28 sê juis:

*"As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee."*

Daarom word daar oor en oor aan die ekklesia geleer dat hulle liefde vir mekaar baie prakties moet wees. Ware liefde in die ekklesia beteken dat ons mekaar se laste dra, en na mekaar se nood en behoeftes omsien.

Ons is dus deel van die ekklesia nie vir dit wat ons daar kan kry en ontvang nie, maar om meer te ontdek hoe God ons kan gebruik in diens van die koms van Sy Koninkryk, om ander te bedien in Sy Naam met dit wat ons ontvang het.

In my nadenke oor die oorspronklike bedoeling, het ek net weer besef dat een van die belangrike bedoelings met skepe/bote was om soldate en wapens te vervoer na waar daar oorlog gemaak word.

In die lig van wat Jesus self oor die Ekklesia gesê het daar in Matt. 16:18 en dit wat God se Gees in die brief van die Efesiërs daaroor openbaar, sien ons hoe God self Sy Ekklesia in die voorportaal van Hades of Hel oprig, om daar in diens van God se Koninkryk wat moet kom, ′n verskil te maak.

Efesiërs openbaar selfs ′n geestelike, onsigbare dimensie hier agter.

Die Ekklesia moet letterlik in die Naam van haar Koning Jesus, op grond van Sy reeds-voltooide werk en oorwinning oor die onsigbare vyand, Satan en sy demoniese magte, profeties oorwinning gaan proklameer, asook in die lig daarvan, bevryding en genesing bedien.

Die Ekklesia is dus God se lig en sigbare teenwoordigheid tussen mense, in gemeenskappe, in die markplek en enige ander deel van die gemeenskap waar die nasies woon en werk.

Ja, soos 2 Kor. 10:3 tot 6 dit uitspel:

*"Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.*

*Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.*

*Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is."*

Dit kan nie anders nie.

## Hoe lyk dit waar die Koninkryk van God deurbreek?

Blaai ons deur die Bybel en soek na die bewyse van hoe dit sal lyk waar die Koninkryk van God begin deurbreek in die midde van nasies, ontdek ons die volgende:

Johannes die Doper het, terwyl hy in die tronk gesit en wag het om onthoof te word, van sy dissipels na Jesus toe gestuur om te vra: Is U regtig die Een? Bedoelende, is U regtig die Messias-Koning wat God in die Ou Testament aan ons belowe het, met wie se koms die nuwe era, die era van die Koninkryk van die hemel, hier op aarde gaan deurbreek?

Dan antwoord Jesus sy dissipels daar in Matt. 11:4,5:

*"Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig."*

Sien, so lyk dit waar God se Koninkryk hier op aarde begin deurbreek!

Met ander woorde, daar waar ons bonatuurlik wonderlike dinge sien gebeur in mense en in gemeenskappe, weet ons en sien ons God aan die beweeg en aan die werk! Daar sien ons iets van die Koninkryk van God deurbreek, want ons sien hoe God self in Sy liefde en genade, mense en hulle nood bedien!

In Johannes 13:35 sê Jesus dit so:

*"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

Daar waar ons ware Bybelse liefde sien wat die nood en behoeftes van mense bedien, sien ons agter dit alles, God aan die beweeg!

Sien ons iets van die werklikheid, soos wat dit in die hemel nog altyd was, deurbreek in 'n baie stukkende, sondige wêreld en gemeenskap!

In Rom. 14:17 en 18 word dit so beskryf:

*"Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God (of "geregtigheid" in die Grieks), vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.*

*Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense."*

Hierdie era gaan nie gekenmerk word deur oppervlakkige wettiese godsdienstigheid of klem op wette en reëls nie. Nee, ons gaan diepgaande geregtigheid sien deurbreek, omdat mense die lewende God in Christus Jesus ontmoet, leer ken en liefkry het.

Ja, omdat hulle posisie voor God verander het en hulle werklik kinders en ambassadeurs van die lewende God en van Sy Koninkryk geword het, gaan hulle ook begin aandring dat reg en geregtigheid in hulle eie lewe en eie verhoudinge, maar ook rondom hulle, moet begin deurbreek!

Dit gaan natuurlik hulle eie lewens, gesindhede, optrede en menswees in die algemeen so beïnvloed, dat daar hierdie, kom ons noem dit, "aura" rondom hulle gaan hang, wat almal en alles gaan begin positief beïnvloed en bedien!

1 Kor. 4:20 noem 'n laaste, baie belangrike element waaraan ons die Koninkryk van God wat hier op aarde begin deurbreek, sal herken.

Ons sal 'n "beweging van God" hier op aarde herken aan die bonatuurlike dimensie van *"krag"* wat die hele tyd daar aan die werk sal wees. Almal wat daarmee te doen kry of deel daarvan is, sal deurentyd daarvan baie kennelik bewus wees! Hulle sal net weet: Die lewende God self is hier aan die werk! Hulle sal weet: wat ons hier sien en ervaar, is net die werk van God self deur Sy Gees!

Dit is net Hy wat mense so kan verander en aanraak! Dit is net Hy wat mense so kan gebruik om werklik 'n verskil te maak in ander se lewens en in die gemeenskappe en omgewings waar hulle beweeg en werk!

# ’n Visioen van die Ekklesia van die toekoms

## Elvis Iverson se visioen

‘n Vriend skryf vir my: “Christo, you will be blessed by this vision from Elvis Iverson:

In a vision I am in the Third Heaven and I am at the vineyard cabana; I see the Witness seating very relax holding a silver trumpet from one side before he blows into it, wine flows out and you have to take a drink before you can blow the trumpet and then at the other end after you hear the sound of the trumpet, there is oil that pours out…

He says do you want to hear the utterances of the Witness? I said with such faith let the sound of your silver trumpet be heard now and throughout the known church and the known earth!!! Then he laughs with joy like a river flowing from his soul…

He says: This is a fullness of time, this is a generation of fullness; this is a decade of fullness and completion…

The Church as you know today and in the pass is not the church of the soon tomorrow!!! The Acts Church shall be rebirth and shall be great in every way!!!

The waves of reformation and the many revivals and the rivers of harvest will forever change the church. It is in this time that the wise apostolic builders will arise and will start building the apostolic wineskins. At the same time the apostolic wines will begin to flood the earth.

It is time for Grace Apostolic Christianity to arise and fill the whole body of Christ, it is time for a new brand of Christianity to arise, and this Christianity will be greater than all pass Christian religions…

Then all Christian religions will come to an end and be no more, for their time is over and there will be no more time for them. All pass churches and groups in Christianity will no longer be around.

The Church shall arise in influence, signs and wonders, supernatural, deep things, wealth, compassion, evangelistic, and dominion!!!

The Church shall be great!!! The Apostles and Prophets shall be great in signs and wonders, wealth, favour, influence and in their preaching and teaching…

There shall be great reformation, extreme revivals and continued mass harvests in this time!!! The Church shall arise! The Church shall be great! Grace Apostolic Christianity shall arise! Grace Apostolic Christianity shall be great! The Apostles and the prophets shall arise! The Apostles and Prophets shall be great!

Continued harvests of souls… Great harvests of souls… Mass harvests of souls… extreme harvests of souls… harvest of many nations! Great Harvests of children and of youth between 20 to 30 something.

I then see a vision of a flood of wine arise and such glory and light shine from this floor of wine; then the Witness says this is apostolic revelation flowing throughout the church and the earth… "

(Copied from https://elvisiverson.wordpress.com/2019/03/06/wine-and-oil-trumpet/

# My gesprek met die NG Kerk is eintlik 'n gesprek met elke kerk-sisteem rondom my

## Die Evangelie van die Koninkryk wat kom

Na veertig jaar voltyds in diens van Jesus in Sy Ekklesia wêreldwyd, het die boodskap oor die koms van die Koninkryk van die hemel hier op aarde, my net weer aangegryp.

Ja, Jesus het gekom as die Lam van God om Sy lewe vir en namens ons te gee, maar dit was ook die sleutel wat die hemel oopgesluit het om hier op aarde oral rondom ons sigbaar te word.

Daarom hoor ons Jesus aan die begin van Sy aardse bediening sê: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."* (Matt. 4:17)

Daar in Lukas 9, as Hy eers Sy twaalf dissipels uitstuur, hoor ons hoe Hy hulle uitstuur *"om die koninkryk van God te verkondig en siekes gesond te maak"* (Luk. 9:2).

In Lukas 10, wanneer Hy die 72 ander aanwys en uitstuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan, sê Hy onder andere aan hulle, in vers 9: *"Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: Vir julle is die koninkryk van God baie naby!"*

Dit is waarvoor Sy volgelinge moet bid as hulle bid (Matt. 6:10).

Dit moet hulle lewensfokus wees, sê Hy vir hulle daar in Matt. 6:31 as Hy sê: *"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

Wie dit verstaan, sal glad nie verbaas wees as God se Gees Paulus inspireer om die betekenis van wat dag vir dag rondom my en jou gebeur, soos volg opsom nie:

*"Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het.*

*Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het.*

*Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.*

*Daar staan immers geskrywe: 'Alles het Hy aan Hom onderwerp.' Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is.*

*Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles."* (1 Kor. 15:24-28)

Profeties openbaar God se Gees dan in die boek, Openbaring, hoe die een na die ander mag en gesag uiteindelik voor Jesus as die Koning moet buig. Sommige moet selfs, soos Babilon, val. Daarom word daar aan God se volk gesê uit die hemel:

*"Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie.*

*Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregtighede onthou.*

*Behandel haar soos sy julle behandel het, en vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het. In die beker waarin sy vir julle ingeskink het, moet julle vir haar twee keer soveel inskink.*

*In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: 'Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie.'*

*Daarom sal al die plae haar op een dag tref: pes, droefheid en hongersnood. Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel."* (Op. 18:4-8)

## Wat mense se hande-werk is, moet val voor die Koninkryk!

Van die eens magtige, suksesvolle wêreldstad, Babilon – as die toonbeeld van alles wat anti-goddelik en totaal demonies is – het daar vandag letterlik niks oorgebly nie. In 539v.C. het die Persiese koning, Xerxes, Babel met die grond gelykgemaak, sodat dit vandag net 'n halte vir die trein na Bagdad is! So gaan daar alles waarvoor die mens sy hart aan afgode verpand het en alle sisteme wat hy vir genot, mag, geld, tydelike bevrediging en sekuriteit opgerig het, vernietig word!

Gaan dit jou skok as ek, as deel van Babilon wat moet val, ook sien hoe elke mensgemaakte kerksisteem voor Jesus as die Koning moet val, vir Sy Koninkryk om werklik te kom!

Dit kan nie anders nie!

Hoe kan dit anders as meer as 30 000 kerk-sisteme in Suid-Afrika elkeen aanspraak maak om die ware, Bybelse kerk van Jesus te wees! (Hoe korrek hierdie syfer is, weet ek nie werklik nie, maar dit is wat genoem word deur die mense wat hierdie soort dinge tel!)

Elkeen maak daarop aanspraak om alleen die waarheid beet het en daarom, letterlik in opposisie met al die ander, te veg en te kompeteer vir die aandag en geld van gelowige volgelinge van Jesus!

Daarom glo ek, sien ons tans wêreldwyd hierdie geweldige "uittog" van diep-gelowige volgelinge van Jesus uit die verskillende kerk-sisteme aan die gebeur.

Dit wat in die NG Kerk aan die gebeur is, is 'n tipiese prentjie hiervan. Alhoewel die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner seker een van die mees godsdienstig lojale volksgroepe wêreldwyd is, kan niks die konstante uitvloei uit die NG Kerk tans keer nie!

Natuurlik is daar ook 'n ander dimensie waarmee ons beslis hier moet rekening hou.

Ek wil die gebeure daar in Gen. 28 gebruik om iets daarvan te illustreer.

Hier kry ons Jakob, wat as gevolg van sy eie toedoen, moes vlug voor sy broer uit, moeg en uitgeput een aand aan die slaap op die grond, met 'n gewone klip as sy kopkussing.

Dan droom hy hierdie droom.

Hy sien hierdie leer staan op die aarde en die punt daarvan raak aan die hemel en engele van God klim op en af met die leer.

Toe kom staan die Here by Jakob en sê: "Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee.

Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees.

Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan."

Oral op aarde hoor en sien ek hoe God besig is om Sy volgelinge se prentjie van die Ekklesia radikaal te vernuwe en te transformeer.

Ja, die kerk-sisteme waarin Sy mense lojaal vir jare vasgevang gesit het, het hulle blind en doof gemaak vir soveel van wat God gesê en gedoen het.

Dit wat hulle daar binne daardie sisteme bedien en geleer is, het vir hulle ’n bril geword waarmee hulle die Skrif gelees het, en ’n filter waardeur hulle na God en Sy stem probeer luister het.

Tog het God steeds deur die eeue met hulle midde hierdie kerk-mure besig gebly en hulle beskerm waarheen hulle ook al gegaan het.

Ja, kon hulle soos ’n Jakob, male sonder tal, bely:

*“Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.” En: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.”*

Alhoewel die kerksisteem as sulks blote mensewerk was, het God in Sy genade, dit gebruik om die boodskap van die Evangelie, die boodskap oor die Koninkryk van die hemel wat aarde toe gekom het, stukkie vir stukkie, kilometer vir kilometer, familie na familie, dorp na dorp, provinsie na provisie, te bedien om uiteindelik, die nasies van die aarde daarmee te seën.

Dit negeer egter nie die boodskap aan God se mense in die kerk-sisteme nie:

*“Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie.*

*Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregtighede onthou.”*

# Reformeer!

## Reformeer terug soos God dit begeer

God is besig om gelowiges wêreldwyd te konfronteer met ‘n nuwe wyse van Christen-wees, ‘n nuwe wyse van geloofgemeenskap en Liggaam-van-Jesus-in-die-wêreld-wees, sodat die wêreld kan weet God lewe.

Dit is in wese ‘n wêreldwye paradigma-verskuiwing, en diepgaande reformasie wat hier rondom ons plaasvind. Kom ek probeer die hart van hierdie verskuiwing kortliks hier neerpen:

1. **Ekklesia-wees, Liggaam van Jesus-wees in hierdie wêreld, is nie 'n organisasie of ‘n struktuur of 'n klomp godsdienstige byeenkomste nie, maar is ten diepste ‘n manier van lewe.**

Dwarsoor die wêreld hoor 'n mens dieselfde geluide in alle dele van die Liggaam van Jesus, ongeag wat die teologie van daardie gedeelte gelowiges is. Hoor jy dat voordat hulle Christene genoem is, is die volgelinge van Christus “die Weg” genoem – wat modern vertaal kan word as “die manier” of “die manier van lewe” – soos Jesus gelewe het.

Deur hulle lewe van elke dag daar in die normale gemeenskap, het die volgelinge van Jesus, daar waar dit werklik saak maak, in hulle huise en op die markplein, as ‘n lewende alternatiewe en aantreklike antwoord op die vrae wat die gemeenskap gevra het, geleef.

2. **Die verskuiwing wat tans plaasvind, is ‘n “terugspring” na hoe dit daar in die begin was in die Vroeg-Christelike gemeentes.**

Die wortels van die verwording wat ons om ons in die Liggaam van Jesus wêreldwyd sien, lê histories daar in die vierde eeu na Konstantyn toe die geloof-gemeenskap ‘n godsdienstige vorm aanvaar het wat in wese Ou Testamenties van aard was. Kompleet met priesters, altaar, ‘n Christelike tempel, wierook en ‘n tipies Joodse aanbidding-patroon.

- Die Rooms-Katolieke Kerk het toe hierdie styl gaan kanoniseer.
- Toe kom Luther en Calvyn, tydens die reformasie van 1517, en reformeer die kern-evangelie, maar los die uiterlike wyse van “kerk-wees” feitlik onveranderd.
- Na hom het die sogenaamde Vrye-kerke, “kerk-wees” gaan loswikkel uit die hande van die staat.
- Toe kom die Baptiste, die Pinksterbewegings, en die hele Charismatiese beweging, en sit elkeen noodsaaklike beklemtoninge op die tafel. Maar die tragiek bly dat niemand die hele “super-sisteem” van “kerk-wees” nie aanspreek nie.

3. **Tans beleef ons 'n reformasie van strukture in die hele Liggaam van Jesus wêreldwyd.**

Kyk ‘n mens terug oor die geskiedenis van Jesus se Liggaam op aarde, sien jy letterlik hoe God met die verskillende reformasie-bewegings, soos ‘n gesoute wynmaker, “nuwe wyn-waarhede” bedien het aan Sy kinders. Nou, lyk dit my, het Hy weer ‘n reformasie-proses wêreldwyd aan die gang gesit wat in wese ‘n reformasie van strukture en ‘n roepe na “nuwe wynsakke” is.

4. **Nêrens in die Nuwe Testament word daar gepraat van "kerk" en, nog erger, van "kerke" soos ons dit hedendaags gebruik nie. Nog minder word daar van 'n gebou as die "huis van God" gepraat.**

Dit is gryp 'n mens aan dat dit juis Stefanus se lewe gekos toe hy beklemtoon het dat God nie in geboue van steen woon nie. Die "huis van God" en "kerk-wees" was vir die Nuwe Testamentiese-gelowiges God se mense wat as God se familie op aarde in kleiner of groter geloof-families in verhouding met mekaar gestaan het. Dit het fisies gebeur daar waar hulle geleef het as gesinne in 'n huis of daar by die werk. Daar het hulle mekaar en God se teenwoordigheid geniet, deur die werking van Sy Gees en deur die bediening van die gawes.

God was daar as hulle lewens met mekaar gedeel het, maar ook as hulle verantwoordelikheid vir mekaar se totale nood geneem het. Soms het dit beteken dat hulle privaat-goed moes verkoop sodat iemand, wat nie het nie, kan hê. God was ook daar as hulle gelowig mekaar deur lering en voorbeeld begelei het in dissipel-wees. Of, as hulle vir mekaar gebid of teenoor mekaar geprofeteer het. Hy was daar as hulle geleer het hoe om mekaar onvoorwaardelik lief te hê – soos Hy hulle lief gehad het – en mekaar vergewe en aanvaar het soos Hy hulle geleer het.

5. **Daarom is daar wêreldwyd 'n roepe om weer in die kleingroep in huise en by die werk geloof-gemeenskap te wees**

Die meeste "kerk-sisteme" het vandag so groot geword dat gelowiges nie meer werklik Bybelse geloof-gemeenskap en dissipelskap daar kan beleef nie. Daarom is daar 'n roepe terug na 'n kleingroep-geloof-gemeenskap:

- Waar 8 tot 15 mense aan mekaar "commit" om 'n geloof-pad met mekaar te begin loop om werklik volledig Bybelse ekklesia te wees.
- Waar hulle weer kan leer om 100% met mekaar hulle lewens en hulle alles te deel soos Jesus ons geleer het. Soos die Nuwe Testamentiese gemeentes aan ons gemodelleer het.
- Waar hierdie deel-van-lewe die hart van ware geloof-gemeenskap of ekklesia-wees vorm. En nie allerlei godsdienstige programme wat veral gefokus is op Sondag se erediens, met 'n professionele span bedienaars om dit alles moontlik te maak nie.

6. **'n Nuwe geslag gelowiges is aan die opstaan wat hulle identiteit en roeping in Jesus deur die werking van die Gees ontdek het.**

Oral om ons ontdek ons gelowiges wat die boodskap van Jesus begin verstaan dat hulle almal bedoel is as 'n geslag bedienaars deur wie die Gees van Jesus met krag aan 'n wêreld wil toon dat Jesus lewe en dat die Koninkryk van God hier tussen ons aan die kom is.

7. **Maar daarmee saam staan " 'n nuwe soort" geestelike leier op**

Ons sien leiers wie se leierskap nie in die eerste plek in 'n teologiese graad of posisie lê nie, maar in 'n roeping en 'n salwing van God deur die werking van die Heilige Gees. En die aard van hierdie roeping en salwing verskil van leier tot leier, soos wat God outoriteit en gawes vir hierdie leiers gee. Wat dan veroorsaak dat gelowiges, tussen wie hierdie leiers beweeg, elke dag prakties iets beleef van die roeping en salwing wat daar op sy of haar lewe is, as hulle bedien word met die gawes van die Heilige Gees.

8. **God is besig om 'n nuwe eenheid in Sy Liggaam te bewerk**

Alhoewel daar honderde verskillende geloof-gemeenskappe binne ‘n dorp of stad se grense kan wees in die verskillende huise en daar by die werksplekke, is daar wêreldwyd 'n nuwe bewuswording dat daar ‘n Bybelse eenheid tussen hulle en die ander geloof-gemeenskappe is waartoe hulle Bybels ge-"commit" is.

9. **Binne die ekklesia in 'n dorp of stad, is daar ruimte vir die bediening van die vyfvoudige bediening van Ef. 4:11-16**

Die Bybel teken vir ons dat Jesus Christus, as die Hoof van Sy Liggaam op aarde, Sy Liggaam wil toerus vir hulle bediening deur die bediening van ‘n span geroepe en – gesalfde bedienaars wat tussen die geloof-gemeenskappe in die verskillende dorpe/stede rondbeweeg. Ef. 4:11-16 identifiseer hulle as apostels, profete, herders, leraars en evangeliste.

10. **Hierdie paradigma-verskuiwing loop altyd in die praktyk uit op weerstand en konflik met tradisionele “kerk-sisteme".**

Omdat God se mense tans meestal in allerleie kerkstrukture en denominasies vasgevang sit, sal die paradigma-verskuiwing wat tans aan die gang is, op die een of ander punt weerstand veroorsaak. Wat uiteindelik sal meebring dat gelowiges en geloof-gemeenskappe sal moet kies wie die Here van hulle lewe en wat die struktuur van geloof-gemeenskap in die toekoms gaan wees. Die keuse gaan wees of om gehoorsaam te wees aan Jesus, die Hoof, wat Sy Liggaam wil lei deur Sy Gees, of tradisies wat oor die eeue heen ons tot hiertoe geprogrammeer het.

11. **Skielik is die hele saak van ‘n magdom “professionele geestelike leiers” op die tafel, met ‘n kolossale “kerk-sisteem” wat in stand gehou moet word.**

Die uitdaging gaan wees hoe om dit wat oor die eeue ‘n reuse kerk-organisasie geword het, terug te verander in ‘n Bybelse organisme met die minimum organisasie. Waar daar weer plek is vir geloof, die leiding en die werking van die Gees van die Hoof van die Liggaam.

12. **Dwarsoor die wêreld is daar 'n al-groterwordende frustrasie met die tradisionele "kerk".**

Kontemporêre Christen-wees lyk vir die gemeenskap na ‘n klomp heilige mense wat een dag in die week op ‘n heilige uur op ‘n heilige plek byeenkom vir ‘n heilige godsdiensoefening. Waar ‘n pragmatiese, prestasie-georiënteerde sisteem vereis dat die hele byeenkoms, wat ons “erediens” noem, mense genoegsaam moet “vermaak”, maar ook in die proses die betrokke kerksisteem kan help oorleef en, verkieslik, selfs kan laat groei.

13. **Die uitdaging van die nuwe reformasie-beweging is om weer effektief Bybels ekklesia te wees**

Ongelukkig laat die grootte en formaat van die godsdiensoefening in die tradisionele "kerk-strukture" nie werklik ruimte vir groei in geloof-volwassenheid en verdiepte geloof-gemeenskap nie. Daarom daag dit hierdie nuwe reformasie-beweging uit om weer effektief en Bybels prakties vorm te gee aan die noodsaaklike, gereelde saamkom van gelowiges in geloof-gemeenskappe van allerlei groottes, in huise en by die werksplek, in dorpe, stede of op die platteland, sodat ons werklik God se teenwoordigheid en werking daar sal ervaar.

14. **Deel hiervan is 'n hernieude "commitment" van die ekklesia aan hulle getuienis-taak teenoor 'n verlore gaande wêreld om hulle**

In die tradisionele "kerk-struktuur en kerk-wees" het die basiese opdrag om na ‘n verlore wêreld te “gaan”, in die organisatoriese proses bykans totaal verlore geraak. Getuie-wees het feitelik uitsluitlik die taak geword van ‘n “eksklusiewe groepie sendelinge” wat “voltyds” in die “sending” staan. Hierdie scenario is besig om te verander. Wêreldwyd is God besig om Sy mense te leer om getuie te gaan wees daar waar mense in hulle huise en op die markplein is. Om daar die man of vrou, “op soek na vrede”, te gaan bedien met God se krag (Luk. 10:6).

15. **Daar in die huise en in die werksplek, waar gelowiges ekklesia begin wees, gaan Christen-wees en ware Bybelse geloof-gemeenskap-wees weer geoefen en ontwikkel word**

Daar gaan ons weer die wonder van die fees van die “breek van die brood” beleef, en die afspeel van die “doop-drama”.

Waar dit begin gebeur, sien ons tans dat meer as 75% van die fenomenale groei wat die Christendom tans beleef, in hierdie huis- en werksplek-geloof-gemeenskappe plaasvind.

Dit beklemtoon maar net weer dat dit die Bybelse metode is van “uitgaan na die wêreld om mense dissipels van Jesus” te maak.

# Geroep om mense dissipels van Jesus te maak

## Ons basiese opdrag in die Ekklesia

As ons Jesus as Verlosser en Here in geloof aanvaar het, het ons burgers van God se Koninkryk op aarde geword.

In die begin van hierdie nuwe lewe, is ons soos babas. Ons moet nou leer wat dit alles behels. Ons moet leer om alles te onderhou wat Hy geleer het.

Prakties beteken dit dat iemand ons aan die hand moet neem en voor ons uit moet begin uitstap om ons met woord en lewe te wys hoe. Want, sien, ons is geroep tot geestelike volwassenheid (Matt. 28:18-20; 1 Kor. 2:9-16; Heb. 5:11-6:2). Daarom moet jong bekeerlinge leer om volwasse dissipels van Jesus te word, wat weer later bereid word om verantwoordelikheid vir ander te neem om hulle in Jesus se Naam en Sy krag te bedien.

So vorder ons dan, die normale pad van ʼn nuweling in hierdie wêreld, ook geestelik van melk tot vaste kosse. Daarvoor het God ʻn proses beplan wat binne die sekuriteit van die intieme geloof-gemeenskap van ʻn groepie gelowiges moet plaasvind wat om daardie nuwe geestelike baba stelling inneem en vir sy of haar groei en lewe verantwoordelikheid neem.

Verder het ʻn baba familie nodig. Naby-familie en verlangse familie. Familie wat my naam ken en persoonlik elke dag met my paaie kruis, maar dan ook familie wat die Hoof van die familie, Jesus, net by geleentheid in my lewe wil gebruik.

So vertel Ef. 4:11 tot 16 vir ons van familielede wat deel is van ʻn Godgegewe vyfvoudige bediening. Met die roeping om die somtotaal families binne die Liggaam van Jesus, te leer hoe om mekaar so te bedien, so te voed en toe te rus, dat hulle kan vorder tot geestelike volwassenheid. Sodat elke gelowige mettertyd hulle plek kan volstaan binne die kleiner geloof-gemeenskap, maar ook die groter geloof-gemeenskap in die Liggaam van Jesus.

Dit gaan dus in dissipelskap nie daaroor om nuwe bekeerlinge "lidmate van ʻn kerk" te maak nie.

Dit gebeur ook nie bloot deur ʻn proses van informasie- en kennisoordrag nie. Dit kan alleenlik gebeur waar ons tyd maak om ons hele lewe met mekaar te deel. Waar jong bekeerlinge kan leer om nuut te lewe deur te begin om die meer volwasse gelowiges se manier van lewe na te boots.

Natuurlik vereis dit dat sulke bekeerlinge bereid moet wees om hulle aan meer volwasse begeleiers te onderwerp. Alleenlik in soverre as wat daardie begeleier weer op sy of haar beurt aan ander begeleiers, en uiteindelik aan Jesus as die Hoof, onderwerp en gehoorsaam is.

Binne so ʻn verhouding kan gelowiges leer om alles te onderhoud wat Jesus geleer het. Daar leer die nuugebore gelowige dat die normale Bybelse geboorteproses bestaan uit…

- Om gedoop te word met water, omdat jy met jou wedergeboorte en bekering gesterf het, sodat jy van nuuts af kan lewe.
- Om hande opgelê te word en die salwing van die Gees in geloof te ontvang waarsonder jy nie werklik getuie in hierdie wêreld kan wees nie.
- Dat jy nou kind van die lewende God geword het, en Hy jou Vader. En jy leer om te glo dat alles wat Jesus s'n is, ook joune is.
- Om nou onverskrokke jou lewe te gee om soos Jesus lief te hê.

- Om ander te begin dien met alles wat jy het, omdat alles nou aan Jesus behoort.

Dissipel-wees beteken om ‘n slaaf van Jesus te wees. Hy is die Here en gee die bevele, en ek moet leer om onmiddellik te gehoorsaam. (So word ek mettertyd verlos van al ons reëls en tradisies).

In die proses leer jy ook dat dit ook ‘n burgerskap-verandering behels: van burger van die koninkryk van die duisternis/dood, na burger-wees van die koninkryk van die lig.

Maar leer jy ook dat dissipelskap ‘n daaglikse sterf aan jouself behels (Mat. 17:44-46). Alles draai dus nie om my nie.

Dit is dus so anders wees as die klub-styl-bediening waaraan ons gewoond geraak het deur die jare. Waar mense “lede” word omdat hulle met ons en wat ons glo, kan assosieer. Tog bly die geloofgemeenskap in die tipiese kerksisteem bloot ’n kleuterskool vir die meeste “lede”, waar hulle die kleuters en die geestelike leier die “volwasse” en “opgeleide” onderwyser is.

## Soms moet ons die kerk, soos ons dit ken, vir kort of langer tye “toemaak”

Om van die tipiese “kerksisteem” en gemeente in so ’n “kerksisteem te transformeer na ‘n meer Bybelse prentjie van geloof-gemeenskap-wees, sal baie wysheid en geduld verg.

Juan Carlos Ortis het hierdie transformasie-proses baie suksesvol gefasiliteer deur doodgewoon met ‘n “ondergrondse, Nuwe Testamentiese ekklesia” te begin midde die “ou gemeente-struktuur”. Hy het gewoon biddend gelowiges uit die klub-cum-kleuterskool-opset van “sy eie gemeente” begin “steel” en hulle binne ‘n nuwe geloof-familie-opset te begin leer om dissipels van Jesus te wees.

Daar het hy gekies om net “Juan” te wees, en nie meer die een wat meer weet en respek as pastor moet kry nie. Al wat hy daar gevra het, was dat hulle hom moet liefhê soos Jesus liefgehad het. In ruil gee hy dan sy hele lewe vir hulle. Maak hy tyd om saam met hulle lewe te begin deel en werklik familie te word.

Dit het gemaak dat hierdie gelowiges werklik begin verander het. Dat hulle mense geword het wat kans gesien het om weer verantwoordelikheid te neem om hierdie selfde proses met ‘n groepie ander gelowiges te volg.

Na ses maande het hy hulle dan toegelaat om ander “lidmate” uit die “klub-kleuterskool” te steel en met hulle ‘n pad in dissipelskap te loop.

Die gevolg was dat die hele gemeente oor ‘n periode van drie jaar ‘n nuwesoortige geloofsfamilie geword het. Waar gelowiges gekies het om werklik dissipels van Jesus te wees. Wat bereid was om in Jesus se Naam, ‘n liefdesverhouding met mense aan te knoop en werklik familie en vriende geword het wat mekaar in liefde begin bedien, en saam na ‘n nuwe, dieper geloofsverhouding met Jesus begin soek het.

Geloofgemeenskap (ekklesia-wees) het gevolglik dwarsdeur die week in die huise van mense begin plaasvind en nie meer, soos in die verlede, in die een of ander gemeentegebou binne die een of ander gemeenteprogram nie.

Lyk vir my, soms is dit selfs nodig om die tradisionele erediens-byeenkomste vir ‘n tyd lank te staak om gelowiges van hierdie styl van geloofgemeenskap net eers te speen.

Mettertyd leer so ‘n nuwe geloofgemeenskap dan dat enige vorm van organisasie of byeenkom van die Liggaam in sy verskillende vorms, altyd van so ‘n aard moet wees wat dit nie die bediening van die Liggaam aan mekaar, en aan die ongelowige gemeenskap, moet strem nie. Ons is ook geroep om te strewe na soepel, nuwe wynsakke vir die byeenkom en bediening van die plaaslike ekklesia, wat beantwoord aan die Bybelse vereistes daarvoor. As iets dus die groei of volwasse bediening strem, word dit onmiddellik verander.

Onbybelse tradisies kom dus gou onder die loep en moet padgee voor wat die Woord vereis.

## Die tradisie van “verskillende denominasies en kerke” moet krities bevraagteken word

Een so tradisie wat oraloor die wêreld aan die padgee is, is die tradisie van “verskillende denominasies en kerke”.

Meeste nuwe geloofgemeenskappe het selfs gekies om nie eers meer in daardie terme te praat nie. Daarom vermy hulle terme soos “kerk” of “kerke” doelbewus as gevolg van die onbybelse konnotasies wat daaraan gekoppel was.

Hulle het ook gekies om nie meer “demokraties” te wees binne die geloofgemeenskap nie, maar eerder teokraties, waar ons alleen die Hoof, Jesus, se bevele gehoorsaam wat Hy deur Sy Gees en Woord aan ons gee.

Die lokale gelowiges is deel van ‘n lokale ekklesia, een ekklesia, wat wel op verskillende plekke en wyses byeenkom. Met die eis dat elke gelowige sal “commit” waar hy/sy geestelik tuisgekom het, maar ook geleer sal word dat hulle deel is van een, lokale ekklesia in ‘n bepaalde dorp of stad.

Daarom moet ons ook groter byeenkomste van die groter ekklesia inisieer om hierdie eenheid ʼn realiteit vir mense te laat wees. Allerlei kreatiewe wyses moet ook gesoek word om gelowiges te laat snap dat hulle deel is van ‘n universele ekklesia wat bestaan uit alle gelowiges wêreldwyd.

Ef. 4:11 tot 16 leer immers dat ons eers die volle krag van die Gees en ware Bybelse volwassenheid in gelowiges se lewens gaan beleef as ons in lyn kom met hierdie woord.

Al die geestelike leiers (of herders) van die lokale ekklesia van ʼn bepaalde dorp of stad of opgewing, is in werklikheid “die oudstes” van daardie groter ekklesia, en dus kollegas van mekaar. Elkeen van hierdie leiers/herders het dan weer helpers wat hom/haar help met die bediening in die huis-ekklesias.

## Hoe maak ʼn mens iemand prakties ʼn dissipel van Jesus?

Dissipelskap begin daar waar mense ‘n geloofkeuse vir Jesus as Verlosser en Here maak omdat hulle die boodskap van geregtigheid en vergifnis op grond van Sy soendood verstaan en persoonlik in geloof aanvaar het. In so ‘n mate dat hulle dit kan bely met hulle mond en dan gedoop word en hande opgelê word. Om dan daarvandaan verder begelei te word deur ander, meer volwasse gelowiges, in die praktyk van Christen-wees.

Die proses gaan ook soms bevryding van allerleie bindinge, seer, rebellie, onafhanklikheid en ou-mens-wees beteken, maar ook aan die positiewe kant, ‘n opneem van die nuwe mens-wees in Jesus onder die beheer van Sy Gees in ons.

Uiteindelik gaan die ware toets vir dissipelskap wees of mense se lewens werklik verander het. Die Bybelse toets is immers of hulle werklik meer en meer soos Jesus begin lyk, klink en lewe.

Lyk vir my dit begin daar waar ons werklik buig onder die Heerskap van Jesus en Sy liefde vir ons.

Dissipelskap begin by leiers wat met mekaar in die lokale ekklesia, in 'n liefdevolle broederskap begin leef. Daarna kring dit uit as hulle dan weer elkeen biddend nuwe dissipels kies en met hulle 'n geloofspad begin stap.

Uiteindelik gaan elke dissipel deel hê aan twee geloof-groepe: een waar hy/sy toegerus of begelei word, en een waar hy/sy weer ander nuwe bekeerlinge toerus en begelei.

## Hoe lyk jou lokale naby-familie in Jesus?

In baie gelooffamilies word hierdie lokale, klein groepie gelowiges wat jou "naby-familie" in Jesus vorm, " 'n sel" genoem.

'n Sel is dan bloot 'n geloofgemeenskap van 5 of meer persone vir bepaalde doeleindes. Die Bybel praat daarvan as "ekklesia in die huis". Hulle ontmoet letterlik op enige plek en enige tyd wat vir die groep gerieflik is.

As meer volwasse gelowiges in hulle normale vriendskapverhoudinge ongelowige mense na Jesus toe lei, begin hulle om hierdie nuwe bekeerlinge te begelei as dissipels van Jesus. Deel van hierdie begeleiding kan dan behels dat hulle daar in die huise of netwerk-verhoudinge van daardie nuwe gelowiges met hulle 'n geloofpad begin stap, en saam begin uitreik na die vriende in die netwerk van daardie nuwe gelowiges.

So ontstaan daar dan verskillende geloofsfamilies (of selle), wat weer deel van 'n groter geloof-gemeenskap is wat op allerleie wyses met mekaar Bybelse koinonia kan beleef.

In wese kom dit neer op 'n deel van ons totale lewe met mekaar en 'n omsien en bedien van mekaar se totale menswees en behoeftes.

Daar leer ons mekaar ken en liefhê. Daar leer ons om saam God te loof en te aanbid. Daar leer ons ons om ons geloofstories aan mekaar te vertel, maar ook van ons twyfel. Daar leer ons om mekaar met die krag en gawes van die Gees te bedien in geloof. Daar oefen ons uitreik na 'n ongelowige gemeenskap en hoe om hulle in liefde effektief te bedien. Daar leer ons om nuwe bekeerlinge in te trek en te akkommodeer. Daar leer ons om ons eie behoeftes en begeertes prys te gee, en om die sekuriteite van 'n bekende groep te verlaat vir 'n nuwe groep sodat ander ook daarin kan deel.

Daar leer ons dus die basiese van Christen-wees (vgl. Tit. 2; Ef. 5:21 e v), want wat is dit anders as om prakties mense lief te hê. (Joh. 13:34,35; 1 Kor. 13; Gal. 5:22,23; Luk. 10:25-37) Lief te hê soos Jesus liefgehad het. (Joh. 3:16) Lief te hê soos die Vader, Seun en Gees mekaar liefhet, dat hulle werklik een is. (Joh. 17)

Dissipelskap is dus 'n proses waarin ons mense bevriend: eers met ons, dan met ons Koning en Here, Jesus, en dan met ons geloofsgroep. Wat weer uiteindelik deel van 'n universele geloofsgroep, die Liggaam van Jesus, is.

# Nuwe wyn roep na nuwe wynsakke

## Inleidend

God is besig om gelowiges wêreldwyd te konfronteer met 'n nuwe wyse van Christen-wees, 'n nuwe wyse van geloofgemeenskap en Liggaam-van-Jesus-in-die-wêreld-wees, sodat die wêreld kan weet God lewe.

Dit is in wese 'n wêreldwye paradigma-verskuiwing en diepgaande reformasie wat hier rondom ons plaasvind.

Oral hoor jy Christene teenoor mekaar bely: Die manier hoe ons "kerk" is, is tans 'n struikelblok in God se besig-wees met mense.

As ek terugdink oor die pad wat die Here met my hierin geloop het sedert die aanvang van my teologiese studies in 1972, maar ook in my bediening as predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot in 1993, maar dan ook gedurende my bediening in die sogenaamde Vernuwing tot en met nou, 2020, weet ek: God het 'n reuse verandering in my eie nadenke hieroor bewerk. (Lees gerus die eerste paar episodes van hierdie verhaal in my boek: WAARHEEN MET DIE NUWE WYN (Hersiene uitgawe 2005, deur myself uitgegee).

Ek besef maar te goed dat my "sekerhede" hieroor ook maar net voorlopig is.  God is steeds besig om nuwe wyn-waarhede oor Sy Liggaam, en die werking daarvan, aan Sy kinders wêreldwyd te openbaar.

Tog besef ek dat dit so noodsaaklik is dat 'n gesprek hieroor aan die gang moet kom in die Afrikaanse gemeenskap.

Daarom waag ek dit om my voorlopige nadenke hieroor solank op die tafel te sit om so jou te stimuleer tot verdere nadenke en gebed hieroor.

Die volgende e-pos-briefie, na een van my besoeke aan 'n baie tradisionele dorpie hier in die Boland, illustreer maar net die dringendheid van hierdie saak verder:

*Liewe Christo*
*Ek wil net vir jou op hoogte bring van wat die naweek gebeur het.*
*Eerstens – dit was vir my 'n wonderlike geleentheid tot groei en ek is dankbaar dat ek by die diep kant ingegooi was.*
*My bediening aan hierdie groep gelowiges het hoofsaaklik gesentreer op die drie sake wat vir hulle belangrik was, nl.:*

- *Wat is God se droom vir ons?*
- *Hoe pas ons daarby in?*
- *Hoe kan ons hierdie visie verder uitdra?*

*Ek het klem gelê op die Groot Opdrag en ons geroepenheid veral om dissipels te maak, die reduplisering van bediening, Wolfgang Simson se model van ekklesia-wees sonder om weer gemeente-strukture te skep (en so weer in die tipiese kerklike doldrums vas te val), en het klem gelê op uitreiking na mense deur middel van vriendskappe en sosialisering.*

*Ek het dit duidelik gestel dat liefde en eenheid – en nie ander goed nie – die tekens van die ware kerk is.*

*My raad aan hulle was om nie reaktief strukture te skep teenoor bestaande kerke nie, maar om bloot aan te gaan met familie-wees as gelowiges, en viering-geleenthede, sonder om dit 'n voorwaarde te maak dat mense hulle "kerke" moet bedank om "aan te sluit". Daar moet eerder na eenheid gestreef word as verdeeldheid.*

*Die byeenkom as geloofsfamilies moet die primêre "kerk" word en die denominasies eerder gesien word as aanvullend tot die geloofslewe en bepaalde spiritualiteit van die mense. Wanneer die denominasies nie genoeë neem met so 'n siening nie, sal hulle self stappe neem om mense "uit te werp" (wat hoogs onwaarskynlik is).*

*Ek het ook vertel hoe grense tussen leiers besig is om in ons gemeenskap al hoe meer te vervaag.*

*Ek het dit ook duidelik aan hulle gestel dat, in terme van Bybelse beginsels, dit teoreties moontlik is dat elke tien gesinne een gesin in staat kan stel om "voltyds" te bedien.*

*So 'n "voltydse bedienaar" is nie noodwendig die herder of leraar van 'n so 'n geloofsfamilie nie, maar kan ook iemand wees wat in die vyfvoudige bediening staan en vir die breë Liggaam beskikbaar is – sodat die persoon nie weer die "betaalde uitvoerende amptenaar" word wat al die dienswerk moet doen nie.*

*Wat al hoe meer belangrik word, is dat sulke groepe ook al meer die vyfvoudige bedienaars in hulle omgewing finansieel sal ondersteun.*

*Ons sal ook op een of ander wyse, soos Timoteus, ouderlinge op plekke soos… en… moet aanstel en dan sorg dra dat hierdie mense vyfvoudig bedien word.*

*Ek raak al meer bewus van die geweldige uitdagings rondom ware vernuwing – veral wat die struktuur van ekklesia-wees aanbetref.*

*'n Groot behoefte van die groep is om êrens te "submit" (om onder gesag te kom). Daarom was hulle vraag aan my: Waar "submit" ons nou eintlik?*

*Dit lyk my ons sal dringend prinsipiële riglyne moet gee oor hierdie saak…*

- *Aan wie "submit" die heel eerste ou in die "piramide van submission"*
- *Het ons nie dan weer 'n soort pous nie?*
- *Hoe is Christus die hoof van sy kerk?*

*Ek dink die grootste probleem van die naweek was juis hierdie saak: As jy nie êrens ge-"submit" is nie, luister ons nie so lekker na jou nie.*

*Terwyl ek glo dat, eerder as om die klem op "submission" te plaas, moet ons eerder "relation" tussen mense beklemtoon.*

*Hoe gaan ons mense hiervan oortuig?*

*Baie lief vir jou my broer…*

*(Ek het maar al die betrokke persone se name uitgehaal om mense se privaatheid te beskerm- Christo Nel).*

## Nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke

Twee boeke wat God gebruik het om my prentjie van die Liggaam van Jesus radikaal te vernuwe was Wolgang Simson se **HOUSES THAT CHANGE THE WORLD** en Gene Edwards se **MEET UNDER THE HEADSHIP OF CHRIST.**

Daarom deel ek graag wat ek hoor die Gees van God vir die Liggaam van Jesus hierdeur sê.

Al twee hierdie boeke se inhoud beklemtoon maar net weer Luk. 5:37 tot 39 se woorde: "*En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur, en dit sal uitloop, en die sakke sal vergaan. Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word, en al twee word saam behou. En niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik nuwe hê nie; want hy sê: Die oue is beter" (volgens die Afrikaanse '53 vertaling).*

Waarmee is God tans besig?

Soos gewoonlik is dit die klanke uit die profetiese bediening binne die Liggaam van Jesus wêreldwyd wat 'n mens vertroos in die onsekerheid en ongerieflike omstandighede wat die meeste van ons tans in ons eie lewe en rondom ons belewe.

Dit is asof dit ons net hoog genoeg uit ons eie benouende omstandighede uitlig om met groter perspektief te kan sien wat aan die gebeur is. En met hierdie nuwe profetiese perspektief, is dit vir ons makliker om die onsekerheid en pyn wat ons moet verduur te verduur, want ons weet daar is 'n bedoeling hiermee. God is met ons êrens anders heen op pad.

God is baie spesifiek besig om oor die volgende dinge met Sy Liggaam wêreldwyd te praat:

- Hy toets tans elke tradisie en paradigma aan die waarhede van Sy Woord, en eis volkome gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof en Here.
- Daarom is Hy wêreldwyd besig om die wynsakke wat die nuwe wyn moet akkommodeer in indiwidue se lewens, maar ook in die korporatiewe Liggaam, te hernieu.
- Hy sê selfs dat daar nog nuwe wyn aan die kom is, en waarsku dat die bestaande wynsakke dit nie sal kan akkommodeer nie. Net wynsakke wat deur die Gees vernuwe en soepel gemaak is, sal kan akkommodeer wat God nou wil doen.
- Die reformasie wat tans wêreldwyd aan die gang is, gebeur in alle dele van die Liggaam van Jesus. Dit is letterlik 'n totale herstrukturering van die Liggaam van Jesus op aarde.
- Een van die dele van hierdie herstrukturering is 'n nuwe soort Bybelse leierstelsel wat ons binne die Liggaam van Jesus sien vorm aanneem. In wese is dit niks anders as dat daar prakties ruimte gemaak word vir Ef. 4:11 tot 16 se vyfvoudige bedienings nie. Oral sien ons daarom egte apostoliese bediening opstaan, wat begin hande vat met die profetiese bediening, om saam as 'n span die fondasie-waarhede aan die Liggaam te bedien (Ef. 2).
- Voorheen het ons oral gemeentes in die Liggaam gesien wat so tussen 50 en 125 gelowiges groot was met 'n pastor of herder as leier. Maar die oomblik as die apostoliese en profetiese span inspraak in die regering en bediening van hierdie gemeentes kry, is daar fenomenale groei.
- Dit sal ook behels dat die herders moet onttrek uit die regering van gemeentes en hulle eerder sal begin toespits op die versorging en bediening van die kudde. Regering en koördinering van bediening in die gemeentes in die Liggaam sal deur apostoliese, profetiese en lerende bediening behartig word.

## 'n Bietjie meer oor die nuwe wynsakke

Tans is daar wêreldwyd letterlik 'n derde reformasie-beweging binne die Liggaam van Jesus aan die gang.

- Die eerste reformasie was dié in die tyd van Luther en Calvyn, waar God spesifiek deur Sy Gees, die inhoud van die Evangelie-boodskap en die teologie indringend begin vernuwe het.
- Tydens die lewe van 'n John Wesley, die Morawiese beweging en andere wat sou volg, het God deur Sy Gees, die Liggaam gehelp om opnuut te verstaan dat Sy verhouding met Sy mense 'n intieme liefdesverhouding van 'n Hemelse Vader met Sy geliefde kinders deur die werking van die Heilige Gees is.
- Die derde reformasie-beweging wat tans aan die gang is, is 'n reformasie wat fokus op die nuwe wynsakke of strukture binne die Liggaam van Jesus waarmee ons die nuwe wyn probeer akkommodeer wat God tans aan gelowiges bedien.

Dit word tans bereken dat daar tussen 2000 en 3000 nuwe ekklesias elke week wêreldwyd ontstaan. Tog vind hierdie groei tans plaas te midde van 'n groeiende frustrasie met die "kerk" soos ons dit al die jare geken het.

In Amsterdam, byvoorbeeld, is 'n ondersoek onder jongmense gedoen waar twee vrae aan hulle gevra is. Op die vraag of hulle geïnteresseerd is in Jesus, het 100% van die jongmense "ja" geantwoord. Maar op die vraag of hulle geïnteresseerd is in die kerk van Jesus, het 99% "nee" geantwoord.

In Engeland word dit tans bereken dat 47% van alle volwasse gelowiges wat getuig van 'n lewende verhouding met Jesus as Verlosser, geen behoefte het om aan die "kerk" te behoort nie.

Wat dus inderwaarheid beteken dat daar derduisende wedergebore volgelinge van Jesus êrens sit sonder 'n geestelike tuiste en 'n gelowige familie om hulle.

Dit is nie net gelowiges wat hiermee worstel nie. Tans word daar in Amerika bereken dat meer as 50% van alle geestelike leiers van tradisionele gemeentes hoogs gefrustreerd is met die kerklike praktyke en realiteite.

Al hierdie dinge is vir my maar bloot simptome wat aantoon dat die mense van God vasgevang sit in vorme en metodes wat nie die lewe, die volle waarheid van die Woord en die vrye werking van Jesus Christus as die Hoof van Sy Liggaam deur Sy Gees kan akkommodeer nie. Ons sit letterlik vasgevang in allerlei tradisies en tradisionele patrone. Wat alles meehelp dat ons mekaar in die Liggaam en die verloregaande wêreld om ons voer met gebrekkige genade, 'n oordosis wettisisme en manipulerende kontrole.

G'n wonder dat 'n gemeente soos Willow Creek Community Church in Chicago spottenderwys 'n sewevoudige Evangelisasie-strategie vir gelowiges begin leer het nie, waarin hulle die volgende vir hulle geleer het:

- Spandeer kwaliteit-tyd saam met ongelowiges
- Maar hou hulle weg van die kerk af
- Getuig teenoor hierdie nuwe vriende oor wat Jesus in jou lewe gedoen het en nog steeds doen

- Maar hou hulle weg van die kerk af
- Lei hulle dan na Jesus
- Maar hou hulle weg van die kerk af
- En wanneer hulle 'n bietjie meer volwasse is en gereed is vir 'n kultuurskok, stel hulle dan bekend aan die kerk!

Daarom glo ek, is God tans besig in alle dele van Sy Liggaam – sy dit tradisionele gemeentes, Pinkster, Charismatiese of Vernuwende gemeentes is – om ons koppe te swaai en ons prentjies te verander na wat Hy bedoel die ekklesia moet wees.

Ekklesia-wees is tog nie 'n klomp georganiseerde byeenkomste op spesiale plekke nie. Dit is eerder bonatuurlike familielewe tussen mense wat 'n ontmoeting gehad het met die lewende God en Jesus Christus gekies het as hulle Verlosser en Here.

## Kom ons hou op praat van kerk en kerke!

God is besig om vir Sy hele Liggaam wêreldwyd te sê nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke.

Vir baie jare reeds is God besig om nuwe wyn aan Sy mense uit te deel. Die meeste van ons het dit die een of ander stadium in ons lewe gulsig vasgegryp en probeer akkommodeer in ons ou paradigmas en ou "kerk"-sisteem-denke.

Nou kom die Here en leer ons die basiese boodskap van Luk. 5:37 tot 39. Naamlik, dat nuwe wyn uiteindelik ou velsakke uitmekaar sal skeur en dan is die nuwe wyn en die ou velsakke daarmee heen.

Oor wat so ‘n nuwe wynsak prakties is, is daar heelwat leesstof beskikbaar. Vir my persoonlik is een van die mees-uitdagende hiervan, die boek van Wolfgang Simson, HOUSES THAT CHANGE THE WORLD.

Ek kan amper nie uitgepraat raak oor wat in hierdie boek alles staan nie. Die Here het werklik deur Wolfgang iets hier op ons tafel neergesit wat elke gelowige moet lees.

Iets wat egter nie by Wolfgang aandag kry nie, is die gebruik van die woorde "kerk" en "kerke" as die vertaling van die Griekse begrip, **ekklesia,** wat ons in die Nuwe Testament kry.

Vanuit my worsteling met die Griekse begrip, en die Gereformeerd-teologiese pad wat ek geloop het, het ek begin beleef dat die Here my aangesê het om die woorde "kerk" en "kerke" in my praat te begin vermy.

Ek het merkwaardige dinge begin ontdek toe ek weer in die oorspronklike Grieks na die gebruik van die woord ekklesia in konteks gaan kyk het.

Ek het die volgende dinge ontdek:

- Dat Jesus self net in twee gedeeltes die woord ekklesia gebruik het, naamlik in Mat. 16:18 en Mat. 18:17
- Dat die res van die Nuwe Testament hierdie woord gebruik het waar 'n spesifieke faset van die ekklesia se karakter of taak beskryf word. Soos wanneer die ekklesia die Bruid van Christus (Op. 21:9); die Liggaam van Christus (Ef. 1:22,23); die woning van God (Ef. 2:22); die kudde van God (1 Pet. 5:2); of die hoeksteen en fondasie van die waarheid genoem word (1

Tim. 3:15). In ander gedeeltes in die Bybel word die ekklesia weer beskryf as 'n familie, 'n wingerd en 'n weermag.

- En ek het ontdek dat ‘n letterlike vertaling van die Griekse woord met iets soos die volgende weergegee kan word: " die samekoms van die gelowiges", of “familie van gelowiges”.

Wat vir my van kardinale belang was, was toe ek ontdek het dat die Nuwe Testament die woord ekklesia gebruik om vyf verskillende vorme van saamwees van die Liggaam gelowiges aan te dui, naamlik:

- Waar groepe van 2 of drie gelowiges saam is (sien Mat. 18:20, in konteks met vers 17)
- Waar 'n groepie gelowiges in 'n huis of werksplek bymekaar gekom het (Rom. 16:5)
- Waar gelowiges uit verskillende ekklesia in 'n bepaalde dorp of stad saam bymekaar gekom het (Rom. 16:1 en 1 Kor. 1:2)
- Waar gelowiges uit verskillende ekklesia uit 'n bepaalde area bymekaar gekom het (Op. 1:4)
- En waar dit gebruik word as 'n uitdrukking van die universele Liggaam van Christus (Heb. 12:22,23)

Ek glo daarom dat ons vertaling en gebruik van die Afrikaanse woorde "kerk" en "kerke" nie 'n korrekte weergawe van die Griekse begrip ekklesia is nie. En wel om 'n hele klomp redes:

- As ons die woord “kerk” in Afrikaans gebruik, is die woord-prentjie wat hierdie Afrikaanse begrip by die meeste mense oproep dié van 'n gebou wat vir godsdienstige byeenkomste gebruik word.
- Verder laat dit mense dink in terme van godsdienstige, organisatoriese strukture of sisteme as hulle die woord "kerk" of "kerke" hoor.
- En as gevolg van verkeerde teologiese lering in die verband oor die jare heen in alle dele van Jesus se Liggaam, is die Liggaam van Jesus tans – net in Suid-Afrika verdeel (of verskeur!) in meer as 32 000 verskillende denominasies of "godsdienstige sisteme"!
- Uiteindelik glo ek, is ons gebruik van die woord "kerk", of nog erger "kerke", as vertaling van die begrip ekklesia, die resultaat van 'n verkeerde Ekklesiologie of manier van dink oor God se mense.

Ons sit dus doodgewoon hier vasgevang in 'n tipiese ou velsak.

## “Ekklesia” in die Bybel

'n Baie beter, en meer Bybelse vertaling en gebruik van die begrip ekklesia sou – na gelang van die spesifieke konteks – een van die volgende kon wees:

- Bloot ekklesia
- Of plaaslike ekklesia
- Of ekklesia in 'n bepaalde dorp of stad
- Of gelowige byeenkom of vergadering
- Of God se mense
- Of liggaam van Christus
- Of Jesus se geloof-familie
- Of fees, of "celebration" van die plaaslike ekklesia

In die teologiese vakgebied, Kerk-groei, word daar gewoonlik tussen drie soorte saamwees van gelowiges onderskei, naamlik:

- Die groep of sel van 3 tot maksimum 20 gelowiges wat naby-familie geword het en saam byeenkom in 'n huis, onder die fasilitering en sorg van 'n ouderling. Wat natuurlikerwys deel in mekaar se lewens op 'n daaglikse en weeklikse basis, met direkte kontak tussen al die lede.
- Die groter geloof-familie of gemeente (wat gewoonlik tussen 20 tot 200 lede het), wat formeel georganiseer word onder die leiding van 'n pastor of leraar wat ±1 tot 3 ure per week byeen kom vir erediens en allerlei godsdienstige programme.
- En dan die groot geloof-familie wat feestelike byeen kom om hulle geloof te vier as "celebration", waar 200 plus gelowiges uit 'n bepaalde dorp of area (uit die verskillende huis-groepe) byeenkom om God se genade en wonderwerke te vier onder die leiding van die apostoliese en profetiese bediening.

Blaai 'n mens egter deur die Nuwe Testament is dit duidelik dat 1 en 3 wel destyds voorgekom het in die Liggaam van Jesus. Terwyl dit uit die kerkgeskiedenis duidelik is dat die tipiese gemeente of "kerk" (nommer 2 dus), 'n blote mense-maaksel is sedert die vierde eeu.

Dit was bloot in navolging van die reëlings wat keiser Konstantyn getref het.

Sy destydse vereistes vir gelowige byeenkomste was dat dit "fit for a king" moes wees, het dit het veroorsaak dat spesiale geboue met spesiale soort byeenkomste onder die leiding van spesiale professionele leiers met spesiale klere ontstaan het.

Alhoewel sy bedoelings skynbaar baie goed was, het dit uiteindelik meegewerk dat kerk-wees totaal verwyder geraak het van die Bybelse prentjie van ekklesia-wees.

In so ‘n mate dat die meeste gemeentes wat ons vandag om ons sien, werklik beskryf kan word as 'n "overgrown house-ekklesia, but an undergrown celebration"!

Die gevolg hiervan was dat die Bybelse dinamiek van ware ekklesia-wees verlore geraak het. So is 'n "fellowship without fellowship" gebore!

As dele hiervan sien ons in die meeste gemeentes, gelowige byeenkomste wat volgens die tipiese patrone van die Ou Testamentiese Joodse erediens ingerig word. Terwyl God se dinamiese besig-wees, soos ons dit in die Nuwe Testament en daarna vind, totaal ignoreer word.

Verder sou dit ook die einde beteken van die Here se ete as 'n geloof-maal van gelowiges in die teenwoordigheid van die opgestane, lewende Jesus Christus, want dit het mettertyd bloot 'n simboliese "sakrament" geword.

So het die Christendom oor die eeue heen in hierdie vorm doodgewoon verander in net nog 'n godsdiens met godsdienstige byeenkomste en geboue.

So het God se verloste mense verander in 'n spesie skadelose, ordentlike mense wat kerk toe gaan en betrokke is by allerlei godsdienstige aktiwiteite!

Terwyl God se prentjie van Sy Liggaam, daar in Dan. 2:35 en 44, eerder 'n dinamiese suurdeeg-beweging is wat niemand sal kan keer nie. Totdat dit verander in 'n skare uit alle volke en tale wat niemand sal kan tel nie. (Op. 7:9)

Daarom is dit belangrik om 'n slag die tipiese Bybelse ekklesia-prentjie te gaan vergelyk met die "kerk" -prentjie waaraan ons oor die jare gewoond geraak het:

| | KERK | EKKLESIA |
|---|---|---|
| PLEK | Spesiale of heilige geboue | Huise of by die werksplek |
| LEIERS | Pastors of leraars | Sporadies apostels, profete, herders, leraars, maar meestal ouderlinge (of volwasse gelowiges) |
| FINANSIES | Tiendes en offers | Almal deel alles |
| LEWENSTYL | Individualisties | Gedeelde lewens |
| EVANGELISASIE | Spesiale programme | Vriendskap met bure; kuier in huise en by die werksplek |
| STRYDKREET | Kry mense in die kerk | Wees ekklesia in mense se huise en by die werksplek |
| ONDERRIG-STYL | Staties en seremonieel | Lewendig, diskussie |
| BELANGRIKSTE TAAK VAN LEIERS | Lei kerk-programme; preek | Toerus van elkeen |
| SLEUTEL | Word lid! | Gaan maak dissipels! |
| SENDING | Stuur opgeleide sendelinge | Ekklesia-wees beteken dat God deur ons spontane getuienis van ons lewe groei onder ons bewerk |

God se hart is dat almal gered sal word. (1 Tim. 2:4) En dat die hele deeg deursuur sal word (Mat. 13:33). Sodat al die nasies op aarde kan deel in die erfdeel van Jesus. (Ps. 2:8) Daarvoor het Hy immers die lewe van Sy Seun gegee. (Joh. 3:16 en 17)

Daarom glo ek, het God die ekklesia as nuwe wynsak en bedienings-instrument in gemeenskappe bedoel om 'n vertoonvenster van Homself as God en Sy genadige liefde te wees.

Om so, uiteindelik, binne stap-afstand van elke mens op aarde, ‘n plek of groep mense te hê waar ander ‘n ontmoeting kan hê met Hom as die lewende God.

G'n wonder dat daar van oral af stemme opklink wat sê dat wat nou nodig is in die Liggaam, is nie vernuwing en reformasie nie, maar eerder revolusie. Ons het nie net iemand nodig om die proses van verandering te fasiliteer nie, maar eerder 'n plofstof-deskundige nodig!

Om die ou wynsakke wat ons tans rondom ons het te probeer vernuwe of te lap, is om ongehoorsaam te wees aan die Bybelse uitdaging om God te vertrou vir nuwe wynsakke wat kan akkommodeer wat Hy nou besig is om tussen ons te doen.

Hierdie nuwe wynsakke is nie lewensvreemd nie. Ek glo werklik dat dit bloot 'n herontdekking van ons eis van basiese Bybelse beginsels wat die Here in die bediening van Jesus en in die vroeg-Christelike ekklesia reeds vir ons op die tafel neergesit het.

## ’n Herontdekking van die genetiese DNA in elke wedergebore gelowige

Deel van hierdie herontdekking gaan dan ook wees om die genetiese DNA-kode te ontdek wat God self, deur die werking van Sy Gees, inbou in elke nuwe wedergebore gelowige.

Die lewende God van die Bybel plant immers nuwe lewe, met 'n totaal nuwe DNA, in mense in deur die werk van Sy Gees. Daardie lewe in ons is besig om ons van binne-af radikaal te verander en te leer om nuut te lewe.

Mrk. 4:26-29 beklemtoon dat hierdie nuwe lewe se DNA in ons maak dat dit letterlik Theo-maties (in plaas van outomaties), onder die leiding van die Gees van God (1 Kor. 3:6), in ons groei.

Die klem lê dus daarop dat die natuurlike lewe in die Liggaam van Jesus organies is. En dat dit nie gestruktureer en gekontroleer hoef te word asof dit 'n masjien of 'n program is nie.

Maar wat wel belangrik is vir hierdie lewe om natuurliker wys te groei en te ontwikkel is dat ons bepaalde Bybelse riglyne daarvoor moet begin gehoorsaam, naamlik:

- Dat dit tussen ons as gelowiges meer sal gaan oor die op-mekaar-aangewese-wees en interafhanklikheid, as oor wat elkeen individueel is of wil wees.
- Ideale groei is nie onbeperkte groei nie, maar eerder vermenigvuldiging. Die vrug van 'n appelboom is immers nie in die eerste plek 'n appel nie, maar nog 'n appelboom. So behoort die vrug van 'n ekklesia nog 'n ekklesia te wees.
- Effektiewe energie-benutting in normale groei maak dat enige aanval op die immuunstelsel tydens siekte juis deur die organisme gebruik word om homself te versterk met die oog op sulke aanvalle in die toekoms.

Daarom is dit duidelik dat as hierdie groei normaal moet plaasvind, moet dit plaasvind in toestande soos God in Sy Woord bepaal het:

- Dit moet plaasvind in die liefde-kokon van 'n geloof-familie rondom jou, saam met wie jy hierdie nuwe pad agter Jesus Christus aan kan stap in gehoorsaamheid aan die stem van die Gees van God wat ons daagliks wil lei, leer en bedien.

- Maar daar moet ook genoeg ruimte en soepelheid wees vir die inherente DNA van die nuwe lewe in elkeen om sy eie struktuur te ontwikkel sonder instruksies van buite af. Soos in Jerusalem daar in die begin plaasgevind het. Hierdie DNA maak dat dit soos suurdeeg in brooddeeg, 'n onstuitbare virus word wat 'n hele gemeenskap in 'n paar jaar totaal kan deursuur en omkeer. Soos dit destyds gebeur het van ± 32 n.C. tot na 300 n.C. binne die Romeinse ryk!

Sou 'n mens die groei van 'n tradisionele "kerk" bediening en die Nuwe Testamentiese ekklesia-bediening vergelyk, is dit letterlik soos om die verskil in vrugbaarheid tussen 'n olifant en 'n haas voor jou oë te sien gebeur:

- Waar 'n olifant net 4 keer per jaar vrugbaar is, is 'n haas feitlik heeljaar vrugbaar
- Waar 'n olifant net 1 babatjie op 'n keer kry, kry 'n haas normaalweg 7 babatjies
- Waar 'n olifant 22 maande verwagtend is, is 'n haas 1 maand verwagtend
- 'n Olifant moet eers 18 jaar oud wees om seksueel aktief te word, terwyl 'n haas binne 4 maande seksueel aktief is
- Met die gevolg dat olifante in 3 jaar gewoonlik net 1 kleintjie het, en hase in 3 jaar se tyd van 2 tot 476 miljoen kan vermeerder!

Daarom, glo ek, kan ekklesia-wees volgens hierdie beginsels, weer opwindend en aantreklik word vir elke wedergebore Christen. Maar kan dit ook 'n effektiewe instrument wees om 'n verlore gaande wêreld met die genade en liefde van Jesus te bedien.

Dit kan eenvoudig soos 1-2-3 wees. Sonder dat 'n geweldige organisasie en geboue-struktuur nodig is om te kan voortbestaan.

Ekklesia-wees is immers nie byeenkomste in die eerste plek nie, maar eerder 'n lewenswyse waardeur mense mekaar dissipel en bedien met die lewe van Jesus. Ekklesia-wees is immers om jou hele lewe met ander gelowiges te deel.

Daar is hoevele Christene wat in die erediens-cum-Bybelstudie-model van die tipiese "kerk" steeds vasgevang sit in dubbele standaarde en 'n geheime dubbele lewe.

Ek glo dat die huis-ekklesia die wyse is hoe God deur die werking van Sy Gees dit kan en wil deurbreek. En ek glo dit gaan daar gebeur waar gelowige mense werklik daagliks betrokke gaan raak by mekaar en gesonde verantwoordelikheid vir mekaar se hele bestaan neem.

Daar is immers wêreldwyd genoeg getuienis van hoe mense, met hierdie nuwe lewe se DNA in hulle, radikaal verander het. In so 'n mate dat ateïste verander is in apostels, en polisievrouens mense begin bedien het as profetesse, terroriste leraars geword het, loodgieters verander het in evangeliste, en bejaardes verander is in herders.

## Die praktyk van die Bybelse ekklesia

In die Nuwe Testament val dit 'n mens op hoeveel van Jesus se eie bediening in die huise van mense plaasgevind het rondom die etenstafel. Gaan kyk jy maar self 'n slag daarna.

Na die Pinkster-gebeure sien ons hoe gelowiges daagliks in huise rondom die etenstafel bymekaar was vir "m-eatings" (byeen-wees rondom die etenstafel waar ook terselfdertyd saamgeëet is) om saam Jesus te volg, mekaar effektief te bedien en mekaar toe te rus.

Ons sien hoe hierdie saamwees meestal gefasiliteer is deur 'n volwasse gelowige, wat doodgewoon 'n pa of 'n ma vir daardie groepie gelowiges was.

Ja, soms het Paulus en van die ander apostels ook ouderlinge hiervoor aangestel. Terwyl die persone van die vyfvoudige bediening (van Ef. 4:11 tot 16) tussen die verskillende ekklesia gesirkuleer en rondgereis het.

Verder sien ek ook 'n groep persone wat die Bybel “diakonos” noem (bedienaars of medewerkers), wat opgetree het as die sekretarisse en hulp-bediening vir die apostoliese bediening. Hierdie

persone het die administratiewe en sosiale verantwoordelikhede by die apostels oorgeneem sodat hulle vry kon wees om hulle eintlike taak te kon verrig.

Dit lyk vir my al hoe meer dat die Bybelse model van die ekklesia ons waarsku om nie die liggaam onvolwasse te hou deur hulle net heeltyd te wil leer nie. Die fokus moet wees om gelowiges toe te rus om mekaar te bedien. Om hulle dus so te lanseer in hulle eie bediening.

Na Konstantyn het die kerk die kanaal geword wat God se genademiddele aan die mense bedien het, in plaas daarvan dat die ekklesia die gimnasium moes wees wat elke gelowige kon toerus om self God se genademiddele in ander se lewens te wees!

## Ef. 4:11-16

Die mense wat hierdie toerusting moet doen, in die lig van wat veral in Ef. 4:11 tot 16 staan, lyk vir my, is die sogenaamde vyfvoudige bediening wat deel is van die ingeboude DNA-struktuur van die Liggaam.

Jesus, as die Hoof van die Liggaam, het hierdie span gesalfde manne en vroue bedoel as die sleutel tot 'n effektiewe Liggaam-bediening teenoor mekaar as gelowiges, maar ook teenoor 'n ongelowige wêreld.

Daarom sal dit ons baat om opnuut die rol van elkeen van hierdie bediening, waarvan ons in Ef. 4:11 en 12 lees, kortliks te bespreek.

(Ek beskryf hierdie figure heeltyd as "hy", maar dit is vir my duidelik uit die Skrif dat God beide manne en vroue soewerein kies en bonatuurlik toerus met Sy Gees en met die gawes vir hierdie taak wat hulle in die Liggaam moet verrig).

**1. Die Herder**

Hy staan in die middel van die kudde skape en al die skape draai om hom. Hy is liefdevol en skep 'n familie-atmosfeer vir sy skape. Alles gaan vir hom oor gesonde, liefdevolle verhoudinge tussen die skape in sy kudde. Daarom fokus hy op heel verhoudinge met God en heel verhoudinge met mekaar in die kudde. Hy ken die detail van elkeen van sy skape se situasie. Die herder het egter ook juis hier 'n blindekol, want hy raak soms as't ware verlore in verhoudinge en sien later nie meer die groter prentjie nie. Dié dat hy later, in 'n poging om sy skape te beskerm, beskermer word van die status quo.

**2. Die Profeet**

Kom ek sê dadelik dat ek die persoon van die tipiese Nuwe Testamentiese profetiese figuur ʼn bietjie veralgemeen en selfs ʼn bietjie skeeftrek om sy "rol" en "funksie" te beklemtoon. Met dit gesê, sien ek "die profeet" so 5 kilometer voor die skape uit, bo-op 'n berg. Daar hoor hy God se stem en sien God se prentjies. Hy is nie werklik geïnteresseerd in die daaglikse doen en late van mense nie en is baie keer 'n bra gekompliseerde en moeilike mens. Die fokus van sy bestaan en bediening is om te hoor wat tans in God se hart is, en om dit dan aan die mense te sê. 'n Mens kan daarom verstaan waarom daar baie maklik spanning kan ontstaan tussen die herder en die profeet!

**3. Die Apostel**

Die apostel is sowat 3 kilometer weg van die skape af, ook op 'n berg. Vandaar sien hy die geheel-prentjie, en met 'n kaart van God se groter plan in sy hand en soek hy na die volgende groen kamp vir die kudde vir die volgende seisoen in God se hart. As hy eerlik is, het hy nie eintlik tyd vir klets en geselsies nie. Sy hart is 'n hele wêreld daarbuite wat bereik en bedien moet word met God se liefde en genade. Hy wil God se plan sien kom vir die wêreld. Die apostel-figuur is soos die generaals in God se weermag op aarde, wat die strategieë moet neerlê en die fondasies moet bou. Hulle is gewoonlik bonatuurlik gesalfde probleem-oplossers, en het 'n vermoë om mense se potensiaal en krag raak te sien. Hulle is ook God se geestelike vaders in Sy Liggaam op aarde.

**4. Die Leraar**

Ons kry die leraar op 'n kritiese afstand van die kudde af, op 'n hoogte om betyds die honde of die aankomende wolwe te kan op hulle plek sit. Vir hom gaan dit oor die waarheid en niks anders as die waarheid nie. Hy is geïnteresseerd in kwaliteit en detail – hy lees selfs die voetnotas! Sy passie is om dit wat hy weet, te leer vir ander, en dit doen hy uitstekend en verstaanbaar.

**5. Die Evangelis**

Die evangelis loop al rondom die kudde, so 'n half kilometer weg van hulle af, omdat hy nie wil ruik soos hulle nie, ter wille van die wilde skape daar buite onder wie hy wil werk. HY wil egter ook weer nie te ver weg van die kudde af wees nie, maar naby genoeg te wees om die verlore een terug te kan bring as hy hom kry. Sy fokus is om mense by Jesus uit te bring. Daarom help hy die kudde om hulle fokus op die verlore wêreld daarbuite te hou. Hy begelei ook graag nuwe bekeerlinge om hulle so gou as moontlik te dissipel, om weer op hulle beurt, ander te kan dissipel. Die evangelis werk ook nou saam met die apostel en die profeet om nuwe gebiede te bedien en fondasies te lê.

## Ruimte vir die vyfvoudige bediening-span

Waar daar ruimte in die Liggaam vir die bediening van al die figure in die vyfvoudige bediening-span is, kom dit wat in Ef. 4:11 tot 16 staan tereg.

Die krisis kom egter as die Liggaam net blootgestel word aan die bediening van die herder, die leraar en soms 'n evangelis.

Dink net wat kan gebeur as die herder begin optree as die leier in die kudde en hulle selfs begin regeer! Dit is dan wat die mure om die kudde al hoe hoër raak sodat daar later beslis geen plek gegee word aan 'n profeet of apostel wat net kom "karring" aan die status quo nie!

Profetiese stemme wêreldwyd bevestig dat God besig is om 'n nuwe geslag bedienaars op te rig waar 'n generasie Niemande, sonder bekende gesigte en titels, voor gaan stap in die herlewing wat kom.

Hulle gaan net effektief toegerus word as hulle blootgestel gaan word aan die liggaam-bediening in die ekklesia in sy kleine, daar in die huis of die werksplek, maar ook as hulle ware Liggaam-"celebration" gaan beleef. En dan natuurlik is die bediening deur die hele vyfvoudige bedieningspan van geweldige belang in hulle lewens sodat hulle toegerus kan doen wat God bedoel om deur hulle te doen in hierdie nuwe seisoen.

## Oktober 1999 – 'n Profetiese woord: Waarmee is God tans wêreldwyd besig?

Kyk 'n mens 'n bietjie meer in detail na dit wat in gelowiges se lewens binne die Liggaam van Jesus in geheel plaasvind, sien en hoor jy hoe God oral die volgende aan ons sê:

- Hy is besig om met ons in nuwe seisoene in te beweeg. Dit is werklik 'n oorgangsfase waarin ons nou is, waarin ons die tipiese ervaringe van 'n "woestyn-tydperk" beleef.
- Daarom waarsku die Here ons om dit nie te beveg of te probeer bly vasklou aan waar ons nou is nie. Hy is met ons elders heen op pad.
- Oral praat God van 3 seisoene wat gelowiges in Sy Liggaam gaan beleef, na gelang van waar hulle tans hulle bevind. Hierdie 3 seisoene gaan iets weerspieël van die Evangelies en Handelinge.
- Die een seisoen gaan wees soos toe Johannes die Doper bedien het. Dit gaan gevolg word deur 'n seisoen waarin Jesus deur Sy Liggaam met salwing mense individueel gaan bedien. Maar dan gaan daar 'n derde seisoen aanbreek waar ons die Heilige Gees – soos na Pinksterdag - derduisende gelyktydig gaan sien bedien deur 'n bemagtigde Liggaam van Jesus.

Kom ons bekyk hierdie 3 seisoene van naderby:

1. In die eerste seisoen gaan ons beleef hoe God mense oproep tot bekering en herstelde verhoudinge. Ons gaan 'n ongekende soeke na heiligmaking sien, waar mense by God pleit om hulle deur en deur in Sy rivier te reinig en te vul met Sy heiligheid. God gaan daar waar ons geestelik swak is, inbou in ons lewe, en daar waar ons skeef gegroei het, afbreek, sodat ons volwasse kan wees en nie gedurig skommel tussen óf warm óf koud nie.

Daarom beleef die meeste van ons hierdie seisoen as uiters ongemaklik, omdat God die duisternis in ons lewens moet openbaar en alles in die lig moet bring. Maar dan nie op so 'n manier dat ons heeltyd van die sondes in ons lewens bewus is nie, want dit sou ons ontmoedig en al ons geestelike energie tap. Nee, Hy gaan dit eerder so doen dat jy gekonfronteer word met die waarheid, sodat jy dadelik kan regmaak en kan klaarmaak daarmee.

Daarom is dit 'n soort transisie-fase waarin jy iets van 'n geestelike wildernis-ervaring gaan beleef. Dit is daarom belangrik om gedurende hierdie tyd te onthou dat die dinge wat gebeur, nie gebeur omdat jy gesondig het, of om jou te straf nie. Dit is eerder bedoel as 'n tydperk om net weer jou hart vir jou te wys, en jou gereed te maak vir 'n volgende, hoër vlak van geestelike outoriteit en bediening.

2. Hierdie seisoen loop dan oor in 'n tweede seisoen, waarin ons Jesus gaan sien bedien deur Sy Liggaam op aarde. Gelowiges gaan soos Jesus daar in Luk 4:18 en 19, kan bely dat die Gees van die Allerhoogste Here op hulle is. Dat hulle gesalf is met die bonatuurlike krag en gawes van die Heilige Gees om mense waarlik vry te maak – soos Jes. 61 sê. Gewone gelowige manne en vroue gaan in die wêreld onder mense instap en dit doen wat Jesus gedoen het. Waar hulle vir mense die lewe van Jesus sal wees en mense met Sy lewe sal bedien.

Dit is ook belangrik dat daar in hierdie fase ruimte sal wees vir die apostoliese en profetiese bediening-spanne om Bybelse orde te handhaaf en om mense te bemoedig met God se woord. Daar gaan, soos in Jesus se tyd, geweldige teenstand wees, maar ook groot oorwinnings.

Ons gaan die profetiese trompet hoor blaas wat ons gereed gaan maak vir die volgende seisoen wat op pad is.

3. Die derde seisoen is 'n seisoen waarin ons die Pinksterdag-gebeure weer en weer gaan belewe. Waar die Liggaam van Jesus bekragtig gaan word met nuwe bonatuurlike krag en outoriteit soos ons tot nou toe nog nie algemeen belewe het nie. Waar daar aan die einde van Jesus se eie bediening sowat 120 gelowiges was, het daar na die Pinksterdag-gebeure 'n toevoeging van 3000 plaasgevind, en 'n paar dae later was hulle reeds 5000 altesaam.

Hierdie seisoen is 'n seisoen waarin ons volskaalse herlewing gaan beleef in elke sin van die woord.

Die vraag in iedereen van ons se hart is seker: Hoe kom ons daar?

Miskien kan die blinde Bartimeus ons hierop antwoord. Hy wat met sy eie oë Jesus se heerlikheid wou sien, het **nie gehuiwer om pleitend uit te skreeu** totdat Jesus self aan hom gesê het: "Kom!" nie.

Daarna het hy sy ou bedelaars kleed weggegooi, want hy het by voorbaat geglo dat hy dit nie weer nodig gaan kry nie.

En toe Jesus vir hom vra:" Wat kan Ek vir jou doen?", het hy geantwoord: "Dat ek kan sien!"

"Gaan, jou geloof het jou genees!" het Jesus aan hom gesê. En **toe het hy saam met Jesus verder gegaan, terwyl die res agtergebly het.**

## Herstel My Liggaam!

Ek glo dat die boodskap wat God deur die profeet Haggai aan Sy volk bedien het, 'n baie aktuele profetiese woord vandag aan die Liggaam van Jesus is.

Soos destyds is ons ook vasgevang in 'n sieklike egoïsme en materialisme, terwyl God se tempel 'n puinhoop is! Daarom roep God in hierdie reformasie Sy kinders op om Sy Liggaam gelowiges te restoureer met die oog op 'n openbaring van God se heerlikheid aan die wêreld (2:7) en die groot oes-insameling wat in die hart van die Vader is (2:19).

Ons is baie keer so tevrede dat sowat 'n derde van die wêreld se bevolking as "Christene" gereken word, terwyl God se hart is dat alle mense gered moet word (1 Tim. 2:4).

Ek glo dit is God se hart dat Sy ekklesia binne stap-afstand van elke mens op aarde moet wees, ja, ook daar in die feitlik onbereikte dele van die wêreld. God woon immers nie in geboue of spesiale byeenkomste nie, maar eerder in Sy Liggaam waar twee of drie gelowiges saam in Sy Naam byeen is. Daarom is die mees effektiewe wyse waarop ons 'n gemeenskap kan deursuur en mekaar kan dissipel, deur soveel moontlik tyd saam te spandeer in ons huise en in die huise van ander mense.

Kom ons dink net weer 'n paar oomblikke saam oor die huis-ekklesia waarvan ons veral in Handelinge lees:

- Dit was die bonatuurlike saamwees en ervaring van God se teenwoordigheid en Christus se lewe in die huise van gelowiges plaasvind.
- Dit was die manier hoe verloste mense saam geleef het.
- Dit was die organiese wyse waarop dissipels van Jesus saam met mekaar elke dag agter Jesus aan gestap het.

- Daar het hulle doelbewus gekies om alles met mekaar te deel. Maar dit het begin by 'n self-kruisiging. En eers toe kon hulle kies om hulle lewens vir mekaar oop te maak sodat die genade en liefde van Jesus kon uitloop na mekaar toe.
- Dit was die vertoonvenster waardeur mense kon sien hoe lewe 'n mens volgens koninkryk-waardes, en hoe deel 'n mens Jesus se lewe en Sy genade in jou, met iemand anders.
- Dit was 'n deel van Jesus se Liggaam op aarde wat saam in een plek kon byeenkom.
- Dit was die saamwees van mense wat ten minste in drie opsigte tot bekering gekom het: naamlik teenoor God; teenoor mekaar en teenoor die wêreld
- Dit was mense wat gekies het om geestelike familie in Jesus vir mekaar te wees.
- Maar dit was uit en uit 'n skepping en werk van God deur Sy Gees, waar Hyself dit onderhou en bedien het soos en hoe Hy wil. (1 Kor. 3:6 en 1 Kor. 14:26)
- Hier gebruik Hy ouderlinge en die vyfvoudige bediening (Ef. 4:11-16) as Sy medewerkers. Hulle is bedoel om die ondersteuningstelsel van die Liggaam te wees, soos die limfatiese- en senustelsel, die are en die beenstruktuur in 'n gewone liggaam
- Hier leer gelowiges om lief te hê binne 'n veilige kokon. Sonder kompetisie. En leer hulle om te vergewe; om saam te lag en te huil; hoe om genadig te wees; en hoe om mekaar te bedien sonder maskers en sonder bybedoelings

Hoe het dit prakties gebeur?

## In die Nuwe Testament sien ons vier elemente in die kleiner ekklesia-geloof-familie

**1. "M-eatings" – 'n Saamwees om te eet!**

- Hand. 2:26 en 1 Kor. 11:33
- Dit het hulle by Jesus aangesteek.
- Daar eet ons saam met God as ons Gas. Daarom is die "Here se liefdes-ete" as deel van hierdie saam-eet, gereeld spontaan gevier.
- Daar langs die tafel het hulle lewe met mekaar gedeel, asook God se genadige versorgings gawes.
- Daar het hulle saam geëet as familie van die Hemelse Vader.
- Daar het saam-eet 'n deurbreking van alle skeiding en grense beteken.

**2. Leer daar mekaar om te gehoorsaam**

- In die tipiese Joodse wêreld was die pa die onderwyser en die etenstafel die klaskamer. Daar het hy gewys hoe dinge gedoen of hanteer word.
- Nou was dit die ouderlinge of volwasse gelowiges se rol in die huis-ekklesia.

- Maar dit het nie soseer oor kennis gegaan nie, maar eerder oor 'n lewens-navolging en 'n praktiese uitlewing van geloof. Dit het dus vir hulle gegaan oor die doen van die Woord. Heeltyd was hulle hart dat God self Sy mense sal bedien met Sy Woord, soos en hoe Hy dit wil doen deur die gawes. Sodat gelowiges kon groei in geloof-volwassenheid meer na die beeld van Jesus toe.

**3. Deel in mekaar se materiële en geestelike seën**

- Hand. 2:44-45
- G'n wonder Jesus het vir die ryk jongman wat Hom wou volg, gesê om eers alles te gaan verkoop en aan die armes te gee, en dan eers te kom om Hom te volg nie!
- Hier het alles aan God en aan mekaar behoort. Daarom het dit nie daaroor gegaan hoeveel jy bereid was om te gee nie, maar eerder oor die vraag hoekom jy nog sekere dinge wil terughou!
- Hand. 4:32-35
- Dit het ook geestelike goedere en gawes ingesluit, soos 1 Kor. 14:26; Ef. 5:19 en 2 Tim. 2:2 vir ons aantoon.
- Elke huis-ekklesia het sy eie gemeenskaplike fonds gehad waaruit nood bedien is.

**4. Saam bid**

- Hand. 2:42
- Dit was 'n bid vir mekaar; vir die owerheid; vir vrede; en soos Fil. 4:6 en 7 geleer het.
- Gebed was ook dialoog waardeur God dan geantwoord het en Sy wil geopenbaar het (Amos 3:7 en 1 Kor. 14:29).
- Daar het God opdragte gegee en deurbrake bewerk.
- Maar daar is ook gebid vir mekaar se sonde en genesing (Jak. 5:16).

## Geroep om mense dissipels van Jesus te maak

In die tipiese byeenkoms-georiënteerde Christendom kom gelowiges maksimum 2 tot 3 ure uit die 164 ure van 'n week byeen.

Dit is heeltemal onvoldoende tyd om werklik "Christelike lewe" aan mekaar oor te dra, en Koninkryk-waardes permanent in mekaar se lewens vas te lê. Wat nog te praat van intieme liefdesverhoudinge met mekaar te ontwikkel en mekaar te dissipel.

Jesus het nie verniet geleer dat Christen-wees uiteindelik alles gaan kos wat jy het nie! Dit gaan ten minste beteken dat ons moet losbreek uit ons Westerse individualisme en moet leer "ja" sê vir 'n kollektiewe gehoorsaamheid aan Jesus.

Maar hierdie transformasie gaan begin by elkeen van ons. Dit gaan ten minste 'n daaglikse bekering, kruisiging van jouself en jou kulturele waardes en gewoontes, en 'n opgee van jou sélf gesentreerde lewensstyl (en konformasie met die patrone van die wêreld) van elkeen van ons vra.

Dan sal ons moet “commit” aan 'n lewenswyse waarin ons kies om mekaar te dissipel. Wat in wese doodgewoon beteken om mekaar te "empower" met waarmee God jou "empower" het.

Hoe doen 'n mens dit?

| | |
|---|---|
| Jy laat mense toe om mekaar te begin bedien | Jy laat hulle beleef jy glo in hulle |
| Begin outoriteit na hulle te delegeer | Wees vir hulle 'n vennoot in God se plan met hulle lewens |
| Belê tyd, middele en energie in hulle | Wees lief vir hulle en sê dit vir hulle |
| Gee vir hulle wat jy het | Gesels met hulle oor alles en nog wat |
| Spandeer soveel tyd as moontlik saam met hulle | Gee vir hulle die sleutels wat deure kan oopsluit |
| Dien hulle | Prys hulle |

As ons Jesus as Verlosser en Here in geloof aanvaar het, het ons burgers van God se Koninkryk op aarde geword. Maar in die begin is ons soos babas. Ons moet werklik stap-vir-stap leer wat volgeling-van-Jesus-wees alles behels. En ons moet leer om alles te onderhou wat Hy ons geleer het.

Prakties beteken dit dat iemand ons aan die hand moet neem en voor ons moet begin uitstap om ons met woord en lewe te wys hoe.

Ons is geroep tot volwassenheid (Mat. 28:18-20; 1 Kor. 2:9-16; Heb. 5:11-6:2). Daarom moet jong bekeerlinge leer om volwasse dissipels van Jesus te word, sodat hulle later bereid sal word om verantwoordelikheid vir ander te neem om hulle in Jesus se Naam en in Sy krag te bedien.

Ons moet vorder van melk tot vaste kosse. Daarvoor het God ‘n proses beplan wat binne die sekuriteit van die intieme geloof-gemeenskap van ‘n groepie gelowiges moet plaasvind. Volwasse gelowiges moet om daardie nuwe geestelike baba stelling inneem en vir sy of haar geestelike groei en lewe verantwoordelikheid neem.

‘n Geestelike baba het familie nodig. Naby-familie en verlangse familie. Familie wat my naam ken en persoonlik elke dag met my paaie kruis. Maar dan ook familie wat die Hoof van die familie, Jesus, by geleentheid in my lewe wil gebruik.

So vertel Ef. 4:11 tot 16 vir ons van familielede wat deel is van ‘n Godgegewe vyfvoudige bediening-span. Wat die roeping het om die somtotaal families binne die Liggaam van Jesus, te leer hoe om mekaar so te bedien, so te voed en toe te rus dat hulle kan vorder tot geestelike volwassenheid. Sodat elke gelowige mettertyd hulle plek kan volstaan binne die kleiner geloof-gemeenskap, maar ook die groter geloof-gemeenskap in die Liggaam van Jesus.

Dit gaan dus in dissipelskap nie daaroor om nuwe bekeerlinge "lidmate van 'n kerk" te maak nie. Dit gebeur ook nie bloot deur 'n proses van informasie- of kennisoordrag nie. Dit gebeur waar ons tyd maak om ons hele lewe met mekaar te deel. En waar jong bekeerlinge kan leer om nuut te lewe deur te begin om die meer volwasse gelowiges se manier van lewe na te boots.

Natuurlik vereis dit dat sulke bekeerlinge bereid moet wees om hulle aan meer volwasse begeleiers te onderwerp. En daardie begeleier weer op sy/haar beurt aan ander begeleiers, en uiteindelik aan Jesus as die Hoof, onderwerp en gehoorsaam is.

Binne so 'n verhouding kan gelowiges leer om alles te onderhou wat Jesus geleer het en kan hulle leer…

- Om gedoop te word, omdat jy met jou wedergeboorte en bekering gesterf het. Sodat jy van nuuts af kan lewe.
- Om hande opgelê te word en die salwing van die Gees in geloof te ontvang. Waarsonder jy nie werklik getuie in hierdie wêreld kan wees nie.
- Dat jy nou kind van die lewende God geword het en Hy jou Vader. En jy leer om te glo dat alles wat Jesus s'n is, ook joune is.
- Om nou onverskrokke jou lewe te gee om soos Jesus lief te hê.
- Om ander te begin dien met alles wat jy het. Omdat alles nou aan Jesus behoort.
- Dissipel-wees beteken om 'n slaaf van Jesus te wees. Hy is die Here en gee die bevele, en ek moet leer om onmiddellik te gehoorsaam. (So word ek mettertyd verlos van al ons onnodige reëls en tradisies).
- Dat dit ook 'n burgerskap-verandering behels: van burger van die koninkryk van die duisternis/dood, na burger-wees van die koninkryk van die lig.
- Dat dissipelskap 'n daaglikse sterf aan jouself behels (Matt. 17:44-46) en dus nie net draai om myself nie.

Dit is dus so anders as die klub-styl bediening waaraan ons gewoond geraak het deur die jare binne die kerk soos ons dit geken het. Waar mense "lede" word omdat hulle met ons en met wat ons glo, kan assosieer. In wese bly hierdie styl van bediening bloot 'n kleuterskool vir die meeste "lede", waar hulle die kleuters is en die geestelike leier die onderwyser is.

Om van so 'n realiteit te transformeer na 'n meer Bybelse prentjie van geloof-gemeenskap-wees, sal baie wysheid en geduld verg.

Juan Carlos Ortis het hierdie transformasie-proses baie suksesvol laat plaasvind deur doodgewoon met 'n "ondergrondse, Nuwe Testamentiese" ekklesia te begin in die gemeente, sonder om die res te ontwrig of te ontstel. Hy het gewoon biddend gelowiges uit die klub-cum-kleuterskool-opset van die gemeente begin "steel" en hulle binne 'n geloof-familie-opset begin leer om dissipels van Jesus te wees.

Daar het hy gekies om net Juan te wees en nie meer die een wat meer weet en respek as pastor moet kry nie. Al wat hy daar gevra het, was dat hulle hom moet liefhê, soos Jesus liefgehad het. In ruil gee hy dan sy hele lewe vir hulle en maak hy tyd om saam met hulle lewe te begin deel, en werklik hulle familie te word.

Dit het gemaak dat hierdie gelowiges werklik begin verander het. Dat hulle mense geword het wat kans gesien het om weer verantwoordelikheid te neem om hierdie selfde proses met ‘n groepie ander gelowiges te volg.

Na ses maande het hy hulle dan toegelaat om ander “lidmate” uit die “klub-kleuterskool” te steel om met hulle ‘n pad in dissipelskap te loop.

Die gevolg was dat die hele gemeente oor ‘n periode van drie jaar ‘n nuwe soort geloof-familie geword het. Waar gelowiges gekies het om werklik dissipels van Jesus te wees en bereid was om in Jesus se Naam ‘n liefdesverhouding met mense aan te knoop en mense se vriende geword het. Waar hulle gekies het om mekaar in liefde te bedien en na ‘n nuwe, dieper geloof-verhouding met Jesus toe te lei.

Geloof-gemeenskap of ekklesia-wees, het gevolglik dwarsdeur die week in die huise van mense begin plaasvind en nie meer, soos in die verlede, in die een of ander gemeente-gebou of -program nie.

Soms was dit selfs nodig om die tradisionele erediens-byeenkomste vir ‘n tyd lank te staak om hulle van hierdie styl van geloof-gemeenskap-wees net eers te speen.

Mettertyd leer so ‘n nuwe geloof-gemeenskap dan dat enige vorm van organisasie of byeenkoms van die liggaam in sy verskillende vorms, altyd van so ‘n aard moet wees dat dit nie die bediening van die liggaam aan mekaar, en aan die ongelowige gemeenskap, moet strem nie.

Ons is ook geroep om te strewe na soepel, nuwe wynsakke vir die byeenkom en bediening van die plaaslike ekklesia, wat beantwoord aan die Bybelse vereistes daarvoor. As iets dus groei of volwasse bediening strem, word dit onmiddellik verander. Onbybelse tradisies kom dus gou onder die loep en moet padgee voor wat die Woord vereis.

Een so 'n tradisie wat oral oor die wêreld aan die padgee is, is die tradisie van “verskillende denominasies en kerke”.

Die meeste nuwe geloof-gemeenskappe het selfs gekies om nie eers meer in daardie terme te praat nie. Daarom vermy hulle terme soos “kerk” of “kerke” doelbewus – as gevolg van die onbybelse konnotasies wat daaraan gekoppel was.

Hulle het ook gekies om nie meer demokraties te wees binne die geloof-gemeenskap nie. Maar eerder teokraties. Waar hulle alleen die Hoof, Jesus, se bevele gehoorsaam wat Hy deur Sy Gees en Woord aan hulle gee.

Die lokale gelowiges is deel van ‘n lokale ekklesia, een ekklesia binne 'n bepaalde dorp of stad. Wat wel op verskillende plekke en wyses byeenkom. Met die eis dat elke gelowige sal “commit” waar hy/sy geestelik tuisgekom het, maar ook geleer sal word dat hulle deel is van een groter ekklesia in ‘n bepaalde dorp of stad.

Daarom moet ons ook groter byeenkomste van die groter ekklesia inisieer om hierdie eenheid realiteit vir mense te laat wees. Maar ons moet ook allerlei wyses soek om gelowiges te laat snap dat hulle deel is van ‘n universele ekklesia wat bestaan uit alle gelowiges wêreldwyd.

Ef. 4:11 tot 16 leer immers dat ons eers die volle krag van die Gees en ware Bybelse volwassenheid in gelowiges se lewens gaan beleef as ons in lyn kom met hierdie woord.

# ‘n Geloof-verantwoording van 'n ekklesia in die lig van die reformasie van strukture

## 1. God se spesifieke bedoeling vir ons bestaan

**a. Inleidend**

In my eie nadenke hieroor het ek 'n paar fundamentele geloof-keuses gemaak wat die voorveronderstellings vorm in my nadenke oor die Liggaam van Jesus en die posisie van 'n plaaslike ekklesia/gemeente. Die belangrikste hiervan is die volgende:

1. Die Liggaam van Jesus in 'n bepaalde area, dorp of stad, is in God se oë een, en is deel van die groter, volledige Liggaam van Jesus wêreldwyd.
2. Binne hierdie Liggaam vind ons verskillende ekklesia, waar God deur Sy Gees, die gawes en die vyfvoudige bediening gelowiges en 'n ongelowige gemeenskap wil bedien.
3. So 'n ekklesia kan verskillende vorme aanneem: sy dit 'n groep gelowiges wat in 'n huis-groep of by die werk ge-“commit” het om geloof-familie te wees. Of 'n aantal gelowige huis-groepe wat saam met ander gelowiges in 'n groter ekklesia of gemeente ('n ekklesia van ekklesias) byeenkom.
4. Elke ekklesia het egter 'n baie spesifieke roeping van God af om te vervul:

- Die ekklesia in die huis of werksplek moet gelowiges geleentheid gee om baie persoonlik en intiem werklik Bybelse koinonia tussen gelowiges moontlik te maak en waar hulle mekaar kan bedien, begelei en toerus.
- Die groter ekklesia (wat ons gemeente, of verkeerdelik "kerk" noem) – wat saam met ander ekklesias/gemeentes in 'n bepaalde omgewing, dorp of stad een is volgens God se hart se bedoeling, soos ons dit vind in Ef. 4:11-16. Om Christus geleentheid te gee om hulle, as deel van Sy Liggaam, deur die vyfvoudige bediening (apostels, profete, herders, leraars en evangeliste) te bedien. Daarom moet die groter ekklesia se byeenkoms oop wees vir die bediening van die vyfvoudige bedienaars wat meestal van buite die plaaslike ekklesia gaan kom. (Een gemeente gaan heelwaarskynlik nie die volledige vyfvoudige bediening in sy midde hê nie).

5. Ek glo dat daar bestaansreg vir verskillende ekklesia of gemeentes in 'n bepaalde area, dorp of stad om 'n verskeidenheid redes is, waarvan die volgende die belangrikste is:

- Bloot territoriaal – dit word later te ver vir mense om daar te kom waar hulle effektief bedien kan word
- Om groter getalle mense en verskillende groepe mense effektief te bedien.
- Mense het verskillende aanbidding-style wat maak dat hulle, onder sekere omstandighede, meer tuis voel om te aanbid en bedien te word as in ander situasies.
- God roep ekklesia om 'n spesifieke rol of taak in 'n bepaalde gemeenskap te verrig. So kry ons ekklesia wat 'n baie sterk profetiese óf herderlike óf evangeliese fokus het.

**b. God se bedoeling met ons as ekklesia**

Teen hierdie agtergrond is dit lewens noodsaaklik vir die plaaslike ekklesia om telkens rekenskap te gee oor wat God se bedoeling vir hulle as ekklesia is.

Dit is veral vir die geestelike leiers binne so 'n ekklesia lewens noodsaaklik om hieroor vir hulleself duidelikheid te kry. Die gawe van leierskap (wat Rom. 12:8 van praat) beteken immers prakties dat 'n leier gewillig moet wees om mense van punt A na punt B te begelei, en daarvoor moet jy weet waarheen jy met hulle op pad is.

Kyk 'n mens na die bediening van Jesus, en dit wat die Bybel oor die roeping van die ekklesia sê, is daar seker 'n verskeidenheid maniere om hierdie bedoeling van God met die ekklesia te formuleer.

'n Belangrike praktiese riglyn is altyd om dit so te formuleer dat gemeentelede dit maklik kan onthou om weer te herhaal aan ander. (Die sakewêreld se wenk hieroor is dat die kern daarvan op 'n T-hempie moet pas).

Een voorbeeld van 'n bepaalde gemeente se formulering was die volgende:

WEN (… nuwe volgelinge vir Christus)

BOU (… hulle dan geestelik op tot geestelik volwasse volgelinge)

STUUR (… hulle dan uit om ander mense te gaan wen vir Jesus)

Die betrokke gemeente het daarom verder gegaan en hulle hele gemeente-bediening so ingerig dat 'n derde van die personeel, fondse en tyd spandeer word aan elkeen van hierdie drie onderafdelings van hulle roeping.

Willow Creek-gemeente in Amerika – waar Bill Hybels die senior leraar is – het in die begin van sy bestaan, God se roeping vir hulle as gemeente soos volg geformuleer – na baie jare van ondersoek en gebed:

"To turn irreligious people into fully devouted followers of Christ".

Dit is natuurlik 'n baie ingrypende keuse vir 'n gemeente om dit as lewens bedoeling te formuleer. Aangesien die gemiddelde gemeente se fokus gewoonlik nie mense buite die gemeente is nie, maar eerder is om die gelowiges wat tans deel van die gemeente is, te probeer behou!

Willow Creek het dus doelbewus gekies om te fokus op twee dinge, naamlik om eerstens die ongeredde wêreld daarbuite effektief met hulle byeenkomste te bereik, en tweedens, om hulle – na hulle bekering – te begelei om ge-"commit" te volgelinge van Jesus te word.

Na 18 jaar se volgehoue bediening met dit as riglyn, het die gemeente weer 'n slag oor God se bedoeling met hulle gaan nadink. Hierna het hulle die volgende as hulle gemeente-roeping gaan formuleer met 5 G's:

- GENADE – Elke gelowige het 'n roeping om oor God se genade teenoor ander te getuig
- GROEI – Dit is die gemeente se opdrag om te sorg dat elke nuwe bekeerling of gelowige verder geestelik kan groei in die gemeente
- GROEPE – Daarom is dit noodsaaklik dat elke gelowige êrens deel moet wees van 'n groep gelowiges waartoe hulle dan "commit" tot mekaar se verdere groei

- GAWES – Elke gelowige moet gehelp word om hulle gawes van die Gees te ontdek en te leer hoe om ander met die gawes te bedien
- GELD OF GOEIE RENTMEESTERSKAP – Om te doen wat nodig is, moet elke gelowige geleer word om goeie rentmeesters te wees van die geld en ander bronne wat God tot hulle beskikking gestel het.

Wat belangrik was, was dat dit die resultaat was van 'n gemeente-denkproses wat oor 'n paar jaar geduur het. Dit het wel begin in Bill Hybels se hart, maar hy het dit weer gedeel met 'n aantal gemeente leiers wat saam met hom daaroor begin dink en praat het. Daarna het hulle dit weer met verskillende groepe in die gemeente gedeel, totdat die hele gemeente deel was van die denkproses. Dit het gemaak dat die hele gemeente gevoel het dat die eindproduk uiteindelik hulle formulering was wat aanvaar is as die roeping van die gemeente.

Toe moes die praktiese implementering volg. En hier moes die leierskap van die gemeente besluit of hulle aan elkeen van hierdie vyf G's gelyke aandag en fondse gaan spandeer.

Uiteindelik het hulle besef dat die eerste G die sleutel is tot al die ander wat daarna volg. Die praktyk het ook bevestig dat, al spandeer jy gelyke hoeveelhede tyd en fondse aan al 5 aspekte, die eerste aspek bly altyd agterweë in vergelyking met die ander.

Die rede hiervoor is eenvoudig: As die bose dit regkry om 'n gemeente te verhoed om effektief teenoor die ongelowige gemeenskap rondom hom te getuig, droog die stroom lewende water – in die vorm van nuwe bekeerlinge wat gedurig in die gemeente moet instroom – op. Dan beleef jy dat die gelowiges in die ekklesia al meer en meer net met mekaar besig bly en baklei!

Die ideale prentjie van 'n dinamiese, groeiende gemeente sien ons in die gemeente in Hand 2.

As 'n mens die vraag sou vra: Waarom was hierdie gemeente so dinamies, is die antwoord eenvoudig dat die stroom van 3000 mense op die eerste dag van die bestaan van die gemeente, en die 2000 nuwe bekeerlinge 'n paar dae daarna, 'n baie kreatiewe dinamiek in hierdie gemeente aan die gang gesit en aan die gang gehou het!

Daarom het Willow Creek besluit om 40% van hulle energie, tyd, personeel en fondse te spandeer aan die eerste G. Die resultaat hiervan was dat daar 'n groter stroom nuwe bekeerlinge die gemeente binnegestroom het. En die momentum hiervan het die ander 4 G's as't ware saamgesleep.

Kursusse is op Dinsdae- en Donderdaeaande aangebied om elke gelowige in die gemeente toe te rus om effektiewe getuies te wees. Die resultaat hiervan was dat daar kort daarna 1600 nuwe bekeerlinge gedoop is in die gemeente.

Kyk 'n mens na 'n grafiek van hoe die geestelike lewe van 'n gemiddelde gelowige na sy bekering oor die jare heen ontwikkel, is een van die ontstellende aspekte van so 'n grafiek dat die frekwensie interaksies met ongelowige mense afneem oor die jare. Totdat hulle uiteindelik in totale geestelike isolasie lewe met geen kontak met ongelowiges in hulle normale lewe nie.

Dit is so anders as die Bybelse prentjie van 'n gelowige wandel met God. Daar sien ons eerder dat, hoe langer ons saam met God wandel en lewe, hoe meer begin ons Sy hart en Sy liefde vir 'n verlore gaande wêreld te deel. Wat ons behoort te motiveer om meer en meer tyd met ongelowige mense te spandeer. Op soek na geleenthede om die beste nuus wat ons ken, met hulle te deel.

Kan ek heel persoonlik aan jou vra: Hoeveel ongelowiges is daar in jou nabye vriendekring? Met hoeveel ongelowiges spandeer jy meer as 60 minute per week saam?

Dit is natuurlik 'n lewens noodsaaklike vraag, spesifiek in 'n geestelike leier se lewe, om mee erns te maak, want dit wat in jou lewe waar is, kan dan ook waar word in jou volgelinge se lewens.

Hoe draai 'n mens so 'n grafiek om, terug na die Bybelse prentjie?

Elkeen wat dit al waag doen het, weet dat dit soos 'n derde wêreldoorlog gaan wees wat jy gaan beleef!

Die bose gaan dit so moeilik as moontlik vir jou maak. Daarom is dit so noodsaaklik om te bid en aan te hou bid!

As jy een van die leiers in die ekklesia is waar julle weer gelowiges se getuienis na buite beklemtoon, onthou om die noodsaak van gebed ook te beklemtoon!

Dit is nodig om mense uit te daag om hulle praktiese lewe – en die leiers se bediening – so in te rig dat daar spesifiek tyd gemaak word vir etes en afsprake met ongelowiges in hulle omgewing. Waar hulle doodgewoon tyd met mense begin spandeer om verhoudinge te bou en mense se vertroue te wen. Eers as ons mense se vertroue het, het ons effektief die reg en die plek om aan hulle ons geloofstorie te vertel.

Gelowiges moet ook geleer word om doelbewus te let op situasies waar hulle normaalweg paaie kruis met ongelowige mense. Soos by die petrolstasie of droogskoonmaker of restaurant, en of rugbyveld. En hulle sal aangespoor word om gereed te wees om dit te benut as geleenthede om te getuig oor God se genade in hulle lewens.

**c. Trek goeie leiers in jou span in**

Soos wat die Here groei in 'n gemeente gee, is dit van lewensbelang dat goeie leiers deel word van so 'n wenspan.

In gemeentebouprogramme is die 200-lidmaatgrens 'n baie bekende verskynsel, wat doodgewoon daarop neerkom dat 'n gemeenteleier net effektief sowat 200 mense kan bedien. Daarom is dit die gemiddelde grootte van die meeste gemeentes.

Kyk jy na 'n gemeente soos Willow Creek, sien jy dat daar in 1999 3200 selgroepe in hierdie gemeente was, en dat dit steeds verder bly groei. Die geheim hieragter is doodgewoon dat die leierskap doelbewus daarop fokus om so vinnig as moontlik nuwe geestelike leiers deel te maak van hulle span.

Hierdie proses bestaan uit drie elemente, naamlik identifikasie van nuwe, gesalfde, potensiële leiers, investering in hierdie mense se lewens en dan delegering van meer en meer verantwoordelikheid na sulke leiers.

- Identifisering van nuwe leiers behels die volgende: 'n aantal bestaande leiers in die gemeente is spesifiek afgevaardig om op die uitkyk te wees vir mense met leierskappotensiaal deur die salwing van die Heilige Gees in die gemeente.

- Investering in sulke nuwe potensiële leiers se lewens: dit behels in wese dat daar tyd spandeer moet word met elkeen van hierdie persone om hulle toe te rus; teenoor hulle goeie leierskap en volgeling-wees van Jesus te modelleer; en leierskap as't ware in hulle te reproduseer.
- Delegering van verantwoordelikhede aan sulke nuwe leiers: ons moet immers waag om meer en meer verantwoordelikheid aan die nuutverkose leiers oor te dra en hulle geleentheid te gee om te begin leiding neem as leiers.

Daarom is 'n effektiewe leierontwikkelingsprogram/-strategie in enige groeiende gemeente van lewensbelang.

Deel hiervan is om in staat te wees om die salwing as potensiële leierskap te herken as jy dit sien. Potensiële leierskapsalwing kan aan die volgende aspekte herken word:

1. Het hierdie persoon reeds invloed onder mense? 'n Mens kry mos mense wat ander "natuurlikerwys" beïnvloed en ander wat doodgewoon net volgelinge wil wees.
2. Die karakter van so 'n persoon moet beantwoord aan die Bybelse maatstawwe. Naamlik dat dit iemand is wat 'n intieme wandel het met God, geestelik volwasse is, wat die waarheid praat, ge–“commit” en betroubaar is.
3. Dit moet iemand wees met goeie menseverhoudings en “people skills”. As iemand nie weet hoe om liefdevol en sensitief met ander mense te werk nie, is dit chaos (1 Kor. 13 en Ef. 4:32).
4. Dit moet iemand wees wat "natuurlikerwys" energie uitstraal na ander. Nie net persoonlike energie nie, maar ook ander mense kan aansteek met sy/haar Gees-gawe van leierskap en entoesiasme. Daarom soek jy nie iemand wat heeltyd laat is of gesmeek moet word om dinge te doen nie.
5. Dit moet iemand wees met die nodige intelligensie. En hier gaan dit nie oor 'n hoë IK as sulks nie, maar bloot oor iemand wat in staat is om informasie met gemak te absorbeer en in staat is om wyse besluite vinnig te neem.

Al vyf hierdie elemente moet in iemand wees om te kan kwalifiseer as 'n potensiële leier.

Lyk vir my, die enigste manier hoe 'n mens dit gaan ontdek, is om genoeg tyd saam met mense te spandeer om te sien hoe hulle in verskillende situasies optree.

Dit is ook 'n goeie strategie om gedurig 'n lysie by jou te dra waarop jy potensiële leiers se name kan opskryf en saam met wie jy dan kan begin tyd spandeer om hulle biddend "deur te kyk of hulle kwalifiseer".

As hulle dan kwalifiseer, om in hulle lewens tyd, toerusting en aandag te begin investeer. Begin hulle opbou, tyd aan hulle spandeer, rus hulle toe, skep leer-momente (moeilike krisissituasies is ideale leer-momente!) en gee hulle dan geleentheid om te wys van watter staal hulle gemaak is.

Uiteindelik moet 'n mens besef dat 90% van 'n mens se vermoë om te kan lei, die resultaat is van praktiese ervaringe waarin jy leiding moes neem. Daarom is dit noodsaaklik om hierdie nuwe leiers die geleentheid en die avontuur te gun om te begin leiding neem. Ja, jy bly daar langs hulle om te kontroleer en te evalueer. Die bedoeling is om hulle geleentheid te gee om leiers te wees, met die volle verantwoordelikheid wat dit behels.

## 2. Ekklesia-wees is om…

Daarom het ons ekklesia-wees gaan formuleer as om…

- **Te handel volgens Handelinge 2:42-47**

As ek kyk na die Bybel se prentjie van ekklesia-wees en dit vergelyk met waaraan ons gewoond is, skud 'n mens jou kop in ongeloof. Dit was so eenvoudig, maar tog so effektief.

**1. Die Woord en lering uit die Woord, het mense se lewens verander**

Waar gesalfde bedienaars ander gelowiges bedien het met die Woord en gebed in die krag van die Gees, het mense se lewens verander. Of dit nou rondom 'n etenstafel was, of daar waar die gemeente byeen was.

**2. Familie-wees en geloof-gemeenskap het dieper as bloot die oppervlakkige gestrek**

Bloot omdat hulle tyd met mekaar spandeer het en so mekaar leer ken en leer vertrou het. Hoe meer hulle mekaar vertrou het, hoe meer was hulle bereid om hulle diepste hartseer en vreugde met mekaar te deel. Ook hulle grootste oorwinnings en diepste mislukkings. Om dan deur die ander bedien te word met die bonatuurlike krag en gawes van die Heilige Gees.

**3. Hulle het 'n hart vir die verlore wêreld met sy mense gehad**

Soos hulle Hemelse Pa, wat ook daardie mense onvoorwaardelik liefhet ten spyte van wie hulle is. Ja, so liefgehad het dat Hy Sy Seun gegee het om ook vir hulle te sterf sodat hulle deel kan word van Sy aardse familie, en nie verlore hoef te gaan nie. Daarom bly hulle nie net met mekaar besig nie, maar doen hulle alles moontlik om by die wêreld daar buite se hart uit te kom.

**4. Alles wat hulle gehad het, was beskikbaar as God dit wou gebruik**

Dit het gegeld vir hulle geld, hulle tyd, hulle goed. Alles was maar bloot genademiddele uit God se hand wat beskikbaar was om ander te seën soos, en hoe God dit beveel het. Goeie rentmeesterskap was vir hulle bloot deel van hulle Christen-wees.

Vernuwing, ware lewens veranderende vernuwing, is nie om 'n paar ander liedjies te begin sing of die orde van die diens te verander nie. Bybelse vernuwing is as God deur Sy Gees mense se lewens so verander dat hulle mekaar en ander begin bedien met die liefde van God, met die bonatuurlike gawes van Sy Gees.

God is besig met 'n nuwe werking in Sy Liggaam wêreldwyd. Noem dit vernuwing; noem dit reformasie as jy wil! Hy is besig om Sy Liggaam te dring om weer opnuut erns te maak met die hart van gesonde Bybelse Nuwe Testamentiese gemeente-wees.

'n Mens kan dit seker op baie maniere beskryf, maar ek wil dit beskryf met 5 G-woorde:

**Ekklesia-wees beteken om…**

- Genade as boodskap te hê

- Groei te stimuleer in mekaar se lewens
- Groepe te vorm wat familie kan wees vir mekaar
- Gees-gawes te gebruik om mekaar te bedien
- Geld en ander goed te gebruik in diens van die Koninkryk

**a. Genade as boodskap te hê**

Wat 'n voorreg om met iemand jou geloof-storie oor die verskil wat God se genade in jou lewe maak, te deel!

Maar tog weet ons dat 95% van gewone gemeentes se programme met hulle rug na die wêreld staan! Al druk ons die Bybel lieftallig vas teen ons bors! Dit sal moet verander, want Jesus het gesterf omdat God 'n hele wêreld met al sy mense genadig wil wees.

**b. Groei te stimuleer in mekaar se lewens**

Binne 'n ekklesia is ons ge-"commit" om mekaar te help om geestelik te groei tot mense wat God beter en sinvoller dien en aanbid. Of ek nou tussen mense is en of ek alleen is.

**c. Groepe te vorm wat familie kan wees vir mekaar**

God het bedoel dat gelowiges normaalweg deel moet wees van 'n familie ander gelowiges. Waar ons werklik mekaar leer ken en vertrou en waar ons verantwoordelikheid neem vir mekaar se lewens. 'n Familie waar ons baie spesifiek vir mekaar kan intree in gebed en mekaar se diepste nood kan bedien en waar ons mekaar kan toerus en begelei.

Natuurlik wissel hierdie groepe se grootte: van die huisgroep met sy 10 of wat mense, tot 'n groter groep gelowiges wat kies om 'n pad saam te stap binne die groter Liggaam gelowiges in 'n bepaalde dorp of stad.

**d. Gees-gawes te gebruik om mekaar te bedien**

Binne die ekklesia leer ons hoe om, met ons oor op God se mond, mekaar te bedien met die gawes van die Gees. En in die proses ontdek ons hoe God ons wil gebruik en hoe om te beweeg saam met die Gees.

**e. Geld en ander goed te gebruik in diens van die Koninkryk**

Hier leer ons mekaar om goeie rentmeesters te wees. Wat met ons geld en ons goed oophand voor God staan en sê: Here, U is Here ook van my geld en my goed. Daarom kies ek om U te dien met die eerste vrugte, en om dan, waar nodig, armes en mense met spesifieke nood te versorg.

50% van alle Christene hou vas aan hulle geld en hulle goed asof dit hulle s'n is. Al wat hulle gaan verander is goeie Bybelse lering hieroor.

Hulle moet leer van God se genade en liefde. En dat Hy getrou is. Hulle moet leer om genadig te wees en liefde te gee.

Kan ek ten slotte jou vra: Is jy bereid om te verander? Is jy bereid om te doen of te gee? Jesus het soveel geglo in die ekklesia dat Hy Sy hele lewe daarvoor gegee het. Ja, Hy het dit in die poorte van die hel gaan bou omdat Hy geweet het niks kan dit vernietig nie! (Mat. 16:18).

## 3. Ekklesia se roeping

Vra jy wat God se opdrag aan ons is, wil ek so antwoord:

**Hier bedien ons 'n boodskap van genade aan ongelowiges, en nuwe wyn aan tradisioneel godsdienstige mense, om hulle op te rig en vry te stel as God se nuwe geslag bedienaars.**

- **Genade**: Die goeie nuus van die Bybel en die Evangelie is dat God alle mense liefhet soos hulle is. Ja, Hy het hulle so lief, dat Hy Sy Seun Jesus na hierdie wêreld gestuur het om hulle te kom sê dat Hy hulle wil aanneem as Sy kinders en vir hulle 'n Vader wil wees.
- **Nuwe Wyn**: Tradisionele godsdiens is soos 'n tronk wat mense toegesluit hou. Wat mense "sondige wurms" hou en vasgevang hou in 'n tipe "gevangene-mentaliteit". Terwyl die waarheid van God se Woord hulle wil vry maak om te groei. En vir hulle geleentheid wil bied om vlerke te groei om die skoenlapper, of die arend, te wees wat God bedoel het. Om deel te wees van God se nuwe geslag bedienaars. Om te leer "commit" aan 'n gelowige familie-groep wat weet en glo dat hulle deel is van die groter Liggaam van Jesus

Ons roeping is om mense vry te stel om God se unieke roeping vir hulle lewe na te jaag.

In wese is dit wat Mat. 28:18 tot 20, Hand. 1:8 en Luk. 24:46 tot 49 ook sê.

Maar om dit te doen, moet ons uitkom waar mense is. Ons kan nie eenvoudig net sit en wag dat hulle na ons toe moet kom nie.

### ’n 7-Stap-Plan

Daarom is ons strategie 'n 7-stap-plan:

**Stap 1: Ons bou aan egte vriendskapsverhoudings met mense**

- Ongelowiges
- En tradisioneel godsdienstige mense
- Ons word hulle vriende. Soos Jesus was.
- En kies om vir hulle lief te wees en hulle te bedien waar daar nood is
- Daarom soek ons geleenthede en brûe om by hulle uit te kom. Om saam met hulle te eet, te ontspan en te lewe

**Stap 2: Ons vertel hulle mettertyd ons geloof-storie**

- Dink aan die volgende prentjie: Jy word uitgenooi na 'n partytjie op 'n boot waar daar gedrink, grappies vertel, gesels en gelag word. Laatnag wil jy huis toe gaan, toe iemand jou skielik vra: Ek het nog altyd gewonder. Hoekom word iemand 'n Christen?
- Kan jy in 45 sekondes tot 1 minuut 'n antwoord gee wat mense se lewens vir altyd kan verander? Onthou die woord daar in **1 Pet. 3:15**. Is jy gereed om getuienis te lewer oor wat jou lewe verander het?
- Hier is maar een manier hoe jy dit kan doen: "Ek glo godsdiens kan ons D O E N spel. My hele godsdienstige lewe vir jare het net gegaan oor die een ding na die ander ding wat ek gedoen het om God gelukkig te probeer hou. Dan het ek probeer om meer te doen, of meer te gee, of meer te bid, of meer kerk toe te gaan. Totdat ek uiteindelik moed opgegee het, want ek was moeg en gefrustreerd, want dit het nie gewerk nie. Was jy al daar? Maar toe ontdek ek Christen-wees is iets totaal anders. Christen-wees kan gespel word: G E D O E N. Want dit handel oor wat Jesus reeds vir ons gedoen het. Hy het immers aan die kruis alles gedoen wat nodig was om vir al my skandes en sondes uit die verlede die straf te dra. Sodat God my genade, vergifnis, liefde en oorvloedige lewe verniet kan gee. Hierdie ontdekking het my lewe verander. En dit kan ook joune verander. As jy meer wil weet, kan jy enige tyd met my kom gesels."

**Stap 3: Ons skep geleenthede waar ons God se genade en liefde aan soekers en belangstellendes kan bedien**

- Ons probeer byeenkomste reël wat gelowiges kan help in hulle getuienis teenoor mense. Sy dit by ons selgroep, kampe, dienste, of 'n ALFA-kursus. En om dan daar 'n taal te praat, metodes en 'n styl te gebruik wat hierdie mense verstaan.

**Stap 4: Ons rig ons byeenkomste in sodat gelowiges kan groei**

- Die Heilige Gees is so getrou. Waar ons die waarheid suiwer, maar verstaanbaar bedien, word gelowiges vry, genees hulle seer, begin hulle groei en word hulle toegerus vir hulle taak.
- Waar ons ruimte maak vir die Heilige Gees om vrylik deur Sy gawes te bedien, daar kan Jesus, die Hoof, Sy Liggaam bedien met die volle seën en oorvloed wat Hy vir hulle bedoel het.

**Stap 5: Ons moedig gelowiges aan om deel te word van 'n familie gelowiges**

- Die Woord sê: Wees lief vir mekaar. Dra mekaar se laste. Bemoedig mekaar. Vergewe mekaar. Bely julle sondes aan mekaar. Bid vir mekaar.
- Maar dit kan inderwaarheid net gebeur tussen mense wat vir my soos familie word.
- Daarom hoort ons almal in 'n klein groepie gelowiges waar ons tyd met mekaar spandeer om mettertyd werklik soos familie te word. Daar beleef ons Spr. 27:17
- Daar leer ons om te praat oor wat ons werklik glo. Daar leer ons die Here spontaan aanbid en loof. Daar leer ons mense bedien.

- Dit is God se gimnasium vir die nuwe geslag bedienaars waar hulle opgelei word as God se weermag (Eseg. 37).

**Stap 6: Ons help mekaar om ons Gees-gawes te ontdek, te ontwikkel en om daarmee te bedien**

- Ek het 'n paar jaar gelede in die bediening uitgebrand deur oral alles vir almal te wees en alleen almal se nood te probeer bedien;
- Terwyl daar gelowiges is met Gees-gawes soos bemoediging, admin, bestuur, leierskap, evangelisasie en onderwysing wat saam met my as 'n span die Liggaam kan bedien.
- Kom ons soek saam na hoe God jou wil gebruik. En stel jou dan vry sodat jy kan begin bedien.

**Stap 7: Ons leer mekaar om 'n Koninkryk-bestuurder van die geld en goed waarmee God ons seën te wees**

- Is jy 'n ongemaklike "vroetelaar" as dit tyd word vir die opneem van offers en tiendes?
- Of is jy 'n blymoedige gewer omdat jy ontdek het jy kan God maar vertrou met jou behoeftes?
- Het jy geleer om jou beste en eerste te gee vir die Koninkryk? En geleer om nood raak te sien?
- En in die proses ontdek dat dit nie eintlik hier so seer oor geld en gee gaan nie. Maar eerder oor wat jy werklik glo en wat werklik in jou hart is! Hoe sê hulle altyd in Engels: Dit is dan wat jy ontdek "talk is cheap!" God het nogal 'n manier om, as dit gaan oor geld, werklik te toets wat in ons hart is.

## 4. Bybelse waardes wat die ekklesia se lewe en optrede kleur en geur

In die besigheidswêreld word daar deesdae baie tyd en geld spandeer om duidelik aan die publiek te sê wat vir die betrokke firma of maatskappy belangrik is en waaraan hulle graag gemeet wil word; wat die norme is waarvolgens hulle besigheid doen en optree.

In kort gesê, is dit die dinge wat bepaal hoe so 'n firma of maatskappy na binne en buite wil optree en gesien wil word.

In 2 Kor. 3:14,15 skryf Paulus ook hieroor as hy die volgende sê: *Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur. Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan.*

Sien, ons waardes bepaal of mense 'n soet of 'n bitter smaak in hulle mond kry as hulle aan ons dink.

Kyk 'n mens na die vroeg-Christelike gemeentes in Jerusalem, Rome, Korinte en Efese byvoorbeeld, hoor en sien jy telkens pertinent die dinge wat vir hulle belangrik (of waardevol) was.

Ek wil 10 kern-waardes uitlig wat ek glo deel moet wees van enige ekklesia (sy dit 'n huis-groep of 'n gemeente of die Liggaam van Jesus in 'n bepaalde area/stad of dorp) se lewenswyse:

**1. Ons glo dat mense se lewens verander word waar die onverdunde waarheid van die volle Bybel-boodskap bedien word aan mense**

- Heb. 4:12 – *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.*
- Hand. 20:32 – *Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.*
- Hand. 2:42 – *Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

Mense se lewens word deur die Gees van God verander deur gesalfde, profetiese lering in die lig van die volle Bybelwoord. Maar dan moet dit ook gebalanseerde Woord-bediening wees waar dit wat God se Woord van uiterste belang ag, ook vir ons van uiterste belang is. En dit wat op die periferie lê, ook vir ons op die periferie lê.

Daar dreig mos maar altyd 'n gevaar dat geestelike leiers en predikers net heeltyd fokus op gunsteling-onderwerpe en temas!

**2. Die ongelowige, verloregaande wêreld rondom ons is vir ons van lewensbelang. God het immers die lewe van Sy Seun gegee om te verhoed dat hulle sommer net verlore gaan**

Daar is geen groter dinamiek in 'n gelowige se lewe of in die ekklesia, as om te beleef hoe God ons gebruik in ongelowiges se lewens nie!

Wat is meer opwindend as om te sien en te beleef hoe hulle lewens in geheel voor jou oë verander!

**3. Daarom kies ons om relevant in ons gemeenskap en in die wêreld te wees, sonder om kompromie te sluit**

Jesus was die mees relevante, effektiewe kommunikeerder van ware lewe.

Kyk en luister jy na Hom, dan sien jy hoe Hy mense se aandag vasgegryp het met dinge uit hulle eie leefwêreld. Dinge soos 'n gewone muntstuk, of 'n saadkorrel, of 'n toring wat inmekaarstort en 18 mense sterf, was Sy prentjies om lewe oor te dra.

Tog het Hy dit so gedoen sonder om ooit die Waarheid te kompromitteer.

**4. Volgelinge van Jesus se lewe word gekenmerk deur 'n egtheid en gedurige groei**

Kyk jy na die lewe van Jesus, is daar verskeie momente wat 'n mens kan gebruik om hierdie egtheid te illustreer.

Een van die mees aangrypende vir my is dit wat daar in Mat. 26:36 tot 39 afspeel!

As daar een ding waar moet wees van gelowiges in die ekklesia, is dit dat ons sonder pretensie, sonder maskers, sonder leuens met mekaar en die gemeenskap om ons moet kan omgaan. Dit moet geld vir elke leier tot by die kleinste kind.

Alhoewel ons heeltyd eg moet wees, moet daar ook 'n verwagting heers dat ons almal in 'n proses van groei en ontwikkeling is. Niemand van ons gaan môre nog so stukkend wees soos wat ons vandag is nie!

**5. Die hele ekklesia moet vrygestel word as God se nuwe geslag bedienaars met Gees-gawes**

God se plan vir die ekklesia is dat ons elkeen toegerus moet wees met die gawes van die Gees om mekaar te kan bedien soos God dit wil.

Daarom glo ek is dit die ekklesia se roeping om hierdie gawes te herken in mekaar se lewens en gelowiges algaande vry te stel om ander te bedien met hierdie gawes (vgl. 1 Kor. 12; Ef. 4:11-16; 1 Pet. 4:10).

**6. Egte, warm liefde moet die verhoudinge en lewe van die ekklesia kenmerk**

As 'n mens luister na wat in 1 Kor. 13 en 1 Joh. 3 en 4 staan, kan ons nooit toelaat dat die ekklesia soos die een of ander professionele klub of organisasie word waartoe mense behoort nie.

Met die Gees van die Hoof van die ekklesia in ons lywe, kan ons nie anders as om heeltyd te waag om ons hele lewe oop te maak en te deel met mekaar nie! Al weet ons daar is altyd die moontlikheid dat ons kan seerkry.

Ons kan immers nie anders as om mekaar lief te hê en werklik familie te wees nie!

Daarom is dit 'n keuse om eerder op die verhoudinge tussen ons te konsentreer, as om heeltyd net taak-gerig te wees. Dit wat tussen ons gebeur in ons verhoudinge met mekaar, is baie belangriker as dit wat ons doen of saam doen.

**7. Ons glo "Body-life" gebeur mees effektief in 'n groepie van 10 of wat gelowiges wat ge– "commit" het aan mekaar**

Kyk maar na gedeeltes soos Hand. 2:46; 20:20; Rom. 16:3-5 ens., om die belang van die kleingroep– "commitment" in die Vroeg-Christendom raak te sien.

Uit die praktyk is dit duidelik dat die diepgaande verandering in en bediening van mense baie nou saamhang met die "commitment" en betrokkenheid van daardie mense by ander mense in 'n kleingroep.

Daarom is dit gedurig vir die ekklesia noodsaaklik om deur middel van kleingroepe die geweldige verskeidenheid behoeftes by mense diepgaande te bedien.

**8. Net ons beste kan God vereer en mense inspireer**

Kol. 3:23 sê: *Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,*

1 Kor. 10:31 bevestig dit as daar staan: *Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.*

Dit geld vir elke aspek van menswees: sy dit vir ons geestelike groei, of vir ons verhoudinge met ons eggenoot of kinders.

Daarom kan ons nie met minder tevrede wees as "excellence" nie!

Gaan kyk maar hoe Salomo die tempel gebou het en Nehemia die muur van Jerusalem. Net die beste was goed genoeg! Dit het mense geïnspireer!

**9. Ons glo mense moet gelei word deur gelowiges met 'n leierskap-salwing op hulle lewe**

George Barna bereken dat net 6% van alle senior leraars van gemeentes werklik leiers is. Die meeste van hulle is eerder Gees-begaafde herders of leraars of bedienaars!

Daarom glo ek is daar tans so 'n geweldige krisis in die ekklesia wêreldwyd, as gevolg van 'n gebrek aan dinamiese, gesalfde leierskap!

Die ekklesia behoort die plek te wees waar gesalfde leiers toegerus en vrygestel kan word om meer en meer verantwoordelikheid te kry om te lei.

**10. Ons glo volkome oorgawe aan Jesus Christus en Sy koninkryk is normaal in 'n gelowige se lewe**

Uit gedeeltes soos 1 Kon. 11:4 is dit duidelik dat die wysste man in die geskiedenis uiteindelik misluk het omdat hy nie volkome ge–"commit" en oorgegee was om net God, en Hom alleen, te dien nie.

Sien, in hierdie geval is 95% vyf persent te min!

Daarom is die uitdaging vir volgelinge van Jesus om in die ekklesia mekaar aan te moedig om 100% oorgegee te lewe elke dag 24 uur uit 24 uur. En só dat mense dit kan sien en beleef!

Natuurlik is dit 'n leerproses, maar dit is ons keuse vir ekklesia-lewe!

## Ekklesia is om…

**"Ja" te sê vir Jesus!**

Daar is net een manier om deel te word van die gemeente, en dit is om te kan getuig van 'n persoonlike ontmoeting met Jesus wat jou lewe verander het. (Rom. 10:9 e.v.)

Êrens in jou lewe ontmoet jy Jesus as 'n lewende Persoon, as persoonlike Verlosser en Here, en kry jy geleentheid om te kies of jy Hom in geloof gaan volg en vertrou as jou enigste God vir die res van jou lewe.

Toe die skare daar in Jerusalem vir Petrus gevra het: "Wat moet ons doen om gered te word?", het Petrus vir hulle uitgespel dat 'n ontmoeting met Jesus beteken dat ons…

- Ons moet ons bekeer

Ons moet kies om onsself te sien soos God ons sien: as totaal verlore mense. Selfs ten spyte van die feit dat ons godsdienstig groot geword en 'n goeie moreel-gesonde lewe probeer lewe. Dan kies om om te draai en voortaan onverskrokke die lewe, wat God wil hê ek moet lewe, vir die res van my lewe te leef.

- Kies om Jesus in die geloof te aanvaar as ons persoonlike Verlosser en Here.

Dit is nie genoeg om te weet dat Hy met Sy lewe in ons plek vir die sondes – wat ek gedoen het – betaal het nie. Ek moet kies om werklik te glo dat Hy dit ook vir my gedoen het. Sodat ek die voorreg kan hê om, as kind van die Vader-God, Sy lewe te lewe.

- As gelowige gedoop te word met water

Om so hierdie omruil van lewens te illustreer: my ou lewe van doodsheid vir Jesus se opstanding-lewe.

- En te weet dat die belofte van Sy Gees ook vir my geld

Die belofte, naamlik dat Sy Gees reeds in my kom woon het (Rom. 8:9), maar ook die belofte dat Jesus as die Salwer met die Gees, ook my wil toerus met die krag en die gawes van die Gees. Ook dit word myne as ek dit in geloof aanvaar soos ek Jesus as Verlosser en Here in geloof aanvaar het. (Hand. 2:38,39; Gal. 3:2-5)

**"Ja" te sê vir mekaar**

Om gemeente van Jesus te wees, is om te kies om aan mekaar as broers en susters in Jesus te "commit" om werklik 'n familie te word wat mekaar onvoorwaardelik wil leer liefkry.

Dit kan net gebeur as ons kies om tyd by mekaar te begin spandeer om mekaar te leer ken, te bedien en te begin toerus.

G'n wonder daar is stringe en stringe tekste in die Nuwe Testament wat ons herinner aan hierdie dinge wat ons vir mekaar kan doen nie. Ons praat soms kortliks daarvan as die "mekaar-tekste, soos …

- Julle moet mekaar se voete was en mekaar dien soos Jesus met julle gedoen het (Joh. 13:14,15)
- Julle moet mekaar liefhê soos Jesus julle liefgehad het (Joh. 13:34,35)
- Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar (Rom. 12:10)
- Dra mekaar se laste (Gal. 6:2)

Daarom het die Vroeg-Christelike gemeente tyd gemaak vir veral twee soorte byeenkomste in hulle besige program:

- Tyd om saam met 'n groepie ander gelowige gesinne weekliks in mekaar se huise te vergader

Om so 'n soort toevlugsoord en herstel-kliniek vir mekaar te bou waar ons mekaar kan help heel word van die seer wat ons langs die pad optel. Maar wat ook ons gimnasium kan wees om te leer om mekaar in liefde met die gawes van die Gees te bedien soos Jesus dit wil (1 Kor. 12 tot 14).

- Tyd vir groter byeenkomste van gelowiges

Waar hulle verder as God se nuwe geslag bedienaars mekaar bedien het met die volle spektrum gawes soos die Hoof, Jesus, hulle gelei het (1 Kor. 14:26). Maar waar daar ook plek was vir gesamentlike lof en aanbidding, en bediening deur die vyfvoudige bediening van die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Ef. 4:11-16). Sodat die gemeente toegerus kan word om mekaar te bedien (1 Pet. 4:10).

**Die wêreld uit te nooi na die partytjie!**

"Gaan dan heen na al die nasies en maak die mense My dissipels" het Jesus ons uitdruklik geleer (Mat. 28:19; Hand. 1:8 en 2 Kor. 5:18-21).

Op ander plekke praat Jesus daarvan as 'n bruilofsfees wat moet plaasvind. Waarheen God die hele wêreld uitnooi en ek en jy Sy boodskappers is.

Daarom is dit ons taak om die huise en die werksplek rondom ons binne te gaan en te gaan soek na die man of vrou wat "op soek is na God se vrede" (Luk. 10:5 e.v.; 14:15-24). Om daar aan mense die blye uitnodiging namens God te gaan oorhandig.

Baie gaan dit natuurlik van die hand wys, maar baie gaan dit ook aanvaar.

Dan is dit ons taak om hulle verder op hulle pad as dissipels of volgelinge van Jesus te begelei. Ons sal hulle letterlik van baba-gelowige, deur die jongmens-fase, na geestelike volwassenheid en vaderskap toe moet begelei (1 Joh. 2:12-14). Tot daar waar hulle weer op hulle beurt mense, wat hulle na Jesus toe gelei het, verder kan begelei.

Prakties gaan hierdie proses 'n proses van vriendskap en vertroue-wen met hierdie mense wees. Ons sal hulle moet bevriend…

- Eers met onsself
- Dan met ons Koning en Verlosser Jesus
- Dan met ons geloofsgroep of familie in Jesus
- En dan met die groter Liggaam van Jesus

Om sinvol EKKLESIA te wees, moet ons gedurig vir onsself aan die voete van Jesus afvra:

Wat is dit nou eintlik waarmee ons ons moet besighou in hierdie wêreld?

Ook of ons dit doen soos wat die Bybel ons sê.

Of het ons dalk êrens maar weer verdwaal geraak tussen 'n groot klomp aktiwiteite of programme.

Gemeente-van-Jesus-wees beteken om deel te wees van 'n dinamiese span nuwe bedienaars wat in Jesus se Naam 'n wêreld met Sy liefde en Sy krag kan bedien.

Daarvoor hoef jy nie 'n superster te wees nie.

- Jy hoef maar net gereeld tyd te maak saam met God elke dag
- Beskikbaar te wees om ander om jou te bedien met Sy liefde en krag
- Jou tiende/deel wat jy gekies het om vir God te gee, uit dankbaarheid gee soos Hy jou leer Mat. 23:23)
- Bereid wees om aan 'n verlore wêreld te vertel wat jyself beleef het

Is jy bereid om hiertoe te "commit"?

## Onder wie se gesag staan en bedien jy?

Die oomblik as 'n mens in die Liggaam van Jesus op ander wyses as die tradisionele institusionele metodes beweeg en bedien – of dit nou in die tradisionele gedeeltes of in die Pinkster of vernuwing is – vra goed-bedoelende gelowiges vir jou: Aan watter "kerk" behoort jy? Onder wie "submit" jy?

Hulle bedoel dit goed, want dit is wat hulle geleer het "reg" en "Bybels" is. Naamlik dat elkeen van ons die beskerming moet hê van 'n groter instansie of 'n groter organisasie agter ons of "oor" ons, om ons, en hulle, te beskerm teen leuens en dwaling.

Die vraag is natuurlik of dit "reg" en Bybels is?

Natuurlik gaan dit hier oor die geestelike outoriteit waaronder mense bedien en bedien word binne die ekklesia. Dit gaan dus oor die vraag wie nou eintlik die finale "sê" het.

In die Engels word hiervan gepraat as jou "covering". In Afrikaans het ons nie eintlik 'n goeie vertaling daarvoor nie.

Dit is dus dieselfde soort vraag as wat die Skrifgeleerdes en Fariseërs daar in Mat. 21:23 aan Jesus gevra het. Hoor hoe vertaal die NIV dit:

*Jesus entered the temple courts, and, while he was teaching, the chief priests and the elders of the people came to him. "By what authority are you doing these things?" they asked. "And who gave you this authority?"*

Miskien moet ek begin deur te sê dat die begrip "covering" net een keer in die Bybel voorkom en dit is daar in 1 Kor. 11:15. En daar het dit spesifiek gegaan oor die "bedekking" wat op 'n vrou se kop moet wees as sy in die openbare byeenkoms van die ekklesia is.

Met ander woorde, dit gaan beslis nie oor die vraag waarmee ons nou hier worstel nie.

Krap 'n mens dus 'n bietjie dieper om presies agter te kom wat mense nou eintlik bedoel met hulle vraag, kom jy agter hulle wonder aan wie jy nou eintlik verantwoordelik is in jou bediening?

En dit is onmiddellik 'n baie kontensieuse saak. Want kan 'n mens nou aan 'n ander mens verantwoordelik wees in bediening? Is die Skrif nie juis baie uitdruklik daaroor dat ons uiteindelik net aan God verantwoordelik kan wees nie? Vergelyk maar gedeeltes soos Mat. 12:36; 18:23; Luk. 16:2; Rom. 3:19; 14:12; 1 Kor. 4:5; Heb. 4:13; 13:17; 1 Pet. 4:5.

Tog vind baie mense dit snaaks as jy hulle antwoord: "Maar ek is aan dieselfde Persoon as jy verantwoordelik in my bediening. Naamlik aan Jesus Christus, die Hoof van Sy Liggaam, in wie se Naam en op wie se bevel ek bedien."

Krap 'n mens nog meer, ontdek jy dat dit uiteindelik hier gaan oor die vraag van kontrole en beheer oor jou bediening, want in die geïnstitusionaliseerde dele van die Liggaam van Jesus gaan alles hieroor! Die hele "kerkregering-stelsel" is juis so aanmekaar gesit om te bepaal wie nou eintlik die "meeste" sê het; wie gaan uiteindelik die "finale" besluit of uitspraak oor 'n saak maak.

So word "gewone gelowiges" onder die "bevel" van die pastoor of dominee geplaas en hy weer onder die "bevel" van 'n "kerkraad" of, nog "hoër", 'n ring of sinode. En hulle weer onder 'n nog "hoër raad", byvoorbeeld die Algemene Sinode.

Ons ken die argumente in die Gereformeerde teologie hieroor, naamlik dat dit nie gaan oor 'n "hoër vergadering" nie, maar eerder oor 'n "meerdere" vergadering. In die sin dat omdat daar meer mense daar verteenwoordig is, of verteenwoordig word, dit "meer wysheid" en "meer outoriteit" moet hê.

'n Mens verstaan die bedoeling hieragter, naamlik om so gelowiges, die ekklesia, en die Liggaam van Jesus, te beskerm teen dwaling en sonde.

'n Mens kan natuurlik hier 'n klomp vrae vra soos:

- Is daar 'n waarborg dat ons nie sal dwaal of sondig nie omdat daar nou "meer" gelowiges oor ons aangestel is?
- Is die "meerderheid" altyd reg?

Uiteindelik besef 'n mens dat die Liggaam van Jesus haarself met hierdie soort denk-paradigma uitgelewer het aan 'n gees van kontrole en beheer wat uiteindelik net dood kan bedien.

Laat ek dadelik sê ek glo ons is vir mekaar verantwoordelik in die ekklesia-familie. Ons kan onsself nooit los maak of totaal isoleer van ander gelowiges – en gelowige leiers binne die Liggaam van Jesus nie. So asof ons "the ultimate source", of die enigste een is wat die volle waarheid in pag het!

Maar dit is nie waaroor dit ten diepste in hierdie saak gaan nie.

Daarom moet ons verder dink om 'n meer Bybelse alternatiewe wyse van denke oor hierdie saak te vind. En ek glo daar is.

Ek glo dat die Bybel vir ons aandui dat die hoeveelheid verantwoordelikheid en ruimte vir bediening wat aan iemand binne die ekklesia-familie gegee word, juis gegee moet word op grond van die kwaliteit van Gees-gawe-bediening wat hulle sien en beleef in 'n bepaalde gelowige se lewe en bediening.

Ek glo dat elke gelowige weergebore en ingebou word deur die Gees van God binne die Liggaam van Jesus êrens in 'n bepaalde ekklesia-familie (wat sy klein huisgroep-ekklesia, en die groter area/dorp of stad se byeenkoms van ekklesia insluit). En binne hierdie families neem gelowiges vir mekaar se groei in die algemeen, en groei in bediening met die salwing en gawes van die Gees, verantwoordelikheid. In die sin van om as broers en familie mekaar te help, te bemoedig, te leer en te vermaan.

Soos wat gelowiges dan groei in geestelike volwassenheid en in bediening met die salwing van die Gees, moet ons leer om erkenning te gee aan die kwaliteit salwing wat op elkeen rus en besig is om te ontwikkel.

Dit is dan juis deel van die roeping van die ekklesia-familie om aan gelowiges met meer salwing, meer outoriteit en ruimte vir bediening, en meer verantwoordelikheid binne die groter ekklesia te gee. Om so erkenning te gee aan die gawes wat die Hoof van die Liggaam, Jesus, as die Salwer met die Gees, duidelik aan hierdie mense gegee het.

So is dit die roeping van die ekklesia-familie om, byvoorbeeld, te onderskei of iemand net af en toe in die gawe van profesie deur die Gees gebruik word, en of die persoon nie dalk algaande ontwikkel het in een van die profete van die vyfvoudige bediening-span van Ef. 4:11-16 nie.

Dit is wat ek in die Skrif sien gebeur as mense verkies word as ouderlinge of as bedienaars. Die sleutel was of daar duidelike tekens in hulle lewe was van " 'n vol wees van die Gees". Met ander

woorde, of daar duidelike bewyse was in die wyse hoe hulle met ander gelowiges gewerk het dat die gawes van die Gees en Sy krag vrylik deur hulle gevloei en bedien het.

Dieselfde sien ek gebeur in iemand soos Paulus se lewe na sy bekering. Soos wat die krag en salwing in sy bediening duidelik sigbaar toegeneem het, (vgl. Hand 9) so het hy meer en meer blootstelling en ruimte vir bediening gekry binne die ekklesia-familie.

Dan, natuurlik, was dit ook God die Gees, wat self deur die profetiese bediening, aangedui het as Hy meer outoriteit aan bepaalde persone binne die ekklesia gegee het (vergelyk maar bv. Hand. 1:26; 9:15; 13:2).

Wat verder duidelik is, is dat hierdie meerdere outoriteit ook onder heidene erkenning gekry het. Hulle het immers die outoriteit en krag van die salwing-bediening in persone se lering en ander wyses van bediening duidelik ervaar en self aan hulle eie lyf beleef (vgl. Hand. 5:15; 8:6).

Dit lyk dus vir my dat die ekklesia-familie ruimte vir bediening aan gelowiges moet gee. Nie op grond van hulle teologiese kennis as sodanig nie, en ook nie omdat hulle uit "aanvaarde kringe of kerke" kom nie. Maar eerder omdat daar duidelike bewyse is van die kwaliteit salwing wat Jesus, as die Salwer met die Gees en die Hoof van die Liggaam, aan so iemand uit genade gegee het. Sy bedoeling was juis daarmee dat hulle Sy mense daarmee moes bedien en tot seën wees.

## ’n Belydenis van geloof en konstitusie vir die ekklesia

Hierdie belydenis van geloof is geformuleer teen die agtergrond van die volgende historiese geloofsformuliere: die Heidelbergse Kategismus; die Nederlandse Geloofsbelydenis; die Dordtse Leerreëls; en die “Baptist Confession of faith 1689”.

### Definisie en taak van die plaaslike ekklesia

1. Die plaaslike gemeente is deel van die Liggaam van Christus Jesus saam met al die ander gelowiges en gelowige gemeentes in die plaaslike omgewing.
2. Die plaaslike gemeente is die vergadering van wedergebore gelowige volgelinge van Jesus wat deur die weder barende werk van die Heilige Gees, Jesus Christus in geloof bely met mond en lewe as Here en Verlosser op grond van die Woord van God, die Bybel. 'n Gemeente wie se belydenis van geloof vrug dra in ‘n heilige lewe en goeie werke.
3. Die boodskap van die Skrif in geheel vorm die inhoud van die lering en prediking van die gemeente en is die finale toets vir wat waarheid en wat leuen is. Dit vorm die basis van praktiese gemeente-lewe na binne en buite die gemeente.
4. In die gemeente word die doop en die nagmaal, op grond van Christus se opdrag, bedien aan elke gelowige, of daardie gelowige ‘n gelowige kind of gelowige volwassene is.
5. In die gemeente is Christus die Hoof van die gemeente wat die gemeente deur Sy Gees bedien en lei in die volle waarheid. Daarvoor skenk Jesus as die Salwer met die Gees verskillende gawes aan elkeen in die gemeente om mekaar mee te bedien soos Hy dit wil. Hy gebruik ook die gawes van apostels, profete, herders, leraars en evangeliste om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk.
6. Die taak van die plaaslike gemeente is…

6.1 Om geleentheid te skep vir elke gelowige om gedurende die week die gemeenskap van gelowiges te belewe in ‘n klein groepie gelowiges (genoem ’n familie of “sel” of “huis-groep”) wat verantwoordelikheid aanvaar het vir mekaar se hele menswees en ook vir mekaar se geestelike groei

6.2 Om elke gelowige toe te rus met die oog op diens as bedienaar van God met die gawes van die Gees

6.3 Om geleentheid te skep vir hierdie huis-groepe gelowiges om weekliks byeen te kom vir gesamentlike lof en aanbidding in ‘n "celebration" of erediens, verkieslik saam met die ander gelowiges wat deel is van die Liggaam van Jesus in daardie plaaslike omgewing. By hierdie geleentheid moet daar ruimte wees vir die vyfvoudige bediening om plaas te vind (Ef. 4:11-16); in die besonder vir bediening deur die apostoliese en profetiese bediening.

6.4 Om individueel of gesamentlik op te tree as God se instrument om uit te reik na die gemeenskap en ongelowige wêreld rondom hulle.

7. ‘n Verkose groep ouderlinge en ander bedienaars bedien die gemeente as leiers namens die Hoof, Christus.

## Inhoud van ons geloof

### *Oor die Bybel*

8. Die Bybel as die Woord van God bestaan uit die 39 Ou Testamentiese en 27 Nuwe Testamentiese kanonieke boeke.

   Hierdie boeke se inhoud glo ons is geïnspireer deur die Heilige Gees self, en daarom onfeilbaar en betroubaar as bron van kennis wat kan lei tot verlossing, geloof en gehoorsaamheid.

### *Oor God*

9. In die Bybel openbaar God Homself aan ons as die Een ware God wat die Skepper, Onderhouer en Koning is van alle dinge. Hy begeer om deur elke mens liefgehê, geëer en gehoorsaam te word.
10. Hy openbaar Homself aan ons in drie Persone, as Vader, Seun en Heilige Gees; elkeen met Sy eie karaktereienskappe en taak; sonder om daardeur Sy een Natuur of Wese as een God aan te tas.
11. God het aan die begin alles uit niks geskape nie. Hy het die eerste mense geskape na Sy beeld in perfekte geregtigheid.
12. As Voorsiener het Hy voor die grondlegging van die wêreld reeds Sy plan vir alle dinge vasgelê, en regeer Hy oor alle skepsels en gebeure. Dit maak Hom egter nie Outeur van sonde en die gevolge daarvan nie, en tas nie in enige sin die verantwoordelikheid van die mens aan nie.

### *Die val van die mens*

13. Uit eie keuse het Adam en Eva, deur ‘n daad van ongehoorsaamheid, die geregtigheid verloor waarmee hulle geskape is en het hulle totaal korrup en sondig geword. Om dan so ook die hele menslike geslag na hulle, in ongeregtigheid gedompel.

14. As gevolg hiervan word elke mens na hulle met 'n korrupte natuur gebore. Dit maak dat elkeen van ons van geboorte af geneig is tot alle kwaad en kies om te rebelleer teen alles wat goed is in die oë van God. As vrye, verantwoordelike wese het die mens dus uit homself geen insig in sy sondigheid, en geen begeerte om homself te bekeer en te glo in Jesus Christus as Verlosser en Here nie. Hiermee ontken ons glad nie die ongelooflike vermoëns wat deur God se algemene genade nog steeds in die mens werksaam is nie.

### *God se genade en ons verlossing*

15. Omdat God vir hierdie mens lief is, het Hy voor die grondlegging van die wêreld reeds bepaal dat Jesus Christus, die enigste Seun van God, die Middelaar sal wees tussen God en mens. Deur die natuur van die mens ten volle aan te neem en self mens te word, maar sonder sonde, het Hy in gehoorsaamheid aan die Vader, op aarde tussen mense kom lewe. Hier het Hy gely en gesterf aan 'n kruis vir die verlossing van sondaars. Hy is begrawe, het op die derde dag weer opgestaan uit die dood en opgevaar na die Vader. Vanwaar Hy nou regeer as die nuwe Koning ook op aarde aan die regterhand van die Vader en ook vir Sy volgelinge intree.

16. Voor die grondlegging van die wêreld reeds het God vir Homself 'n volk in Christus uitgekies om hulle te roep, vry te spreek van hulle sondes, te heilig en te verheerlik. Deur Sy Woord en die werking van Sy Gees, gebruik Hy veral die getuienis van ander gelowiges om mense uit te nooi om in 'n liefdes- en geloof-verhouding met Jesus Christus te tree. Hy wederbaar deur die werking van Sy Gees self hierdie mense. Hy verlig hulle verstand en hernu hulle wil en emosies deur Sy Gees.
17. Daarom is ware sondebesef en berou deel van God se genadewerk in mense. Dit is immers die Gees van God self wat oortuig van sonde, wat maak dat ons onsself daaroor haat, en die begeerte in ons skep om daarvan verlos te word en te lewe soos God dit begeer.
18. Geloof is 'n vasgryp in vertroue aan die verlossingswerk van Jesus alleen vir redding. Dit laat ons ook die res van die Woord van God as die volle waarheid glo en laat ons vertrou op die beloftes en leringe daarvan vir ons hele lewe.
19. Regverdigmaking is 'n daad van God uit genade waardeur Hy ons sondes vergewe en ons regverdig verklaar in Sy oë. Ons kan niks hiertoe bydra nie. Dit is die geregtigheid van Christus wat aan ons toegesê word as ons dit in geloof aanvaar.
20. Alleen op grond van die versoeningswerk van Sy Seun, verskaf dit God genot om almal wat in Christus geregverdig is, Sy aangenome kinders te maak. Hulle deel dan in die volle erfenis wat hulle deel geword het in Christus.
21. Deur die wederbarende werk van die Heilige Gees het God ons 'n nuwe natuur geskenk in Christus Jesus. Hierdie selfde Gees woon nou in ons om verder Sy heiligmaking progressief in die res van ons menswees voort te sit, om elke duimbreedte onder die heerskappy van Christus as Here te plaas.
22. Diegene wat in Christus aanvaar is as deel van die Bruid en geheilig is deur Sy Gees, sal volhard tot die einde toe en niemand sal hulle uit God se hand ruk nie.
23. Die Here Jesus is die Hoof van hulle as Sy Liggaam op aarde. Aan hulle gee Hy opdrag om Sy getuies in hierdie wêreld te wees en mense Sy dissipels te maak. Hy sit hulle bymekaar in gemeentes, gee aan hulle outoriteit in Sy Naam, en salf/rus hulle toe met die krag van Sy Gees vir hulle taak.

24. Hy gee hulle opdrag om elke gelowige te doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees deur onderdompeling in water. Dit dien as simbool van ons nuwe geloof-eenheid met Christus in Sy dood, begrafnis en opstanding. Dit dui ook op die afwassing van sondes en ons deel wees van die Liggaam van Christus op aarde.
25. In opdrag van Christus moet diegene so dikwels as wat hulle kan, die liefdesmaal saam geniet totdat Hy weer kom. Die brood en die wyn herinner ons aan die dood van Christus, en aan wat ons erfenis geword het volgens die testament wat deur die dood van Christus begin geld het. Dit versterk ons liefdesverhouding en -eenheid met Christus en met ander gelowiges. As daar enige blokkasies, soos onvergewensgesindheid of geskille tussen gelowiges is, moet dit voor die gebruik van die liefdesmaal gehanteer word.
26. Dit is die opdrag van elke gelowige om die evangelie te verkondig. Aangesien geloof ontwikkel deur die hoor van die Woord, moet ons soek na die mees sinvolle en effektiewe metodes om die Woord aan mense te verkondig om hulle aan te moedig om Jesus Christus en sy verlossing aan te neem in die geloof.
27. Deur ‘n lewe van liefdevolle diens moet ons, in navolging van Christus, die liefde van God aan mense om ons vertoon en hulle bedien met die gawes van die Gees van God. In die Naam van Jesus moet ons deur woord en daad proklameer dat die koninkryk van God hierdie wêreld ingebreek het en dat daar deur Sy wonde vir ons genesing en vrede gekom het.
28. Omdat hierdie wêreld onder die gesag van die owerste van hierdie wêreld, satan en sy bose magte is, sal ons lewe as gelowiges op aarde altyd die karakter van ‘n oorlog dra. Daarom moet ons mekaar deurentyd oproep om beklee te wees met die volle wapenrusting. Om so vas te staan teen die bose wat rondloop soos ‘n leeu op soek na iemand om te verslind. Terwyl ons mekaar bemoedig met die Bybelse belofte dat ons in Christus reeds meer as oorwinnaars is.
29. Dit is eers as Jesus Christus weer kom, dat die oorwinning finaal voltrek sal word. Daarom moet ons bly volhard tot die einde toe, ten spyte van allerlei versoekinge, beproewinge en aanslae.
30. Wanneer mense tot sterwe kom, vergaan hulle aardse liggame mettertyd tot stof. Maar hulle gees gaan onmiddellik na God toe, die gelowiges om in Hom te rus en die ongelowiges om bewaar te word in duisternis tot die oordeelsdag toe. Op daardie dag sal mense verenig word met hulle liggame, maar gelowiges sal nuwe, verheerlikte liggame ontvang.
31. God het ‘n dag aangewys waarop Hy die hele wêreld sal oordeel in Christus Jesus en elkeen sal vergeld vir sy dade. Die ongelowiges sal gevonnis word met die ewige straf van die hel saam met satan en sy magte, terwyl die gelowiges met hulle verheerlikte liggame saam met Christus vir ewig sal lewe en regeer.

## Konstitusie van die ekklesia

1. Die vereistes vir deel-wees van die ekklesia is ‘n openbare belydenis voor ander gelowiges in die ekklesia en vind gewoonlik plaas by die doopbad as deel van die normale geboorte van elke nuwe bekeerling. Hierdie openbare belydenis sal ons dan geleentheid bied om te getuig oor ons persoonlike geloof in God en in Jesus Christus as Here en Verlosser. Hierdie belydenis sal natuurlik ook bevestig word deur sondebelydenis en bekering en ‘n gelowige, heilige lewe in gehoorsaamheid aan die Skrif.

2. Gelowiges word as deel van die ekklesia gereken nadat hulle aangedui het dat hulle kies om te “commit” om werklik familie te wees met hierdie gelowiges. Hulle sal hulle dus ook “commit” om getrou te wees in hulle bywoning van die ekklesia in die kleine maar ook die fees-dienste van die groter ekklesia in die dorp of stad.

3. Die ekklesia moedig gelowiges aan om in gehoorsaamheid aan die Skrif gedoop te word. Die doop word bedien aan diegene wat deur die Gees self oortuig is.

4. In opdrag van die Woord neem elke gelowige in die ekklesia verantwoordelikheid vir mekaar se totale heil as mens. Hulle bid vir mekaar, bemoedig mekaar, bedien mekaar, dra mekaar se laste en vermaan mekaar as broers en susters in die Here.

5. Daarom gee elkeen ook vrygewig hulle tiende en ander dankoffers sodat diegene wat voltyds die gelowiges in die ekklesia van God toerus vir bediening, genoeg kan hê, maar ook sodat ander gelowiges in nood en mense in die gemeenskap met nood bedien kan word.

6. Hulle doen alles in hulle vermoë om in vrede en liefde met mekaar saam te leef. En die eenheid in Gees en in waarheid te handhaaf. Die een sal die ander hoër ag as homself.

7. Die optrede en lewenswandel van die gelowiges in die ekklesia en in die gemeenskap moet in ooreenstemming wees met die Woord van God.

8. Indien lidmate nie hulle verantwoordelikhede nakom nie, word die gemeente opgeroep om diegene in liefde te dissiplineer. Om sodoende God se eer te handhaaf, die ekklesia tot heil te wees en die afgedwaalde te herstel.

9. Enige dissipline moet in liefde en nederigheid bedien word in gehoorsaamheid aan die Skrif.

10. Waar daar deur gelowiges in die ekklesia verkeerd gehandel word, moet opgetree word in ooreenstemming met Mat. 18:15 tot 18.

11. Enige lidmaat wat sy geloof-verantwoordelikhede nie nakom nie, of verval in valse lering of openbare sonde, sal deur die res van die ekklesia gedissiplineer moet word. Hierdie dissiplinêre optrede kan vier vorms aanneem nagelang die erns van die oortreding:

- Vermaning privaat of in die openbaar.
- Weerhouding van die liefdesmaal.
- Weerhouding van voorregte van deel wees van die ekklesia, soos spreek reg in die vergadering van gelowiges en die reg om leiding te neem in die ekklesia.
- Beëindiging van deel wees van die ekklesia: As daar, na ‘n redelike verloop van tyd, geen tekens van berou is nie, sal die leierskap van die ekklesia aandui dat die persoon nie meer as deel van die ekklesia gereken word nie.

12. Die ekklesia moet deurgaans bid vir vergiffenis en versoening vir diegene wat gedissiplineer word. Nadat restourasie plaasgevind het, moet daar geleentheid wees vir openbare getuienis in die ekklesia.

13. Die leiers in die ekklesia moet deurgaans die liefdes eenheid met die res van die Liggaam van Christus handhaaf en beklemtoon. Jesus se Liggaam is een. Sodat gemeenskaplike erkenning van Bybelse dissiplinêre optrede wedersyds gehandhaaf kan word om Christus se eer te handhaaf in mense se lewens.

14. In alle gevalle van dissipline moet groot verantwoordelikheid aan die dag gelê word en net die nodigste inligting gegee word.

15. Deel-wees van die ekklesia sal jaarliks nagegaan word. Gelowiges wat verhuis na ander gedeeltes van die land sal aangemoedig word om in te skakel in 'n plaaslike ekklesia daar waar hulle woon.

## Regering van die ekklesia

16. Die Here Jesus Christus is die Here van die ekklesia. Hy regeer oor Sy Liggaam en dus die ekklesia in al haar vorms en groottes deur die Woord en deur die bediening van Sy Gees. Die ekklesia het deurgaans die verantwoordelikheid om die Bybel as finale toets aan te lê.

17. Die ekklesia wys in samewerking met die vyfvoudige bediening-span ouderlinge en ander bedienaars aan vir praktiese leierskap in die ekklesia, indien nodig.

18. Die klem van die ouderlinge se taak is lering en die geestelike versorging van gelowiges. Terwyl die ander bedienaars se taak die administratiewe en praktiese versorging en reëlings in die ekklesia is.

19. Die kwalifikasies vir die ouderling vind ons in 1 Tim. 3:1 tot 7 en Titus 1:5 tot 9. Hulle is onderworpe aan mekaar en neem vir mekaar se geestelike heil verantwoordelikheid. Hulle spesifieke bediening in die ekklesia word bepaal nagelang die Godgegewe gawes wat elkeen ontvang het.

20. Die kern van die ouderlinge se taak is:

20.1 'n Bediening van gebed en lering en die versorging van die gelowiges wat aan hulle sorg opgedra is

20.2 Die toesig by die openbare fees-dienste van die ekklesia

20.3 Die ondersoek en toelating van gelowiges tot die ekklesia

20.4 Die verantwoordelikheid vir dissipline in die ekklesia

20.5 Die bediening en toesig oor die bediening van die doop en liefdesmaal in die ekklesia

20.6 Die koördinering van alle bediening van die ekklesia in wyer verband

20.7 Saam met die res van die gelowiges in die ekklesia hou hulle toesig oor die leer en lewe van die ander bedienaars en leiers in die ekklesia.

21. As daar enige aanklag of beskuldiging teen enige van die ouderlinge is, word die riglyne van 1 Tim. 5:19 tot 20 gevolg. Dieselfde dissiplinêre stappe word met ander leier-figure in die ekklesia gevolg.

22. Die kwalifikasies vir die ander bedienaars word spesifiek in 1 Tim. 3:8 tot 13 en Hand. 6:1 tot 6 gevind. Diegene wat as bedienaars dien in die ekklesia moet die nodige Geestesgawes hê. Die gemeente-leiers moet besluit wanneer en waarvoor bedienaars in die gemeente verantwoordelik sal wees.

23. Die taak van die bedienaars is ondermeer die volgende:

23.1 Om deur die ouderling toegerus te word om hom of haar af te los sodat hulle die versorgings– en herderlike funksie kan verrig.

23.2 Om die genade en liefde van Jesus, in watter vorm ook al benodig, teenoor diegene met materiële nood, in en om die gemeente, te bedien.

23.3 Om die administrasie van die finansies en verantwoordelikheid vir ander praktiese reëlings in die gemeente op hulle skouers te neem.

23.4 Om verantwoordelikheid vir die onderhoud en instandhouding van enige geboue en ander eiendom wat die ekklesia gebruik, te neem.

24. Die ekklesia verkies ouderlinge en ander bedienaars tydens ‘n vergadering van die ekklesia.

25. Waar die ekklesia byeen is, is die Here self teenwoordig. Daarom moet al hierdie byeenkomste van so ‘n aard wees dat dit altyd tot eer van Hom en tot heil van die ekklesia sal plaasvind. Die riglyne van 1 Kor. 14 geld in hierdie byeenkomste sodat alles gepas en ordelik daaraan toegaan.

27. Die ouderlinge moet die ekklesia op hoogte hou van alles wat die ekklesia as geheel raak. Hulle moet ook kennis gee van al die ekklesia se leiers-vergaderings tydens die fees-dienste die voorafgaande twee Sondae.

28. Daar sal behoorlike notule gehou word van alle vergaderinge van die ekklesia waar nodig.

29. Daar sal ten minste een maal per jaar behoorlik rekenskap aan die ekklesia gegee word oor enige finansiële nood of behoeftes in die ekklesia.

30. As dit noodsaaklik is dat daar ‘n stemming moet plaasvind in die ekklesia se vergadering, sal die volgende reëlings geld:

30.1 Almal wat amptelik deel is van die ekklesia sal die reg hê om inspraak te hê in die bespreking.

30.2 Daar moet ‘n twee-derde meerderheid wees om enige besluit deur te voer. Maar verkieslik sal in alle sake gestreef word na volkome eenstemmigheid.

So glo ons sal God in gehoorsaamheid aan Sy Woord in hierdie ekklesia gedien word.

# ’n Nuwe Ekklesiologie – Kom ons hou op praat van “kerk” en “kerke”!

7 MEI 2003

## ’n Ekklesia sonder “kerke” – Uitgedaag tot ’n suiwer Bybelse ekklesiologie

Wat 'n uitdaging om weer 'n slag die Liggaam van Jesus en ekklesia-wees Bybels onder leiding van die Gees van God te probeer beskryf en definieer (ekklesia – sy dit 'n huis vol gelowiges of derduisende gelowiges in 'n bepaalde area).

Die Liggaam van Jesus Christus is 'n geestelike entiteit wat nie aan bande gelê mag word deur die organisasie van mense nie. Enige organisasie binne die liggaam moet in diens wees van die liggaam as lewende organisme onder die leiding van die Gees van Christus wat alleen die Hoof en Here van Sy Liggaam is en wil bly.

Omdat die Gees van God in almal wat deel is van die ekklesia woon, moet daar vryheid wees sodat Hy in beheer kan wees. Daarom kan daar nooit toegelaat word dat dit aan bande gelê word deur enige tradisie, leer, reël of denominasionele struktuur nie

Daarom staan die status quo van wat ons kerk noem, voor die aanklag dat ons dit wat heilig is, 'n geestelike Koninkryk uit die hemel, aangetrek het met die klere van menslike sisteme en organisasies sodat ons in beheer kan wees en alles kan kontroleer. Terwyl die Hoof van Sy Liggaam self Sy Gees gestuur het om deur die gawes (van 1 Kor. 12 en 14) en die mense as "gawes" van Ef. 4:11 tot 16 Sy Liggaam te bestuur.

Die uitdaging is: Kom ons kom tot besinning sodat die ekklesia weer waarlik Bybelse ekklesia kan wees en die wêreld die heerlikheid van God in ons almal kan sien.

Daar buite in die sekulêre wêreld sien ons die opkoms van super korporasies met geen hoofkwartiere nie, eerder net gestandaardiseerde eenvoudige operasies wêreldwyd met geweldig eenvoudige strukture.

Die hele super korporasie word beheer deur die kliënte, informasie-tegnologie en 'n nuwe soort leier, maar geen bestuurders nie. Jesus het in Luk. 16:8 gesê dat die mense van die wêreld is baie keer baie wyser as die mense van die lig.

Daarom lyk dit vir my ten minste noodsaaklik dat alle persone in leierskap binne die Liggaam van Jesus – sy dit binne tradisionele strukture of vernuwende strukture is – Jesus moet toelaat om self Sy Liggaam te bestuur en te lei deur Sy Gees sonder al die tradisionele obstruksies en voorbehoude. Natuurlik gaan daar organisasie wees, maar dan net dit wat Christus self daarstel deur die werking van Sy Gees op grond van die Woord.

Vir alle leiers wat dit nie meer kan hou binne tradisionele strukture nie en wat begeer om binne 'n nuwe wynsak die Here tussen Sy mense te dien, net dit: Moet tog nou nie buite die tradisionele “kerksisteme” weer vasval in een of ander mensgemaakte denominasie of kerkstruktuur van die een of ander aard nie!

Oral kom ekklesia van twee of drie Christene tot stand. Die uitdaging aan hulle is om te verstaan dat hulle ekklesia ekklesias is, 'n kleiner gedeelte van 'n groter geheel.

Daarom is 'n aktiewe, positiewe soeke na eenheid met die res van die Liggaam altyd deel van die ware ekklesia.

Natuurlik is ekklesia-wees sonder die tradisionele strukture as rigtinggewers soos om deur die woestyn vir jou 'n nuwe pad te soek onder die leiding van God se Gees.

Hoe die nuwe wynsak, wat in staat is om te akkommodeer wat God nou wil doen, prakties lyk, is deel van die soeke in alle dele van Jesus se Liggaam tans.

Hoe lyk die ekklesia prakties?

Ons sien wêreldwyd hoe hulle tans byeenkom in privaat-woonhuise en gehuurde sale, om te aanbid, die Woord te bestudeer en saam met mekaar die liefdesmaaltyd te geniet.

Sommige van hulle is selfs nog steeds "lidmate" van tradisionele en vernuwende "kerkstrukture", terwyl ander nêrens meer "lidmaat wil wees" nie. Die meeste ekklesia besit geen geboue meer nie.

Wie is hulle "covering"?

Jesus Christus en Hy alleen, wat jou en ander sal lei deur Sy Gees in julle, deur Sy Woord, die gawes, en die gesalfde "persoon-gawes" van Ef. 4:11 tot 16. So sal Hy nuwe werk onder mense tot stand bring en dit in stand hou, maar ook laat groei tot die volle grootte in Christus.

Verder sien ek hoe Christus Jesus Sy Liggaam binne die klein en groter ekklesia bedien deur 'n span gesalfde leiers (Ef. 4:11 tot 16) met herders wat in die kleiner ekklesia (in die huise en selfs in dorpe) mense herderlik versorg.

Uiteindelik is die oogmerk en doelwit dat elke lid van die ekklesia die ander lede van die ekklesia onder die leiding van die Gees van Jesus sal bedien soos en hoe Jesus as die Hoof dit wil.

Elke byeenkoms van die ekklesia is dus 'n geleentheid waar elke lid van die ekklesia vry moet wees om 'n bydrae te lewer soos en hoe die Gees wil. (1 Kor. 14:26)

Daar moet dus ruimte wees vir die bediening van die volle spektrum gawes van die Gees soos en hoe die Gees dit wil, terwyl die ekklesia self onder die leiding van die Gees en die Woord elke ding toets of dit van God is.

God self is die Een wat die ekklesia sal bewaar en lei in die volle waarheid deur Sy Woord, Sy Gees, die gawes van die Gees en die "persoon-gawes" van Ef. 4:11 tot 16.

Die wêreld sal die ekklesia herken en aangetrek word daarheen deur die liefde wat hulle onder mekaar het en teenoor nood in die gemeenskap. (Joh. 13:34,35; 1 Kor. 13)

Die ekklesia, van klein na groter, gaan ook die teelaarde en kweekskool wees vir nuwe geestelike leiers en die ontwikkeling van gesalfde nuwe leierskap binne die ekklesia. (2 Tim. 2:15; 2 Tim. 2:23; 1 Tess. 1:6-8; Heb. 5:12-14; 1 Joh. 2:12-14)

Daar sal geen onderskeid wees tussen "teologiese geleerde" en "gewone gelowiges" nie. Die bediening binne die ekklesia en die verantwoordelikheid wat aan gelowiges toegeken sal word binne die ekklesia, sal saamhang met die salwing van God se Gees (soos Jesus dit self genadig soewerein

skenk) wat mettertyd sigbaar sal word in die lewens van die gelowiges. Dit sal nie beskryf word met allerlei titels nie, maar sal eerder net 'n beskrywing wees van bepaalde funksies binne die ekklesia.

Binne die ekklesia kan enige volwasse gelowige die liefdesmaal van brood en die beker inisieer en bedien, asook die doop bedien aan ander nuwe gelowiges.

Hoe word ek deel van die ekklesia?

Alleen op grond van jou geloof in Jesus Christus as die Seun van God en Verlosser in jou hart, en jou belydenis deur jou mond (Rom. 10:9; Hand. 2:38,39), word gelowiges gedoop en hande opgelê met die gebed dat Jesus as die Salwer met die Gees hulle self sal toerus vir hulle bediening binne en buite die ekklesia as Sy getuies.

Tans sit die ekklesia wêreldwyd binne en buite die tradisionele "kerkstrukture". Ons sien ook hoe vryer, struktureel ongebonde ekklesia oral in huise gevorm word, maar ook hoe die tradisionele "kerkstrukture" verskillende vorms van meer vryer byeenkomste van gelowiges in sy geledere moontlik maak (soos in omgee– of selgroep).

Enkele riglyne vir die institusionele "kerke" om "beheer te verloor:

**Stap 1** – Rig een byeenkoms van die gemeente so in dat daar vir jou as geordende leier geleentheid is om die eerste beginsels van die geloof (Heb. 6:1-3), asook die beginsels van vrye gawe-bediening (soos 1 Kor. 12, 13 en 14 dit uitspel) aan die gemeente, te leer.

**Stap 2** – Stel die ander byeenkomste van die gemeente oop sodat gelowiges in vryheid mekaar kan begin bedien soos die Gees hulle lei. Maak 'n doelbewuste keuse om in hierdie byeenkomste net een van die baie gelowiges te wees, en moedig die ander gelowiges aan om nie heeltyd na jou te kyk vir leiding en bediening nie, maar om, soos jy, God te vertrou om hulle te gebruik om mekaar te bedien soos en hoe Hy wil.

**Stap 3** – Moedig die gelowiges aan om siekes onder hulle te begin besoek en vir mekaar te bid.

**Stap 4** – As hulle 'n tyd hierin gevorder het, daag hulle uit om jou vir 'n tyd uit hulle byeenkomste "te verskoon", sodat jy vry kan wees om, as deel van die Ef. 4:11-16-span, ander ekklesia te gaan bedien

***Verkorte bibliografie***


Edwards, Gene		How to meet under the headship of Jesus Christ – Message Ministry, 1993

Hybels, Lynn & Bill		Rediscovering CHURCH – Zondervan Publishing House, Grand Rapids, 1995

Simson, Wolfgang		Houses that change the world – Op die Internet gepubliseer as 'n "Draft copy", Des 1998 - https://livingtruth.com/PDF/housesthat%20change.pdf

Sutton, Jessop		Church without Churches - https://jessop1.wordpress.com/2009/06/12/church-without-churches-booklet/

Viola, Frank		Rethinking the Wineskin

# Sodat ons een kan wees

4 Maart 2005

## 1. God sien net een kerk

Ek het die afgelope paar weke elke vers in die Nuwe Testament gaan ondersoek waar die Here sê Sy kerk, Sy ekklesia, is een. In die proses het ek 24 sulke verse ontdek.

Kom ek haal vir jou 4 van hierdie verse daar in Jesus se gebed in Joh. 17:11,21,22,23 aan:

*"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het,* ***sodat hulle net soos Ons een kan wees****… Ek bid dat hulle almal* ***een*** *mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee,* ***sodat hulle een kan wees*** *net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle* ***volkome een*** *kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet."*

Hoor hoe sê Paulus dit daar in 1Kor. 12:12 onder die inspirasie van die Heilige Gees:

*"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie,* ***een liggaam*** *vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."*

In Ef. 4:3,13,16 sê hy dit so:

*"Lê julle daarop toe om die* ***eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het****, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe… So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike* ***eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God****. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus… en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele* ***pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid****. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."*

En in Kol. 3:14

*"Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot* ***volmaakte eenheid*** *saambind."*

Die eenheid tussen gelowiges sal sigbaar sal word vir die wêreld as hulle sien hoe ons mekaar liefhet. (Joh. 13:34,35)

Daarom het ek gaan kyk hoeveel keer God ons in die Nuwe Testament beveel om mekaar in die Liggaam van Jesus lief te hê.

Weet jy hoeveel verse het ek gekry?

Ses-en-twintig verse. Ek wens ek kan almal hier aanhaal, maar dan word hierdie gedeelte te lank.

Kom ek haal net so ‘n paar verse hier aan:

In Fil 2:2 staan:

*"… maak dan nou my blydskap volkome deur **eensgesind** te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe."*

Rom. 12:10,16 sê:

*"Betoon hartlike **broederliefde** teenoor mekaar; bewys **eerbied teenoor mekaar** en wees mekaar daarin tot voorbeeld…Wees **eensgesind onder mekaar**. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie."*

Rom. 13:8 sê:

*"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens **liefhet**, voer die hele wet van God uit."*

Dit is veral hierdie verse in Romeine wat my aangegryp het en wel om die volgende redes:

- As Paulus daar in Rom. 1:7 skryf: *"Aan almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort"*, skryf hy aan die lokale gemeente in Rome.
- Maar jy moet verstaan dat die "lokale gemeente" vir wie Paulus geskryf het, heeltemal anders gelyk het as ons tipiese "lokale gemeentes" vandag. Alhoewel daar verskillende huisgemeentes in Rome in Paulus se tyd was wat mekaar soms vir lang tye nooit gesien of feitelik nooit saam bymekaar gekom het nie, was almal van hulle maar te bewus daarvan hulle deel was van die "een kerk/ekklesia" van God in Rome.
- Hulle het dus verstaan dat alles wat Paulus verder in hierdie brief skryf vir al die Christene in die hele stad Rome geld. As Paulus bv. sê hulle is een liggaam, het hulle verstaan dat hulle nie sonder mekaar werklik een liggaam kan wees nie.
- Paulus se "lokale gemeente" in Rome was dus niks anders as dit wat ons vandag in die transformasie-beweging beskryf as ‘n "city church" nie. Wat soos volg in Engels gedefinieer kan word: "The collective, corporate identity of believers indwelt by Jesus Christ in a geographically defined city or region…"
- Paulus definieer hulle verder as "lede van die huisgesin van God" in wie Sy Gees woon (Ef. 2:19-21). Of as "een liggaam" wat bestaan uit vele, verskillende dele, aanmekaar gebind deur hulle liefde en toewyding aan Jesus Christus, hulle gemeenskaplike Hoof en Here, met die lewe van Christus in hulle, deur die werking van Sy Gees in hulle. Wat selfs dit moontlik

gemaak het dat hulle een kan wees ten spyte van al die diversiteit, verskille in gawes en selfs verskille oor bepaalde dogmatiese kwessies en hoe hulle die Skrif verstaan (vergelyk maar net wat in Romeine 14 staan).

Vandag is dit nie meer so vanselfsprekend dat gelowiges dit verstaan nie. Neem nou maar Somerset-Wes waar ek woon. As Paulus hierdie brief aan al die Christene in Somerset-Wes geskryf het, moes hierdie brief van hom in 67 verskillende denominasies gelees word wat op 226 plekke op 'n Sondag vergader!

Die "lokale gemeente van Somerset-Wes" is dus totaal versnipper, met aparte geboue, eie name, verskillende belydenisse dat elkeen dink en praat asof hulle apart die liggaam van Christus kan wees.

Daarom is dit so belangrik dat God met ons deur Sy Gees sal werk. En ons sal oortuig – of ons nou 'n groot gemeente of 'n klein huisgroep is – om te besef…

- Ons almal is maar net 'n baie klein deeltjie van 'n baie groter geheel, ja, 'n klein familie gelowiges in die groot geloofsfamilie van Jesus.
- Om ten spyte van al die uitdagings en al die mure en blokkasies tussen ons, erns te maak met ons Goddelike opdrag om mekaar prakties lief te hê.
- Hoe belangrik dit is om God te vertrou om meer effektief ons eenwees met die res van die Liggaam – ten minste in ons eie omgewing – te ervaar en sigbaar te demonstreer.

Dit is duidelik uit die Skrif dat God net een kerk, een ekklesia, sien. Daarom bly dit Sy opdrag aan ons dat ons mekaar sal en moet liefhê. Ja, dat ons mekaar sal liefhê met 'n liefde wat bereid sal wees om

- geduldig met mekaar te wees en bereid sal wees om mekaar te vergewe. (Kol. 3:13)
- mekaar eerbied te bewys. (Rom. 12:10)
- mekaar te aanvaar. (Rom. 15:7)
- mekaar se laste te dra. (Gal. 6:2
- mekaar te dien. (Gal. 5:13)

Ek is oortuig daarvan dat ons 'n tyd binne gaan waar ons moet klaar kry met die kinderagtigheid van die verlede en God moet vertrou vir 'n geestelike volwassenheid wat al hierdie uitdagings kan oorbrug op nuwe maniere.

Sodat die wêreld kan sien dat ons volgelinge van Jesus is aan die manier hoe ons mekaar liefhet en met mekaar saamwerk.

## 2. Ef. 4:11 tot 16 oor hierdie eenheid

Ek verstom my as ek gemeentes besoek om te sien hoe getrou mense die byeenkomste en eredienste bly bywoon terwyl dinge in daardie gemeente ter hemele skreeu vir uitkoms en verandering!

Dan wonder jy: Pla die dinge dan nie die mense nie? Weet hulle nie dat dinge baie meer effektief gedoen kan word as tans nie? Hulle hoef net by 'n buur-gemeente te gaan kyk om te sien hoe anders kan dit wees.

So kry ‘n mens verskillende gemeentes in een dorp van “een kerk” (soos die mense mos sê) waar die een gemeente leegloop en die ander buur-gemeente moet besluit of hy miljoene rande se geboue ekstra moet bou om die toeloop te kan akkommodeer.

Hoe werk dit? Behoort dit so te wees as die Liggaam van Jesus werklik een is?

Ek het weer Ef. 4 gaan lees die week en ek is oortuig hier is ‘n praktiese oplossing vir ‘n groot deel van ons verskeurdheid. Kom ek haal vir jou Ef. 4:3 eers aan, en dan verse 11 tot 16:

*“Lê julle daarop toe om die **eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het**, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.”*

*“En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. **So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid** in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ‘n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele **pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid**. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”*

Kom ons dink na oor hierdie verse in die lig van ons nuwe prentjie van die ekklesia in ‘n dorp of stad.

As Jesus se ekklesia in ‘n dorp of stad al die Christengelowiges in daardie stad of dorp is, is ons eintlik net een reuse geloofsfamilie in daardie dorp of stad, wat bestaan uit verskillende kleiner gelooffamilies of gemeentes wat net om praktiese redes op aparte plekke vergader.

Dit verander nie die feit nie dat die Bybel sê ons is almal deel van die een Liggaam van Jesus nie. Ons het mekaar baie nodig, ten spyte van al die verskille, sy dit in leer of in style, onder ons.

Ef. 4 gaan eintlik nog verder as net dit. Kom ek probeer dit in my eie taal en baie prakties oorsê:

- Hier staan dat God, in ‘n bepaalde omgewing, vir Sy Liggaam in daardie omgewing, manne en vroue daarheen gestuur het, wat bedoel is om “gawes uit die hemel” vir daardie hele omgewing te wees.
- Hierdie manne en vroue verskil van mekaar, omdat God hulle elkeen anders gemaak en toegerus het met bonatuurlike hemelse gawes.
- Sy bedoeling is om deur hierdie mense die gelowiges in Sy Liggaam in daardie omgewing, toe te rus vir hulle bediening teenoor mekaar en teenoor die omgewing.

Hier staan selfs nog meer as dit.

- Hier staan dat in die mate wat daar ruimte is vir hierdie manne en vroue om hulle Godgegewe werk te doen in die Liggaam, gaan die gelowiges in daardie omgewing geestelik groei en opgebou word.

- Hulle gaan groei in hulle geloof, maar ook in hulle intiem-ken van Jesus.
- In die proses gaan daar hierdie hegte eenheid tussen hulle ontstaan want Jesus sal die Alfa en Omega in hulle lewe wees.
- Die toets vir wat reg en waar is, sal deurgaans net Sy Woord, Sy wil en Sy Koninkryk wees.
- Dit sal ook maak dat hulle gedurig doelbewus sal kies om mekaar lief te hê
- Maar ook sal kies om mekaar op elke moontlike manier te bedien met die gawes wat God aan elkeen van hulle gegee het.

Dit gaan natuurlik wonderlike dinge tot gevolg hê:

- Dit gaan veroorsaak dat gelowiges in die Liggaam meer en meer ontdek hoe nodig hulle mekaar eintlik het
- En hoe noodsaaklik dit is om hande te vat, saam te werk en oop te wees vir God se Gees se werk deur elke ander gelowige in daardie omgewing.

Kan jy dink hoe dit moet wees as dit in praktyk oorgesit word in jou dorp of stad oor al die mensgemaakte grense heen!

Dit maak my opgewonde net om oor die moontlikhede daarvan te dink! Ek kan sien hoe baie gemeentes wat tans ‘n geestelike leier het wat ‘n goeie herder of leraar is, ‘n ander geestelike leier uitnooi, wat werklik een van die profetiese figure in daardie omgewing is, om die gemeente te kom bedien met wat God vir hulle gegee het!

Hoe bevrydend gaan dit nie wees nie! Ons gaan meer kante van God ontdek, en ‘n baie ryker belewenis van Sy krag en werking belewe.

Kom ek sê dit in Ef. 4 se taal: Ons gaan dan beleef hoe die stewige Woord-lering van ons gemeente-leraar aangevul word deur die bediening van ‘n herder. Wat ons gaan ons ingelei word in God se hart vir mense en hulle behoeftes. By ‘n ander geleentheid gaan ons weer blootgestel word aan die hart van die Vader vir die verlore gemeenskap daar buite deur die evangelis se bediening. Of gaan die profeet ons weer laat ontdek hoe direk God kan inspreek in die detail van elkeen van ons se lewens. Terwyl die apostoliese figure ons weer gaan help om ‘n breë perspektief te hê op wat aan die gang is, met die tipiese pionier-entrepeneur se gees vir waar en wanneer God nog iets nuuts wil doen.

G’n wonder die Bybel sê ons gaan meer volwasse in die proses word nie!

Daarom sien ek in my gees spanne van hierdie leiers saam beweeg deur die dorpe en stede (en daar gaan uiteindelik baie spanne wees), om die gelowiges in die verskillende gemeentes in daardie omgewing te bedien en toe te rus met wat God aan hulle gegee het.

Sodat God se mense in daardie omgewing kan groei tot geestelike volwassenheid.

Waar dit nie gebeur nie, gaan ons sit met die pateties onvolwasse gelowiges en onvolwasse geloof-gemeenskappe waarmee ons op sovele dorpe en stede tans sit. En dit net omdat ons nie God se plan vir eenheid en groei gehoorsaam volg nie.

# Jy is deel van God se aardse familie

## Inleidend

God is besig om ons prentjie van die kerk en kerk-wees totaal te verander.

Oor die jare is ons so gekontamineer met allerlei menslike tradisies en maniere van doen in die mensgemaakte kerkstrukture dat die meeste van ons geen idee het hoe God oorspronklik bedoel het kerk/Ekklesia moes lyk of funksioneer nie.

Daarom dat Hy ons terugneem daar na die begin en ons ou prentjies wil uitvee en vervang met nuwe prentjies (wat inderwaarheid maar net die "ou Bybelse prentjie" is.

Die Handelinge-gemeentes/Ekklesia het hoofsaaklik twee kenmerke gehad wat die gemeenskap aangegryp en na hulle toe getrek het soos motte na lig:

- Die manier hoe hulle mekaar liefgehad het en die gemeenskap om hulle liefgehad het en
- Die werklikheid van die veranderde lewens van die mense wat deel was van hierdie gemeentes

Joh. 13:34,35 – *"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle lief hét, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar lief hét, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

Hand. 2:41-47 – *"Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

*Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.*

*Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.*

*Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."*

In die begin het ek hierdie twee Skrifgedeeltes in detail gehanteer en al die belangrike begrippe verduidelik.

In die ware Bybelse Ekklesia word ons nie deel van die een of ander denominasie of kerkstruktuur nie. Ons is deel van die Liggaam van Jesus op aarde.

Ons naby-familie is die lokale geloof familie of Ekklesia hier in ons onmiddellike omgewing waar ons familie vir mekaar word en vir wie ons ons huis en lewe oopstel.

Daar leer ons om mekaar lief te hê soos wat Jesus ons lief hét. Waar Hy die beheer. Hier sterf die "ek" en word ons "ons". En word ons "medewerkers van God".

Ons vêrlangse familie in Jesus is die res van die Liggaam van Jesus in ander dele van die wêreld met wie ons op allerleie wyses doelbewus "een" is.

## Frustrasie met "kerk-wees" in die kerkstrukture

Daar is tans 'n groeiende frustrasie met "kerk" soos ons dit ken

- In Amsterdam wys 'n studie 100% mense is geïnteresseerd in Jesus maar 99% ongeïnteresseerd in "kerk"
- Wêreldwyd toon studies aan dat 50% leiers gefrustreerd is met die kerklike praktyke in die gestruktureerde kerke

In Luk. 5:37-39 leer Jesus ons: Nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke.

Daarom sê iemand: 'n Derde Reformasie is nodig. In Luther en Calvyn se tyd het ons 'n Reformasie van teologiese inhoud gehad. In Wesley, e.a. se tyd was dit 'n Reformasie rondom intieme verhouding met God. Nou is 'n Reformasie van strukture nodig! Ou wynsakke kan nie die groei en vrye werking van Gees akkommodeer nie!

Dit gaan ook nie help om net na 'n ander denominasie of vernuwings gemeente te gaan nie. Want watter een van die sowat 30 000 is reg? Tom Peters: Vernuwing gaan nie die ding doen nie! God se Gees sal ons weer moet wys en leer hoe lyk die wynsak wat kan akkommodeer wat God nou wil doen.

Daarin beleef ons tans dat God se Gees oor die wêreld vir God se mense 'n nuwe prentjie van die kerk/Ekklesia begin wys. In hierdie proses neem Hy ons terug daar na die oorsprong en die begin van die kerk/Ekklesia soos wat ons dit in die gemeentes in Handelinge leer ken het.

Daar ontdek ons…

## Ekklesia-wees is…

Ekklesia-wees is nie 'n klomp georganiseerde byeenkomste op spesiale plekke nie.

Ekklesia-wees is eerder bonatuurlike geloof familie-lewe waar ons elkeen 'n intieme liefdesverhouding het met Jesus Christus en Hy ons elkeen gebruik deur Sy Gees om mekaar en ander te bedien met Sy krag en genade.

Ekklesia is twee of drie gelowiges saam in die Naam van Jesus. (Mat. 18:20)

Ekklesia is gelowiges saam in 'n huis. (Rom. 16:5)

Ekklesia is gelowiges in ‘n dorp of stad. (Rom. 16:1; 1 Kor. 1:2)

Ekklesia is gelowiges in ‘n bepaalde area. (Op. 1:4)

Ekklesia is gelowiges in die Liggaam van Jesus oor die wêreld. (Heb. 12:22,23)

## ’n Nuwe Bybelse ervaring van kerk/Ekklesia-wees

Daarom glo ek het die Here ons uitgenooi om Hom toe te laat om ons te help om die Nuwe Testamentiese DNA van die Ekklesia weer te herontdek.

(Afhangende van hoeveel tyd daar vir lering is, kan ’n vergelyking hier getref word tussen die kerk-wees in die gestruktureerde kerk en kerk/Ekklesia-wees in hierdie nuwe wynsak).

## Die Nuwe wynsakke was M-eatings

Die vyf Nuwe Testamentiese elemente van die Ekklesia in huise:

1. “M-EATINGS” – Hulle was saam om te eet

Dit het hulle by Jesus aangesteek.

Hiervan was “die Here se feesmaal” deel. (Hand. 2:42; 1 Kor. 11:33)

Aan tafel deel ons ons hele lewe.

‘n Familie eet mos saam!

2. LEER HULLE OM ALLES TE ONDERHOU

Jesus se opdrag in Mat. 28:19,20.

Die Joodse Pa was veral aan tafel onderwyser.

In Nuwe Testament het ouderlinge en gesalfde gelowiges dit gedoen.

Woord is via dialoog en geloof stories aan mense gevoer.

Die gaan nie oor nog kennis nie, maar oor ‘n doen van die Woord. (Rom. 1:5)

Die fokus was geloofsgroei na die beeld van Jesus.

3. DEEL MATERIËLE EN GEESTELIKE SEËN

Hand. 2:42-47; 4:34,35 .

Luk. 18:22 – Alles behoort aan God en aanmekaar. Hoekom moet ek dit so vashou?

1 Kor. 12-14; Ef. 5:19; 2 Tim. 2:2 – God kan enige gesalfde gelowige gebruik om mense te bedien met Sy genade en lewe.

4. HULLE HET SAAM GEBID

Hand. 2:42.

Vir mekaar, vir oorvloed, vir vrede. (Fil. 4:6,7)

Gebed is dialoog met God; ons praat met Hom en Hy met ons.

Daarom kan ons opdragte, deurbrake, profesieë en visioene verwag. (Amos 3:7; 1 Kor. 14:29)

Bid ook vir mekaar se sondes. (Jak. 5:16)

5. EKKLESIA IS OM ONS HELE LEWE MET MEKAAR TE DEEL

Die Christendom is “The Way” genoem.

Bybelse geloof is om die wil van die Vader te doen. (Mat. 7:21)

Geloof sonder werke is dood. (Jak. 2:14-26)

Wat jy ook àl vir die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het jy vir My gedoen… (Mat. 25:31-46)

Daar in Luk. 10:1-12 leer Jesus Sy dissipels om daar in die huise van mense God te vertrou om hulle te gebruik om die “mens wat soek na vrede” te bedien.

Daarom skryf Wolfgang Simson ’n boek met die titel, “Houses can change the world”.

Daar kan Jesus as die Hoof van Sy liggaam mense deur Sy Gees bedien soos en hoe Hy wil (1 Kor. 14:26)

Daar kan Jesus mense selfs deur die vyfvoudige-bedieninge bedien. (Ef. 4:11-16)

Ek wil afsluit.

Ons is baie keer tevrede dat ‘n derde van die wêreldbevolking nominaal Christen is.

Terwyl God Sy Seun gegee het sodat die hele wêreld lewe in oorvloed kan smaak.

Daarom is God besig om die Ekklesia in huise te herstel. Daar kan gelowiges geestelike familie vir mekaar kan wees wat mekaar versorg en daar buite beskikbaar kan wees as God ander mense deur hulle wil bedien.

Sy hart is ‘n Ekklesia binne stapafstand van elke mens sodat hulle ‘n vertoonvenster kan hê van Sy genade en Sy heerlikheid.

So leer Hy Sy Liggaam om op te staan.

Kom ek vertel vir jou die storie van die 17 kamele om vir jou te illustreer hoe God my en elke ander lid van die Vyfvoudige Bediening gebruik.

’n Arabier het 3 seuns gehad. Hy sterf toe en laat ’n testament agter wat die volgende bepaal: Sy oudste seun moet die helfte van alles kry; die tweede seun ’n derde van alles en die laaste seun ’n negende van alles. Maar toe laat hy 17 kamele agter.

Die arme eksekuteur van die boedel gaan soek toe raad by sy buurman.

“Dit is maklik”, sê die buurman. “Al wat jy doen, is jy leen my kameel. Dan het jy 18 kamele. Die helfte van 18 is 9, ’n derde van 18 is 6 en ’n negende van 18 is 2. Dan gee jy weer my kameel terug.

Ek glo ek is God se 18de kameel aan gelowiges hier. God gebruik my vir ’n tyd om die syfers te laat klop.

# ’n Profetiese skrywe aan al vyf die gereformeerde kerke in Suidelike Afrika, April 2013

# Reformeer… Weer ‘n keer – Die Waarheid sal julle vrymaak

Soos Luther sy 95 stellings op 31 Oktober 1517 gaan vaskap het aan die deure van die kerk in Wittenberg, is hierdie my manier om dit waarvan ek oortuig geraak het “vas te kap” aan die deure van alle kerke uit die Reformasie, maar ook aan die deure van die res van die Ekklesia, om hulle uit te daag om weer opnuut te gaan soek na die volle waarheid van die Skrif en dit alleen.

Die skrywer

Christo A. Nel

Februarie 2013

## Deel 1 – My teologiese paradigmas word dramaties verskuif

As jy ’n gelegitimeerde dominee en leraar van ’n Nederduits-Gereformeerde gemeente in Suid-Afrika is, is daar ’n paar dinge waaroor jy nie kan bekostig om te twyfel, wat nog te praat van te verskil met die leer van die NG Kerk nie. As jy daaroor sou verskil of twyfel, sou dit jou toekoms as NG dominee kos en sou jy nie meer verder kon bedien as leraar in die kerk nie. Met al die traumatiese en finansiële konsekwensies wat daarmee gepaardgaan.

Een so ’n saak is die doop en spesifiek die doop van babas van gelowige ouers.

Ek moet eerlik wees, vir tien jaar van my bediening het ek nie een dag getwyfel of selfs gewonder of ons Bybels doen as ons babas van gelowige ouers doop nie. Dit het nooit by my opgekom nie. Ek het nie eers daaroor gewonder of ons dalk verkeerd kon wees nie.

Sou ek prakties redes moes gee waarom, kan ek dalk aan ’n paar redes in my lewe en bediening dink:

Neem nou maar die feit dat ek medeleraar in ’n groot stadsgemeente met duisende lidmate was. Meer as ’n derde van die lidmate in die gemeente het elke jaar nuut ingetrek terwyl om en by ’n derde ook weer uit die gemeente getrek het. Net my huisbesoeke elke jaar was in die omstreke van 400 per jaar, om nie eers te praat van bykans 350 ander pastorale gesprekke per jaar nie.

Wat ek probeer sê is dat ek doodgewoon nie regtig baie tyd gehad het om ernstig na te dink oor Bybelse waarhede waarvan ek boonop totaal oortuig was nie.

Die tye wat ek wel met die “ander kant” gekonfronteer is, was gewoonlik waar jong belydende lidmate na een of ander naweekkamp hulle laat doop het. En dan was jy so besig om hulle te oortuig van “hulle sonde waaroor hulle berou moes toon”, dat jy nie eers die moontlikheid oorweeg het dat daar dalk elemente van waarheid kon wees in wat hulle sê en bely nie.

Jy was so besig om dit te verdedig wat jy glo die waarheid is, dat die enkele, baie skaars momente, ongemerk verbygegaan het om weer ’n slag te reflekteer oor wat die Bybel werklik sê oor ’n saak.

Daarom was ek so dankbaar vir so ’n geleentheid in 1988 tydens drie maande se studies in Switserland terwyl ek besig was met my doktoraal.

Gedurende die drie maande daar in Switserland het ons die geleentheid gehad om gemeentes te besoek van sommige van die leiersfigure tydens die Reformasie. Ek het ook geskrifte te lese gekry wat my gekonfronteer het met feite wat ek nog nooit van gehoor of gelees het gedurende al vyftien jare van my teologiese studie nie.

Dit het, om die eerlike waarheid te sê, my tot in my fondasies geskud!

My onmiddellike vraag was maar waarom is hierdie dinge nooit in al die jare van my teologiese studies aan my vertel nie? Dit was immers belangrik genoeg om ten minste vir studente te vertel wat besig was om teologie in ’n Protestantse, Reformatoriese Kerk te studeer.

Daar in Switserland ontdek ek toe hierdie “onverwagte” skeuring en verdeeldheid wat midde die leierskap van die Reformasie aan die begin van die Reformasie ontstaan het.

Boonop was dit omdat sekere lede van die leierskap nie gewillig was om die volledige pad te stap en die volle waarheid deel te maak van die boodskap van die Reformasie daar in die begin nie. Alhoewel hulle almal saamgestem het oor wat die volle waarheid in werklikheid behels het.

Na my terugkoms in Suid-Afrika sou ek boonop drie boeke ontdek wat dit alles sou bevestig.

Laat ek dadelik sê, voordat ek verder oor hierdie drie boeke vertel, dat ek al in my lewe as teoloog en student van die Bybel honderde, indien nie duisende boeke nie, gelees het. Baie daarvan was ook oor die Reformasie en die vroeg-Christelike gemeentes in die besonder, asook oor die doop. Wat twee van hierdie drie boeke so besonders gemaak het, was dat ons hier te make het met die mees resente historiese studies oor hierdie onderwerpe wat al die relevante literatuur en feite vir ons saamvat.

*THE REFORMERS AND THEIR STEPCHILDREN*[i] deur Leonard Verduin, is ’n studie wat deur die Calvynse Instituut finansieel ondersteun is en is die resultaat van sy ondersoek van al die verslae oor die “records of medieval dissent against the order of "Christendom", which for the most part, was long-suppressed through the ages.” (Verduin, L. *The Reformers and their Stepchildren.* Sarasota, Florida: The Christian Hymnary Publishers, 2000. Bl. 6,7)

‘n Groot deel van die debat en worsteling deur die eeue onder gelowiges was veral oor die doop. Alhoewel die geskiedenis nooit die finale regter in die geval kan wees nie, het die historiese studie van die baie bekende Griekse Professor, Johannes P. Louw en sy kollega, Professor Hennie Stander, die hoof van die Departement van Antieke Tale aan die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika, oor die doop in die Vroeë Kerk (van die eerste eeu af tot 428 n.C.) ’n geweldige invloed op my lewe en denke gehad. Hulle studie is gepubliseer met die titel, *BAPTISM IN THE EARLY CHURCH.*

Dan was daar die boek van E.H. Broadbent, *THE PILGRIM CHURCH*, wat die verslag is van kerke deur die eeue wat gewaag het om die Nuwe Testamentiese beginsels vir kerk-wees in die praktyk uit te leef.

In my persoonlike stiltyd aan die voete van die Here, het ek beleef hoe die Here vir my aansê om my Online Bible-sagtewareprogram te gebruik om al die verse in die Bybel uit te druk wat direk na die Persoon en werk van die Heilige Gees verwys. En dan in konteks, in Hebreeus en Grieks, te gaan ondersoek. “Dan,” het Hy verder gesê, “sal Ek Myself op ’n nuwe manier aan jou openbaar.”

Oor ’n periode van drie maande het ek die sowat 325 verse in die Ou en Nuwe Testament een na die ander bestudeer en ondersoek en ek het beleef hoe God, die Heilige Gees, Homself as Gees van die Vader en die Seun, nuut aan my openbaar. Ek het ook “die krag” beleef wat Jesus aan Sy dissipels beloof het daar in Hand. 1:8 as daar staan: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Die Jesus, wat ek as Here en Verlosser sedert Oktober 1969 reeds geken en aanvaar het, het Homself op ’n nuwe manier aan my openbaar as die Doper met die Gees.

Die Heilige Gees, as Gees van die waarheid, het ou, welbekende Bybelgedeeltes aan my as “nuwe wyn” bedien wat my hele lewe totaal verander het. Dit het ook my verhouding met God self, my bediening in Sy Liggaam, my teologiese paradigmas van die Kerk of Ekklesia, die werk en bediening van die Heilige Gees en my denke oor wie werklik lid en deel van die Kerk en die Liggaam van Jesus Christus was, verander.

Gedurende hierdie tyd aan die voete van Jesus Christus, my Here en Leermeester, het ek weer begin om spesifiek die verhaal van Sy Nuwe Testamentiese Ekklesia te bestudeer, asof vir die eerste keer in my lewe, alhoewel ek al die hele Bybel voorheen minstens 20 keer deurgelees het.

Dit was asof ek dit vir die eerste keer gelees het deur die oë van ’n kind of nuutgebore volgeling van Jesus sonder al die blokkasies en “hang-ups” as gevolg van al my jare se teologiese studies.

Vir die eerste keer het ek raakgesien dat die Bybelse doop net aan gelowiges bedien kan en mag word.

Ek wil jou net herinner dat dit alles gebeur het terwyl ek steeds predikant in die NG Kerk was en lid van talle kommissies van die Streeksinode, asook van die Algemene Sinode hier in Suid-Afrika.

Iets anders wat ek moet vertel is dat ek baie rasioneel van aard is; so logies en rasioneel soos wat ’n mens maar kan kry, sonder ’n baie sterk emosionele kant in my persoonlikheid.

Daarom kan jy jou die totale ongeloof en verwarring onder die sowat 37 ander NG dominees in die twee Ringe van Potchefstroom voorstel toe hulle hoor dat ek en my vrou, met ons twee kinders, gedoop is as gelowiges en dat ek bedank het as leraar van die NG Kerk omdat ek oortuig was dat die Here my onder al Sy mense wil gebruik in Sy hele Liggaam.

Ek was ook oortuig dat die Here my uitgedaag het om Sy instrument te wees om Sy mense uit ’n stuk duisternis uit te lei waarin ons verval het tydens en na die Reformasie. Die rede vir hierdie verval was omdat die leiers tydens daardie Reformasie nie ten volle gehoorsaam was aan God se stem om Sy mense weer terug te lei na die volle waarheid toe nie, veral soos wat Hy dit aan ons in die Nuwe Testament bedien het.

Om hierdie redes wil ek jou vra vir ’n geleentheid om jou te vertel wat ek ontdek het wat my lewe en teologiese paradigmas so radikaal verander het.

## Deel 2 – Die onvoltooide deel van die Reformasie

In sy boek deel Verduin met ons die resultate van sy ondersoek van al die gepubliseerde verslae oor groepe gelowiges wat in opstand gekom het teen leuens of afwykings van die Skrif soos wat hulle dit

gesien en beleef het in die Rooms-Katolieke Kerk en ook as gevolg van die onvoltooide deel van die Reformasie in 1517 en daarna.

Omdat die meeste van hierdie dokumente nuut gepubliseerde materiaal uit die kerkgeskiedenis is wat vir jare weggesteek was deur die gevestigde kerk, het ons nou die geleentheid om hierdie materiaal self te beoordeel en hopelik beter te kies wat die waarheid is.

Ja, ons het selfs die geleentheid om beter keuses te maak as die leiersfigure tydens die destydse Reformasie.

As ’n mens meer korrekte inligting het – met boonop die voordeel om objektief terug te kyk in tyd – kan jy immers, hopelik, beter keuses maak.

Ons verstaan ten minste vandag beter dat "… to compel men by law to support and participate in religious exercises in which they have no faith is unworthy of Christians who put their trust in the Sword of the Spirit. Ultimately, of course, Truth is one. But the triumph of Truth, and the Lord of Truth, comes about through sound preaching, right practice of the sacramental life, and a sound exercise of voluntary discipline, *not* through coerced outward display of public piety.” (Bl. 6)

Uit Verduin se navorsing word dit gou duidelik dat binne die eerste tien jaar na die aanvanklike Reformasie-gebeure, nie almal wat teen die leuens in die Rooms-Katolieke Kerk en sy leer gerebelleer het, in hart en siel eensgesind was nie.

Dit word gou duidelik dat daar diepgewortelde verskille onder die leierskap van die Reformasie self was. Om hierdie rede het die leiersfigure dit noodsaaklik geag om selfs met geweld, wat ons vandag met afsku vervul, sommige van hulle voorheen-medebroers in geloof te vervolg en selfs te laat doodmaak.

Neem nou maar net die sentrale tema van die Reformasie, naamlik die leer oor regverdigmaking deur geloof. In sy haas om hierdie leer vas te lê, het Luther goeie werke in die lewe van die gelowige volgeling van Jesus totaal gedegradeer. Vir Luther was dit belangriker om God se genade en sondevergifnis aan die gelowige eerder te beklemtoon, as om ook klem te lê op die noodsaaklike vrug van so ’n geloofkeuse in die lewe van die ware gelowige.

Dit word ook gou duidelik dat een van die belangrikste redes vir die konflik onder die leiersfigure ’n onversoenbare teenstrydigheid in hulle onderskeie prentjies van die Kerk van Jesus was.

Die radikale faksie van die Reformasie, wat ook beskryf kan word as die “Stiefkinders van die Reformasie”, het geglo dat alhoewel die Kerk ’n deel was van die samelewing, dit nooit as die samelewing in sigselwers gesien kan word nie.

Die Reformatore, aan die ander kant, het vanuit hulle Roomse teologiese agtergrond, geen probleem daarmee gehad om die Kerk as ’n verlengstuk en die beter deel van die samelewing te sien nie.

Juis hierdie stuk ingeboude teenstrydigheid het telkens by iemand soos Luther kom spook. Aan die een kant was hy as oortuigde Bybelse gelowige, oortuig daarvan dat die Kerk, as die Liggaam van Jesus Christus, as sodanig ’n belydende Kerk moet wees, gebaseer op die persoonlike geloof van sy lede.

Aan die ander kant het hy tog bly vashou daaraan dat die Kerk die deel van die samelewing was wat ’n mens die “christened society” kan noem, waar ’n mens lede van daardie samelewing kan doop as

babas en hulle so deel kan kry aan God se genade en Sy verbond met die mens en dus so deel word van die Kerk.

Hierdie stuk ingeboude dilemma en teenstrydigheid het heeltyd veroorsaak dat die Reformatore verskeur was tussen twee lojaliteite. Aan die een kant was daar die lojaliteit aan die Skrif en spesifiek die Nuwe Testament, wat geen ander Kerk geken het as 'n gelowige Kerk, wat gebaseer is op die persoonlike geloof van volgelinge van Jesus nie. Aan die ander kant weer was daar hierdie lojaliteit teenoor dit wat in Nederlands "het historische gewordene" genoem word. Wat inderwaarheid niks anders was as tradisie wat oor die jare tot stand gekom het en nou deel van ons werklikheid is nie.

Met ander woorde, as gevolg van hulle lojaliteit teenoor dit wat hulle oor die jare in die Rooms-Katolieke Kerk geleer en geglo het, is hulle letterlik gebreinspoel deur die tradisie sedert Konstantyn en kon hulle nie hulleself volledig losmaak en los dink in hulle teologiese denke vir wat noodsaaklik was vir 'n volledige reformasie proses nie.

Daarom het Luther en die ander Reformatore niks snaaks daarvan gedink om ingehaak met 'n Rooms-Katoliek-gemanipuleerde Staat saam te stap en saam te werk nie.

Ons vind dat hulle in hulle denke oor die plek en rol van die Staat, bloot aanhou doen en bly dink het soos kinders van hulle tyd, vasgevang in die tipiese denke van 'n Rooms-Katoliek destyds.

Dit is ook die rede waarom hulle die owerheidsgesag kon gebruik om in die gewone samelewing mense te dwing om te doen soos wat die Staatskerk van hulle tyd geglo en gedoen het.

Dit sou natuurlik lei tot die absoluut tragiese en grusame gebeure wat sou volg omdat die Reformatore die owerheidsliggaam gebruik het om met geweld die doop van die babas van gelowiges af te forseer en op te tree teen diegene wat sou weier om dit te doen, of wat hulleself laat doop het as gelowiges.

As gevolg hiervan sou derduisende gelowige volgelinge van Jesus, wat in gehoorsaamheid aan wat hulle geglo het God self vir hulle in die Bybel geopenbaar het, vervolg word, in tronke gegooi word, verdrink en doodgemaak word op grusame wyses.

So het die Reformatore maar bloot aanhou doen wat die Rooms-Katolieke Kerk, as Staatskerk, al die jare sedert Konstantyn die Grote gedoen het. En so sou hulle medewerkers word in die moord en vervolging van miljoene gelowige volgelinge van Jesus Christus.

Soos ek reeds gesê het, het die feit dat die lede van die Reformasie nie hulleself volkome kon losmaak van hulle aangeleerde teologiese denke en maniere van doen nie, telkens by hulle kom spook.

Kom ek gebruik 'n ander voorbeeld om dit te illustreer. Neem byvoorbeeld iemand soos Zwingli, die Switserse Reformasie leier.

Aan die begin van die Reformasie was hy diegene goedgesind wat later as die sogenaamde "Tweede Front" beskryf is omdat hulle die Reformatore begin opponeer het. Hy het die doop van babas, byvoorbeeld, beskryf as *"nit sin solle…"* wat vertaal kan word as "iets wat nie behoort te gebeur nie".

Tog het hierdie selfde Zwingli, soos wat die proses van die reformasie gevorder het, maar weer begin flirteer met die Rooms-Katolieke gemanipuleerde owerheid en hulle die reg gegee om oor kerklike aangeleenthede te oordeel en kerklike besluite uit te voer.

Dit sou maak dat diegene wat voorheen sy vriende was, hulle eenvoudig van hom begin distansieer het.

Hierdie worsteling om vry te kom van ’n prentjie van die Kerk wat sy wortels het in die tipiese Rooms-Katolisisme, sou nooit werklik opgelos word in die tipiese Protestantse kerke gedurende en na die Reformasie nie.

Daarom vind ons deur die eeue sedert die Reformasie, gedurig tekens van hierdie worsteling van die ware Ekklesia om haarself te handhaaf as geloofsgebaseerde entiteit soos wat die Bybel ons leer.

Net so vind ons gedurigdeur hierdie deurlopende begeerte in die Kerk van Jesus, wat vasgevang gesit het in al die honderde verskillende mensgemaakte kerkstrukture, om weer iets te begin belewe van kerk-wees soos wat ons dit in die Nuwe Testament vind in die destydse Nuwe Testamentiese gemeentes.

Blaai jy deur die kerkgeskiedenis, sedert die Reformasie, vind jy telkens voorbeelde van radikale gelowige volgelinge van Jesus Christus wat probeer het om weer so kerk te wees, as ’n gelowige, vrywillige beweging.

Soos een van hulle vele leiers, Felix Manz, dit sou stel: “… their ambition was to bring together those who were willing to accept Christ, obey the Word and follow in His footsteps, to unite with these by baptism, and to leave the rest in their present conviction.” (Bl. 74)

Om hierdie rede het die Stiefkinders van die Reformasie aangehou om die noodsaak vir wedergeboorte en bekering in die lewe van die gelowige te beklemtoon. Voordat ons na Christus gekom het in geloof, was ons dood in ons sonde. Daarom die behoefte aan ’n nuwe lewe, die lewe van Christus, wat aan ons bedien moet word deur die werking van die Heilige Gees.

Om hierdie rede, het hulle verder beklemtoon sou ware gelowiges, vir wie Christus Jesus gesterf het, ook in hulle optrede en lewe van elke dag bewys lewer dat hulle in Christus se voetspore volg en doen soos Hy sou gedoen het.

Ware Bybelse geloof het altyd ’n veranderde lewe tot gevolg.

So hoor ons die sogenaamde Restitusioniste in Hesse soos volg bely wat hulle glo die Kerk van Christus sou wees: “We believe and confess one holy Christian Church, a fellowship of the saints, namely of all believing regenerated Christians and children of God, born again from above by the Word of God and the Holy Spirit.” (Bl. 116)

Om hierdie selfde rede hoor ons een van die leraars in so ’n gemeente die volgende vir sy gehoor sê, verwysende na die doop van gelowiges: “Go home and die first; I never bury living people.” (Bl. 117)

Natuurlik beklemtoon dit ook die noodsaak van ware Bybelse dissipline in die midde van die ware Kerk van Jesus Christus, wat deur die eeue totaal sou misluk in die midde van die meeste Reformatoriese kerke, juis as gevolg van hulle skeefgetrekte prentjie van die kerk en onvermoë om aan die Kerk van Jesus vas te hou as ’n Liggaam van gelowige volgelinge van Jesus.

Kyk ‘n mens met hierdie oë so objektief moontlik na die gebeure van die Reformasie en daarna, kan jy net tot een belangrike slotsom kom, naamlik dat dit hierdie besmeerde dogma van die Reformatore was oor wie die ware Kerk van Jesus Christus is, wat die Stiefkinders van die Reformasie weggedryf het en die skeur in die midde van die Reformasie onder gelowiges veroorsaak het.

Hierdie besmeerde dogma het natuurlik ook ander dele van hulle teologiese oortuigings besmeer.

Neem nou maar as voorbeeld hoe die Reformatore dit wat hulle as "sakramente" beskryf het, sou formuleer.

Kom ons begin by die manier hoe hulle dit wat in die vroeë Kerk as Agapé, of die Liefdesmaal, of die Here se ete beskryf is, gehanteer het.

In die vroeë Nuwe Testamentiese gemeentes was dit 'n geleentheid vir gelowiges om saam te eet en so die eenheid onder gelowiges in die Liggaam van Jesus te weerspieël waar hulle saam met hulle Hoof en Here, Jesus Christus, verkeer het.

Wat vir hulle ’n gedenk-geleentheid was wat hulle gevier het met ’n liefdesmaal tussen gelowiges in die gemeente, het die Reformatore verander in ’n “sakrament”.

Kan jy glo, ’n sakrament!

Die woord “sakrament” was alreeds hierdie swaarbelaaide woord wat die tipiese klank en ritueel-agtigheid van Rooms-Katolisisme met hom saamgedra het.

Daarom het die Stiefkinders van die Reformasie gesien hoe saam met hierdie woord, die tafel vir ’n gewone ete uitgeskuif word sodat die tipiese Rooms-Katolieke altaar in die plek daarvan ingeskuif kan word.

Dit het onmiddellik ook al die tipiese gru-dinge uit die Rooms-Katolieke sakrament van die nagmaal, daarmee saam op die tafel gesit, met ’n priester wat die brood en die wyn, wat letterlik in die liggaam en bloed van Christus sou verander, aan staande lidmate met oop monde bedien. (Bl. 138,139)

Omdat die doop en spesifiek die doop van babas van gelowiges, so ’n intrinsieke deel en strydpunt tydens die Reformasie en daarna was, gaan ek die hele volgende hoofstuk net daaraan wy.

## Deel 3 – Om babas te doop of nie

’n Belangrike deel van die stryd tydens en na die Reformasie, was die stryd tussen die Reformatore en die sogenaamde Anabaptiste, of wederdopers.

Natuurlik gaan dit hier oor die gebruik van die Stiefkinders van die Reformasie om gelowiges te doop wat by hulle gemeentes aansluit, alhoewel hulle “reeds gedoop” is as babatjies in die Rooms-Katolieke Kerk.

Laat ek dadelik sê dat dit hier gaan oor ’n gebruik wat reeds deur die eeue gevolg is onder gelowiges wat nie lede was van die Rooms-Katolieke Kerk nie.

Hierdie sogenaamde “wederdoop” is so oud soos Konstantinisme self.

Om die eerlike waarheid te sê, daar was reeds sogenaamde Anabaptiste in die vierde eeu na Christus. (Bl. 190)

So lees ons dat die Kodes van Theodosius alreeds ’n geweldige vonnis vir diegene voorgeskryf het, naamlik die doodstraf, wat skuldig bevind sou word daaraan dat hulle hulleself “weer laat doop het”. (Bl. 190, uit die Codex Theodosianus, XVI, 6:1)

Daarom lees ons ook hoe die eerste sogenaamde Anabaptiste doodgemaak is omdat hulle gewaag het om hulle weer te laat doop.

Na hulle sou miljoene ander volg wat op dieselfde manier, wreed en tragies, sou sterf omdat hulle net gehoorsaam gedoen het waarvan hulle oortuig was God self, deur Sy Woord, hulle beveel het om te doen.

Die rede vir hierdie geweldige strengheid en grusame strawwe wat diegene opgelê is, was nie omdat dit vir die wetgewers gegaan het oor wat in die Bybel self staan nie, maar eerder omdat hulle op die wyse Konstantinisme self wou beskerm. (Bl. 190)

Alles het gedraai rondom wat as "Christian sacralism"[ii] beskryf kan word.

“Men took the practice of baptism and made it a ‘christening’, a ritual whereby every child was taken and ‘made a Christian of’ before he had any voice in the matter. So every child so ‘christened’ was considered to be a ‘Christian’ ever after.” (Bl. 190)

Omdat dit van kardinale belang is om dit te verstaan, kom ek herhaal dit met ander woorde.

Dit is belangrik om te verstaan dat dit glad nie hier gegaan het oor ’n passie om teologies korrek te wees of om so te handhaaf wat die Bybel sê, of omdat dit vir diegene wat die betrokke wette gemaak het, gegaan het oor die redding van kinders en babatjies nie. Nee, dit het gegaan oor die handhawing van ’n groter kerklike gemeenskap en ter wille van die skep van ’n groterwordende Christelike samelewing of deel van die samelewing, wat die Christendom genoem kan word.

Omdat kerk en staat so totaal ineengestrengel was sedert die tyd van Konstantyn, het die kerk, as Staatskerk, die owerheid gebruik om die gemeenskap te manipuleer en selfs te dwing om deel te word van hierdie groterwordende Christendom, om so sy ledetal en sy magsgebied te vergroot.

Vir die sogenaamde Anabaptiste het dit weer gegaan oor die herstel van ’n Kerk wat gebou is op die persoonlike geloof van sy lede.

Hulle was oortuig dat die Bybel ons leer dat die doop net bedien kan word aan gelowiges, sy dit volwassenes of kinders is. Die ware Bybelse Ekklesia van Christus Jesus is dus ’n liggaam van gelowige manne, vroue en kinders, eerder as ’n massa “deur die doop-van-babas-gekerstende mense”.

So lees ons hoe Pierre de Bruyns, wat in die twaalfde eeu geleef het, gesê het: "We wait until the proper time has come, after a man is ready to know his God and believe in Him; we do not, as they accuse us, rebaptize him, who may be said, to have been baptized before." (Bl. 194)

Jy moet egter verstaan dat dit nooit vir die sogenaamde Anabaptiste in die eerste plek gegaan het oor ’n herdoop of wederdoop van mense nie.

Hulle het nie mense “weer ’n keer” gedoop omdat hulle gedink het dat daar met die aanvanklike, eerste doop iets verkeerds sou wees of dat dit nie goed genoeg sou wees nie.

Inteendeel.

Hulle het juis gelowiges gedoop omdat hulle oortuig was dat die Bybel ons leer dat die ware Bybelse doop net bedien kan word aan gelowiges.

Daarom was hulle oortuig dat die teken wat in die Rooms-Katolieke Kerk (en in die kerke van die Reformasie daarna) aan babas bedien is, wat daar die “doop” genoem is, glad nie ’n doop was nie.

Die feit dat dit wel "doop" genoem is, beteken nie dat dit werklik die Bybelse doop was nie.

Net dit wat die Bybel as "doop" beskryf, is werklik die "doop".

Om hierdie rede, glo ek, is dit geweldig belangrik om net weer na die Bybel terug te gaan om te gaan kyk wat spesifiek daarin oor die doop gesê word, om so te probeer verstaan hoe die vroeë Kerk dit verstaan en gedoen het.

Die belangrikste Skrifgedeeltes wat oor die doop en hoe die doop bedien is in die vroeë Kerk, is die volgende:

(Uit 'n digitale ondersoek uit die Ou Afrikaanse Vertaling (1953) met ONLINE BIBLE)

Mat. 3:7 *Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?*

Mat. 3:11 *Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.*

Mat. 20:22 *Maar Jesus antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Hulle sê vir Hom: Ons kan.*

Mat. 20:23 *En Hy sê vir hulle: Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word; maar om te sit aan my regter — en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is.*

Mat. 21:25 *Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel — dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?*

Mat. 28:19 *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Mark. 1:4 *Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.*

Mark. 1:8 *Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.*

Mark. 10:38 *Maar Jesus sê vir hulle: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?*

Mark. 10:39 *En hulle antwoord Hom: Ons kan. Maar Jesus sê vir hulle: Dis waar, die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word;*

Mark. 11:30 *Die doop van Johannes, was dit uit die hemel of uit mense? Antwoord My.*

Mark. 16:16 *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*

Luk. 3:3 *En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig;*

Luk. 3:16 *antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie — Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.*

Luk. 7:29 *En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes.*

Luk. 7:30 *Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie.*

Luk. 12:50 *Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!*

Luk. 20:4 *die doop van Johannes, was dit uit die hemel of uit mense?*

Joh. 1:25 *En hulle vra hom en sê vir hom: Waarom doop u dan as u nie die Christus of Elía of die profeet is nie?*

Joh. 1:26 *Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie —*

Joh. 1:28 *Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop.*

Joh. 1:33 *En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.*

Joh. 3:23 *En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop.*

Joh. 3:26 *En hulle het na Johannes gekom en vir hom gesê: Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe.*

Joh. 4:1 *Toe die Here dan verneem dat die Fariseërs gehoor het dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes —*

Hand. 1:22 *van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is — van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding.*

Hand. 10:37 *Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná die doop wat Johannes gepreek het,*

Hand. 13:24 *nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het.*

Hand. 18:25 *Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het.*

Hand. 19:3 *En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.*

Hand. 19:4 *Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.*

Hand. 22:16 *En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.*

Rom. 6:4 *Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.*

1 Kor. 1:17 *Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.*

1 Kor. 15:29 *Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie? Waarom laat hulle hul nog vir die dode doop?*

Ef. 4:5 *een Here, een geloof een doop,*

Kol. 2:12 *omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.*

Heb. 6:2 *van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.*

1 Pet. 3:21 *waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete — deur die opstanding van Jesus Christus*

As ons in die lig hiervan dan na die studie van Stander en Louw gaan in *BAPTISM IN THE EARLY CHURCH,* om presies te sien hoe die vroeë Nuwe Testamentiese gemeentes die doop verstaan het en spesifiek wat hulle bevinding was na hulle ondersoek oor die doop van babas, dan lees ons die volgende:

"The patristic literature of the first four centuries clearly shows how infant baptism developed. Probably the first instances known occurred in the latter part of the first century, mostly in North Africa, but during the fourth century infant baptism became more and more accepted and though believer's baptism of people of responsible age still continued in many areas, the development of the church (after church and State became reconciled) into a more unified body, controlled by the see of Rome, provided a theological base for infant baptism to be accepted. While the third century voiced objections against what appears to have been a growth in the number of infants being baptized, the fourth century seems to have accepted these baptisms, along with adult baptism, which was still performed on a regular scale. It may, however, be said that since the fourth century infant baptism began to develop into a generally accepted custom." (Bl. 184)

Soos wat ek reeds voorheen aangedui het, was daar selfs tussen die Reformatore, in die eerste paar jaar na die Reformasie, gedurigdeur hierdie stryd tussen wat hulle oortuig was die Bybel en die vroeë Kerk geleer het oor die doop en dit wat hulle ervaar en geleer is in die Rooms-Katolieke Kerk.

Verduin illustreer dit deur te verwys na die lewe van Zwingli, die Switserse leier tussen die Reformatore.

Ons lees hoe hy in die beginjare van sy bediening aanmekaar die volgende bely: "Nothing grieves me more than that at the present I have to baptize children (CN: bedoelende babas), for I know it ought not to be done." (Bl. 198)

As hy dan moet verduidelik waarom hy steeds voortgaan om babas te doop, sê hy die volgende: "If however I were to terminate the practice, then I fear that I would lose my prebend."

Tydens ’n ander geleentheid skryf Zwingli: "I leave baptism untouched; I call it neither right or wrong; if we were to baptize as Christ instituted it then we would not baptize any person until he has reached the years of discretion; for I find it nowhere written that infant baptism is to be practiced…" (Bl. 199)

Die gevolgtrekking waartoe Verduin dan kom, was dat dit uiteindelik ook maar vir Zwingli daaroor gegaan het dat hy nie verdeeldheid wou saai in hierdie groeiende Christendom nie. (Bl. 200)

Om hierdie rede, toe die Stiefkinders van die Reformasie begin om sterk standpunt in die openbaar in te neem teen die onwaarhede wat die Reformatore, volgens hulle, vertel en geleer het, draai Zwingli sy kanonne vol oop op sy voorheen-vriende, wat nou bekend was as die Anabaptiste. En ons hoor hom selfs sê dat hy nou verleë voel oor sy vroeëre uitsprake oor die doop van babas. (Bl. 200)

Tog moet ’n mens seker ook ’n Zwingli genadig wees in jou beoordeling. Veral as jy dink wat sy uiteinde kon wees as hy sou aanhou om in die openbaar sy werklike oortuigings oor die doop, en spesifiek die doop van babas, geleer het.

Luister maar net na wat daar in die Diet van Speier geproklameer is in 1529: "Every Anabaptist or re-baptized person, of either sex, is to be put to death, by fire, or by sword, or by some other means." (Bl. 202)

Dit was nie net Zwingli wat geworstel het met die doop van babas nie. Luther self het ’n hele aantal kere sy verleentheid daaroor uitgespreek. Aan die ander kant was hy tog so bewus daarvan dat ’n skoon breuk daarmee geweldige ander implikasies sou hê waarvoor hy net nie kans gesien het nie.

Daarom skryf hy: "There is not sufficient evidence from Scripture that one might justify the introduction of infant baptism at the time of the early Christians after the apostolic period ... But so much is evident, that no one may venture with a good conscience to reject or abandon infant baptism, which has for so long a time been practiced." (Bl. 203,204)

Nodeloos om te sê, hiermee het Luther natuurlik sy eie *Sola Scriptura*-beginsel verkoop vir ’n pot lensiesop, want dit was immers hier niks anders as ’n kapitulasie aan die sogenaamde “*het historisch gewordende”,* of god van tradisie nie!

Selfs die Reformatore se fanatiese verdediging van die doop van babas het glad nie oor behoorlike Skrif-eksegese of suiwer teologie gegaan nie, maar het maar net weer oor die instandhouding van hierdie “Christendom”, wat sy wortels in die Rooms-Katolisisme het, gegaan.

Soos een van die Stiefkinders dit tereg geformuleer het: "They fight for infant baptism not out of love for the children … but in order that they may uphold a false Christendom, which they all got by setting up such a baptism. For Satan realizes that as soon as a fellowship of believers is set up, in which obedience to Christ is manifest, then his darkness cannot stand any longer before the light, for it then becomes apparent that his 'gospel' and his 'Christendom' are 'the abomination of desolation'." (Bl. 204,205)

## Deel 4 – Om weer ’n keer te Reformeer, dwing ons weer terug na die Woord toe

Om weer ’n keer te reformeer, beteken nie net om te herstel wat Luther en die ander Reformatore nie dapper genoeg was om te voltooi nie.

Die uitdaging is baie wyer en groter as wat net tydens die Reformasie self gebeur het. Baie van die denkfoute en probleme wat ons het met van die formulering van die Reformatore, lê reeds in dit wat Konstantyn en diegene na hom geformuleer het.

Soos uit die vorige hoofstukke duidelik is, was ’n groot gedeelte van die ekklesiologie, of manier hoe die Reformatore oor die Kerk van Christus gedink het, gekontamineer deur wat hulle in die Rooms-Katolieke Kerk geleer het.

Ek is daarvan oortuig dat ons tans wêreldwyd, in alle dele van die Kerk van Christus, ’n nuwe reformasie proses beleef.

Dit sluit natuurlik nie net kerke in wat hulle oorsprong in die Reformasie het nie, maar ook al God se kinders wat hulle in al die duisende kerkstrukture wêreldwyd bevind.

Ons kan maar net vir kyk na wat tans in die geledere van die kerke van die Reformasie aan die gebeur is, om iets hiervan te sien.

Vir die doel gaan ek verder fokus op spesifiek dit wat in die geledere van die NG Kerk, hier in Suid-Afrika, aan die gebeur is.

Die rede vir hierdie nuwe Reformasie, glo ek, is niemand anders as God self nie, wat besig is om ons prentjie van Sy Kerk weer reg en terug te trek na wat Hy oorspronklik self aan ons in Sy Woord geopenbaar het.

Deel van die dilemma van die Reformasie was hierdie dualistiese prentjie van die Kerk waaraan Luther en van die ander Reformatore vasgehou het.

Aan die een kant was hulle baie bewus van die Bybelse prentjie, naamlik dat die Kerk ’n liggaam gelowige volgelinge van Jesus Christus as Here en Verlosser is. Maar aan die ander kant is hulle gekontamineer deur wat aan hulle in die Rooms-Katolieke Kerk bedien is. Daarom het hulle ook probeer vashou aan ’n prentjie van die Kerk wat ’n “Christendom” was, gebaseer op ’n Ou Testamentiese verbondsverhouding met God, wat hulle geglo het, vir hulle die reg gee om babas van gelowiges te doop en so deel te maak van die groter Christelike gemeenskap.

Vir ons as Afrikaanssprekendes, wat kom uit ’n Protestantse agtergrond, voel die begrip “Christendom” vanuit die Rooms Katolisisme, “volks-vreemd”!

Eintlik is dit nie waar nie, want inderwaarheid het ons hier te doen as ’n soort “Christendom” wat niks anders is as net nog ’n godsdiens en blote godsdienstigheid nie.

Kom ek probeer om dit nogtans nog meer te vereenvoudig vir ’n beter verstaan.

Dié eens bekende Afrikaanse Christen-motiveringspreker, Louis Malherbe, het toe hy nog gelewe het, hierdie bekende sêding gehad: Die feit dat jy in ’n garage gebore is, maak nie van jou ’n motorkar nie. En die feit dat jy in ’n Christen familie, met gelowige ouers, gebore is, maak nie van die baba ’n Christen en ’n lidmaat van die ware Kerk van Christus nie. Dit beteken ook nie outomaties dat jy wedergebore en gered is nie.

Maar dit is presies wat die Rooms Katolisisme en ook die kerke uit die Reformasie bely en sê. Dit is die rede waarom hulle babas van gelowige ouers doop.

Deur die teken van die doop aan babas te bedien, hoor ons hoe hulle die volgende oor daardie baba sê: Hierdie baba is deel van die Kerk van Christus en ingelyf in alles wat Christus Jesus vir hom/haar bewerk het. Daarom is hulle sondes vergewe, is hulle verlos van hulle ou bestaan en dus gered en deel hulle in al die genade wat Christus vir Sy volgelinge bewerk het.

Daarom glo die Rooms Katolisisme en dus ook die kerke uit die Reformasie, dat Kerkgroei plaasvind soos wat gelowige ouers meer kinders kry. Daardie nuutgebore babas word dan onmiddellik deel van die Christelike gemeente of Christelike deel van die gemeenskap en word om die rede gedoop.

Die teologiese argumente hiervoor is goed bekend.

Hulle argumenteer soos volg: Die Ou Verbond het beide die gelowige ouers, hulle kinders en dus ook die nuutgebore babas, ingesluit.

Om dit te waarborg, is babas op agt dae oud besny as teken hiervan.

Omdat hulle oortuig is dat die doop, as teken van die Nuwe Verbond, in die plek van die besnydenis gekom het, glo hulle, moet babas van gelowige ouers ook gedoop word om te waarborg dat hulle deel is van die Nuwe Verbond-gemeente en so deel hulle in al die voorregte en genade wat Christus vir ons bewerk het.

Daar het jy die hart van pure “Christendom”, soos die Rooms Katolisisme dit verstaan, in die hart van die teologie van die kerke van die Reformasie!

Om te illustreer waarom ek hier sê wat ek sê, wil ek jou nou neem na die Formulier vir die bediening van die doop aan babas wat in die NG Kerk gebruik word – as voorbeeld van een so ’n kerk uit die Reformasie – om aan te toon waarmee hulle tans worstel.

Kom ek haal hierdie formulier vir jou in geheel aan sodat jy vir jouself kan oordeel of my beoordeling daarvan korrek is.

(Ek gaan telkens sekere gedeeltes in die formulier self merk en dan onderaan ’n paar opmerkings daaroor maak.)

## Die Doopsformulier van die NG Kerk wat gebruik word by die doop van babas van gelowige ouers

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou:

**Waarom ons doop**

Ons word gedoop omdat die Here God 'n verbond van genade met ons en ons kinders gesluit het (CN-1). Reeds vir Abraham, die vader van alle gelowiges (Gal. 3:29; Rom. 4:11,16), het die Here gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen. 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en Pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee.

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Mat. 28:19,20a). (CN-2) So het die Here Hom verbind deur hierdie verbond om ons God te wees en ons te seën. Van ons vereis Hy dat ons Hom in dankbaarheid en gehoorsaamheid sal dien.

**Wat is die doop?**

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, beteken en verkondig:

- dat ons en ons kinders, wat as sondaars in die wêreld gekom het, slegs in die koninkryk van God kan kom as ons opnuut gebore word; (CN-3)
- dat die Here daardeur bevestig dat Hy ons in sy verbond insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons deel laat hê aan al die voorregte van die verbond; (CN-4)
- dat ons en ons kinders verbind word aan Christus wat ons sonde deur sy bloed afgewas het;
- dat ons ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word sodat "ons vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom. 6:11);
- dat die doop 'n seël is van die inlywing in die kerk van Jesus Christus en ons verplig om as lewende lidmate te leef;
- dat ons as gedooptes die Here uit dankbaarheid met ons hele wese moet liefhê, vertrou en dien, en
- dat die Here ons deur hierdie sakrament verseker dat Hy deur sy Gees in ons wil woon en ons lewens daagliks so regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

**Verbondskinders moet gedoop word**

Kinders van gelowiges moet gedoop word omdat God die kind van die begin af insluit in sy verbond met die gelowige ouers. Daarom is hele gesinne in die Nuwe Testament gedoop waar die ouer(s) tot geloof gekom het. (CN-5)

Al verstaan die kinders nog nie die doop nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Trouens, dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade ook in hulle geval die inisiatief neem in hul verlossing.

**Waartoe verplig dit ons?**

Die doop bevestig aan ons alles wat God ons skenk deur die genadeverbond en maak ons telkens bewus van hierdie vaste grond waarop ons geloof berus.

Daarom verbind die doop die ouers om hulle kinders soos hulle opgroei oor die betekenis en eise van die genadeverbond in te lig, 'n voorbeeld vir hulle te wees in die uitlewing daarvan en hulle op te roep tot die toeëiening van God se beloftes. (CN-6)

*(Die doopouers word opgeroep en die dopelinge word ingebring.)*

**Gebed**

(Opsioneel)

**Doopgelofte**

Geliefdes in die Here Jesus Christus

U* het gehoor dat die doop 'n Goddelike instelling is waardeur die Here sy verbond van genade aan ons en ons kinders waarborg en aan ons al die gawes van Christus skenk. (CN-7) Om te bevestig dat die doop vir hierdie doel gebruik en nie uit gewoonte of bygelowigheid nie, moet u opreg op die volgende vrae antwoord:

*Ten eerste:* Bely u dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word? (CN-8)

*Ten tweede:* Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is? (CN-9)

*Ten derde:* Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in dié leer na dié beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig? (CN-10)

*Antwoord* (hardop): Ja.

** "U" kan met "jy" of "julle" vervang word.*

**Bediening**

Die liturg wat die doop bedien, sê: "NN (volle naam en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

**Dankgebed**

Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het, dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf het en ons tot u kinders aangeneem het. (CN-11) Baie dankie dat U hierdie waarheid deur die doop aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig.

Regeer hierdie kind(-ers) so deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U uit dankbaarheid en met vreugde voortdurend sal dien, dat hy/sy/hulle met volharding teen die duiwel en sy mag sal stry en oorwin, sodat hy/sy/hulle eenmaal voor u troon sal kan staan met vrymoedigheid.

Hemelse Vader, ons bring aan U die lof, dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid, in die Naam van ons Here, Jesus Christus. *Amen*.

## My opmerkings oor wat in die Formulier staan

CN-1: Reeds met die aanvang van die Formulier is die koppeling tussen VERBOND en DOOP die fundamentele teologiese argument wat gebruik word om die doop van suigelinge te regverdig.

Die rede daarvoor is omdat daar van die uitgangspunt uitgegaan word dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Die doop van suigelinge word telkens beskryf as ‘n teken van die verbond van genade waarmee hierdie gedoopte suigelinge dan ingelyf word in die verbond met gelowiges!

CN-2: Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) word in hierdie Formulier gebruik. Hier word spesifiek na Mat. 28:19 verwys, wat baie duidelik ‘n geïnterpreteerde vertaling van hierdie vers is op grond van die teologiese oortuiging dat suigelinge ook gedoop kan en moet word!

Luister hierteenoor na hoe hierdie vers in die Ou Afrikaanse Vertaling direk uit die Grieks vertaal word: *“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”*

Uit hierdie vertaling is dit dus baie duidelik wat in die Grieks oorspronklik gestaan het, naamlik dat ons as volgelinge van Jesus moet uitgaan en die Evangelie aan al die nasies moet gaan verkondig. Waar van hulle dan tot berou en sondebesef kom en in geloof kies om Jesus as Verlosser en Here aan te neem en te begin volg, moet daardie gelowige mense gedoop word in water en daarna stelselmatig geleer word wat Jesus ons geleer het.

CN-3: Die vraag wat hier krities gevra moet word, is die volgende:  Word hier verwys na Titus 3:5? En word hiermee dus afgelei dat die suigeling-doop inderwaarheid “wedergeboorte” is wat voor die gemeente plaasvind!? As dit is wat hiermee bedoel word, is dit mos niks anders as ’n leuen nie!

CN-4: Op grond van wat die Skrif sê oor wat God self in die gedoopte se lewe doen, word hierdie “voorregte” of waarhede nou sommer ook net so toegesê aan die suigelinge wat met die water bedien word.

CN-5: God se verbond-toeseggings aan kinders is en bly ook vir die teenstanders van die “suigelingdoop” wonderlik!

CN-6: Waarom is dit dan nodig dat hierdie gedoopte dit wat God hulle reeds in genade toegesê het, ook in geloof moet toeëien?  Hulle is dan reeds, volgens die Formulier, “verlos”!

Dit is verder belangrik om in die verband te noem dat daar geen teks in die Nuwe Testament is wat pertinent gebruik kan word om dit te bevestig dat daar ook suigelinge was wat gedoop is saam met die res van die gelowige gesinslede in die vroeg Christelike gemeentes nie. Al die verse wat gebruik word deur voorstanders van die doop van babas is bloot afleidings wat hulle self maak om hulle eie geloofsoortuiging te “bewys”.

CN-7: Word al die gawes van Christus die suigeling s’n op grond van sy/haar “suigeling–doop”?

CN-8: Dit is die konsekwensies as ’n mens die teken van die doop aan babas bedien. Dan moet jy ook aan daardie babas alles toesê wat die Skrif sê toegesê kan word aan ’n gelowige gedoopte mens. Dan kry jy absurditeite soos wat hier staan, naamlik dat babas “deel word van die gemeente van God” en verder dat hulle “reeds aan God behoort” op grond van hierdie teken wat aan hulle bedien is.

CN-9: ’n Mens moet baie krities vra: Is dit wat hier geleer word aan die ouers van hierdie kinders werklik die waarheid oor hoe ’n mens verlos word?

CN-10: Weer kan ’n mens baie krities vra of dit wat hier staan werklik is wat aan die kind in sy lewe later geleer moet word? Is dit bv. nie eers nodig om aan die kind die volle Evangelie te verkondig

sodat hy/sy tot 'n sondebesef kan kom en hulle hul bekeer en tot geloof kan kom nie? Of sê die NG Kerk werklik hiermee dat hierdie baba reeds gered is met sy doop?

CN-11: Kry die baba dit alles van God o.g.v. die bediening van die teken van die doop aan hulle?

## Verdere kritiese opmerkings oor die leer van die NG Kerk rondom die bediening van die doop aan suigelinge

**(Veral o.g.v. die bewoording daarvan in die KLASSIEKE FORMULIER VAN DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN DIE KINDERS VAN GELOWIGES):**

- Dit is baie duidelik dat die leer van die doop in die NG Kerk direk gekoppel word aan die leer rondom die verbond op grond van die oortuiging dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Maar na my oordeel is daar geen teks in die Nuwe Testament wat hierdie oortuiging staaf nie.
- Dit is verder baie belangrik om op te merk dat daar glad nie in die formulier vir die bediening van die doop aan kinders van gelowiges verwys word na die belangrike lering van Rom. 6:1 tot 12 oor die betekenis en gebeure wat by die doop van gelowiges plaasvind nie.
- Ook in hierdie formulier word daar geleer dat suigelinge deur die bediening van die teken van die doop kinders en erfgename van God word.
- Ja, dat die suigelinge wat gedoop word, van al hulle sondes verlos word en ingelyf word by die dood en opstanding van Christus en dus voor God as regverdig gereken word, alles op grond van die feit dat hulle nou gedoop is!
- Maar ook dat die Heilige Gees in elkeen van hierdie babas kom woon en hulle daagliks meer en meer vernuwe o.g.v. hulle doop.
- Daar word verder aanvaar dat, soos die besnydenis die seël was van die Ou Verbond, so is die doop die seël van die Nuwe Verbond.
- Daar word ook verklaar dat die doop van babas van gelowiges 'n instelling van God is. Die vraag is net: Waar vind ons dit in die Skrif?

Artikels in die Belydenisskrifte wat hiermee verband hou, is die volgende:

- Art. 34 in die NGB – In hierdie artikel het ons 'n goeie verduideliking van die betekenis van die doop. Maar 'n mens mis die leer van Rom. 6 in hierdie verduideliking. Dan vind ons ook maar weer hier die dwaling om die verbond by te trek as oor die doop gepraat word. Daardeur word alles skeefgetrek as daar dan geleer word dat suigelinge ook met die teken van die doop bedien moet word, en spesifiek deur hulle te besprinkel.

Kom ek probeer saamvat wat ek glo die Bybel ons in die verband leer.

Natuurlik openbaar die God van die Bybel Homself as 'n God wat soewerein en genadiglik kies om in 'n verbondsverhouding met gelowiges en hulle kinders te wees.

Hieroor was daar nog nooit enige twyfel selfs in die sogenaamde Anabaptiste se geledere nie. Inteendeel. Van die beste boeke oor die verbond in die Teologie is deur Baptiste geskryf.

Om hierdie rede het Paulus dan ook, onder die inspirasie van die Heilige Gees, geopenbaar dat God self die kinders uit gelowige gesinne as't ware eenkant sit om hulle so toe te vou in 'n wolk van genade waarin hulle heeltyd omring is deur God se teenwoordigheid en Sy werk onder Sy mense. (Kyk maar wat staan in 1 Kor. 7:14).

Dink dan maar self verder oor wat die implikasies hiervan vir kinders in die gemeente is as God sê dat Hy self op 'n besondere manier teenwoordig is waar twee of drie gelowiges saam is.

Met dit alles gesê, bied dit ons nog geensins genoeg rede om die doop te bedien aan babas van gelowige ouers nie.

Soos ek reeds opgemerk het rondom die Formulier van die NG Kerk hiervoor, die oomblik wat jy babas bedien met die doop, word jy gedwing om oor hulle alles te sê en te bely wat die Bybel oorspronklik net aan gelowiges wat gedoop is, toegesê het.

Om daardie rede, bely die Formulier vir die doop van babas verkeerdelik die volgende dinge oor daardie baba wat gedoop word:

- Hy/sy word daardeur verbind aan Christus en dus skoongewas van al hulle sondes deur Sy bloed.
- Hulle ou sondige lewe het saam met Christus gesterf aan die kruis en hulle is dan ook saam met Hom opgewek uit die dood, sodat hy/sy nou 'n nuwe lewe, dood vir sonde maar lewend vir God, kan lewe (Rom. 6:11).
- Hulle is verseël deur die teken van die doop om so hulle deel-wees van die Kerk van Christus Jesus te waarborg, wat hulle dan verplig om te lewe as lewende ledemate van Sy Kerk.
- Die doop waarborg aan hulle dat God self deur Sy Gees in hulle woon om hulle lewens te regeer sodat hulle daagliks meer en meer van Sy beeld na buite kan reflekteer.
- God waarborg verder daarmee dat Hy reeds die inisiatief geneem het vir hulle redding en Sy genade waarborg hierdie baba se redding. Deur die doop het hierdie baba deel gekry aan al die beloofde geskenke wat ons s'n is in Christus Jesus, omdat hulle nou deel is van die mense wat aan God behoort en deel is van Sy Kerk op aarde.

'n Mens voel amper om te skreeu: Maar verstaan julle dan nie wat julle hiermee saam alles bely nie!

Julle is besig om leuens aan hierdie ouers van hierdie baba wat gedoop word, te vertel!

Verder is julle besig om onwaarhede oor hierdie baba wat gedoop word te vertel!

Verstaan julle nie wat die konsekwensies hiervan is nie!

Om vir ouers te sê dat hulle gedoopte baba reeds gered is en om vir gedoopte kinders later te sê en te leer dat hulle, omdat hulle gedoop is, reeds deel het aan Christus en deel is van die geredde Kerk van Jesus, is niks anders as onverdunde gif wat vir hierdie mense ingegee word nie!

O, mag God ons vergewe vir al hierdie leuens wat ons oor soveel jare in die kerke van die Reformasie aan mense en hulle kinders bedien het!

Mag dit ons nie toegereken word nie!

Maar, kom ons gaan verder.

Onthou wat die belangrikste teologiese redes en argumente is waarom kerke van die Reformasie babas doop. Hulle belangrikste argumente is soos volg:

- God is in ’n verbondsverhouding met gelowiges en hierdie verhouding sluit dan ook hulle kinders en hulle nuutgebore babas in.
- In die Ou Testament was die besnydenis die teken van die Ou Verbond en is dit bedien aan babas van agt dae oud.
- Die doop is die teken wat in die Nuwe Testament gegee word om die besnydenis mee te vervang en moet daarom, ook ten minste aan kinders en spesifiek babas van gelowige ouers bedien word. (Die Nuwe Verbond is immers ’n beter verbond as die oue. En as die Ou Verbond babas ingesluit het, sal hierdie Nuwe, beter Verbond, ten minste dit ook doen.) As ons dan hierdie teken aan babas bedien, selfs voordat hulle self kan kies om te glo, betuig ons daarmee dat God Sy genade soewerein bedien aan mense soos Hy wil en dat Hy die Inisieerder is van so ’n verhouding tussen Hom en hulle.
- Hulle glo dat Kol. 2:11 en 12 die verse in die Bybel is wat vir ons leer dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Omdat die interpretasie van Kol. 2:11 en 12 die hart van die saak raak, is dit belangrik dat ons na hierdie verse in konteks kyk en vir onsself seker maak wat presies in hierdie verse gesê word.

Kom ek haal vir jou hierdie verse in die konteks van vers 9 tot 15 aan uit die N.A.V.:

Kol 2:9 *In Hom is die volle wese van God beliggaam*,

Vers 10 *en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.*

Vers 11 *Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.*

Vers 12 *Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.*

Vers 13 *Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.*

Vers 14 *Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.*

Vers 15 *Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.*

Kyk ’n mens spesifiek na die begrip “besnydenis” soos dit in hierdie verse voorkom, is dit baie duidelik dat dit niks te make het met die fisiese besnydenis wat in ’n baba se lewe gebeur het op agt dae oud onder die Ou Verbond nie.

Hierdie begrip dui eerder ’n geestelike gebeure aan wat op 'n latere stadium in iemand se lewe gebeur.

Die begrip “besnydenis” in hierdie geestelike betekenis, kom ook op ’n klompie ander plekke in die Skrif voor, soos bv. in Deut. 10:16 en 30:6 waar die volgende staan:

Deut. 10:16 (in die Ou Afrikaanse Vertaling) – **"** *Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie."*

Deut. 30:6  (in die Ou Afrikaanse Vertaling) –  **"** *En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe. "*

Dit is dus baie duidelik dat dit waarna Paulus hier verwys, is waaroor Jesus met Sy dissipels gesels het daar in Joh. 3.

Daar het Hy hulle geleer oor die wedergeboorte wat God se Gees self in mense se gees bewerk.

Hy het daar vir hulle geleer dat alhoewel ons nie hierdie werk van God se Gees kan sien en presies weet wanneer dit gebeur nie, kan ons wel die bewys en gevolge daarvan in iemand se lewe sien.

Dan gebruik Jesus die gebeure daar in Num. 21 om dit te illustreer.

Hy vertel aan hulle dat net soos die Israeliete van destyds, wat besig was om te sterf, op grond van God se Woord gekies het om op te kyk na die brons slang aan die paal en beleef het hoe God hulle lewend gemaak het, so sal ons weet dat God se Gees nuwe lewe aan iemand se gees bedien het wanneer ons hulle “sien” opkyk in geloof na die Een wat aan die kruis hang.

God het immers belowe: elkeen wat in Hom glo – na Hom in geloof opkyk vir hulle redding – sal gered en dus lewendig word.

Met ander woorde, Kol. 2:11-12 bevestig dus maar eintlik net weer wat op soveel ander plekke in die Skrif staan, naamlik dat ons alleen deur geloof in Jesus Christus en Sy voltooide werk van verlossing, deel kry aan hierdie nuwe lewe.

As ’n mens sou vra na wat die teken of waarborg vir die beloftes en inhoud van die Nuwe Verbond sou wees volgens die Nuwe Testament, is daar geen twyfel oor wat die antwoord op die vraag is nie.

Luister maar net na 2 Kor. 1:22 in sy konteks van verse 19 tot 22 hieroor: *“… want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie “ja” en “nee” tegelyk nie. Hy is die “ja” van God, die “ja” op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop “Amen” sê.*

*God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.”*

M.a.w. wat Paulus hier sê is dat die Heilige Gees wat in die nuwe generasie mense van God woon, die seël en waarborg is van hierdie nuwe, beter verbondsverhouding wat daar nou tussen God en Sy mense bestaan deur die verlossing wat Christus Jesus vir ons bewerk het.

Dit het natuurlik geweldige ernstige konsekwensies as die Reformatoriese teologie, ondanks wat in die Skrif hieroor staan, kies om die Ekklesia of Kerk van Jesus Christus, steeds te bly definieer in terme van die Ou Verbond.

Deur ’n doop te gebruik, wat gebaseer is op die Ou Verbond, as toegang-teken om te bepaal wie tot die Ekklesia behoort, is soos om die gedane werk van Christus Jesus te verwerp.

Dit het natuurlik nog verdere konsekwensies in die Reformatoriese teologie en ekklesiologie.

As die Reformatoriese teologie dan voortgaan en die Tien Gebooie, of Wet van die Ou Verbond, gebruik as die wet en weg vir God se Nuwe Verbond-mense hoe hulle hul dankbaarheid moet toon vir wat Christus vir hulle gedoen het, glo ek, sit ons maar net met nog ’n gevolg van hierdie vassteek by die Ou Verbond deur die Reformatore en hulle nageslag.

As die Reformatore werklik die Nuwe Verbond wat Christus Jesus vir ons kom bewerk het en waartoe ons toegang kry deur geloof in Jesus Christus, deurdink het, sou hulle verstaan het wat Paulus bedoel as hy die Heilige Gees in ons, ons “nuwe wet” noem daar in Rom. 8 en in die boek Galasiërs.

As God se Nuwe Verbondsvolk, wat in ’n nuwe soort verhouding met God staan deur Jesus Christus, het ons nou Sy Gees wat in ons woon, wat self ons Wet wil wees, om ons te lei deur Sy stem. Ons het dus nie meer ’n ou Wet nodig om ons te lei nie.

Dit het natuurlik nog ander konsekwensies ook, as ons dink oor wie en wat die Ekklesia of Kerk van Jesus Christus, is in die lig van die Nuwe Verbond en die Heilige Gees wat self nou in ons as lede van die Ekklesia woon.

Luister na wat Jesus self, in die lig van vele Ou Testamentiese profetiese gedeeltes hieroor, aan Sy volgelinge beloof net voor Sy hemelvaart. Daar het Hy hulle belowe: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

God se hart vir Sy nuwe generasie mense wat in hierdie nuwe verbondsverhouding met Hom staan, is dat Hy Sy Gees gee om in elkeen van hulle te kom woon, maar ook om elkeen van hulle bonatuurlik toe te rus met bonatuurlike gawes van die Gees. Sodat Hy deur hulle kan werk en mense self kan bedien met Sy bonatuurlike krag en genade.

As ’n mens dan in die lig van die Nuwe Testament en die gebeure in die Nuwe Testamentiese gemeentes, kyk na hoe ’n normale volgeling van Jesus se geestelike geboorteproses lyk, sien jy die volgende:

- Jy sien hoe mense wat onder die geklank van die Evangelie tot ’n diepe sondebesef en berou kom;
- Hulle aanvaar, as deel van hierdie geboorteproses, Jesus Christus in geloof as Verlosser en Here;
- En word, op grond van hulle belydenis daaroor met hulle mond, op daardie selfde dag van hulle bekering gedoop in water;
- En dan word hulle daar by die doopbad, deur die ander gelowiges rondom hulle, die hande opgelê terwyl daar vir hulle gebid word dat Jesus Christus as die Doper met die Gees, hulle self sal doop en bonatuurlik sal toerus met die gawes van Sy Gees.

Dit is alles wat gewoonlik op Dag Een in die lewe van ’n nuutgebore bekeerling plaasgevind het. (Kyk maar na gedeeltes soos Hand. 2:36-39; 8:4-17; en 19:1-10 as voorbeelde hiervan).

Dit verander dus ’n mens se prentjie van wie die Ekklesia van Jesus Christus werklik is, radikaal.

In plaas van net bloot ’n skare passiewe gelowiges in die gemeente te wees, wat in rye moet sit voor een of twee meer geleerde, teologies opgeleide en begaafde persone, het jy voor jou ’n bonatuurlik toegeruste leërmag volgelinge van Jesus Christus, wat net sit en wag op gespesialiseerde opleiding vir hulle spesifieke bediening waarin God hulle wil gebruik in die gemeente en in die res van die gemeenskap en wêreld rondom hulle.

Wat ’n verskil sal dit nie maak in ons hele ekklesiologie en bediening binne die Liggaam van Jesus Christus, as dit waar was van ons prentjie van Sy Kerk nie!

## Deel 5 – Die Waagmoed om te Reformeer terug na die Woord toe… Weer en weer

In die Gereformeerde wêreld waaruit ek teologies kom, beteken die woord “reformeer” niks anders nie as om “terug te keer na wat die Woord sê”.

Dit dui ’n tyd aan waarin die kinders van God die waagmoed aan die dag lê om terug te keer na die voete van hulle Here en Leermeester, Jesus Christus self, met Sy Woord, die Bybel, in hulle hande, om net na Hom te luister oor wat die volle waarheid is oor ’n saak of aangeleentheid. En dan, as hulle Sy stem gehoor het, op te staan en in gehoorsaamheid te gaan doen wat Hy gesê het.

Natuurlik sluit dit, ten minste, ’n gewilligheid in en ’n keuse om soos daar in die begin, met niks anders op die tafel te begin as net God se Woord, die Bybel, nie.

Ware reformasie kan dus net gebeur wanneer ons ons probeer losmaak en los-dink, deur God se genade, van honderde en selfs duisende jare se teologiese denke en tradisies, om net weer vir ons self God se hart en wil te hoor.

Dit is natuurlik makliker gesê as gedaan in die gewone praktiese bestaan en manier van doen in die kerk.

Veral waar dit gaan oor sake waaroor die Kerk van Jesus al vir soveel eeue gesoek het na die waarheid.

Die meeste van die tyd dink en voel ons ons ken die volle waarheid. As iemand iets anders sou suggereer as hoe en wat ons deur die eeue bely en geglo het, voel ons dat dit ietwat voortydig en selfs arrogant is, want hoekom sou God dan nou eers aan ons openbaar wat die volle waarheid hieroor is?

Kyk ’n mens na die leiers van die Reformasie, sien jy die geweldige worsteling en dilemmas waarin hulle beland het om te probeer sê en bely wat die Bybel werklik sê.

In baie gevalle het hulle ook gewonder of dit werklik moontlik is om presies so te doen in hierdie gekontamineerde wêreld van ons, in ’n kerk vol stukkende mense.

Dan was daar nog boonop alles wat hulle geleer en ervaar het in die Rooms-Katolieke Kerk, waaruit hulle oorspronklik gekom het, wat hulle denke nog verder gekontamineer het.

Om ’n skoon en totaal reformatoriese paradigmaskuif te kon maak, was vir die meeste van hulle nie moontlik nie, soos duidelik blyk uit die kerkgeskiedenis en gebeure daarna.

As ’n mens verder nadink oor hulle kerklike en teologiese agtergrond, wat gegrond was op die kerklike sisteem van die Rooms-Katolisisme, besoedeld met hóéveel ander ismes en gemeng met al Konstantyn en sy navolgers se denke oor die ekklesiologie en pneumatologie, dan verstaan jy soveel meer van die dilemmas wat hulle beleef het.

Dan was daar nog boonop hulle “teëstanders”, die “Stiefkinders van die Reformasie” (soos ons hulle begin noem het).

In werklikheid was hulle bloot gelowige broers en susters in Christus Jesus, met Sy Gees wat ook in hulle gewerk en aan hulle die waarheid geopenbaar het, omdat hulle ook deel was van dieselfde Liggaam van Christus waarvan hulle almal deel was.

Ons moet verder besef dat die 95 stellings wat Luther daar in die begin van die Reformasie teen die kerkdeur gaan vaskap het, nie werklik alles die vrug van sy eie denke en oortuiging was nie.

Dit was in werklikheid die vrug en resultaat van ’n eeuelange proses waarin God se Gees met Sy mense in Christus se hele Liggaam besig was.

Verduin toon dan ook meesterlik aan in sy studie dat die meeste daarvan oorspronklik uit die geledere van die denke van die “Stiefkinders van die Reformasie” kom, jare en selfs eeue voor die werklike Reformasie.

Dit het ’n geweldige probleem in Luther, maar ook in die ander Reformatore se denke en lewens, veroorsaak. Van die formulering van sommige van hierdie waarhede uit die kringe en denke van die Stiefkinders, was so totaal vreemd vir Luther en sy mede Reformatore dat, alhoewel hulle dit agterna gesê het, het hulle nie altyd die volle konsekwensies daarvan verstaan nie, want hulle het eenvoudig nie tyd gehad en tyd afgestaan om dit behoorlik te deurdink en integraal deel te maak van hulle teologiese denke nie.

Ons het alreeds vir mekaar die tragiese eindresultaat gewys in die ekklesiologie van iemand soos Luther, wat heeltyd geworstel het met hierdie twee teenstrydige prentjies van die Kerk in sy kop en in sy hart.

Natuurlik is dit nie net waar van die Reformatore nie.

Dit is presies wat deur die eeue in God se kinders se lewens en denke gebeur.

Daarom is dit juis so belangrik vir die Liggaam van Jesus – en ek bedoel werklik daarmee die volle Liggaam van Jesus – dat ons God se Gees sal vertrou om steeds met ons te bly praat.

Om eeue na die Reformasie, aan ons te openbaar wat die volle waarheid is.

Hy is immers die God wat belowe dat Hy Sy kinders sal bly lei deur Sy stem.

Daarom is dit so nodig om mekaar weer aan te moedig om tyd te maak om alleen en in groepe aan Sy voete te gaan sit en Hom toe te laat om aan ons die waarheid te openbaar oor die vrae en verskille wat ons het.

Dan moet ons, na ’n tyd, bymekaar gaan sit en vir mekaar vertel wat ons gehoor het. Ons moet weer leer om na mekaar te luister en dan weer en weer probeer om op ’n nuwe, eenvoudige manier, dit wat ons ontdek, te bely sodat kinders dit kan verstaan.

Miskien sal ons dan ook die waagmoed hê om mekaar vergifnis te vra vir soveel onreg wat ons mekaar oor die jare aangedoen het.

Ons mag selfs die moed hê om restitusie te doen vir baie van daardie onreg.

Dink maar net aan al die eiendom wat as gevolg van die onbybelse bieg-praktyk in die Rooms-Katolieke Kerk, in die hande van die kerk beland het, wat dan teruggegee sal moet word!

Natuurlik sal die pad na vryheid vir die kinders van God om in hierdie volle waarheid te lewe, verskil van area tot area en van land tot land.

Vir ons, hier in Suid-Afrika, waar ons nooit nodig gehad het om teen 'n magtige Rooms-Katolieke Kerk-sisteem te stoei nie, was ons worsteling teen 'n ander soort monster.

Kerk, soos ons dit leer ken het in ons land, kom oorspronklik uit Europa en spesifiek Protestantse Europa.

Ons voorouers, soos onder andere die Hugenote, het hulle juis in Suid-Afrika kom vestig omdat hulle weggevlug het tydens die geweldige vervolging van die Rooms-Katolieke Kerk wat met mag en mening, al wat Protestant, sowel as Stiefkinders van die Reformasie, wou uitroei.

Hier in Suid-Afrika, was ons worsteling 'n worsteling teen 'n gees van Konstantinisme, wat weggesteek was in die Belydenisskrifte, soos die Heidelbergse Kategismus (kyk maar bv. Art. 36, ens.).

Dan was daar ook die politieke magte wat hande gevat het met die NG Kerk en so 'n Suid-Afrikaanse Staatskerk gevorm het wat die Stiefkinders van die Reformasie vir baie jare vervolg en gemanipuleer het.

Hulle het hulle verhoed om belangrike posisies in die regering te beklee en verhoed om die nasionale Radio- en Televisiestasies te gebruik om hulle leringe te verkondig. Hier is hulle eenvoudig gedegradeer tot sogenaamde "sektes".

Dit is eers na 1994, wat die NG Kerk se vlerke geknip is tot een van baie kerke in Suid-Afrika, met geen spesiale voorregte nie.

Maar God is en bly getrou om Sy waarheid voortdurend aan Sy mense te bedien, ongeag in watter kerkstruktuur hulle hul bevind.

Daarom verbaas dit 'n mens nie om te ontdek dat selfs binne die NG Kerk, met hulle tipiese Reformatoriese leer en belydenis, derduisende lidmate, sowel as leraars (in die geheim natuurlik) reeds daarvan oortuig geraak het om hulle te laat doop as gelowiges nie.

Baie van hulle is steeds lidmate van die NG Kerk.

Alhoewel die leer en belydenis van die NG Kerk dit nie tans amptelik (in 2013) toelaat nie, is daar selfs gemeentes waar lidmate wat daarvan oortuig raak, gedoop word as gelowiges.

As gevolg hiervan het ons reeds beleef hoe twee hele streeksinodes, die Sinode van Wes- en Suid-Kaap en die Oostelike Sinode, tot almal se verbasing, die volgende beskrywingspunte voorgelê het aan die Algemene Sinode tydens hulle sitting in 2011:

**"Ruimte vir die Bekeringsdoop" (Oostelike Sinode)**

Die Sinodale Diensraad lê die volgende beskrywingspunt namens die volgende vyf gemeentes aan die Algemene Sinode voor: Ermelo-Oos, Kerksondermure, Moreletapark, Witbank-Klipfontein en Witrivier.

Die Algemene Sinode besluit om gemeentes toe te laat om ’n bekeringsdoop te bedien. Dit is nie ’n herhaling of vervanging van die verbondsdoop nie, maar maak deel uit van die getuienis van lidmate se geloofsverbintenis met Jesus Christus.

**Motivering**

1. Hierdie besluit is die skepping van ruimte aan sommige lidmate in bepaalde gemeentes wat ’n behoefte het om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus.

2. Dit skep ook vir gemeentes die ruimte om ’n praktyk te vestig waarin hulle lidmate so kan bedien dat die band met die gemeente en kerk nie in gedrang kom nie.

3. Hiermee erken die Sinode die diversiteit van gemeentes en ’n eie pad wat lidmate met God loop.” (Agenda van die Algemene Sinode, NG Kerk, tydens sy sitting 10-14 Okt. 2011, bl. 291)

En dan die beskrywingspunt van die Sinode van Wes- en Suid-Kaap oor die doop:

**“Die doop (Wes- en Suid-Kaap) – Besluit en beskrywingspunt van die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap**

1. Die Sinode is oortuig daarvan dat die verbondsdoop ’n uitdrukking is van die grondwaarheid van die evangelie dat God se getrouheid groter is as ons ontrou, dat sy genade ons geloof voorafgaan – daarvoor is ons die Here innig dankbaar.

2. Die Sinode het by die sitting van 9-13 Mei 2011 daarvan kennis geneem dat daar lidmate van die NG Kerk is wat ander oortuigings en ervarings oor die doop het, by name dat die doop na belydenis van geloof vir hulle seën gebring het. Verder, dat hierdie oortuigings terselfdertyd vir baie getroue lidmate van die NG Kerk pyn meegebring het deurdat hulle onder die indruk gebring is dat hulle om daardie rede onwelkom in die kerk is – daarvoor vra die Sinode hierdie lidmate om verskoning. Die Sinode het ook daarvan kennis geneem dat sommige lidmate van die kerk hulle siening van die doop so op die spits dryf dat dit skeuring in gemeentes veroorsaak en pleit by al sy lidmate om oor hierdie kwessie groter wedersydse respek aan die dag te lê.

3. Die Sinode het nie alle kennis in pag nie. Dit is dus noodsaaklik om met nederigheid en openheid te luister na die getuienisse van gelowiges met ander oortuiging oor die doop as ons eie – daarom is die Sinode oortuig van die dringende noodsaaklikheid daarvan dat op alle vlakke van ons kerkregering, met name streeksinodes en die Algemene Sinode van ons kerk, weer eens nagedink sal moet word oor die doop.

4. Derhalwe versoek die Sinode die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) om voort te gaan met nadenke, studie en gesprekke oor die doop, en dat die insigte wat tydens die gesprekke by die sinode van Mei 2011 bekom is, verreken sal word.

5. Derhalwe versoek die Sinode die Algemene Sinode om met nadenke en studie oor die doop, die verbondsdoop asook die belydenisdoop, leiding te gee en in die besonder by sy sitting in Oktober 2011 uitsluitsel te gee oor die vraag of die regte opvatting van die doop ’n kernwaarheid van die evangelie is, ’n saak waaroor daar geen verskille onder gelowiges kan wees nie.

6. Ten einde hierdie nadenke te stimuleer, lê die Sinode van Wes- en Suid-Kaap aan die Algemene Sinode die volgende opsies voor om vir NG-lidmate wat 'n ander doopoortuiging as die verbondsdoop huldig in die kerk ruimte te gee.

Ons versoek dat die volgende opsies by die Algemene Sinode van Oktober 2011 bespreek sal word:

Opsie 1: "Ons verstaan dat mense verskillende standpunte oor die doop kan huldig." (Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid-Kaap).

Opsie 2: "Niemand sal verplig word om hulle kinders te laat doop nie." (Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid- Kaap).

Opsie 3: "Die kerk sal nie tugstappe onderneem teen lidmate wat die belydenisdoop ondergaan het, of oortuig is dat hulle, as gevolg van 'n ander siening van die doop, nie hulle kinders ten doop moet bring nie." (Aanvaar deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap).

Opsie 4: "Die kerk laat spesiale kategorie-gemeentes toe om, onder toesig van ringe, die belydenisdoop te bedien".

(Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie).

Opsie 5: "Lidmate word by wyse van uitsondering spesiale verlof gegee om die belydenisdoop te ondergaan".

(Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie).

Opsie 6: "Lidmate het die reg om 'n keuse uit te oefen of hulle die belydenisdoop wil ondergaan". (Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie).

7. Die Sinode voeg by die SKLAS-voorlegging kommentaar deur belangegroepe wat voor 30 Mei 2011 by SKLAS ingehandig moet word.

8. Die Sinode versoek die skribaat van die Algemene Sinode om alle tersaaklike rolspelers, byvoorbeeld die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD) en die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO), te vra om kommentaar wat by die voorlegging gevoeg moet word.

**Begeleidende brief van die Moderatuur van Wes- en Suid-Kaapland oor die beskrywingspunt t.o.v. die doop**

Dit het die afgelope tyd al hoe duideliker geword dat daar talle stemme binne die sinodale gebied van die Wes- en Suid-Kaapland, asook die breër NG Kerk, opgaan wat sterk daaroor voel dat die Kerk 'n ruimer standpunt oor die doop moet huldig. Dit het duidelik geword uit getuienisse dat die sogenaamde "bekeringsdoop" deur talle lidmate en kerkraadslede ondergaan is en nou voorgestaan word. Die saak word verder gekompliseer deur die feit dat hierdie standpunt juis deur baie betrokke en toegewyde lidmate gehandhaaf word. Dit is egter verder duidelik dat hierdie kwessie al die potensiaal het om 'n verdelende en selfs destruktiewe invloed op die Kerk te hê.

Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het dus geoordeel dat die kwessie nie langer geïgnoreer kan word nie.

Ons verstaan dat dit 'n komplekse kwessie is wat die hart van ons belydenisgrondslag raak. Juis daarom is dit belangrik dat daar uiters genuanseerd en met omsigtigheid hiermee gehandel word.

Die Sinode se eerste oogmerk was nie om die belydenisgrondslag van die kerk te verander nie. Daarom is daar ook nie ’n gravamen geformuleer nie. Die sinode wil ook nie afwyk van ons huidige standpunt oor die kinderdoop/verbondsdoop nie (kyk punt 1 van ons besluit).

Ons versoek die Algemene Sinode egter dringend om saam met ons te soek na maniere om hierdie saak op gepaste wyse te hanteer en vra dus dat die voorstelle, wat wel geformuleer is, op gepaste wyse by die Algemene Sinode aan die orde sal kom. Die besluite soos dit geneem is, is deur ons sinode geneem en behoort dus nou aan die “sinode”. Ons oordeel dat dit uiters belangrik is dat die Algemene Sinode die saak so sal hanteer dat die boodskap duidelik uitgestuur word dat ons binne die gees en waardes van die Luisterseisoen hierdie kwessie met erns en sensitiwiteit hanteer.” (Agenda van die Algemene Sinode, bl. 291,292)

In die lig van die gesindheid en openheid van hierdie twee groot streeksinodes van die NG Kerk oor hierdie saak, is dit so teleurstellend dat die Algemene Sinode dan soos volg besluit:

“1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

3. Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.

4. Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.

5. Die Algemene Sinode vra opreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.

6. Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doop-verstaan verlaat het, dat die NG Kerk ’n geestelik tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.” (Soos aangehaal van die NG Kerk se amptelike webblad, http://www.ngkerk.org.za/documents/uploads/BESLUITE–REGISTER2011.pdf )

Wat die hele aangeleentheid so tragies en selfs skokkend maak, was dat by dieselfde vergadering van die Algemene Sinode dan ruimte gemaak word vir ’n totaal onskriftuurlike doop-viering-praktyk. Luister hoe lui die besluit van die Algemene Sinode in die verband:

**“Doopherdenking/Herinnering”** (vgl. Agenda A.8 bl. 146 pt. 9; T.10.1 pt. 2.2; Notule Dag 3 bl. …)

1. Vertrekpunte vir gesprek

1.1 Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en ’n rykdom van teologie ontsluit.

1.2 Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.

1.3 Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot ’n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan ’n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie (soos tans in die kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.

1.4 Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie, maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.

2. Terminologie

Die Sinode besluit dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.

3. Riglyne vir die herdenking/herinnering

3.1 Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.

3.2 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.

3.3 Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as ’n her/weerdoop interpreteer mag word nie, maar direk met die verbonds-/christelike doop saamhang.

3.4 Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.

3.5 Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering ’n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.

3.6 Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefte van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus. Hierdie rituele is nie Sakramente nie en vervang nie die Verbondsdoop nie.”

Wat hierdie besluit rondom die viering van hulle doop as babas so tragies maak, is dat dit bedoel is om gelowiges “tevrede te stel” wat oortuig geraak het dat die doop van die Bybel ’n doop is wat net aan gelowiges bedien mag word.

’n Mens kan net jou kop in totale ongeloof skud hieroor!

Ek wil graag hierdie gedeelte afsluit met wat my aanbeveling oor hierdie saak by ’n kommissievergadering van die Sinode van Wes- en Suid-Kaap was.

Ek haal aan uit my verslag wat voor hierdie kommissie gedien het:

“Na my oordeel kan dit ‘n oplossing wees vir die NG Kerk om ook hierdie groep gelowiges – wat tot dusvêr vir die meeste gemeentes en leraars ‘n tameletjie was – effektief te bedien. Maar dan op so ‘n wyse dat hulle siening en verskil van mening met groter erns as in die verlede hanteer word.

Oor die jare het die NG Kerk by uitnemendheid getoon dat sy die vermoë en soepelheid het om rondom bepaalde leerverskille ruimte te maak vir verskillende sieninge.

Een baie goeie voorbeeld hiervan is die hantering van millennialisme binne die NG Kerk oor die jare. In die besondere geval het die NG Kerk haar selfs amptelik onthou van enige besliste kant-kies in hierdie saak ter wille van die eenheid onder gelowiges.

## Meer oor die verskille rondom die doop

Dit is van kardinale belang om die volgende op te merk oor die verskille wat tans oor die bediening van die Bybelse doop binne die NG Kerk onder gelowiges bestaan:

1. Die redes waarom sommige gelowiges hulle laat doop as gelowiges, verskil geheel en al van die tipiese siening wat ons tradisioneel onder gelowiges in die sogenaamde Pinksterkerke kry.

2. Die gelowiges binne die NG Kerk waaroor dit hier gaan, het hulle laat doop omdat hulle tot die oortuiging gekom het dat die Nuwe Testamentiese doop net aan gelowiges bedien mag word, sy dit as volwassene of as kind.

3. Wanneer hulle hulle dan laat doop as gelowiges, was dit uit gehoorsaamheid aan hulle Verlosser en Here, op grond van hulle opregte Bybelse oortuiging dat dit is wat Hyself van hulle vra. Hulle doen dit nie uit opstandigheid of rebellie teenoor die NG Kerk en haar sieninge nie.

4. Dit gaan ook nie vir hierdie gelowiges oor ‘n “viering van hulle doop as baba” nie.

5. Daar is na hulle oordeel ook nie sprake van ‘n weer-doop nie, omdat hulle oortuig is dat die besprinkeling wat hulle ontvang het as suigeling in ‘n verbondhuis, nie die Nuwe Testamentiese doop is nie.

6. Dit is ook belangrik om te verstaan dat hierdie gelowiges ten volle oortuig is van die tipiese gereformeerde siening rondom die verbond en die rykdom Bybelse beloftes in die verband. Al waar hulle wel verskil van die tipiese Gereformeerde siening in die verband is dat hulle tot oortuiging gekom het dat die doop nie die Nuwe Testamentiese teken is wat in die plek van die fisiese teken van die besnydenis gekom het nie.

7. Dit is verder belangrik om op te merk dat hierdie gelowiges glad nie verskil van die basiese Bybelse genade-leer wat binne die NG Kerk geglo word nie. Hulle is dus ten volle oortuig van die Bybelse waarhede oor God wat in Sy genade self die inisiatief neem in ons lewe, lank voor ons dit ooit self bedink of gewil het.

## Die volgende oor die reëling vir ’n interim-periode

Oor die neem van ‘n doelbewuste besluit om hierdie verskille oor die doop effektief te bestuur deur ‘n reëling vir ‘n interim-periode, die volgende:

1. Na my wete het beide die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, asook die Presbiteriaanse Kerk, vir hulleself op die wyse ruimte geskep om verskille oor die doop rustig en biddend vanuit die Woord, onder die begeleiding van God se Gees, opnuut weer te ondersoek.

2. ‘n Reëling van vier jaar pas dan ook die huidige praktyk vir wanneer die Algemene Sinode vergader en bied voldoende tyd om weer rustig landswyd hieroor te besin.”

Mag die Here self, deur die werking van Sy Gees, ons as Sy familie op aarde oortuig wat Sy perfekte wil en plan vir ons as Sy Ekklesia is.

## Terug na die Skrif en die Skrif alleen

“Reformeer” het nog altyd in ons geledere in die eerste plek beteken “terug na die Skrif en die Skrif alleen”.

Dit is hoog tyd dat ons weer erns maak aan die voete van Jesus, om die Bybelse waarhede nuut te probeer verwoord in die lig van die volle Boodskap van die Skrif en die Nuwe Verbondsverhouding wat Christus Jesus vir ons deur Sy doop en opstanding bewerk het, met God se Gees wat in en op Sy mense is.

Dan dink ek spesifiek aan Bybelse waarhede soos…

- “sola fide”, geregtigheid deur geloof alleen
- “sola gratia”, verlossing deur God se genade alleen
- “sola scriptura”, die Bybel alleen is ons finale toets vir waarheid en vir ons geloof en geloofslewe
- “solus Christus”, ons finale en totale verlossing berus geheel en al op Christus se gedane verlossings– en versoeningswerk
- “Soli Deo gloria”, aan God alleen kom toe die lof en eer wat reeds voor die grondlegging van die wêreld Sy finale verlossing– en herstelplan vir ’n mensdom en Sy wêreld bedink en beplan het.

Mag God ons weer die waagmoed gee om hiermee erns te maak.

## Verkorte Bibliografie

Verduin, L. *The Reformers and their Stepchildren.* Sarasota, Florida: The Christian Hymnary Publishers, 2000.

Stander, H.F. en Louw, Johannes P. *Baptism in the Early Church.* Leeds, England: Reformation Today Trust, 2004.

Broadbent, E.H. *The Pilgrim Church.* London: Pickering & Inglis Ltd, 1931.

’n Ondersoek en gekopieer uit die Ou Afrikaanse Bybel met die Online Bible-sagteware

Agenda van die Algemene Sinode, NG Kerk, tydens sy sitting 10-14 Okt. 2011

Aangehaal van NG Kerk se amptelike webblad, http://www.ngkerk.org.za/documents/uploads/BESLUITE–REGISTER2011.pdf

Nel, Christo, soos in ’n verslag voor ’n kommissie van die Sinode van Wes- en Suid-Kaap, getitel *"Die doop van gelowiges – 'n Bybelse en historiese ondersoek."*

# God is besig met iets nuuts

## Inleidend

Ek struikel oor my woorde en sukkel om in die regte woorde te sê wat op die oomblik in ons lewens aan die gebeur is.

Ons is in 'n totaal nuwe seisoen, my broer en sussie in Jesus!

Dit is asof die Here ons laat terugspring het in die prentjie en realiteite van 'n nuwe, maar tog baie ou soort Bybelse Ekklesia-wees wat gelowige volgelinge daar in die begin in Hand. 2 en Hand. 4 beleef het.

Dit is 'n soort familie-wees waar Jak. 1-5 en 1 Joh. 3 die toets vir ware liefde en geloof was.

Jesus het immers gesê dat mense ons sal herken as Sy volgelinge in die manier hoe ons mekaar prakties gaan liefhê.

Waar die Liggaam van Jesus werklik 1 reuse Familie in Jesus was, met naby-familie en verlangse familie.

Sonder die mensgemaakte, vlees-geïnisieerde, Mammon-geïnspireerde strukture wat God se een familie in SA in 30 000 verskillende kerkstrukture en duisende kerklike organisasies van allerlei aard verdeel het.

Ek moet baie eerlik wees: ek het in my bediening tot so onlangs as twee jaar gelede werklik niks van hierdie nuwe prentjie van die Ekklesia verstaan en beleef in my eie lewe nie.

Ek het geen idee gehad hoe die huidige realiteite wat ons tans in die kerk as geheel beleef en sien, alles verwring en God se liggaam en bediening verwoes nie!

Ek self het dit nie besef voordat God self nie aan my iets van Sy hart hieroor nuut het nie.

Die Here het aan my en Hetta iets begin openbaar van hierdie nuwe prentjie van ware Bybelse Ekklesia-wees en dit wat Hy tans oor die wêreld in die verband doen.

Ja, waarom in 2017, die jaar waarin die 500-jarige viering van die Reformasie plaasgevind het, Hy ons opdrag gegee het om God se mense op allerlei maniere uit te daag om die Reformasie van Sy Ekklesia soos Hy ons lei, te voltooi.

Ek glo Hy is besig om ons te leer dat Sy Liggaam, Sy ware Bybelse Ekklesia, waarlik Een is. Nie omdat hulle oor alles saamstem en dieselfde glo nie, en ook nie omdat hulle 'n mensgemaakte struktuur of organisasie-model gevind het om hierdie eenheid sigbaar te demonstreer nie. Inteendeel, ware Bybelse eenheid in die Ekklesia gaan juis beteken dat God se Gees ons gaan lei om "uit haar uit te kom", soos daar in Op. 18 staan.

Nee, hierdie eenheid lê in 'n geloofs- en liefdesverhouding met Jesus Christus, die ware Hoof van hierdie Liggaam, in en deur wie ons die Enigste ware God leer ken het as Vader, Seun en Gees, maar ook 'n liefdesverhouding met die res van Sy familie hier op aarde.

Hierdie familie is mense wat geestelik Bybels weergebore is soos die Bybel ons leer, Joh. 3 en Hand. 2:38-39.

Daarom deel ek graag met jou dit wat ek rondom eenheid in die Ekklesia ontdek het in die Skrif.

## Die Nuwe Testament oor eenheid en liefde

### 1. Oor eenheid

Joh. 17:11

*"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het,* ***sodat hulle net soos Ons een kan wees****."*

Joh. 17:21

*"Ek bid dat hulle almal* ***een*** *mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."*

Joh. 17:22

*"Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee,* ***sodat hulle een kan wees*** *net soos Ons een is…"*

Joh. 17:23

*"Ek in hulle en U in My, sodat hulle* ***volkome een*** *kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet."*

1 Kor. 12:12

*"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie,* ***een liggaam*** *vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."*

Ef. 4:3

*"Lê julle daarop toe om die* ***eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het****, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe."*

Ef. 4:13

*"So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike* ***eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God****. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus."*

Ef. 4:16

*"en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele **pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid**. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."*

Kol. 3:14

*"Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot **volmaakte eenheid** saambind."*

Rom. 12:4

*"Ons het baie lede in **een liggaam**, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie."*

Rom. 12:5

*"Net so is ons, al is ons baie, **in Christus een liggaam**, en almal afsonderlik lede van mekaar."*

1 Kor. 10:17

*"Omdat dit **een brood** is, is ons, al is ons baie, saam **een liggaam**, want ons het almal deel aan die een brood."*

1 Kor. 12:12

*"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, **een liggaam** vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."*

1 Kor. 12:13

*"Omdat ons almal **een liggaam** geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk."*

1 Kor. 12:20

*"Nou is daar wel **baie lede maar net een liggaam**."*

1 Kor. 12:26

*"**As een lid ly, ly al die lede saam**; en **as een lid geëer word, is al die lede saam bly**."*

Ef. 2:14

*"Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, **een** gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy **die vyandskap afgebreek** wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het."*

Ef. 2:15

*"Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot **een nuwe mensheid** verenig."*

Ef. 2:16

*"Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God **versoen** en **tot een liggaam verenig**."*

Ef. 2:18

*"Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, **deur die een Gees vrye toegang tot die Vader**."*

## 2. Oor liefde omdat ons een is

Rom. 15:6

*"Dan kan julle almal **eensgesind** uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus."*

1 Kor. 1:10

*"Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om **eensgesind** te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet **een** wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging."*

Fil. 2:2

*"… maak dan nou my blydskap volkome deur **eensgesind** te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe."*

Fil. 2:3

*"Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in **nederigheid** moet die een die ander hoër ag as homself."*

Kol. 3:13

*"Wees **geduldig met mekaar** en **vergewe mekaar** as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe."*

Kol. 3:15

*"En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam **in vrede met mekaar te lewe**. Wees altyd dankbaar."*

Joh. 13:34

*"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet **mekaar liefhê**. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê."*

Joh. 13:35

*"**As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is**."*

Joh. 15:12

*"Dit is my opdrag: Julle moet **mekaar liefhê** soos Ek julle liefhet."*

Joh. 15:17

*"Dit beveel Ek julle: Julle moet **mekaar liefhê**!"*

Rom. 1:12

*"Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons **deur mekaar se geloof bemoedig kan word**, ek deur julle s'n en julle deur myne."*

Rom. 12:10

*"Betoon hartlike **broederliefde** teenoor mekaar; bewys **eerbied teenoor mekaar** en wees mekaar daarin tot voorbeeld."*

Rom. 12:16

*"Wees **eensgesind onder mekaar**. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie."*

Rom. 13:8

*"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens **liefhet**, voer die hele wet van God uit."*

Rom. 14:13

*"**Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie**. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie."*

Rom. 15:5

*"En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle **eensgesind** onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê."*

Rom. 15:7

*"**Aanvaar mekaar** dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God."*

1 Kor. 12:25

*"… sodat daar **nie verdeeldheid in die liggaam** sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra."*

Gal. 5:13

*"Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar **dien mekaar in liefde**."*

Gal. 6:2

*"**Dra mekaar se laste**, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."*

Ef. 4:2

*"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in **liefde**."*

Ef. 4:25

*"Noudat julle die valsheid afgelê het, **moet julle onder mekaar die waarheid praat**, want ons is lede van **dieselfde liggaam**."*

Ef. 4:32

*"**Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar**, en **vergewe mekaar** soos God julle ook in Christus vergewe het."*

Ef. 5:19

*"… en **sing onder mekaar** psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."*

Ef. 5:21

*"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar **onderdanig**."*

Kol. 3:9

*"... en **moenie vir mekaar lieg nie**. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek... "*

Kol. 3:13

*"**Wees geduldig met mekaar** en **vergewe mekaar** as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe."*

Kol. 3:14

*"Bo dit alles moet julle **mekaar liefhê**. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."*

Kol. 3:15

*"En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van **een liggaam** in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar."*

Kol. 3:16

*"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. **Leer en onderrig mekaar** met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing."*

1 Tess. 3:12

*"En mag die Here **julle liefde** vir mekaar en vir alle mense laat **groei en oorvloedig maak**, net soos ons liefde vir julle."*

1 Tess. 4:9

*"Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self* ***deur God geleer om mekaar lief te hê****."*

1 Tess. 4:18

*"**Troos mekaar** dan met hierdie woorde."*

1 Tess. 5:11

*"**Praat mekaar moed in en versterk mekaar** dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen."*

1 Tess. 5:13

*"Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk.* ***Leef in vrede met mekaar****."*

2 Tess. 1:3

*"Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en* ***sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer****."*

Heb. 10:24

*"**Laat ons ook na mekaar omsien** deur mekaar **aan te spoor tot liefde** en goeie dade."*

Heb. 13:1

*"**As broers moet julle mekaar altyd liefhê**."*

Jak. 5:16

*"**Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar**, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."*

1 Pet. 1:22

*"Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het* ***om mekaar as broers ongeveins lief te hê****, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê."*

1 Pet. 4:8

*"**Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê**, want die liefde bedek baie sondes."*

1 Pet. 4:9

*"**Wees gasvry teenoor mekaar** sonder om te kla."*

2 Pet. 1:7

*"… die godsvrug met **liefde onder mekaar** en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense."*

1 Joh. 1:7

*"Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar **deel aan dieselfde gemeenskap** en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde."*

1 Joh. 3:11

*"Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: **Ons moet mekaar liefhê**."*

1 Joh. 3:23

*"En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en **ons moet mekaar liefhê** ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het."*

1 Joh. 4:7

*"Geliefdes, **ons moet mekaar liefhê**, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God."*

1 Joh. 4:11

*"Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, **behoort ons mekaar ook lief te hê."***

1 Joh. 4:12

*"Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons **mekaar liefhet**, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik."*

2 Joh. 1:5

*"En nou het ek 'n versoek, geagte vrou. Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar 'n gebod wat ons van die begin af gehad het:* ***Ons moet mekaar liefhê****."*

# Ekklesia – God se spesifieke bedoeling met die Ekklesia

## A. Inleidend

In my eie nadenke hieroor het ek 'n paar fundamentele geloofkeuses gemaak wat die voorveronderstellings vorm in my nadenke oor die Liggaam van Jesus en die posisie van 'n plaaslike ekklesia/gemeente. Die belangrikste hiervan is die volgende:

Die Liggaam van Jesus in 'n bepaalde area, dorp of stad, is in God se oë een, en is deel van die groter, volledige Liggaam van Jesus wêreldwyd.

Binne hierdie Liggaam vind ons verskillende ekklesias waar God deur Sy Gees deur die gawes en die vyfvoudige bediening gelowiges en 'n ongelowige gemeenskap wil bedien.

So 'n ekklesia kan verskillende vorms aanneem: Sy dit 'n groep gelowiges wat in 'n huisgroep ge-"commit" het om 'n geloof-familie te wees, of 'n aantal gelowige huisgroepe of geloof-families wat saam met ander gelowiges in 'n groter ekklesia ('n ekklesia van ekklesias dus) byeenkom.

Elke ekklesia het egter 'n baie spesifieke roeping van God af om te vervul:

- In die ekklesia in die huis of besigheid, het gelowiges geleentheid om baie persoonlik en intiem werklike Bybelse koinonia tussen gelowiges te beleef. Hier kan hulle mekaar bedien, begelei en toerus.
- Die groter ekklesia (wat ons gewoonlik "gemeente", of verkeerdelik "kerk" noem) – wat saam met ander ekklesias/gemeentes in 'n bepaalde omgewing, dorp of stad, een is volgens God se hart se bedoeling volgens Ef. 4:11-16, om Christus geleentheid te gee om hulle as deel van Sy Liggaam deur die vyfvoudige bediening (apostels, profete, herders, leraars en evangeliste) te bedien. Daarom moet die groter ekklesia se byeenkoms oop wees vir die bediening van die vyfvoudige bedienaars, wat meestal van buite die plaaslike ekklesia gaan kom (een gemeente gaan heelwaarskynlik nie die volledige vyfvoudige bediening in sy midde hê nie).

Ek glo dat daar bestaansreg vir verskillende ekklesias of gemeentes in 'n bepaalde area, dorp of stad om 'n verskeidenheid redes is, waarvan die volgende die belangrikste is:

- Bloot territoriaal – dit word later te ver vir mense om daar te kom om effektief bedien te word.
- Om groter getalle mense, en verskillende groepe mense effektief te bedien.
- Mense het verskillende aanbiddingstyle wat maak dat hulle onder sekere omstandighede meer tuis voel om te aanbid en bedien te word as in ander situasies.
- God roep ekklesias om 'n spesifieke rol of taak in 'n bepaalde gemeenskap te verrig. Daarom kry ons ekklesia wat 'n baie sterk profetiese of herderlike of evangeliese fokus het.

## B. God se bedoeling met ons as ekklesia

Teen hierdie agtergrond is dit lewens noodsaaklik vir die plaaslike ekklesia om telkens rekenskap te gee wat God se bedoeling vir hulle as ekklesia is. Dit is veral vir die geestelike leiers binne so 'n ekklesia lewens noodsaaklik om hieroor vir hulleself duidelikheid te kry. Die gawe van leierskap (wat Rom. 12:8 van praat) beteken immers prakties dat 'n leier gewillig moet wees om mense van punt A na punt B te begelei, en daarvoor moet jy weet waarheen jy met hulle op pad is.

Kyk 'n mens na die bediening van Jesus, en dit wat die Bybel oor die roeping van die ekklesia sê, is daar seker 'n verskeidenheid maniere om hierdie bedoeling van God met die ekklesia te formuleer.

'n Belangrike praktiese riglyn is altyd om dit so te formuleer dat gemeentelede dit maklik kan onthou om weer te herhaal aan ander. Die sakewêreld se wenk hieroor is dat die kern daarvan op 'n T-hempie moet pas.

Een voorbeeld van 'n bepaalde gemeente se formulering was die volgende:

- WEN (… nuwe volgelinge vir Christus)
- BOU (… hulle dan geestelik op tot geestelik volwasse volgelinge)
- STUUR (… hulle dan uit om ander mense te gaan wen vir Jesus)

Die betrokke gemeente het daarom verder gegaan en hulle hele bediening so ingerig dat 'n derde van die voltydse personeel, fondse en tyd spandeer word aan elkeen van hierdie drie onderafdelings van hulle roeping.

Willow Creek-gemeente in Amerika – waar Bill Hybels die senior leraar is – het in die begin van sy bestaan, God se roeping vir hulle as gemeente soos volg geformuleer na baie jare van ondersoek en gebed:

"To turn irreligious people into fully devouted followers of Christ".

Dit is natuurlik 'n baie ingrypende keuse vir 'n gemeente om dit as visie of roeping te formuleer. Aangesien die gemiddelde gemeente se fokus gewoonlik nie mense buite die gemeente is nie, maar eerder is om om die lidmate wat tans deel van die gemeente is, te probeer behou!

Wiilow Creek het doelbewus gekies om te fokus op twee dinge, naamlik om eerstens die ongeredde wêreld daarbuite effektief met hulle byeenkomste te bereik, en tweedens hulle, na hulle bekering, te begelei om volgelinge van Jesus te word wat ge-"commit" is.

Na 18 jaar se volgehoue bediening met dit as riglyn, het die gemeente weer 'n slag oor God se bedoeling met hulle gaan nadink. Hierna het hulle die volgende as hulle gemeente-roeping gaan formuleer met 5G's:

- "GRACE" – Elke gelowige het 'n roeping om oor God se genade teenoor ander te getuig
- "GROWTH" – Dit is die gemeente se opdrag om te sorg dat elke nuwe bekeerling of gelowige verder geestelik kan groei in die gemeente
- "GROUPS" – Daarom is dit noodsaaklik dat elke gelowige êrens deel moet wees van 'n groep gelowiges waartoe hulle dan "commit" tot mekaar se verdere groei
- "GIFTS" – Elke gelowige moet gehelp word om hulle gawes van die Gees te ontdek en te leer hoe om ander met die gawes te bedien
- "GOOD STEWARDSHIP" – Om te doen wat nodig is, moet elke gelowige geleer word om goeie rentmeesters te wees van die geld en ander bronne wat God tot hulle beskikking gestel het.

Wat belangrik was, was dat dit die resultaat was van 'n gemeente-denkproses wat oor 'n paar jare geduur het.

Dit het wel begin in Bill Hybels se hart, maar hy het dit gedeel met 'n aantal gemeenteleiers wat saam met hom daaroor begin dink en praat het. Daarna het hulle dit weer met verskillende groepe in die gemeente gedeel, totdat die hele gemeente deel was van die denkproses.

Dit het gemaak dat die hele gemeente gevoel het dat die eindproduk uiteindelik hulle formulering was wat aanvaar is as die roeping van die gemeente.

Toe moes die praktiese implimentering volg. Hier moes die leierskap van die gemeente besluit of hulle aan elkeen van hierdie vyf G's gelyke aandag en fondse gaan spandeer.

Uiteindelik het hulle besef dat die eerste G die sleutel is tot al die ander wat daarna volg. Die praktyk het ook bevestig dat, al spandeer jy gelyke hoeveelhede tyd en fondse aan al 5 aspekte, die eerste aspek altyd agterweë bly in vergelyking met die ander.

Die rede hiervoor is ooglopend: As die bose dit reg kry om 'n gemeente te verhoed om effektief teenoor die ongelowige gemeenskap rondom hom te getuig, droog die stroom lewende water (in die vorm van nuwe bekeerlinge), wat gedurig in die gemeente moet instroom, op en beleef jy dat die bestaande lidmate al meer en meer net met mekaar besig bly en baklei!

Die ideale prentjie van 'n dinamiese, groeiende gemeente sien ons in die gemeente in Hand. 2.

Daarom het Willow Creek besluit om 40% van hulle energie, tyd, personeel en fondse te spandeer aan die eerste G. Die resultaat hiervan was dat daar 'n groter stroom nuwe bekeerlinge die gemeente binnegestroom het. En die momentum hiervan het die ander 4 G's as't ware saamgesleep.

Kursusse is op Dinsdae- en Donderdae-aande aangebied om elke gelowige in die gemeente toe te rus om effektiewe getuies te wees, en die resultaat hiervan was dat daar kort daarna 1600 nuwe bekeerlinge gedoop is in die gemeente.

Kyk 'n mens na 'n grafiek van hoe die geestelike lewe van 'n gemiddelde gelowige na sy bekering oor die jare heen ontwikkel, is een van die ontstellende aspekte van so 'n grafiek, hoe die frekwensie interaksies met ongelowige mense afneem oor die jare. Totdat hulle uiteindelik in 'n totale geestelike isolasie lewe met geen kontak met ongelowiges in hulle normale lewe nie.

Dit is so anders as die Bybelse prentjie van 'n gelowige wandel met God.

Daar sien ons eerder dat hoe langer ons saam met God wandel en lewe, hoe meer begin ons Sy hart en Sy liefde vir 'n verlore gaande wêreld te deel. Wat ons behoort te motiveer om meer en meer tyd met ongelowige mense te spandeer, opsoek na geleenthede om die beste nuus wat ons ken, met hulle te deel.

Kan ek heel persoonlik aan jou vra: Hoeveel ongelowiges is daar in jou nabye vriendekring? Met hoeveel ongelowiges spandeer jy meer as 60 minute per week saam?

Dit is natuurlik 'n lewens noodsaaklike vraag spesifiek ook in 'n geestelike leier se lewe om mee erns te maak, want dit wat in jou lewe waar is, kan dan ook waar word in jou volgelinge se lewens.

Hoe draai 'n mens so 'n grafiek om terug na die Bybelse prentjie?

Elkeen wat dit al waag doen het, weet dat dit soos 'n derde wêreldoorlog is, want die bose gaan dit so moeilik as moontlik vir jou maak. Maar dit is moontlik met gebed… gebed… gebed… en lering op lering hieroor.

Daarom is dit nodig om mense uit te daag om hulle praktiese lewe en die leiers se bediening so in te rig dat daar spesifiek tyd gemaak word vir etes en afsprake met ongelowiges in hulle omgewing. Waar ons doodgewoon tyd met mense begin spandeer om verhoudinge te bou en mense se vertroue te wen, want eers as ons mense se vertroue het, het ons effektief die reg en die plek om aan hulle ons geloofstorie te vertel.

Gelowiges moet ook geleer word om doelbewus te let op situasies waar hulle normaalweg paaie kruis met ongelowige mense, soos by die petrolstasie of droogskoonmaker of restaurant, of rugbyveld, ens. En aangespoor word om gereed te wees om dit te benut as geleenthede om te getuig oor God se genade in hulle lewens.

## C. Trek goeie leiers in jou span in

Soos wat die Here groei in 'n gemeente gee, is dit van lewensbelang dat goeie leiers deel van so 'n wenspan word.

In gemeentebouprogramme is die 200-lidmaat-grens 'n baie bekende verskynsel, wat doodgewoon daarop neerkom dat 'n gemeenteleier effektief sowat 200 mense kan bedien. Daarom is dit die gemiddelde grootte van die meeste gemeentes.

Kyk jy na 'n gemeente soos Willow Creek, sien jy dat daar tans 3200 selgroepe in hierdie gemeente is, en dat dit steeds verder bly groei.

Die geheim hieragter is doodgewoon dat die leierskap doelbewus daarop fokus om so vinnig as moontlik nuwe geestelike leiers deel te maak van hulle span.

Hierdie proses bestaan uit drie elemente, naamlik identifikasie van nuwe potensiële leiers, investering in hierdie mense se lewens, en dan delegering van meer en meer verantwoordelikheid aan sulke leiers.

- Identifisering van nuwe leiers behels die volgende: 'n Aantal bestaande leiers in die gemeente is spesifiek afgevaardig om op die uitkyk te wees vir mense met leierskap-potensiaal in die gemeente.
- Investering in sulke nuwe potensiële leiers se lewens: Dit behels in wese dat daar tyd spandeer moet word met elkeen van hierdie persone, om hulle toe te rus, teenoor hulle goeie leierskap en volgeling-wees van Jesus te moduleer, en leierskap as't ware in hulle te reproduseer.
- Delegering van verantwoordelikhede aan sulke nuwe leiers: Dan volg die belangrike stap om te waag om meer en meer verantwoordelikheid aan die nuutverkose leiers oor te dra, en hulle geleentheid te gee om te begin leiding neem as leiers.

Daarom is 'n effektiewe leier-ontwikkelingsprogram of -strategie in enige groeiende gemeente van lewensbelang.

Deel hiervan is om in staat te wees om potensiële leierskap te herken as jy dit sien. Potensiële leierskap kan aan die volgende aspekte gemeet word:

- Het hierdie persoon reeds invloed onder mense? 'n Mens kry mos mense wat ander natuurlikerwys beïnvloed en ander wat doodgewoon net volgelinge wil wees.
- Die karakter van so 'n persoon moet beantwoord aan die Bybelse maatstawwe, naamlik dat dit iemand is wat 'n intieme wandel het met God, geestelik volwasse is, wat die waarheid praat, ge-“commit” en betroubaar is.
- Dit moet iemand wees met goeie menseverhoudings en "people skills": As iemand nie weet hoe om liefdevol en sensitief met ander mense te werk nie, is dit chaos. (1 Kor. 13 en Ef. 4:32)
- Dit moet iemand wees wat natuurlikerwys energie uitstraal na ander: Nie net persoonlike energie nie, maar ook ander mense kan aansteek met sy of haar entoesiasme. Daarom soek jy nie iemand wat heeltyd laat is of gesmeek moet word om dinge te doen nie.
- Dit moet iemand wees met die nodige intelligensie: En hier gaan dit nie oor 'n hoë IK as sulks nie, maar bloot oor iemand wat in staat is om informasie met gemak te absorbeer, en in staat is om wyse besluite vinnig te neem.

Al vyf hierdie elemente moet in iemand wees om te kan kwalifiseer as 'n potensiële leier.

Lyk vir my die enigste manier hoe 'n mens dit gaan ontdek, is om genoeg tyd saam met mense te spandeer om te sien hoe hulle onder verskillende situasies optree.

Dit is ook 'n goeie strategie om gedurig 'n lysie by jou te dra waarop jy potensiële leiers se name kan opskryf, en saam met wie jy dan kan begin tyd spandeer om hulle biddend "deur te kyk of hulle kwalifiseer".

As hulle dan kwalifiseer, om in hulle tyd, toerusting en aandag te begin investeer. Begin hulle opbou, tyd aan hulle spandeer, rus hulle toe, skep leer-momente (moeilike krisissituasies is ideale leer-momente!), en gee hulle dan geleentheid om te wys van watter staal hulle gemaak is.

Uiteindelik moet 'n mens besef dat 90% van 'n mens se vermoë om te kan lei die resultaat is van praktiese ervaringe waarin jy leiding moes neem. Daarom is dit noodsaaklik om hierdie nuwe leiers die geleentheid en die avontuur te gun om te begin leiding neem. Ja, jy bly daar langs hulle om te kontroleer en te evalueer. Maar die bedoeling is om hulle geleentheid te gee om leiers te wees, met die volle verantwoordelikheid wat dit behels.

# Huisgesinne is die Ekklesia-in-die-kleine

## ’n Paar belangrike Bybelse lyne in die verband

1. Jesus Christus is die Koning van God die Vader se koninkryk op aarde. Omdat Hy die mens so lief het, het Hy ‘n pad van redding vir ons beplan om so uit gered te word onder die heerskappy van die magte van die donker wat voorheen oor ons geheers het. Hy het ons toe ‘n nuwe burgerskap gegee, naamlik dié van die koninkryk van die hemel op aarde. (Ef. 2:4; Kol. 1:13)

2. Die begrip “koninkryk van die hemel” dui die heerskappy en regering van Jesus Christus as die nuwe Koning in die hemel en op aarde aan. Dit dui ook al die voordele en verantwoordelikhede aan wat nou ons wat aan Jesus as die nuwe Koning onderwerp het, se deel geword het. Sy begeerte is dat ons ‘n lewe sal lewe wat pas by ons nuwe burgerskap as burgers van die Koninkryk van die hemel. (Ef. 4:1)

3. Die vertaling “kerk” is die vertaling van die Griekse woord, ekklesia (letterlik: ek- = “uit”; en kaleo = “om geroep te wees”). Om dus deel te wees van God se ekklesia op aarde beteken om deel te wees van die mense van God in hierdie wêreld wat Hy uitgekies het om Hom 24/7 te verteenwoordig in hierdie wêreld. ‘n Mens sou selfs kon sê dat die ekklesia bedoel is om die primêre uitdrukking te wees van God se koninkryk op aarde.

4. Die ekklesia is dus vir God geweldig belangrik (of soos hulle in Engels dit treffend sou sê: ‘n “big deal”!). En dus beslis nie maar net nog iets op aarde nie. Inteendeel. Die Skrif dui hierdie groep mense wêreldwyd aan as “Christus se Liggaam”, waardeur Christus self, as die Hoof, die wêreld wil bedien, en waardeur Hy alles met Sy teenwoordigheid wil vul (Vgl. Ef. 1:22-23 in die Message-vertaling).

5. Die ekklesia is God se belangrikste visuele hulpmiddel om Sy wil en plan aan die wêreld om hulle te vertoon. Ef. 3:10 en 11 sê selfs dat God besluit het om deur die ekklesia die magdom van Sy wysheid bekend te maak aan almal rondom hulle, selfs aan die heersers en magte in die onsigbare realm.

6. Die ekklesia is dus nie maar net nog ‘n byeenkoms in ‘n spesiale gebou, vir een of twee ure op ‘n spesiale dag in die week nie. Inteendeel, dit is waar die koninkryk van God sigbaar word onder ‘n groep mense op ‘n 24/7 basis. Natuurlik kom hulle gereeld byeen om mekaar op te bou en te versterk in hulle onderlinge geloof (1 Kor. 14:26), maar ekklesia-wees is nie beperk tot net hierdie byeenkomste nie.

7. Om die koninkryk van God in ‘n bepaalde gebied of onder ‘n bepaalde groep mense uit te brei, kom die Koning gewoonlik eerste na een van die huisgesinne (in die Grieks, oikos), deur ‘n man of vrou “van vrede” (= met honger vir God se vrede) in hierdie gebied of groep (Luk. 10:1,5). Voorbeelde hiervan is Kornelius (in Hand. 10), die tronkbewaarder in Filippi (in Hand. 16), en Lidia, die purper verkoopster (in Hand. 16). Hierdie lede van gesinne wat dan tot bekering kom, word dan die eerste demonstrasies van die Koninkryk (“God se vertoonvenster binne stapafstand van elke mens in hulle omgewing”). Dit is dan van hulle af wat hierdie “virus” van die Koninkryk begin versprei na die omliggende mense of gebiede om hulle.

8. Dus, die eerste en belangrikste uitdrukking of vorm van ekklesia-wees (en ook van God se Koninkryk dus) is dus in ‘n bepaalde familie of gesin. Dit is ook heeltemal in lyn met die tipiese Joodse denkwyse waar die huisgesin aangedui word as ‘n miqdash me’at, of te wel, ‘n klein “heilige tempel”. Daarom was die gesin binne die Joodse gemeenskap nog altyd die hart van alle godsdienstige lewe.

9. Meer spesifiek kan ons sê dat binne die huisgesin is dit die huwelik tussen die man en vrou in daardie gesin wat dit eerste en belangrikste uitdrukking is van ekklesia-wees en die Koninkryk van God. Paulus teken hierdie geweldige waarheid daar in Ef. 5:22 tot 33. G’n wonder nie dat Joodse tradisie vir ons sê dat die ooreenkoms tussen ‘n man en vrou by die sluiting van ‘n nuwe huwelik, die herhaling of replika is van God se ewige ooreenkoms met Sy uitverkore mense-familie op aarde.

10. Ekklesia-wees vind dus sy eerste uitdrukking daar tussen ‘n man en sy vrou, en dan tussen hierdie ouers en hulle kinders, en dan eers verder in die verhouding tussen hierdie huisgesin en ander huisgesinne.

11. Kan ekklesia so klein soos net tussen twee mense wees (soos ‘n man en sy vrou in die huwelik)? Volgens Mat. 18:20 kan dit wel so wees. In hierdie ekklesia in die kleine, geld al God se beloftes aan Sy ekklesia. Wat ‘n bemoediging is dit nie vir elke huwelik en gesin nie! Daar waar ons saam is in die Naam van Jesus, of ons nou saam bid of saam bedien na buite in Sy Naam, daar is Jesus Christus, die Koning van die Koninkryk self, in al Sy krag, genade en liefde, en kan ons dus wonders verwag!

12. Koning Jesus “val dus as’t ware ‘n huisgesin binne” om elke lid van daardie huisgesin te bedien met Sy rykdom seëninge. (Ef. 1:7-8) Sy bedoeling verder is dan om daardie huisgesin te gebruik as Sy basis vir verder operasies om so Sy genade te bedien aan al die huisgesinne in daardie omgewing. (Luk. 10:5-9) Daarom praat Gen. 12:3 daarvan as dat ons al die families op aarde tot seën kan wees. Dit is dan ook hoe Mat. 28:19 en 20 prakties word as die manier hoe ons dissipels kan maak van al die mense-groepe op aarde. (Die woord in die Grieks, wat Afrikaans met “al die nasies” vertaal het, is die woord Ta ethne, wat dui op enige wyse hoe mense in kleiner mense-groepe ook al verdeel kan word, sy dit etnies, of in geografiese eenhede soos dorpe en stede, ens.)

13. Dit wat hier staan is dus ‘n belangrike paradigmaskuif weg van dit wat tradisioneel as “kerk” gesien is. Dit help ons om te verstaan waarom die Skrif die karakter van die ekklesia aandui as “familie” of “gesin”. Die ekklesia in sy kleine is dus die mees basiese vorm van “Bybelse kerk-wees in sy mees eenvoudige vorm”. En ons weet dat net dit wat eenvoudig is, ook die mees effektiefste kan vermenigvuldig.

## Die visioen oor die Herlewing – April 1997

'n Baie belangrike dryfveer in my lewe en bediening in die Ekklesia van Jesus, spesifiek hier in die Wes-Kaap, is die visioen wat ek in April 1997 tydens 'n treinrit êrens tussen Matjiesfontein en Touwsrivier gehad het.

Drie jaar na die begin van 'n Afrikaanse vernuwings-gemeente in Potchefstroom, teen die einde van 1995, het ek beleef die Here gee my opdrag om ons storie en die pad wat God met ons gestap het na 'n veertien-jaarlange bediening in die NG Kerk, neer te skryf en te publiseer.

So verskyn my eerste publikasie, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, in 1996.

Van die oomblik wat die boek verskyn het, is ons uitgenooi oor die land, om te kom praat oor dinge wat in die boek staan. Gelowiges wat soos ons uit 'n tradisionele reformatoriese agtergrond uitkom, wou meer weet oor wat die Here ons alles geleer het en oor die nuwe gemeente se fenomenale groei.

So is ons in April 1997 uitgenooi om in Ceres te kom bedien daaroor. Die mense wat ons uitgenooi het, het 'n vakansiehuis in Vermont, by Hermanus, gehad en het ons uitgenooi om 'n week daar te kom spandeer voordat ons kom bedien in Ceres. Hulle sou ook vir ons 'n motor daar los om mee te ry.

Ons besluit toe om 'n familie-vakansie daarvan te maak en om met die trein Kaap toe te kom.

Ons het die middag uit Potchefstroom vertrek en lekker op die trein geslaap. Vroeg die volgende oggend het ons as gesin gestap na die eetsaal op die trein. My vrou en twee kinders het vooruit gestap en ek agterna.

Net voor Touwsrivier, toe ons die klein treinhalte, Konstabel, verbygery het met die trein, het ek buitentoe gekyk en skielik op die ruit van die treinwa 'n rolprent sien afspeel van 'n herlewing wat plaasvind.

Laat ek dadelik sê: Ek sien nie normaalweg allerlei visioene nie. Ek droom nie eers drome wat ek kan onthou nie.  Dit was dus totaal teen my normale aard dié!

Ek hoor nou nog die Here sê: Sien jy, dit is herlewing!

Ek antwoord: Ja, Here!

Hy sê toe: Dit is soos die herlewing van 1860-61, in Andrew Murray se tyd!

Waarop ek antwoord: Ja, Here. U weet ek ken die detail van daardie herlewing.

Toe sê die Here: Daar kom weer so 'n herlewing en dit gaan weer in die Kaap begin en rol oor Suid-Afrika, dan oor Afrika en na die res van die wêreld.

Ek sê toe: Here, ek sal U 'n miljoen rand betaal om daar te wees!

Waarop Hy dan vir my sê: Jy gaan daar wees, maar dan moet jy, as jy teruggaan Potch toe, alles gaan verkoop en Kaap toe trek, want Ek wil jou nou hier gebruik.

Skielik was die visioen weg.

In die volgende week het ek en my vrou verskeie kere hieroor gesels, want sedert ons aankoms in Hermanus, is ek bykans 11 keer uitgenooi om verskeie groepe daar te bedien, alhoewel ek ’n totaal onbekende figuur in daardie omgewing was.

Toe ek die Here “vriendelik” daarop wys dat ons eintlik daar is met vakansie, het Hy vir my gesê dat dit nie hierdie keer vir my “vakansie” gaan wees nie, want Hy wou my die nood in die omgewing wys om ons te wys hoekom Hy ons hiernatoe roep.

Die laaste dag wat ons in Vermont was, voor ons daardie middag om 13h00 sou vertrek Ceres toe, sit ek en my vrou, Hetta, langs die see en gesels oor alles wat ons belewe het die betrokke week.

Ek vra haar toe wat vir haar ’n seker teken sou wees dat die Here ons Hermanus toe roep.

Sy antwoord my toe: As iemand vanoggend vir ons sou sê, sonder dat ons vir enigiemand vertel wat ons tans beleef, dat as die Here julle hierheen roep, hier is vir julle ’n huis om in te woon!

Wel, ons het nog een afspraak in Hermanus gehad waar ’n man ons aan sy vrou wou voorstel.

Terwyl ons by hulle sit en tee drink, hou die man skielik op met praat, kyk na ons en sê: Julle ken my nou nie regtig nie, maar hierdie huis behoort aan my, asook nog twee huise aan die regterkant. As die Here julle ooit Hermanus toe roep, kan julle in een van daardie huise kom woon.

Wel, ’n sekerder teken kon ons seker nie gevra het nie!

Nodeloos om te sê dat ons dadelik die leierskap van die gemeente in Potch laat weet het, dat ons met ons terugkoms in Potchefstroom, alles daar gaan verkoop, die leierskap gaan oorgee aan die leierskap wat ek reeds voorheen in plek gesit het en Hermanus toe gaan trek, want God het so gesê!

Drie weke na ons terugkoms, het ons as gesin Hermanus toe sak en pak.

Daarom woon ons tans in die Wes-Kaap met die verwagting dat ons reeds die eerste druppels van een van die grootste, indien nie die grootste nie, herlewings beleef wat die wêreld nog ooit gesien en beleef het.

## Die meeste herlewings begin waar mense begin bid…

Ek glo dat hierdie generasie aan die vooraand van die grootste herlewingsgebeure ooit staan… waar mense God se "aangesig" sal sien…

Dit lyk vir my, in die lig van die Skrif, dat die voorwaardes van Sy "verskyning" onder ons, nog steeds dieselfde is: naamlik die woord daar in 2 Kron. 7:14-16:

"*if My people, who are called by My name, shall humble themselves and pray, and seek My face and turn from their wicked ways, then will I hear from heaven, and will forgive their sin and will heal their land. Now Mine eyes shall be open and Mine ears attentive unto the prayer that is made in this place. For now have I chosen and sanctified this house, that My name may be there for ever; and Mine eyes and Mine heart shall be there perpetually*."

Hoor jy wat hier staan?

- "*humble themselves*" – om dood te gaan daar op die altaar van sondevergifnis aan wat jy glo die oplossings vir dinge is en God weer toelaat om God te wees in jou lewe… sodat Hy kan sê wat in Sy hart en op Sy agenda vir nou is
- "*pray, and seek My face"* – ons soek nie net herlewing en 'n sporadiese bewuswording van God se teenwoordigheid onder ons nie. Ons begin bid dat ons en ander om ons, weer 'n konkrete ontmoeting met die lewende God sal hê… dat almal sal weet God self nou hier onder ons aan die werk is.

Oral waar daar werklik herlewings in die geskiedenis was – en hulle sê my daar was reeds meer as 200 van hulle in die tydperk sedert Christus se koms tot nou toe – was daar altyd gelowiges wat naarstigtelik God se aangesig gesoek het, soos Sy Woord vir ons sê.

So lees ek dat voor en tydens die Azusa-straat-herlewing in 1904-5, het Aimee Semple McPherson en William Seymour saam met honderde gelowiges gebid dat God Sy "gesig" vir hulle sou wys en tussen hulle sou wees op 'n nuwe vars manier.

Ek lees hoe William baie keer, as gevolg van al die geroesemoes van die baie mense om hom, sy kop letterlik in 'n appelkrat gesit het om te bid dat God se heerlikheid tussen hulle sigbaar sou word.

Hierdie soeke en roep na God is presies wat in Argentinië gebeur het in 1950 toe Dr. Edward Miller en sy 50 Bybel-studente God se troon begin bestorm het met ernstige gebede.

Jy moet onthou dat daardie land in daardie tyd 'n geestelike woestyn was. Dr. Millar bereken dat daar destyds net sowat 600 Geesvervulde gelowiges in daardie hele land toe was. Okkultiese bedrywighede was aan die orde van die dag. Daarom het hy en ander net voor God begin huil en begin intree met 'n Geesgegewe passie vir hulle land en sy mense, en God het gehoor en een van die grootste herlewings in ons dae het daar uitgebreek.

Die Here is weer besig om gelowiges op te roep om die Woord te begin "eet" en te doen wat daar in staan: Om te begin bid.

God wil ons gebruik om die verskil te maak en om die deurbraak te bewerkstellig.

God wil ons liggame gebruik as "Sy tempel" om Sy heerlikheid te vertoon aan 'n ongelowige wêreld om ons. En die pad daarheen , glo ek , is weer gebed… ernstige gebed.

Blaai saam met my daar na Jak. 5:16-18 toe waar daar staan:

"*Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer."*

God soek gebed wat werklik "*'n kragtige uitwerking"* het. Dit gebeur wanneer ons "*ernstig*" bid, soos God dit wil hê.

Dit is nie die "alleen-goed" vir 'n klompie "uitverkorenes" onder ons nie. Dit is vir elkeen wat in Christus Jesus in gehoorsaamheid gelowig kom en vra. Wat kom en vra, in lyn met die beginsels en patrone wat God ons leer in Sy Woord, want dan sal ons Sy beloofde resultate sien.

So glo ek, is dit belangrik om as jy bid…

- te bid vanuit jou geloof-posisie in Jesus: geregverdig en as kind van die lewende God op grond van Sy Woord
- geklee met die wapenrusting van Ef. 6 aan, want vers 18 sê dat ons dit moet aanhê as ons "gedurig" moet bid
- maar dat ons ook sal aanhou bid totdat ons resultate sien, of tot God sê: Dit is nou genoeg…
- dat ons, terwyl ons bid, "in die Gees sal bid", en dus sensitief sal wees vir die stem en leiding van die Gees van God hier binne-in ons.

God se Gees wil ons "lei" as ons bid. (Rom. 8:14 e.v.) Daarom is dit belangrik dat ons 'n geestelike sensitiwiteit sal ontwikkel om fyn te luister na hoe die Gees van God ons wil lei… en wat Hy vir ons wil wys. Ja, dat Hy baie keer vir jou gaan sê waarvoor om wanneer te bid.

Dit beteken prakties dat ons doelbewus ons sal instem om te luister na die Gees se leiding in ons. Dat ons Hom moet toelaat om in beheer te wees as ons bid, my wil onderwerp aan Sy wil, en dan presies sal doen wat Hy ons aansê om te doen.

Natuurlik sal die vyand alles in sy vermoë doen om dit te probeer verhoed, maar staan hom teë en hy sal van jou wegvlug.

Maar, kom ons keer terug na Jak. 5:17 en 18.

Hier word vertel van Elia, 'n mens net soos ons, wat God op Sy Woord geneem het en op grond daarvan begin handel en bid het. God het gesê dat dit nie gaan reën nie… en daarom kon hy dit vir die koning sê met vertroue. (vgl. 1 Kon. 17:1,7,14)

Sien, God se Woord aan ons is wat vir ons balans en rigting gee in ons gebede. God se Gees sal ons deur Sy Woord lei. En toe die Here weer vir Elia sê dit gaan reën (1 Kon. 18:1), het hy ook daardie woord vasgegryp en ernstig begin bid vir reën. Gaan lees maar wat daar in 1 Kon. 18:42 e.v. hieroor staan.

Wat my hiervan aangryp, in die lig van Jak. 5, is dat dit baie duidelik was dat daar baie emosie ook deel hiervan was. Die woord in Jak. 5 wat ons in Afrikaans met "ernstig bid" vertaal het, beteken letterlik "met intense emosie bid".

As God se Gees ons begin lei, openbaar en bewerk Hy iets van God se hart en passie in ons harte… Iets van God se emosie gaan ook uit ons begin uitvloei. Soms gaan ons dan iets beleef van die

reedsvoldonge oorwinning en die blydskap wat deel daarvan is; of ander tye iets van Sy droefnis oor mense se ongeloof en halstarrigheid. Deel van die “erns” waarmee ons gaan bid, is dus juis as iets van Sy liefde of genade of begeerte of vreugde in ons en deur ons tot uiting kom.

Die prentjie wat die Hebreeus hiervan vir ons daar in 1 Konings teken, is van ‘n Elia wat in die tipiese posisie van destyds, as ‘n vrou geboorte moes gee, gaan kniel het, en begin bid het… totdat God reën gegee het. ‘n Mens kan hom byna hoor skreeu soos ‘n vrou wat geboorte moet gee totdat die baba kom… Eers dan hoor jy die blydskap en vrede.

Begin bid dus in die lig van wat die Woord ons leer met die emosies waarin die Gees ons lei.

Laat Hom toe om jou soos ‘n baie soepel verfkwas te gebruik om dit wat in Sy hart is, vas te pen en te realiseer.

Hoe meer ons net gaan oorgee aan dit wat die Gees deur ons wil bid (Rom. 8:26), hoe meer gaan ons iets ontdek van die veelkleurigheid van God se hart.

Ja, ons gaan iets ontdek van God se Gees hier in ons. En die lewe van God gaan uit ons binneste begin uitvloei, in plaas van die tipiese “sielsgoedere’ en “siels-emosies” waaraan ons so gewoond is. (Joh. 7:37-39)

Verstaan mooi, dit gaan hier oor die lewe en emosies wat God se Gees in ons begin werk en nie oor ons eie emosies en intellektuele idees nie. Daarom is dit so belangrik dat ons sal toelaat dat God se Gees ons hierin lei.

God het ‘n visioen hieroor gegee wat baie help: Dit is asof God sê dat die herlewing en nuwe lewe wat Hy wil bedien aan die wêreld en sy mense om ons, hang in sulke reuse sakke bo ons.

Ons verantwoordelikheid is om dit, onder die leiding van die Gees van God, daar stukkend te bid waar Hy sê en hoe Hy ons lei.

Daarom soek God in hierdie dae na gelowiges wat net sal bid soos en hoe Hy lei…

Daarom is gebed wat die gewenste resultate gaan hê, daar waar ons God gaan toelaat om ons aan die hand te neem waarheen Hy ons wil neem, en om te doen wat Hy wil hê ons moet doen.

So gaan daar ‘n gees-klimaat geskep word waarin die Gees van God dit kan laat gebeur wat in Sy hart al vir so lankal is.

So gaan ons gelei word om vir mense in die gaping te staan totdat dit wat God vir hierdie seisoen bedoel het, gebeur het.

# God is besig om Sy Bruid te restoureer

## Restourasie

Ons lewe in ‘n stukkende wêreld vol stukkende mense. Dit is waar in die gewone gemeenskap, maar ook binne die geloofgemeenskap in die verskillende gemeentes in die Liggaam van Christus.

Kyk ons na mekaar as gelowiges, sien ons ook maar mense wat seer en gewond is. Sien ons ook maar mense wat oor die jare heen hoë “sekuriteitsmure” om hulle harte gebou het om nie so seer te kry nie.

Dink maar aan daardie jong dogter van vyf jaar oud wat elke dag uit haar pa se mond moes hoor dat sy net nie goed genoeg is nie. Wat maar êrens langs die pad gekies het om dit te glo en toe ‘n muur van minderwaardigheid om haar hart gebou het. Mense kan jou dan nie meer so seer maak as hulle jou as “nie goed genoeg” beskou nie. Jy gee hulle immers sommer in die staanspoor gelyk as hulle so sou dink.

Dink ook aan daardie jongman wat ‘n muur van aggressie om sy hart gebou het om so mense van sy lyf en sy hart weg te hou wat al soveel keer sy hart langs die pad gebreek het.

As ons eerlik is, moet ons teenoor mekaar erken dat ons maar almal hierdie mure of “vestings”, soos die Bybel dit daar in 2 Kor. 10:4 en 5 noem, om ons harte gebou het. Die mure is net elke keer met ander stene gebou. In my lewe is dit miskien angs of vrees; in jou lewe is agterdog, twyfel of ongeloof, onafhanklikheid, valse sekuriteite, onvergifnis, wantroue, kontrole of manipulering.

‘n Ander ding wat ons vir mekaar oor hierdie mure moet sê, is dat dit miskien keer dat ons seerkry, maar dit keer ook dat ons voluit kan liefhê en onsself voluit kan gee om mekaar te bedien!

Boonop gee dit aan die bose daardie handvatsel of vashouplek (Ef. 4:27) wat hom sê gee in my lewe om my te manipuleer om na sy pype te dans.

Daarom is dit sulke wonderlike nuus om in die Skrif raak te lees dat God besig is om sy mense te restoureer. Dit is nie Sy hart dat ons vir die res van ons lewe so stukkend hoef rond te loop nie. Hy wil ons heeltemal nuut en heelmaak.

Daar is soveel teksgedeeltes in die Skrif wat hierdie wonderlike Skrifwaarheid vir ons raakvat.

Dink maar aan Titus 3:5 waar daar staan dat God in ons begin werk het deur die “bad van die wedergeboorte” en hierdie werk boonop voortsit deur die “vernuwing van die Heilige Gees”.

Ander teksgedeeltes is Hand. 3:19 tot 21 en Rom. 8.

Dan is daar nog al die gedeeltes wat handel oor die tempelrestourasie in die Ou Testament. (2 Kron. 24, 29, en die boek Haggai)

Dink net watter troos bied dit ons as ons dit profeties uitlê in die lig van die Nuwe Testamentiese waarheid dat ek en jy nou die tempel van God is.

In Fil. 1:6 belowe die Here aan ons dat God in Sy getrouheid dit wat Hy in ons lewe begin doen het, sal voltooi tot ons dood.

Daarom het Hy aan ons Sy Gees gegee om in ons te woon en ons te lei as kinders van God (Rom. 8), en ons in die volle waarheid te lei wat ons werklik kan vrymaak. (1 Joh. 2:20,27 en Joh. 8:32)

In Fil. 2:12 en 13 moedig Paulus ons aan om *"ons heil uit te werk met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae"*.

Ek wil dit so verstaan dat ons aan God die geleentheid kan gee om hierdie restourasiewerk in ons te doen daar waar ons in Sy teenwoordigheid elke dag in ons luisterkamer werklik kwaliteittyd spandeer, maar ook daar waar ons toelaat dat ons deur die Liggaam van gelowiges wat om ons is, bedien kan word in klein en groter groepe.

G'n wonder die Hebreërskrywer waarsku ons om nie die samekomste van gelowiges te verwaarloos nie. Immers is die verskeidenheid van gawes van die Gees juis daar teenwoordig wat God wil gebruik om, deur Sy Woord en die bediening van die Gees, ons te bedien en ons te restoureer.

Wat die meeste van ons nie besef nie, is dat die woordjie "restourasie" een van daardie "Eina-halleluja woorde" in die Bybel is. Restourasie behels ten minste twee prosesse:

- 'n Proses waar alles "gestrip", uitmekaargehaal en skoongemaak word tot op die been. Dit is natuurlik die "eina-gedeelte"!
- Dan eers kan 'n heelmaak en aanmekaarsit plaasvind soos wat dit oorspronklik die bedoeling was, waaroor ons natuurlik "halleluja" kan skreeu!

God se plan is ons totale verlossing, ons totale heel-word.

Hy wil hê dat ons moet lyk soos Christus en daarom moet my stukkendheid uit die pad kom, want dit blokkeer die uitsig en trek die aandag af.

Die teiken van God se restourasieproses is natuurlik ons sielsarea, en spesifiek al hierdie vestings wat ons so om ons hart en ons lewe gebou het. Daarom moet Hy deur die bediening van Sy Woord en die bediening van die gawes van die Gees, met al daardie idees, begeertes, optredes, gewoontes en houdings van ons mee klaar speel, sodat ons vry kan wees om te lewe en lief te hê soos dit oorspronklik Sy hart vir ons was.

'n Pragtige prentjie wat die Here gebruik het om vir my iets te laat verstaan van hoe dit gebeur, is dit wat daar in Mat. 16:18 en 19, en 18:18 staan.

HIer word daar gepraat van "bind/toesluit" en "ontbind/oopsluit".

Ek weet jy het al op baie plekke iets hieroor gehoor of gelees, maar kom ek deel met jou wat vir my sin maak.

Mat. 16:19 en 18:18 praat van wat ek wil noem, die lopersleutels van die Koninkryk, wat hier aan die dissipels van Jesus gegee word. Wat meebring dat wat ons ook al hiermee toesluit of oopsluit op aarde, ook in die hemel toe of oop sal wees.

Baie van die lering oor hierdie verse fokus op die bose wat ons dan moet bind in die Naam van Christus, en die Heilige Gees wat ons dan moet ontbind om te begin werk in ons lewens.

My probleem hiermee is dat ons so op 'n reedsverslane vyand fokus.

Ek is oortuig dat ons vyand nie primêr buite is nie, maar binne-in ons, in ons siels-arena.

Ons gees is wederbaar en vernuwe deur die werking en inwoning van die Gees van God in ons, maar elke dag is ons in ‘n interne burgeroorlog gewikkel met sielsareas of ’n ou natuur wat nog nie gerestoureer is nie.

Hierdie gevegsfront word bittermin aangespreek in die normale bediening met tragiese gevolge in die lewens van Christene. Dit het gemaak dat God nie sy beplande restourasiewerk in ons lewens kon afhandel soos en wanneer Hy wou nie. Ons moes immers ons eers hieraan onderwerp voordat Hy dit kon doen. (Jak. 4:7 en 8) Omdat ons onkundig was, het ons in gebreke gebly om Hom te vra om dit te doen.

Die pad na vryheid, oorwinning en totale restourering is daar vir elke Christen.

Hierdie pad loop deur die arena waar ‘n hardkoppige drietal “bullies” in ons sielsarea ons staan en inwag. Ons verstand, wil en emosies, het immers al die jare ons hele lewe gemanipuleer en beheer en hulle gaan nie sommer sonder erge weerstand net daarvan afsien nie.

Die sleutels wat Jesus vir jou in die hand stop, is sleutels wat elke ysterhek en steenmuur en vesting kan toesluit en oopsluit soos Hy jou self sal leer.

As jy na Hom en Hom alleen luister wat deur Sy Woord en Gees jou self sal bedien, sal die waarheid jou waarlik vry maak.

Staan dus op, vat hierdie sleutels en begin proe daardie oorwinning en oorvloed waarvoor Jesus reeds ook vir jou bewerk het.

Die Hebreeuse en Griekse woorde vir “bind” of “toesluit” teken vir ons ‘n klomp positiewe prentjies, naamlik van om vas te maak, te knoop en aanmekaar te weef.

Die Griekse woord wat ons met “toesluit” vertaal is ‘n prentjie-woord wat ons ‘n tipiese Afrika-vrou laat sien wat haar baba veilig agter haar rug vasbind.

So lyk dit vir my, wil die Here hê dat ons onsself en die mense waarvoor ons moet intree in gebed, moet gaan vasbind aan God en Sy Woord, aan Sy beloftes en dit wat Christus reeds volledig vir ons gedoen en bewerk het.

Dink maar aan die oorwinning, hemelse skatte, die oorvloed, die lewe en genesing wat reeds ons s’n is in Christus.

Deel hiervan is natuurlik dat Christus reeds die sterk man (die bose) gebind het, en daarom kan ons in geloof nou ingaan en die dinge wat hy by ons kom roof het, gaan terugvat in Jesus se Naam.

‘n Ander mooi prentjie wat hierdie vasbind goed teken is om dit te verstaan in die lig van Ps. 91.

Dat ons as’t ware ingetrek word om met ons hele lewe in die skaduwee van die Allerhoogste veilig en sekuur te gaan sit. Daar kan niemand en niks ons aanraak nie.

Wat vir my wonderlik is, is om te lees dat as ons met hierdie “vasbind” in die geloof voor God besig is, geld hierdie vasbind nie net vir ons hier op aarde nie, maar moet ook die hemele – en dus die demoniese wêreld wat deel is van die tweede hemel – dit respekteer en eerbiedig.

Daarom kan ons God vra om deur Sy Gees, terwyl ons so veilig vasgebind sit in Sy teenwoordigheid, in te kom by die deure in ons sielsarea wat ons dan oopgesluit het.

Hy wat immers die harte en gees kan ondersoek tot daar waar ons nie eers van weet nie, kan ons daar skoon- en heelmaak.

Hy kan daar al daardie stene van die vestings een vir een begin afpak, totdat ons weer werklik vry kan lewe en kan liefhê.

Die woord "luo" in die Grieks – wat ons weer met "ontbind" of "oopsluit" vertaal het, saam met die ander woorde in die konteks, teken die volgende prentjies vir ons: om op te breek, te vernietig, uitmekaar te haal, met rukbewegings uitmekaar te skeur of los te ruk.

Die woord "losmaak" of "oopsluit" is in werklikheid 'n prentjie wat ons lewe vry kan maak, want dit teken aan ons hoe God daardie 3 aards-terroriste hier in ons harte kom uitruk uit hulle heersersposisie en kom dissekteer op sy hospitaalbed. Totdat al die seer, haat en herinneringe waarmee hulle my en jou vir jare geterroriseer het, geneutraliseer is.

Ons God en Vader wil ons wonde kon salf, verbind, en kom heelmaak met Sy liefde, genade en verlossing.

Dit is 'n woord wat ons die gebulder van God se stootskraper of Sy kanon laat hoor, wat al hierdie sélfgeboude mure of vestings om ons hart, kan platstoot of opblaas sodat ons vry kan wees om voluit te lewe.

Ons verstand, wil en emosies het getrou oor die jare al die detail van trauma en seerkry diep weg gaan liasseer. Dit het selfs detail-strategieë en aanvals- en verdedigings-planne gaan ontwerp om ons teen soortgelyke seerkry te beskerm.

Vir party van ons is hierdie traumas en wonde uit die verlede nou nog so werklik asof dit tien minute gelede gebeur het. En dit is net omdat ons siels driemanskap so getrou alles in detail êrens gaan stoor het, om dit gereeld onder ons neuse te vryf.

Die tragedie is dat ons uit onkunde, maar genoeë daarmee neem en selfs kan dink dat dit normaal is om so oor en oor weer die seer te beleef.

Min het ons besef dat juis dit die genesing, die restourasiewerk en vloei van die oorvloed van God deur ons lewe stuit of vertraag. God wil ons vry en heelmaak van al hierdie onverwerkte seer, behoeftes en idees, wat ons so gepynig en verwring het oor die jare.

Baie mense, wat in die sogenaamde vernuwing in die "bevrydingsbediening" is, maak soms hierdie pad na genesing so ingewikkeld, maar eintlik is dit wonderlik eenvoudig.

Die evangelie is mos eenvoudig.

Jesus het alles eenvoudig gemaak sodat selfs 'n kind dit kon verstaan. Hy wou nooit hê dat mense wat Hom leer vertrou het, van enigiets of enigiemand anders afhanklik hoef te wees as net Sy Woord, Sy liefde, Sy genesing en Sy krag in hulle lewens nie.

Daarom glo ek nie dat Hy dit ooit wou hê dat Sy skape van allerlei pastorale beraders of programme afhanklik hoef te wees vir hulle vry-word nie.

Hy sê Hy gee vir ons die sleutels wat 'n oplossing is vir al ons nood. Wat tans keer dat God se genade, liefde en vrymakende krag tot in die diepste en donkerste areas in ons lewens kan deursuur.

Verstaan mooi, God wil nie jou hele verdedigingstelsel aftakel of afskakel nie. Hy wil dit ook nie sommer platloop of ignoreer sonder jou toestemming nie. Nee, Hy doen dit nooit met ‘n mens nie. Hy wag totdat jy vra en dan doen Hy wat jy vir Hom toelaat om te doen.

Jesus Christus kan jou genees en heelmaak. Hy staan by die deur en klop. Hy sal geduldig wag totdat jy gereed is om self die deur vir Hom oop te maak. Eers dan sal Hy inkom en met Sy vrymakende restoureringswerk daar agter die mure en toe-deure begin.

Laag vir laag sal Hy al daardie verdediging van oor die jare begin loswikkel en afhaal. Al daardie ontkenning, selfverdediging en selfstandigheid waarmee jy jou seer en diepste hartbehoeftes mee toegemaak en weggesteek het, sal Hy begin bedien. Totdat ons gevul is met Sy genade en liefde, en genees is. Eers dan kan God ons drie sielsgenote in perfekte harmonie en eenheid kry met ons liggaam en gees.

As dit gebeur, kry ons wat geleerdes noem “sinergisme”. Wat beteken dat die somtotaal van hierdie drie dele saam meer krag en dinamika kan bewerk as wat hulle apart kon doen.

As jy werklik sinergisme wil sien, moet jy na Jesus kyk. In Hom sien jy ‘n liggaam wat gedissiplineerd 40 dae kon vas en selfs op water kon loop, en ‘n siel wat midde al die haat en seer, steeds onbevange kon liefhê en met ‘n gees wat in gehoorsaamheid aan Sy Vader die magte van die bose en siekte kon verjaag.

G’n wonder Rom. 8:17 sê dat ons ook iets van die oorwinning, vrede, genade en heerlikheid van Jesus kan beleef as ons in Sy voetspore midde die seer van hierdie wêreld sou stap nie.

Dit is deel van God se restourasiewerk in ons. Sy begeerte is om ons daar te bring. Om ons te leer om soos Jesus te lewe en soos Jesus te doen. (Ef. 5:1 en Joh. 14:12)

Maar dan vra hierdie oopsluit ook dat ek en jy totaal moet oorgee sodat Hy elke area in ons lewe kan ondersoek.

Dit behels ook ‘n stuk kruisiging van die ou natuur in ons. So kan Hy ons deur die werking van Sy Gees werklik skoonmaak, om ons daarna net weer vol te maak, omdat ons kapasiteit nou vergroot is om Sy salwing en Sy krag vir nou in ons lewe te kan akkommodeer.

So beweeg ons letterlik van Golgota en die oop graf na hemelse plekke waar ons weer ons posisie op die troon kan inneem om te begin heers oor omstandighede en situasies.

So word ons weer vry om mekaar en die gemeenskap te bedien met die krag van die opgestane Christus.

## Saai en oes

Ons dink baie keer aan ons lewe asof ons mense is wat op ‘n geestelike reis is en geestelike ervarings hier op aarde het. Maar eintlik is ons geestelike wesens wat ewig lewe en maar net vir ’n kort tydjie ook hier op aarde is.

Soos Jesus. Soos Jesus het ons dieselfde keuses om óf te ontvang óf te weier wat Hy reeds volkome vir ons voorsien het.

Ons verlede, ons lewe in die nou, en ons toekoms as gelowiges gaan alles oor die saad wat ons saai deur die keuses wat ons in hierdie lewe maak.

Gal. 6:7 praat nie verniet van ʼn maai wat jy hier saai nie.

Die wonder van die evangelie is dat al die gebrek en gemors wat ek en jy in ons verlede gesaai het, nie al hoef te wees wat ons nou oes nie. God het ook vir ons oorvloed in Christus bewerk. Ons moet net kies om dit te glo en daaruit begin lewe.

Almal van ons het in hierdie stukkende wêreld ons teen allerlei stukkende mense vasgeloop wat nie geweet het hoe om ons behoeftes te bedien, of ons seer te heel, of al die verwarring en vrae in ons harte te beantwoord nie. Dit het gemaak dat ons mure om ons gebou het en waarom so baie van wat ons dink, voel aksies wat ons neem, so verwronge is.

Ek glo dat as deel van ons heiligmakingsproses, hierdie siklus gebreek moet word. Ons hoef nie vir die res van ons lewe opgeskeep te sit met al die herinneringe, woede, verwarring, bitterheid en seer wat opgebottel êrens vassit in die donker hoekies van ons siel nie.

Deur God se genade, binne die veilige ruimte van ʼn familie gelowiges, moet ons geleentheid gebied word om God se Gees in te laat en toe te laat om agter daardie skerms in te gaan en die pyn van al daardie herinneringe te gaan uitdoof en neutraliseer deur Sy genade en krag.

Almal van ons is onder verskillende omstandighede gebore en het verskillend groot geword. Almal van ons het ons sterk en swakpunte. Tussen al die lekker was daar ook hope gemors, seerkry en dinge wat ons net nie alleen kon hanteer en verwerk nie.

Toe kom jy tot wedergeboorte toe jy Jesus Christus aanneem in geloof as Verlosser en Here.

Die Bybel teken dit as jy word van nuutsaf gebore.

As hierdie geestelike baba, met God as jou Hemelse Vader, het jy nou ʼn aardse geestelike familie nodig wat jou sal liefhê, geestelik sal versorg en jou sal groot maak.

Wat verder belangrik is, is dat jy sal ontdek dat jy nie langer gebind hoef te wees deur dinge uit jou verlede nie.

Jy hoef nie langer te worstel oor wie jy is of wie jy kan wees as jy dink oor jou aardse ouers en aardse bloedlyn of omstandighede waarin jy hier grootgeword het nie.

Jy moet geleentheid gegee word om te leer om te kies om al die selfopgelegde beperkings wat jy langs jou lewenspad tot hier gekies het, te los en hoe om nuwe keuses te maak wat hoort by iemand wat ʼn tweede kans gekry het, en boonop in ʼn intieme liefdesverhouding met die lewende God is.

Jy moet leer om jou gedagtes, gevoelens en wilskeuses in lyn te kry met die waarheid van die Woord wat God die Gees daagliks aan jou bedien.

Jy moet ontdek dat jy ʼn nuwe identiteit het as ʼn kind van die lewende God.

Daarom hoef jy nie meer soos hierdie vreesbevange kind op te tree wat sukkel om God en die mense rondom hom lief te hê en te vertrou deur al die vuil filters van skuld en vrees uit die verlede nie.

Dit is eers as al daardie proppe uit jou ore, en die mure en filters om jou hart verwyder is, wat die waarheid suiwer kan deurbreek en jy waarlik kan vry word.

Daarom moet daar ‘n dag in ons lewe kom wat ons so moeg raak vir ons verlede dat ons daarmee wil klaar kry vir altyd.

Dit is dan wanneer ons die waarheid van die Woord moet meng met geloof (soos daar in Heb. 4:2 o.a. staan) en moet doen wat hier in Mat. 16:19 en 18:18 staan.

Dit is dan wanneer ons ons wil aan God se wil moet vasbind; en ons gedagtes en verstand aan die gedagtes van Christus moet vasbind.

Dit is dan wat ek myself in geloof moet vasbind aan al die beloftes wat God my in Sy Woord gee oor wat die bloed van Christus ook vir my gedoen het.

Dit is waar ek dan kies dat Jesus Christus my Here en Koning is. Van daardie oomblik af kies ek om die paaie te stap wat Hy gestap het en om Sy Koninkryk en Sy wil vir elke fasset van my lewe te soek en na te volg.

Binne die veiligheid van ’n familie gelowiges om my, kan ek gedissipel word en leer hoe om myself in geloof vas te bind aan dit wat Jesus reeds ook vir my bewerk het aan die kruis, deur die oop graf en Sy opstanding.

Onder die geklank van Sy Woord en deur die bediening van die gawes van die Gees, kan ek dan ontdek dat daar krag, outoriteit, liefde, vergifnis en genade ook in en deur my lewe kan begin vloei wat my radikaal kan begin restoureer.

Natuurlik beteken dit nie dat ek nie meer kan verdwaal of kan seer kry in hierdie proses nie. Nee, al wat dit beteken is dat ek nou ook God se stem in my lewe begin ontdek en ook begin ontdek hoeveel keer Hy my probeer waarsku as ek in die verkeerde rigting begin loop.

En as ek dan dit nogtans doen, gaan ek ontdek dat dit ‘n wilskeuse is om ongehoorsaam te wees ten spyte van al die duidelike leiding wat ek van alle kante kry, waar ek voorheen in die donker hierdie keuses gemaak het en nie eers geweet het wat ek inderwaarheid doen nie.

In die mate wat ’n mens God toelaat om jou met die waarheid te bedien, jy oor hierdie waarheid mediteer, dit begin toepas in jou lewe, en daarvolgens begin handel, gebeur daar iets in jou.

Jy gaan ontdek hoe jou gees gevoed en versterk word. Asook hoe jy geleer word om letterlik elkeen van jou gedagtes, gevoelens en wilskeuses by die bors te gryp en geleentheid gebied word om hulle te begin konfronteer met die waarheid van God se Woord.

Telkens sal jy dan moet kies wat jy gaan glo en wat jy in die vervolg gaan doen: Gaan jy doen soos wat God deur Sy Gees aan jou gees bedien het, of gaan jy maar steeds aan die wyses uit die verlede steeks bly vasklou.

As jy in geloof jouself aan God en Sy Woord begin onderwerp, gaan God jou bedien met antwoorde op jou vrae en met verlossing en restourasie.

Geloof kom as jy die Woord hoor, en groei as jy begin doen wat die Woord sê.

In die begin, toe God die mens geskape het, het God se Gees deur die mens se gees met sy siel gekommunikeer om God se goddelike plan en wil te gehoorsaam en deur die erdekruik van die mens se liggaam te laat realiseer.

Na die val, is hierdie kommunikasie verbreek en het die mens se gees sy salwing en heersersposisie verloor, en het die mens se siel eenvoudig oorgeneem, om op grond van sy eie intellektuele en emosionele kennis, en sy eie verstaan van goed en kwaad, alles in sy lewe self te beheer.

Dit het gemaak dat die mens se siels-trio alles begin skeeftrek en verwring het.

Dit is eers as God se Gees weer hierdie trio kan beetkry en as Hy as die Hemelse Chiropraktisyn, weer dinge in lyn bring en in lit getrek het, wat daar herstel en balans kan kom.

Maar God doen dit nie sonder jou toestemming nie.

Dan gaan dit baie keer soos daardie radiogesprek aan die kus van Kanada 'n paar jaar gelede klink:

"Pas asb. jou koers met 0.5 grade na die Suide aan om 'n botsing te vermy."

"Pas jou koers met 15 grade na die Noorde aan om 'n botsing te vermy."

"Dit is die kaptein wat praat. Pas jou koers aan."

"Nee. Pas jy jou koers aan."

"Dit is die Kaptein van die Vliegdekskip, USS, van die Amerikaanse Vloot wat hier praat. Pas onmiddellik jou koers aan."

"Dit is die vuurtoring wat praat. Pas jy asseblief jou koers aan."

Daarom roep Fil. 2:12 en 13 ons op om betrokke te raak by hierdie restourasieproses wat in ons aan die gang is.

Luister hoe vertaal die Amplified Bybel dit:

*"Work out – cultivate, carry out to the goal and fully complete – your own salvation with reverence and awe and trembling (self distrust, that is with serious caution, tenderness of conscience, watchfulness against temptation; timidly shrinking from whatever might offend God and discredit the name of Christ…"*

Natuurlik gaan ons siel met alles wat hy het, wal gooi. Daarom roep 2 Kor. 10:5 ons op om al hierdie walle te begin neerwerp en te laat verwyder.

Jy moet verstaan waarom die mens oor die jare hierdie mure om hom gebou het. Dit was om te kan oorleef midde situasies wat in die verlede buite beheer gevoel het. Hierdie vestings was baie keer 'n verwronge prentjie van die gebeure, met al die gepaardgaande emosies en keuses, om 'n stuk gebeure te probeer hanteer dat dit darem aanvaarbaar of leefbaar kon wees.

Dink net wat gebeur in 'n klein vierjarige kind se brein, gedagtes en emosies, wat seksueel gemolesteer word.

Die meeste van hierdie kinders draai dan die gebeure so dat hulle agterna dink dat hulle dit veroorsaak het. Hulle begin redeneer dat as hulle net kan leer hoe om die mense om hulle beter te hanteer of gelukkig kan maak, sal dit nooit weer gebeur nie.

As 'n mens eers vasgevang is in al hierdie soort gedagtes en rasionalisasies, word ons rigied en hanteer ons ook in die toekoms mense oor die algemeen so. Daarom verhoed hierdie vestings ons om vry, oorwinnende Christene te kan wees wat mense rondom ons kan bedien met liefde, genade en genesing in Christus.

Omdat ek glo dit wat Jesus self vir ons in Sy Woord sê, naamlik dat Hy self daar is waar twee of drie van Sy kinders bymekaar is, glo ek dat Hy ook hier is en dat Hy luister as ons met Hom praat in gebed.

Kom ons waag om nou voor Hom as die Koning te buig en vra Hom om deur Sy Gees in ons te kom werk en om ons te oortuig van wat die waarheid is.

Kies op hierdie oomblik om eerder na die stem van die Heilige Gees te luister as om verder na daardie gedagtes, of emosies wat om en om maal in jou kop, te luister.

Kom ons bid dan dat die Here self ons sal bedien met Sy genesing waar dit ook al nodig is in ons lewe.

Bid daar in jou binneste saam met my.

*Loof die Here, o my siel, en alles wat in my is, Sy heilige Naam.*

*Siel, ek bind jou aan God se hartsbegeerte vir jou vas as 'n ten volle geïntegreerde deel van God se heerlike lewe en bedoeling vir my. Ek maak alle verkeerde gelofies, houdings, denkpatrone/idees, kontrolemeganismes, selfgesentreerdheid en lae los waarmee jy my probeer beskerm het oor die jare en my lewe beheer het.*

*Ek los alle ontkenning, bedrog, en moedeloosheid wat jy bewerk. Ek maak alle vloeke en woorde los wat jy oor die jare as waarheid aanvaar het. Ek maak alle bande en verkeerde verbintenisse los wat jy oor die jare met mense en dinge gesluit het. Ek maak ook al die bande met vorige generasies en hulle krisisse, wat jy as feite oor my aanvaar het, los in die Naam van Jesus, of dit nou kom van mense of van demoniese magte wat op die wyse my wou beheer.*

*Ek kom en bind myself nou vas aan die heerlike vryheid wat daar in Christus Jesus is, wat my deel geword het in my splinternuwe bloedverbond en nuwe gelooffamilie wat ek bygekry het as kind van God.*

*Siel, jy is geskep deur God om die openbaringe en werkinge van God se Gees te vertaal in verstaanbare taal aan die wêreld, en nie om my lewe te oorheers nie. Jy het nie 'n idee wat God alles in Sy hart vir jou het as jy volkome in lyn kom met wat in Sy hart vir jou is nie.*

*Daarom kies ek nou dat jy 'n oorgegewe instrument word in die hand van God se Gees, om dit wat in God se hart is uit te druk. Woorde en gedagtes van lewe sal voortaan uit my verstand, wat gedurig vernuwe word, stroom. Bonatuurlike vrede en vreugde sal my emosies, wat gedurig vernuwe word, oorheers. Terwyl 'n goddelike en gesonde dapperheid my wil sal inspireer om keuses te maak vir God se koninkryk en Sy wil in my lewe.*

*Daarom, siel, bind ek elke deel van jou nou aan God se plan en bedoeling vir my lewe vas.*

*Verstand, waar jy voorheen vasgevang gesit het in allerlei negatiewe gedagtes en vrese oor dinge waaroor jy nie beheer of antwoorde het nie, bind ek jou nou aan God, aan Sy bestaan en wonderwerkende genade en vrede vas, sodat Sy vrede jou nou begin oorheers. Ek bind jou vas aan 'n heerlike bewuswording dat God self in ons is en my nou bedien met Sy restourerende genade.*

*God gaan jou gebruik om Sy wysheid en Sy openbaringe deur die werking van die Gees en Sy Woord aan ander te openbaar.*

*Emosies, ek maak jou los sodat jy voortaan God se vrede kan ontvang, en Sy ware blydskap en hoop. Sodat jy kan reageer op die werkinge van die Gees anders as in die verlede.*

*Wil, ek bind jou nou aan die wil van die Vader vir my lewe vas. Jy sal leer hoe om sterk te wees, maar tog ook soepel; hoe om reg te wees maar tog ook oop vir ander se menings; om dapper te wees maar tog ook met 'n sagtheid en empatie vir ander.*

*Ek kies nou om die Gees van God toe te laat om elke verkeerde motief of begeerte of verbintenis in my sielsarea te ontbloot en die bande daarvan om my los te maak en te heel.*

*Siel, jy kom nou in lyn met God se wil en beheer oor my lewe. Jy kies nou om alle lae en verdedigings-strategieë uit die verlede neer te lê voor Sy planne vir my lewe. Ek maak alle selfbeheer, ontkenning, selfbeskerming, selfverdediging en selfgesentreerdheid nou los sodat God by elke duimbreedte van my hart en lewe kan uitkom en my heeltemal na Sy wil kan restoureer en heelmaak. Ek maak alle leuens en skuldgevoelens los sodat jy volkome kan vry kom van die verlede.*

*Here, ek vra dat U elke laag sal afskil en elke vestings rondom my hart sal af breek sodat U my volkome kan heelmaak. Ek vra dat U u genade in elke holte en gaatjie in my lewe sal laat instroom om elke nood of behoefte of onverwerkte aangeleentheid te bedien. Net U kan dit heeltemal heel. Laat die waarheid van U Woord my enigste norm en waterpas wees.*

*In Jesus se Naam. Amen.*

# ’n Profetiese padkaart vir ’n apostoliese reis in die Ekklesia

Ek wil waag om apostolies profeties vir jou te teken wat ek hoor en beleef God in die volgende seisoen gaan doen in Sy Ekklesia.

As daar môre ’n herlewing uitbreek – die grootste ooit, soos ons oral profeties hoor – hoe gaan dit die praktyk van kerk-wees beïnvloed?

## Die hele kerklike landskap gaan radikaal verander

Die vorm van byeenkomste en of eredienste, die tydsduur daarvan en wat daar gaan gebeur, gaan totaal anders lyk.

Dit waaraan ek en jy aan gewoond is, gaan aan die verlede behoort.

Natuurlik gaan daar van alle kante pogings wees om dinge te behou soos dit was. Pinkster-, charismatiese, vernuwings- en reformatoriese evangeliese pastore en dominees gaan probeer om die stroom herlewing te kanaliseer in vorms en kanale wat hulle ken en aan gewoond is. Maar die stroom gaan al hierdie mensgemaakte tradisies en skeidings eenvoudig ignoreer en verswelg.

Sommige gaan steeds bly vasklou aan hulle tradisies en manier van doen, omdat hulle totaal oortuig is dat hulle reg en Bybels dinge doen. Maar die stroom gaan hulle eenvoudig verbygaan.

Sommige gaan arm en verbitterd agtergelaat word, terwyl ander gaan toelaat dat die heerlikheid daarvan hulle totaal oorrompel en meesleur.

Ps. 121

*“Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.”*

Oral op aarde kyk die Ekklesia na verskillende “berge”, want hulle weet en beleef God is besig om ons prentjie van die Kerk te verander. Sommige kyk na die Reformasie van 1517, ten tye van Luther en Calvyn. Ander besef dat daar nog vêrder as dit gereformeer moet word. Ander kyk weer na die sogenaamde Mega-kerke, soos Willow Creek of Saddleback, of die selgemeente van David Yongi Cho in Suid-Korea.

Sommige sê reformasie is nie genoeg nie, want ons kort ’n rewolusie. Ons kan nie net regmaak wat verkeerd is nie. Fondasies moet oorgegooi word. Ons het ’n totale oor begin nodig.

Ek glo ons sien tans ’n genadige ingrype en werk van Christus Jesus, die Koning en Hoof van die Kerk self. Hy is self besig om Sy Koninkryk te laat kom wat beide rewolusionêres (bouers van nuwe sisteme) en hervormers (herbouers van bestaande sisteme) roep om hande te vat en onder Sy bevel te begin werk aan ’n nuwe môre.

Ef. 2:20

*“Julle is ‘n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, ‘n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.”*

Elke Goddelike ingrype vereis ’n proklamasie van die waarheid om die veranderingsproses te inisieer. Dit is soos die blaas van die trompette in die Ou Testament om vir die volk te vertel dat die wolk besig is om aan te beweeg. (Num. 10)

In die Nuwe Verbond-gemeenskap, Jesus se Ekklesia, is dit die profetiese stem wat die trompet-aankondiging maak.

So, saam met die apostoliese stem (wat die groter prentjie teken vir God se mense), op die Rots van God se Woord, die Bybel, word dit ’n fondasie waarop God self besig is om Sy Ekklesia te bou.

In Jesus se tyd het die Jode van ouds veral na Jerusalem gekyk en wat daar gebeur het, vir uitkoms uit hulle noodsituasie en vir God se ingrype. Maar toe kom die redding uit Bethlehem en Nasaret.

Onthou jy nog die woorde van Nataniël daar in Joh. 1:47:

*“Watter stuk goed kan daar uit Nasaret kom? En dan word daar vir hom gesê: Kom kyk ... en dan word hy na Jesus toe geneem.”*

So beleef ek ook, kyk ons na oral in die wêreld rond, na Amerika, of Engeland en selfs Europa, maar intussen gebeur dinge nie daar nie. Dit gebeur in Asië en China en Indië.

Om te illustreer wat ek bedoel, kom ek vertel dit so vir jou.

Oraloor die wêreld word daar Gemeentebou-konferensies gehou waar Rick Warren van Saddleback kom vertel wat het daar by hulle gebeur die laaste sowat 18 jaar om te help dat hulle gemeente gegroei het tot so 15 000 gelowiges.

Maar niemand van ons het nog ooit gehoor van Sara van Viëtnam nie. Sy is ’n Christengelowige wat agtergebly het in Viëtnam toe die Amerikaanse troepe in 1976 daar weg is. Sy en ’n klompie vroue het begin bid en binne 4 jaar het die Here net deur haar persoonlike werk onder mense 18000 na die Here toe gelei.

## Laat staan jou vooropgestelde idees

Vriende, die Here is besig om ons uit te daag om ons vooropgestelde idees te laat staan en by Sy voete te kom sit sodat Hy ons kan leer om dan te gaan doen wat Hy ons sê om te doen.

Julle ken die pad wat die Here met my gestap het.

Die Here het eers “nuwe wyn” aan my bedien, wat niks anders was as ou bekende gedeeltes wat nog altyd in die Bybel gestaan het nie, wat Hy vars en nuut aan my kom bedien het.

Soos Jesus in daardie baie bekende gedeelte in Lukas 5 vir ons vertel, het dit “my prentjies” totaal kom verander en inderwaarheid my hele lewe kom nuut maak.

Jesus Christus, as die Koning en Here ook hier op planeet aarde het my net een vraag gevra, naamlik: Wie dien jy? Dien jy My of dien jy die kerk waarin Ek jou geroep het?

Deur Sy Gees het Hy geheime van ouds uit Sy Woord oor die Koninkryk van God en die Een Kerk van Jesus oor die wêreld vir my kom oopbreek om ’n dramatiese, rewolusionêre paradigma-verskuiwing in my en baie ander se hele verstaan oor kerk-wees en ons taak in hierdie wêreld oop te breek.

Deel hiervan was openbaring oor ’n nuwe soort Christenleier en spesifiek, die herontdekking van gesonde, Bybelse apostoliese en profetiese bediening wat deur God se meule gegaan het.

Dit is nie die trotse, arrogante openbare persone en bedienings van die verlede wat oral proklameer dat hulle die nuwe apostels en profete vir nou is nie. Nee, dit is eerder ’n klomp swak, gekruisigde, naamlose en gesiglose, dooie, onindrukwekkende manne en vroue wat oral in alle nederigheid begin opstaan en sê wat hulle hoor by God.

As ons na hulle gehoor kyk, sien ons 3 soorte mense daar:

- Kom ek noem die eerste groep “soekers wat uit die bestaande kerksisteme uitkom”. Dit is gelowiges wat God en Jesus lief hét en vir ’n tyd lank die getroues was in die verskillende kerksisteme. Iets het egter in hulle lewens gebeur wat gemaak het dat hulle begin soek het na iets anders, iets beters, iets meer effektief, as die tradisionele kerke en gemeentes van ouds. Hulle soek na iets nader aan die Nuwe Testamentiese gemeentes waarvan ons in Handelinge lees.
- Dan is daar ook ’n nuwe generasie jongmense wat opstaan en vrae vra. Hulle is passievol lief vir Jesus, maar voel ongemaklik oor die kerk van hulle ouers en dit wat hulle tans rondom hulle sien. Hulle soek iets anders, iets meer. Hulle soek ’n rede, ’n saak, iets wat die moeite werd is om jou lewe voor te gee.
- Dan is daar diegene wat pas tot bekering gekom het en glad nie inpas in die tipiese tradisionele gemeentes of kerksisteme nie. Hulle pas nie eers in die sogenaamde vernuwingsgemeentes in nie. Hulle is besig om naarstigtelik te soek na wat Jesus self mee besig is.

God is op pad met ons na iets nuuts. Na ’n Kanaän en ’n Kerk soos God dit nog altyd wou.

Die wonder is: God self gaan daar wees. Lewend en aktief aan die werk. En almal gaan dit weet en ervaar.

Soos wat daar in 1 Kor. 14 staan oor wanneer God deur die gawes, soos deur profesie, self aan die woord kom, gaan selfs die onbekeerdes tussen ons moet bely: God is self hier!

## ’n Profetiese visioen

Wolfgang Simson vertel van ’n profetiese visioen wat hy in 2003 in die Toronto Lughawe Gemeente gehad het toe hy een aand daar moes bedien.

Miskien weet jy, maar dit is die betrokke gemeente waar een van die langste herlewing sedert 1994 plaasgevind het. Gemiddeld 5000 mense het daagliks byeenkomste daar bygewoon vir jare aaneen daar plaasgevind het.

Die betrokke aand in 2003, was daar sowat 200 mense in die byeenkoms en Wolfgang het gewonder: Maar hoekom so min, na alles wat hier gebeur het?

Dit is toe dat hy hierdie visioen begin beleef het:

Hy het ’n lang ry nuwe bekeerlinge die Koninkryk van God sien instap.

Daar was drie haltes waar hulle kon ingaan.

By die eerste halte het elkeen wat daar ingegaan het, ingeskryf om deel te word van God se nuwe weermag. Hulle moes egter daar en dan by hierdie halte hulle eie planne daar prysgee en totale lojaliteit aan Hom alleen beloof. Eers daarna is hulle uitgerus met ’n nuwe uniform en skoene.

By die tweede halte het elkeen wat daar ingegaan het, ’n swaard ontvang.

By die derde halte het diegene wat daar ingegaan het ’n sekel ontvang om mee te oes.

Sowat een uit ’n honderd van die nuwe bekeerlinge het gewaag om by die eerste halte in te gaan, terwyl die meeste by die tweede halte ingegaan het, en slegs enkeles by die derde halte langs ingegaan het.

Daarna is almal na hierdie groot oop terrein waar hulle in groot opgewondenheid groepe begin vorm het.

Die groepe het sommer vinnig vir hulleself baniere, vlae en kentekens begin maak, wat hulle begin ronddra het of aan hulle klere vasgesteek het.

Baie van die groepe het mekaar opgeroep tot geestelike oorlogvoering, terwyl ander weer begin laer trek het.

Sommige van die groepe het allerlei snaakse rituele begin uitvoer, terwyl ander weer rondom vure feesgevier en vrolike partytjie gehou het.

Hier en daar het van die groepe speel-speel swaardgevegte gehou, terwyl ander hewig met van die ander groepe begin baklei het.

Kom jy nader, dan sien jy generaals wat besig was om vleis te braai, terwyl daar van die kokke was wat probeer het om van die vegvliegtuie te vlieg.

Skielik was daar ’n geskreeu: Kyk, die engele is hier!

Opgewonde het almal nadergekom en kom luister na wat die engele te sê het.

Groot was hulle verbasing toe die engele hulle kwaai begin terugdryf in ’n laagte in waar daar geen omdraai of wegkomkans was nie.

Hulle was vasgekeer, maar soos skape sonder ’n herder.

Sommige het begin huil, terwyl ander uitgeroep het na hulp en genade. Die meeste was egter verskrik en doodstil.

Dan roep die engel uit: Die chaos eindig hier! Hou op met waarmee julle besig is.

Julle met uniforms, trek dit alles uit. Lê neer al die vlae en ruk al die kentekens af.

Julle met swaarde en sekels, lê dit alles neer. En bekeer julle! Buig voor God en smeek om Sy genade, dat Hy julle kan vergewe. Miskien gee Hy julle in Sy genade nog ’n kans.

Almal het geskok gestaan en luister na wat die engel sê.

Sommige het probeer teëstribbel en ander probeer oortuig dat die engel ’n valse profeet is.

Maar die meeste het verstaan hoe mislei hulle tot nou toe was en het begin doen wat die engel sê.

Soos wat die mense alles in hulle hande neergelê het, het die engele dit geneem en op ’n hoop gegooi wat hulle aan die brand gesteek het.

Toe kom staan die engel weer voor die skare en sê: Kom ons begin oor. Val in ’n nuwe ry en begin by die haltes verbystap. Hierdie keer egter stap elkeen van julle by elke halte in sodat hulle julle van nuuts af met alles kan toerus.

Naak het die mense by die eerste halte ingestap om ’n nuwe uniform, sonder enige kentekens of range, te ontvang en aangetrek te word.

Daarna het hulle by die tweede halte elkeen ’n swaard ontvang, die swaard van die Gees.

By die derde halte het elkeen ’n sekel ontvang vir die oestyd wat voorgelê het, maar ook met ’n baie spesifieke, unieke opdrag wat net vir jou gegeld het.

Stadig maar seker het hierdie reuse wêreldwye leërmag begin groei.

Elkeen het presies geweet waar hy of sy inpas en wat hulle opdrag was. Terwyl hulle net ore en oë gehad het vir die Generaal van generaals, die Here van die here, Jesus Christus, hulle Here en Koning.

## Ek sien iets!

God is oral op aarde besig om te wys Hy is besig om orde te skep in Sy huis.

As mense bely dat hulle na verkeerde berge gekyk het en op verkeerde fondasies gebou het, of verkeerde modelle as voorbeelde gekies het, sal Hy kom en Sy mense kom vernuwe, hervorm, herstel en herposisioneer vir hulle roeping.

Ja, daar is diegene wat glo dat ons oplossing is om terug te beweeg na wat tydens die Reformasie van 1517 geformuleer is.

Ander het weer een of ander “sukses-prentjie” van die een of ander mega-gemeente wat hulle probeer volg, soos dié van ’n Willow Creek of van een van die sel-gemeentes van Singapoer of Korea.

Soveel nuwe bekeerlinge vra verward, as hulle na die 30 000 tot 40 000 verskillende kerke oor die wêreld kyk: Maar wie is nou eintlik die regte kerk?

As Patrick Johnstone van Operation World reg is, is daar sowat 100 miljoen volgelinge tans in Noord-Amerika, Europa en in Australië tesame.

Ek weet nie of jy weet nie, maar nadat Mao Zedong in 1807 China oorgeneem het, het hy alle Christenleiers laat doodmaak, asook alle 2de- en 3de-vlak leiers. Hy het alle kerkgeboue vernietig en alle Christelike byeenkomste verbied.

Dit het veroorsaak dat die Kerk van Jesus ondergronds gegaan het en oral in huise begin bymekaarkom het. Die sowat 2 miljoen Christene van destyds het intussen, tot vandag (in 2010), aangegroei na meer as 200 miljoen volgelinge van Jesus. En dit sonder kerkgeboue, sonder erkende leiers en sonder die normale eredienste wat ons ken!

Dit word bereken dat daar tans 1500 nuwe huisgemeentes per maand ondergronds in China bygevoeg word tot die Kerk van Jesus.

Jes. 2:2-3 is besig om vandag tussen ons waar te word:

*“Daar kom ‘n tyd dat die berg waarop die huis van die Here is, ‘n blywende plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Al die nasies sal daarheen stroom, baie volke sal daarnatoe gaan en sê: ‘Kom, laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer, en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here.’”*

Wat het hier gebeur?

Hier, soos oraloor die wêreld, is God besig om gewone mense op te roep om Hom te vertrou om daar waar Hy hulle geplaas en geroep het, deur die basiese van basiese instrumente, mense te bedien met die evangelie van lewe.

God roep sakemanne en -vroue op om tot die helfte van hulle maatskappye se wins te gee sodat die Koninkryk van God kan kom na die nasies.

Mense, soos die jong Koning Josia, van ouds, ontdek as’t ware hulle name in die Bybel, soos destyds daar in 1 Kon. 13, as dit jare daarna (meer as 300 jaar in sy geval), aan hom voorgelees word. (2 Kon. 22)

Dit maak volgelinge van Jesus vandag vra: Hoe pas ek in God se storie in?

## God se nuwe intelligensiekorps

Amos 3:7 sê:

*"Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie."*

Onthou, die profeet se rol was om alleenlik te sê wat God aan hom of haar geopenbaar en opdrag gegee het om weer aan ander oor te dra.

So was dit ook die profeet se rol om aan die koning wyse raad te gee en hom bewus te maak dat daar 'n God is, wat besig was om Sy Koninkryk te laat kom. En dat hierdie God alles weet en lank vooruitbeplan het.

Natuurlik kan ons kies, soos koning Joas en Amasia (daar in 2 Kron. 24 en 25), om óf na die profeet te luister óf nie na hom te luister nie.

Nou weet ons ook, as Nuwe Verbondsgemeenskap, dat die een gawe waarin God elkeen van ons in wil gebruik en wat die meeste behoort te funksioneer in die gemeente, volgens 1 Kor. 14, profesie behoort te wees.

In 'n sin is die profetiese gawe dus God se GPS (Globale Posisioneringstelsel), wat Hy gegee het vir Sy Nuwe Verbond-ménse.

Soos alle GPS-sisteme bied dit vir ons 'n stel koördinate: horisontaal, wat in ons geval die Bybel is. Wat in alle gevalle onveranderlik en vas is (Ps. 119:105), waaraan ons alles kan toets of dit werklik van God en dus die waarheid is.

Dan is daar ook die vertikale koördinate wat God op verskeie maniere uit die hemel aan ons kan gee. Sy deur 'n visioen, of 'n droom, of 'n profetiese woord, ens. Natuurlik moet dit altyd getoets word aan die horisontale koördinate, naamlik of dit klop met wat in die Skrif staan. (1 Tess. 5:19-22.

In die lig hiervan hoor ons as God se Nuwe Verbond-ménse: Jy is nou hier. Dit is wat tans in jou lewe en rondom jou aan die gang is. Maar, gaan hier regs, of links of reguit aan, want dit is waarheen God met jou op pad is.

Vir baie jare was die profetiese stem in die reformatoriese gemeentes heeltemal stil. Selfs in die Pinkster en charismatiese vernuwings gemeentes word profesie maar baie keer met groot agterdog bejeën.

Daarom dat God se nuwe geslag profete (wat deel moet wees van Sy Ef. 4:11 en 12 span), half versteek oral op onverwagte plekke in die Liggaam. Ons kry hulle onder die musiek-leiers, of as digters en selfs as entrepreneurs in die sakewêreld.

Natuurlik was daar nog altyd orals groepies onvolwasse profete, wat gepraat het voordat hulle werklik gereed was. Met die gevolg dat die Kerk van Jesus baie bang en agterdagtig geword het vir profesie in die algemeen.

Dit neem nie weg wat ook nou aan die gebeur is nie: naamlik dat God deur profesie met Sy Nuwe Verbond-mense wil praat.

Daar bestaan natuurlik die gevaar ook hier dat ons nie werklik God se stem hoor nie, maar eerder net na ons eie hart luister.

Daarom moet ons heeltyd, maar veral nou, vra: Hoor ons God reg?

En, as ons gehoor het wat Hy te sê het, doen ons wat Hy sê?

Luister wat bid 'n Dawid daar in Ps. 25:4-15 om die rede:

*"Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie.*

*Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting.*

*Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het. Moet tog nie dink aan die sondes en oortredinge van my jeug nie. Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is.*

*Die Here is goed en regverdig: Hy wys selfs vir sondaars die pad aan, Hy laat aan hulpeloses reg geskied en Hy leer hulle sy pad.*

*Liefde en trou is die paaie wat die Here bewandel met dié wat sy verbond en verordeninge bewaar.*

*Ter wille van u Naam, Here, vergewe my my sonde, want dit is groot.*

*As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies, sodat hy voorspoed sal geniet en sy nageslag die land sal bly bewoon.*

*Die Here neem dié wat Hom dien, in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend.*

*My oë is altyd op die Here gerig, want dit is Hy wat my voete uit die vangnet sal hou."*

God het Moses Sy vriend genoem. Hoekom dan?

Omdat Moses God se aangesig bly soek het en tyd in Sy teenwoordigheid spandeer het.

Hy het ook God se aangesig terwille van ander gesoek om Sy wil ook vir hulle te ontdek.

Die diepste rede vir sy soeke was om God se hart en Sy wil te wil ontdek.

Dit het dus vir Moses om God eerstens gegaan en al die ander dinge het tweede gekom daarnaas.

As Nuwe Verbond-mense, is ons almal op hierdie geestelike reis in ons tyd op planeet aarde.

Ons weet nie waarheen ons regtig op pad is nie. Net God weet dit.

Daarom het ons nodig om van Hom te hoor. Uit Sy eie mond.

Spr. 3:5-10 sê:

*"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.*

*Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

*Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.*

*Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn."*

As ek en jy dus God se wil en hart in erns begin soek, moet ons nie verbaas wees as Hy ons erns in hierdie proses gaan toets nie.

Soos iemand dit gestel het: God gaan ons verstand in hierdie proses van toetsing so frustreer, om aan ons te openbaar wat regtig in ons hart aan die gang is.

Dink jy dit is verniet dat God met soveel erns in die boek Spreuke ons uitdaag om ons hart beskerm?

Dink jy dit is verniet dat die Psalmskrywer om dowe neute God smeek om tog sy hart te ondersoek?

Daarom kom ons baie keer op 'n plek in ons lewe wat God ons vra wat in ons hande is en waarop ons werklik steun en vertrou?

Soms is dit 'n titel, of posisie, of salaris, of vriende, of konneksie, of dalk jou liggaam of IK.

Miskien wil God hê jy moet dit neersit sodat jy kan sien dit is eintlik die ding waarop jy meer vertrou as op God self, wat verhoed dat jy die tree kan gee in geloof wat Hy van jou vra.

As jou hart daarop meer vertrou as op Hom, kan Hy jou vra, soos vir die ryk jongman, om dit te gaan verkoop of neer te sit en met leë hande agter Hom aan te kom.

## Ons het nodig om weer van God te hoor

Maak tyd om werklik met God stil te word om presies te hoor wat Hy aan jou te sê het.

God belowe aan ons herlewing wat kom en 'n groot oes wat daarmee saamgaan kom. Maar daar is 'n paar voorwaardes en opdragte wat daarmee gepaard gaan:

- God soek geheiligde gewillige tuinslange en dan sal Hy dit gee
- God vra mense wat onverskrokke sal sê en sal doen wat Hy wil hê hulle moet sê of doen.
- God soek passievolle niemande. Mense wat bereid is om gesigloos, naamloos net Sy gewillige, gehoorsame kelners te wees wat aan mense bedien wat Hy vir hulle gee om te bedien. God soek daardie 300 van Gideon. Dit is hulle wat God gaan gebruik om die geskiedenis te herskryf.

Die Bybel teken die einde van die tye as twee opposisie–partye wat teenoor mekaar staan. Aan die eenkant staan die anti–Christelike Babiloniese sisteem, wat die houer sal wees van alle onreine geeste wat 'n deel van die mensdom sal manipuleer en beheer.

En teenoor hulle sal die apostels en profete en res van die kinders van God staan.

Beide groepe sal geïnspireer word, maar deur verskillende onsigbare magte.

Die een groep sal deur Satan en sy magte geïnspireer word om te doen wat hulle moet doen en die ander groep sal deur God bonatuurlik geïnspireer word deur Sy stem. Hy gaan op verskillende maniere met Sy Nuwe Verbond mense deur Sy Gees praat, sy dit deur profesie, of deur die Woord, of deur visioene, of drome.

Daarom is dit so noodsaaklik dat ons moet leer hoe om waarlik met God te kommunikeer en Sy stem te hoor.

Sodat dit ons kan inspireer wat om volgende te doen. Of dit nou in die besigheid is of in ons persoonlike lewe.

Job 33: 14–18 sê in die verband:

*"God spreek die mens aan, Hy huiwer nie om dit op meer as een manier te doen nie.*

*Hy praat met die mens in 'n droom, in 'n gesig in die nag, wanneer die mens diep slaap, wanneer hy vas slaap op sy bed.*

*Dan openbaar God Hom aan die mens en dreig dat Hy hom sal straf om hom van verkeerde dade af weg te hou en hom van hoogmoed te weerhou.*

*God wil die mens nie die graf laat ingaan nie, Hy wil hom nie laat sterf nie."*

Die hart van hierdie bonatuurlike inspirasie in die lewens van God se Nuwe Verbond mense is ware intimiteit met God.

Hy belowe immers daar in Jak. 4:8:

*"Nader tot God en Hy sal tot julle nader."*

Die demoniese wêreld daarbuite wag op geleenthede om mense te onderrig en te inspireer. As ons nie dit gaan doen nie, gaan hulle dit doen of gaan Mammon dit doen.

Daar in Hand. 27 lees ons van hierdie skip waarmee hulle Paulus–hulle vervoer het, wat toe teen hierdie sandbank vas gevaar het, hoe die golwe begin het om dit stelselmatig te vernietig. Maar deur oorboord te spring, omdat God belowe het dat niemand op die boot sal vergaan nie, word almal uiteindelik gered en land veilig op die strand.

Kyk ons rondom ons, sien ons hoe mensgemaakte kerk–sisteme besig is om stelselmatig te sink, maar hoor ons ook hoe God belowe dat Hy opnuut Sy mense genadig gaan wees. Hy gaan hulle opnuut doop met vuur om hulle brandend uit te stuur na die wêreld toe om 'n wêreld daarbuite te red.

Daar in die wêreld gaan mense weer God se krag sien.

Mense gaan "kerk–wees" op die mees onverwagte tye en plekke beleef en nie waar hulle gedink het dit moet wees nie.

Selfs ons as Nuwe Verbond mense gaan bewus raak van Kerk buite die "normale kerk".

Natuurlik gaan die “moederkerke” dit nie juis verwelkom nie, maar tog sal niemand kan ontken dat God se seën en teenwoordigheid daar beleef word.

Daar gaan ons ’n nuwe geslag apostels en profete sien opstaan. Mense vir wie dit nie gaan om eer of titels nie, maar wat besig is met hulle roeping waarvoor God hulle gesalf het.

Daar is miljoene mense daarbuite wat honger en dors na die waarheid ... met baie Jesus–vrae in hulle hart (wat God self daar geplant het).

Kom ons sien in ons geestesoog ’n Kerk soos God dit bedoel het, wat weer die instrument en houer word om hierdie mense te bedien en op te vang.

So baie mense sien net die kerk, soos ons dit ken, en is steeds verward en vol vrae ... en honger en dors.

Daarom wil ek jou uitdaag: waarom begin jy nie, soos soveel ander, jou huis oopstel vir hulle nie? Waarom maak jy nie jou kombuis en jou yskas en besigheid oop om al hierdie mense met vrae te begin bedien soos God se Gees jou lankal begin uitdaag het om te doen nie?

Nooi hulle in en vergeet al daardie ou kerk–tierlantyntjies wat ons in die verlede dit mee wou doen en gee vir hulle Gees–geïnspireerde antwoorde en praktiese liefde soos Hy jou lei.

En begin hulle dan verder te bedien as dit ingesink en hulle lewens verander het.

God kommunikeer steeds profeties met Sy mense. Maar altyd binne die raamwerk van Bybelse openbaring (Deut. 13,18; Amos 3:7; Matt. 13:10–13; 2 Tim. 3:14–17).

Soos alle ander profetiese woorde, is ook hierdie profetiese spreke van God bedoel om ons te bemoedig, te versterk en te vertroos op die reis wat ons tans reis. Ook as Kerk van Jesus.

Dit is bedoel om ons iets te laat begryp van hoe Sy Koninkryk aan die kom is rondom ons. En om ons iets te laat sien van die onsienlike of onsigbare waar dit deurbreek in ons wêreld.

Soos profetiese padtekens van wat kom, is dit daar om ons voor te berei op die spesiale tye en spesiale gebeure wat kom. Sodat ons deel kan word van God se storie wat besig is om rondom ons te ontvou.

En kom ons sê dit nou maar vir mekaar: As hierdie werklik ’n profetiese woord is en dit werklik God is wat ook hier praat, gaan dit gebeur! Ons gaan God self langs hierdie pad ontmoet en dit gaan ons verander, ons omdop, ons inspireer en ook ons sprakeloos laat!

Maar natuurlik, soos met alle profetiese woorde, moet ons die 1 Tess. 5:19 tot 22–toets heeltyd aanlê. Moet ons dit met erns bejeën, maar ook toets en onderwerp aan die geopenbaarde en geïnspireerde Woord, soos ons dit in die Bybel het.

As God dan profeties met ons praat en ons weet dit is Hy, behoort ons ten minste 3 vrae te vra:

- Wat is die hart van die boodskap of openbaring wat God hier aan ons openbaar (in die profetiese woord, of storie, of visioen of droom)?

- Wat beteken dit vir ons? (in die lig van die res van die Bybel se boodskap en agtergrond van die gebeure in en om ons)
- Wat moet ons doen of ophou doen in die lig daarvan?

# ’n Praktiese Leer-deur-Ervaring vir 10 weke: Beleef Bybelse Ekklesia

## Lukas 10 – Beleef Bybelse Ekklesia

### Here, verander ons prentjie en belewenis van gemeente-wees

’n Program van 10 weke Leer-deur-ervaring waardeur ons waag om Bybelse ekklesia-wees na te boots in ons dag in die gemeenskap en kultuur waar God ons ’n staanplek gegee het.

**Here, verander ons prentjie en belewenis van gemeente-wees**

**’n Intense Program van TIEN WEKE VAN Leer-deur-ervaring om arbeiders vir die komende oes en vir VERVOLGING gereed te maak**

*Visie en oogmerk: Om ’n opleidingsprogram saam te stel as deel van ’n wêreldwye opleidingsprogram waarmee gelowiges toegerus kan word om ten minste 100 miljoen nuwe ekklesia in hierdie generasie oor die hele wêreld te plant*

### Inleidend

Soveel mense vandag het probleme met die “kerk”.  Maar God is besig om ons te leer dat daar niks fout is met die “kerk” soos Hy dit oorspronklik bedoel het nie. Ons het probleme met dit wat die meeste mense “kerk” noem, hoe ons vandag “kerk hou” in die verskillende kerkstrukture.

Dit is tyd dat ons God toelaat om ons prentjie van die “kerk” te verander sodat ons kan terugkeer na Sy oorspronklike prentjie daarvan soos ons in die Handelinge-gemeentes in die Bybel dit gevind het.

Gesels jy met volgelinge van Jesus oral rondom jou, hoor jy in verskillende woorde hierdie mense soek almal na “meer”. Hulle weet hierdie diep binne God het iets anders in gedagte as dit wat ons rondom ons tans belewe.

Voordat ons mense kan uitstuur om nuwe ekklesia te gaan “plant” oral waar God hulle ’n platform gegee het, moet hulle eers self werklik Bybelse ekklesia-wees beleef en ervaar. Anders maak hulle maar net weer dieselfde foute as in die verlede.

As ’n antwoord op soveel gebede deur die eeue vir nog “… arbeiders in die oes” (Mat. 9:36), het gelowiges oral hulle self aangemeld om betrokke te raak by die insameling van die groot oes van môre.

Hierdie nuwe geslag gelowiges is nie meer tevrede in ’n skadelose soort Christendom en blote lidmaatskap in kerke of organisasies nie. Nee, deur die werking van God se Gees in hulle het hulle die begeerte om net so radikaal en effektief te wees soos die eerste groep volgelinge van Jesus daardie eerste 300 jaar in die vroeë Christelike gemeentes (van 32 tot 330 n.C.).

In Lukas 10 lees ons hoe Jesus Sy dissipels en *"72 ander"* opdrag gee om vir die eerste keer uit te gaan op 'n spesiale sending, naamlik: om vrede te gaan bedien aan mense in hulle huise. En as hulle dan in respons op hierdie boodskap mense vind wat reageer op hierdie "vredesboodskap", moet vir hulle die plek voorberei.

Hierdie profetiese aksie van Jesus om "arbeiders uit te stuur in die oes" bevat soveel eenvoudige maar kragtige beginsels en dinamiek.

Vir jare is hierdie beginsels geïgnoreer en vervang met allerlei menslike formules en evangelisasie-strategieë, wat duidelik nie werklik baie vrugte afgewerp het nie.

Dink net daaroor: in sowat 300 jaar se tyd het die vroeg-Christelike gemeentes, met die beperkte middels tot hulle beskikking, die hele bekende wêreld van destyds met die evangelie deursuur. Vandag vertel sendingorganisasies ons dat ons met al die wonderlike middels tot ons beskikking slegs sowat 10% van die wêreld se bevolking effektief met die evangelie bedien het sodat hulle as werklik gelowige Bybelse volgelinge van Jesus geklassifiseer kan word (d.w.s. sowat 700 miljoen van die sowat 7 miljard mense op aarde).

Oral op aarde is daar reeds soveel "huise" wat maar net ontdek moet word waar God se vrede tog so verwelkom sou wees. Dink net wat kan gebeur as daardie huise gevul word met God se teenwoordigheid en deel word van 'n wêreldwye netwerk van sulke huise.

Die oogmerk van hierdie opleidingsprogram, Lukas 10, is om as't ware 'n apostolies-profetiese virus te versprei, naamlik daardie DNA wat God daar in die begin self in die harte van Sy volgelinge in die eerste gemeentes vasgelê het, wat 'n mens kan verwoord as Sy begeerte dat niemand verlore sal gaan nie, maar Hom sal ontdek as hulle liefdevolle Vader wat van dag tot dag hulle wil lei deur Sy eie stem.

Hierdie program is ontwerp vir splinternuwe bekeerlinge maar ook vir mense wat al jare volgelinge van Jesus is. In laasgenoemde se geval sal hierdie program hulle herfokus en toerus as gesonde, radikale volgelinge van Jesus wat vir die eerste keer in hulle lewe self weer Bybelse ekklesia-wees beleef het soos God dit bedoel het.

'n Mens kan net aan ander oordra en dupliseer wat jy self beleef en jou eie gemaak het.

Van die begin af was die ervaring van ekklesia-wees in huise die sleutelelement wat die vinnige en spontane groei van die Ekklesia daardie eerste 300 jaar verseker het. Daarom glo ons, is dit ook God se belangrikste instrument vir nou ter voorbereiding op die groot oes in hierdie laaste dae.

Kom ek sê net ter verduideliking: Die term "huis gemeente" is 'n baie gelaaide woord deesdae wat ek soms wil vermy a.g.v. al die misverstande daarrondom. Maar omdat daar nie regtig 'n alternatiewe begrip is wat 'n mens kan gebruik om hierdie sleutelelement te beskryf nie, gebruik ek ook hier hierdie term.

"Huis gemeente" soos ons dit hiervandaan verder gaan gebruik, verteenwoordig dan waardes soos: organiese groei; wat verhouding-gebaseerd is; wat Bybels gefundeer is; waar almal betrokke voor God gelyk is; waar almal ge netwerk is; waar radikale dissipelskap 24/7 'n werklikheid is; wat God se oplossing vir 'n vaderlose gemeenskap is; om 'n veilige, sagte familie en huis te skep vir miljoene mense wat uitgehonger is daarna.

Dit beteken onmiddellik dus dat "huis gemeentes" nie nodig het om in kerkgeboue of in regte huise plaas te vind nie, maar eerder dui op geestelike huisgesinne of naby-families van volgelinge van

Jesus wat werklik familie wil wees vir mekaar, waar ons kan leer om mekaar soos Jesus lief te hê en liefde te ervaar.

Dit kan dus op enige fisiese plek gebeur, soos in hotelle, kroeë, restaurante, skole, kantore, onder bome, ja, selfs in gewone woonhuise, woonstelle, ouetehuise, of plakkershutte.

Daar waar mense lewe en die meeste van hulle tyd saam spandeer, daar wil God tussen hulle 'n beleefde werklikheid word, hulle lewens verander en hulle deel maak van Sy groter plan en ook hulle uitstuur om dissipels te wees onder die nasies.

Al die lering van die verskillende weke hieronder, vind dan binne hierdie opset plaas.

## Terug na die lering van die apostels

As 'n mens weer opnuut die Bybelse rol van die bediening van die apostel en profeet verstaan, is dit baie duidelik dat hierdie twee bedieninge in die grootste dele van die Liggaam van Jesus dramaties en tragies afwesig was vir bykans eenduisend agthonderd jaar.

Alhoewel God baie as apostels en profete ook in hierdie tyd gestuur het (Luk. 11:48), is hierdie boodskappers en visioenêre leiers eenvoudig deur die kerk sisteme oor die eeue geïgnoreer, valslik beswadder en beskinder, gemarginaliseer, of selfs doodgemaak.

Gevolglik moes die kerk hulle bedieninge vervang met allerlei selfgesentreerde, program gebaseerde, geïnstitusionaliseerde, gefragmenteerde kerklike bedieninge wat elkeen 'n denominasie of koninkryk op sy eie wil wees en gevolglik totaal impotent om werklik God se bedoelinge te verwesenlik.

Maar selfs deur al hierdie gebrokenheid vind 'n mens deur die eeue oral bewyse van volgelinge van God wat telkens nuut iets van God se werklike bedoelinge en organiese DNA ontdek het vir ware Bybelse ekklesia-wees.

Telkens vind ons God se Gees wat in Sy mense se lewens werk en hulle gedagtes vernuwe, reformeer en transformeer.

So beleef ons tans wêreldwyd 'n nuwe apostolies-profetiese reformasie (Hand. 2:42) wat ons weer fokus op God se ingeboude DNA-plan vir Sy ekklesia waar ons geroep is om mekaar toe te rus vir hulle bediening as volgelinge van Jesus (Ef. 4:11-16).

## Die Aard en Waardes

- Ons basiese opdrag is steeds die opdrag wat Jesus ons gegee het daar in Mat. 28:19-20, wat God se Gees, sedert Pinksterdag vir Sy mense geleer het om baie prakties te doen. Daarom pas dit ons om terug te gaan na wat Hy daar in die begin van die Christelike gemeentes gewys het die DNA van God se plan vir die ekklesia is wat werk. Soos Jesus gesê het: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."*

- As mense nie meer kerk toe kom nie, het ons nodig om kerk na die mense toe te bring, sodat daar binne stapafstand ’n toonvenster en ruimte kan wees waar mense God se teenwoordigheid en iets van hemel op aarde (of Koninkryk van God) kan beleef.
- Die Lukas 10-program bestaan uit 10 modules of halwe naweke wat sowat 3 maande duur. Dit is om dit moontlik te maak dat enigeen betrokke kan raak by die opleiding sonder dat enigiemand hulle werk hoef te verlaat.
- Die oogmerk is om dit so eenvoudig moontlik te hou. Daarom volg ons Jesus se voorbeeld van “leer hulle ’n klein bietjie en laat hulle dit dan goed oefen”. Al Jesus se leringe was so dat selfs kinders dit kon verstaan, maar tog het dit mense se lewens verander.
- Ons oogmerk is om deurentyd God se Koninkryk te soek en voorop te stel. Daarom wil hierdie opleiding sovêr moontlik blind wees vir alle tradisionele kerk grense en geen organisasie of bediening promoveer nie. Dit wil fokus op die lokale gemeenskap en sovêr moontlik daardie gemeenskap se kultuur en waardes respekteer en aanneem.
- Ons oogmerk is om meer en meer huis gemeentes te vestig. Daarom sal die opleiding so ingerig word dat tydelike “huis gemeentes” van 12 en meer lede, werklik geleentheid gebied word om ’n geestelike familie vir mekaar te word, wat saam eet, hulle lewens met mekaar begin deel, ge-commit is tot mekaar en die waardes van die Koninkryk, en wat mekaar dan help om God se spesifieke wil en plek in Sy groter plan te ontdek en te begin uitleef.
- Die Lukas 10–program is nie ’n akademiese program waar ’n klomp studiemateriaal oorgedra word nie. Nee, dit is eerder bedoel as ’n program waarin volgelinge van Jesus mekaar infekteer met die Bybelse lewenstyl van dissipel van Jesus–wees, wat iets van die hart van God en DNA–bloudruk vir die ekklesia verstaan en beleef het. Daarom gaan al die klem val op die oordrag van waardes, aanleer van bepaalde vaardighede en oordrag van bepaalde ervaringe.
- Die meeste van die aanvanklike opleiding sal gedoen word deur dienaars van Jesus wat toevertrou is met een van die 5-voudige bedieningsgawes van Ef. 4:11 tot 16, wat reeds geleer het om mekaar se bedieningsgawes te komplementeer en nie onderling te wedywer nie.
- Saam gaan ons ontdek hoe om deur ’n program van dinamiese en deelnemende opleiding, ons lewens, vrae en antwoorde met mekaar te deel in die vorm van léér momente wat soos ’n string pêrels aanmekaargesit is om te verhoed dat niemand verveeld kan terugsit of net wil ontvang nie.
- Ons oogmerk is: vermenigvuldiging. Daarom onderneem elke volgeling van Jesus wat deelneem aan hierdie program, om dit wat hy/sy geleer en ervaar het, oor te dra aan 5 tot 10 persone (in opdrag van 2 Tim. 2:2).
- Daar gaan ook praktiese opdragte en selfs huiswerk wees wat elkeen moet doen, soos om ’n deel van hulle lewe te reorganiseer, ander te leer, sekere aspekte dieper te ondersoek of te bestudeer, sekere video’s te kyk of gedeeltes in boeke of artikels te lees.

## Praktiese Reëlings

**WIE**: Die persone wat deelneem kan nuwe bekeerlinge wees of volwasse gelowiges, wat bereid is om tot die volle program te commit, met ’n gesonde Christelike reputasie in die gemeenskap, en wat gewillig is om by ander te leer, maar ook gewillig is om te leer hoe om ander te leer.

’n Volledige naam en adreslys, met verjaarsdag datums, e-posadres, Skype-adresse, ens. word op datum gehou die hele program deur.

Deurentyd kan ’n mens dan via epos of via SMS ‘se met die groep kommunikeer en week na week die afgelope leermateriaal deurstuur vir hersiening.

**TYD**: Prakties het ons, as die eerste oefenlopie van hierdie program, in die Rawsonville-Goudini-distrik, Sondagoggende van 09h30 tot en met middagete vir die lering-gedeelte byeengekom, waar ons tipiese Bybelse “m-eatings” gehou het, saam geëet en mekaar bedien het.

Die hele proses het omtrent 3 maande geduur en is afgesluit met ’n uitstuur-byeenkoms en tyd vir persoonlike evaluasie en stil word oor jou spesifieke plek in God se groter plan in die toekoms.

**GROOTTE**: Die persone wat commit tot die program is in tot en met 7 tydelike huis gemeente-groepe van omtrent 12 persone verdeel, wat dan saam opgelei en toegerus is.

**WAAR**: Die Luk. 10-opleidingsprogram word lokaal georganiseer deur volwasse geestelike leiers in samewerking met lede in die streek/nasionaal wat deel is van die vyfvoudige bediening span wat reeds so ’n Lukas 10-opleidingsprogram self ontwikkel of self deurgemaak het. Die opleiding kan in ’n klaskamer, opleidingslokaal, gemeente gebou, hotel-saal, of doodgewoon ’n groot woonhuis plaasvind, alles afhangende van die aantal en grootte van die huis gemeente-groepe wat betrokke is. Die betrokke leiers word aangemoedig om oor die naweke vir die betrokke dae in die huise van die betrokke gelowiges te woon.

**KOSTE**: Natuurlik is hier nie werklik van “kostes” in die ware sin van die woord sprake nie. Dit gaan hier immers oor ’n volledige Bybelse ervaring van Ekklesia-wees waar die finansiële versorging van die bedienaars ook ’n essensiële deel van is.

Daarom is voorgestel dat elke persoon/gesin betrokke te minste begroot om ’n bedrag van tot 10% van hulle inkomste vir die volgende 3 maande sal gee om so gehoor te gee aan Gal 6:6 se opdrag: *“Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.”* (Op die manier sal daar ook fondse beskikbaar wees vir diegene wat geen inkomste het en dus gewoonlik nie deel kan hê aan so ’n program nie).

## 10 Sleutelelemente van die Lukas 10-program

### 1. Betrokkenes kan getuig van ’n Radikale Bekering

Hierdie “bekering” is nie net ’n verstandelike aanvaarding en kennis van bepaalde Skrif- of geloof waarhede nie. Nee, hier gaan dit oor mense wat ’n persoonlike ontmoeting met ’n lewende God gehad het in Jesus Christus. Daarom sal dit gepaard gaan met ’n diepe sonde- en skuldbesef, ’n doelbewuste geloofsaanvaarding van Jesus as Verlosser en Vrymaker, wat die houvas, mag van sonde en die hel op jou lewe gebreek het.

Diegene sal dus kan getuig van hoe hulle gekies het om om te draai en hulle te bekeer tot Jesus en tot Sy plan vir die res van hulle lewe. Hulle sal kan getuig van hoe hulle vrygemaak is van hulle selfgesentreerdheid en selfsug, en gekies het om Jesus te volg vir die res van hulle lewe as die nuwe Koning in hulle lewe, al kos dit ook hulle lewe. (Hand. 2:36-39)

## 2. Gedoop in water as gelowiges

Die doop van gelowiges het in die vroeg-Christelike gemeentes gewoonlik op daardie eerste dag plaasgevind wat hulle radikaal tot bekering gekom en Jesus aanvaar het in geloof. Daar was soms uitsonderings, maar dan was daar goeie redes voor.

Met die doop in water word die opdrag van Jesus gehoorsaam (Mat. 28:18-20), en word ’n sigbare teken aan die nuwe bekeerlinge bedien wat aan die eenkant die aflê van sonde en begrafnis van die ou mens en dood-wees simboliseer, maar aan die ander kant ook die ontvang van en opstaan in die nuwe lewe, wat nou ons deel geword het in Christus Jesus, teken (Rom. 6).

As nuwe bekeerlinge moet ons leer om soos die man uit Etiopië te sê (na sy bekering): “*Hier is water, wat verhoed my om gedoop te word”* (Hand. 8:38), as deel van jou gehoorsaamheid aan Jesus se eie opdrag daar in Mat. 28:19.

## 3. Gedoop met die Gees

Daar op Pinksterdag antwoord Petrus diegene wat vra hoe hulle gered kan word: *"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.”* (Hand. 2:38)

Die vroeg-Christelike gemeentes het elke nuwe bekeerling daardie selfde dag in water gedoop en sommer daar by die water hande opgelê. Daar het hulle gebid dat Jesus, die Doper met die Gees, daardie persoon sal doop/salf/toerus met die krag en gawes van die Heilige Gees soos Hy weet daardie persoon dit nodig sal hê wanneer hulle getuig en God hulle wil gebruik.

Ons het dus nie nodig om een minuut verder te hoef staat te maak op ons eie krag nie.

Behalwe dat die Heilige Gees self in ons kom woon met ons wedergeboorte en bekering, wil Jesus Christus ons ook bonatuurlik toerus met die Heilige Gees op ons. Sodat ons met die bonatuurlike gawes van die Gees die werke van die Vader kan doen, sodat Hy alleen die eer kan kry. Hy wil ons gebruik om mense met profesie, bonatuurlike wysheid, detail kennis, bonatuurlike genesing na gees, siel en liggaam, of met van die ander genadegawes van die Gees te bedien, soos God dit wil, sodat hulle sal weet Hy lewe en het hulle lief.

## 4. Deel-wees van die familie van God in die ekklesia

Hand. 2:47 sê: *“En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.”*

Geen Bybelse volgeling van Jesus is bedoel om ’n indiwidualistiese lewe op sy/haar eie te lewe nie. Ons is bedoel om deel te wees van ’n familie van God se mense, die ekklesia.

Binne daardie geestelike geloof familie moet ons leer om ons lewens en alles wat ons het, met mekaar te deel. Daar leer ons liefhê en daar word ons lief gehê. Daar genees God ons en rus ons toe sodat ons ons Godgegewe roeping en getuienis taak daar waar God ons wil gebruik, kan uitvoer.

## 5. ’n Nuwe, skoon begin

’n Nuwe begin beteken prakties ’n klaarmaak met die verlede.

Soveel gelowige volgelinge van Jesus is gewond, verward, stukkend en swak en bly onproduktief en onbruikbaar in die koninkryk van God juis hieroor. Daarom moet nuwe volgelinge van Jesus die geleentheid en ruimte gebied word om ’n in-die-wasmasjien-ervaring te ondergaan en geleentheid gebied word om klaar te maak met die verlede. Gebroke en stukkende verhoudings moet gehanteer en gerestoureer word sovêr menslik moontlik. Okkultiese bande moet deurgesny word. Geestelike verwarring en bindinge moet deurbreek word. Mense moet deur berading en bediening van totale genesing gehelp word om klaar te kry met seksuele en finansiële immoraliteit. Hulle moet gelei word na bekering, sondebelydenis en behoorlike restitusie, sodat hulle kan gesond word en vir die res van hulle lewe kan leef in optimale gesondheid.

## 6. Deel word van God se Apostoliese sending

Van ons geestelike geboorte af word ons deel van God se Sendingaksie op aarde, Sy agenda, Sy Koninkryk plan wat besig is om te realiseer.

God se hart en plan is om te sien dat al die nasies die evangelie moet hoor en ge dissipel word. Sy hart is immers dat niemand verlore sal gaan nie, maar gered sal word.

In plaas daarvan dat ons heeltyd net van God vra om ons volgende probleem op te los, moet God se hart ons hart word. Moet ons leer om te doen wat Hy wil seën, in plaas daarvan dat ons Hom moet vra om te seën wat ons doen.

Daarom moet ons toelaat dat God hierdie apostoliese fondasies in ons lewe kom lê. Die Evangelie van Matteus, daar by Mat. 5 tot 7 byvoorbeeld, was Jesus se plek en manier om hierdie apostoliese fondasies in ons lewens te kom lê. Hierdie deel van die opleiding is deel van daardie “melk” waarvan Heb. 6:1-4 praat.

Dit sluit dan ook die aanleer van belangrike vaardighede in soos om te leer om God se stem te hoor en dit te leer gehoorsaam, om God se Woord reg te leer lees en te verstaan, om te leer wat gebed werklik is, asook wat die waardes van die Koninkryk werklik behels.

## 7. ’n Finansiële Bekering

Aangesien ons almal gebore word in hierdie wêreld en op die manier, al is dit nét aanvanklik, deel word van hierdie gebroke wêreld se gebroke en demonies-gedrewe ekonomiese sisteem met gepaardgaande wêreldsiening wat deur Mammon beheer word, moet elkeen van ons letterlik verlos en bevry word van dinge soos materialisme, gulsigheid, ’n gees van armoede, jaloesie, wêreldse begeertes na meer, geldsug en valse sekuriteite en sekerhede.

Ons Verlosser en Koning Jesus, bring elkeen van ons voor ’n kruispad waar ons moet kies wie ons voortaan wil dien en vertrou: God of Mammon, want ons kan nie beide gelyktydig dien nie (Mat. 6:24).

Daarom het die Gees van God die volgelinge van Jesus daar in die vroeë gemeentes geleer om hierdie bindinge te breek deur alles met mekaar te deel en om te gee soos God ons beveel.

Ja, om selfs as “die arbeiders in die oes” sonder enige ekstra geld in ons beursies te moet gaan (Mat. 10:9). Dissipels van Jesus moes leer dat dit wat hulle nodig het, lê in die insameling van die oes en ons werk daar. Dan leer ons werklik om God te vertrou vir alles, sonder die gerief van ’n stewige bankrekening. Daar leer ons dat ons baie meer geseën word wanneer ons self aan ander gee, as om heeltyd te wil ontvang. Daar leer ons dat waar ons doen wat God ons beveel om te doen, daar betaal Hy die rekeninge.

## 8. Gawes en Roeping

God het ons nie almal dieselfde gemaak nie, maar het elkeen van ons uniek geskape en uniek toegerus vir waar ons spesifiek inpas in Sy groter plan en besig wees.

Daarom moet gelowige volgelinge leer om die verskillende gawes in hulle geledere raak te sien en daarvoor ruimte te maak. Ons moet leer dat ons ’n groot span is met baie lede, met toerusting wat van mens tot mens verskil. Daar waar ons maar elkeen in groot nederigheid net dit doen wat ons aan die voete van ons Here en Koning gehoor het ons roeping en taak is, met die gawes wat Hy ons gee, beleef ons hoe Hy ons gebruik om iets van Sy Koninkryk te laat kom.

Die meeste van hierdie dinge wat ons moet doen, is nie die groot en dramatiese nie, maar eerder daardie klein, skynbaar onbenullige dinge wat ons moet doen met ’n opregte hart in gehoorsaamheid, wat God kan gebruik om onberekenbaar magtige dinge te laat gebeur.

Mag elkeen van ons uiteindelik daar voor Sy troon die lieflike klank hoor van: Welgedaan, goeie en getroue dienskneg!”

## 9. Dissipel mekaar

Om deur ander ge-dissipel te word, is vir die meeste van ons ’n vreemde maar wonderlike ervaring. Maar ware dissipelskap kan nooit daarmee tevrede wees om net bedien te word nie. Daar moet ook ’n belangrike komponent volg waar ons oorgaan tot aksie en ander begin dissipel.

Ongelukkig het ons binne die Westerse kultuur se invloed ook in die Westerse Kerke so gewoond geraak dat kerk soos skool geword het, waar ons tevrede is om in rye te sit en by ander te leer. Die Here is egter besig om ons terug te neem na die Hebreeuse model waar dissipels geleer word om hulle lewens te verander deur die voorbeeld van ander na te boots.

Ons moet leer om nie net een-tot-een mense so te dissipel nie, maar ook hoe om groepe, strate se inwoners, bendes, dorpe, stede en selfs nasies en lande so te begin dissipel.

In Israel is daar twee groot bekende waterbronne: die Dooie See en die Meer van Gennesaret. Die groot verskil tussen die twee is dat die een ’n in- en ’n uitloop het (die Jordaanrivier), terwyl die Dooie See net ’n inloop het en bekend daarvoor is dat dit ’n simbool van die dood geword het.

So moet ons leer watter vreugde en groei daarin is om aan ander weg te gee wat jyself ontvang en geleer het.

## 10. Om netwerke van ekklesia te plant

Jesus het vir Sy dissipels opdrag gegee om mense by hulle huise te gaan opsoek op soek na die man of vrou op soek na vrede, wat oop is vir die Evangelie oor die Koninkryk van God wat na planeet

aarde toe gekom het. Hulle sou oop wees vir die boodskap omdat God hulle reeds vooraf voorberei het daarvoor.

Hulle moes van dorp tot dorp, van gemeenskap tot gemeenskap beweeg en iets van hulle lewe met die mense deel om so Sy teenwoordigheid ’n belééfbare werklikheid ook daar te laat wees. Hulle moes twee-twee uitgaan en in plaas daarvan om mense “na die kerk toe uit te nooi”, moes hulle Bybelse ekklesia daar tussen die mense gaan wees in hulle huise en gesinne.

Hoe noodsaaklik is hierdie element nie ook vandag nie! Om binne loopafstand vir elke mens op aarde ’n vertoonvenster so te skep waar hy/sy die werklikheid van ’n lewende God tasbaar kan ervaar.

So word die Koninkryk en die boodskap oor die Koninkryk in ’n sin ’n soort virus wat elke skynbaar onmoontlike en geslote plek of gemeenskap ongemerk kan binnedring en kan deursuur en verander. So word die DNA van ware Bybelse ekklesia-wees ook daar gedeponeer sodat dit verder daar natuurlikerwys kan vermenigvuldig.

## Die Verwagte Uitkomste van die Lukas 10-program

- Die oogmerk van die Lukas 10-program is om ’n model van opleiding daar te stel vir miljoene volgelinge van Jesus om deel te hê aan God se sending op aarde. Maar ook om in die proses kwaliteit ekklesia te plant wat die gemeenskap en nasies effektief Bybels kan bedien en dissipel.
- Vermenigvuldiging: Nie alleen kan 50 mense daarmee 250 tot 500 ander oplei en toerus nie, maar kan die opleiding tot vier keer per jaar herhaal word om mense elke drie maande geleentheid te gee om daarmee opgelei te word.
- Binne die volgende 5 jaar verwag ons dat soortgelyke opleiding in ten minste 100 nasies beskikbaar sal wees.
- Dit is ’n praktiese vorm van opleiding wat weer die ABC-dinge vir ’n missionêre ekklesia vaslê en mense se prentjie van kerk wees terug herstel na die Bybelse DNA in die lewens van die arbeiders in die oes. Op die basis word ’n gesonde en gebalanseerde fondasie gegooi in die lewens van ’n nuwe generasie kerk planters.
- Die Lukas 10-program is ’n effektiewe en vinnige lanseer plaat om nuwe volgelinge van Jesus te laat lanseer as nuwe arbeiders in die oes.
- ’n Praktiese uitkoms van so ’n opleidingsprogram is dat elke program uiteindelik tot die planting van ’n minimum van 5 nuwe ekklesia realisties sal lei.
- Laastens, die praktiese werwing en betrokke raak van dissipels in die kerkplanting-proses sal verder meebring dat ’n mens diegene kan identifiseer en verder kan fasiliteer wat…

    1. meer tyd nodig het en nie realisties en effektief betrokke kan raak in die kort tyd nie

    2. betrokke kan raak by die formele opleidingproses in die toekoms

3. inisiatief kan neem en proaktief optree en ander met hulle saamneem

4. duidelik bewyse toon van 'n bonatuurlike vyfvoudige salwing op hulle lewens.

Diegene uit groep 4 kan dan toegewys word aan volwasse leiers uit die vyfvoudige bediening om hulle verder te begelei om toegerus te word om later as apostels, profete, leraars, evangeliste en herders ander toe te rus vir hulle bediening.

## Ander studiemateriaal

Elke gelowige wat deelneem word aangemoedig om WAARHEEN MET DIE NUWE WYN en DIE STORIE AGTER DIE STORIE te lees, plus te kyk na die DVD-reekse, HOE HOOR EK DIE HERE SE STEM, asook JESUS, DIE DOPER MET DIE HEILIGE GEES.

Vir verdere inligting in die verband, kontak gerus dr. Christo Nel. Sy selnommer is 0827702397 of via epos by nchristo@lantic.net

## Brief vooraf: 'n Nuwe Bybelse Ekklesia-ervaring vir 10 weke!

**Inleiding**

Kan jy glo, dit waarna ons almal uitgesien het, lê voor die deur! Sondag, die 15de April, skop ons af daar by julle.

Ek weet nie van jou nie, maar ek en Hetta het 'n geweldige verwagting oor wat God deur Sy Gees tussen ons gaan doen. Hy het immers belowe dat Hy in hierdie jaar letterlik 'n parallelle beweging gaan skep waar Hy gaan werk en Homself in Sy heerlikheid gaan openbaar, naas die tipiese kerkstrukture.

God wil ons prentjie en ervaring van kerk/ekklesia-wees verander. Al manier hoe Hy dit kan doen is om ons manier van dink daaroor te verander, deur ons bloot te stel aan nuwe (ou) Bybelse waarhede en nuwe (ou) Bybelse ervaringe van hoe dit is om deel te wees van 'n Bybelse ekklesia wat dinge doen soos God dit gesê het.

**Week 1**

Soos ons laas aan mekaar gesê het, 'n normale Christelike geestelike geboorte, aan die mens se kant, bestaan uit 4 spesifieke gebeure:

- Sondebesef, ware berou en bekering/n wegdraai weg van jou ou sondige lewe
- 'n Doelbewuste keuse om in geloof Jesus Christus as Verlosser en Here te aanvaar. Jy glo dit met jou hart en sê dit met jou mond.
- Gesimboliseer en bevestig deur die doop in water
- Wat op daardie selfde dag, verkieslik gevolg word deur die doop/salwing/bonatuurlike toerusting met die Gees en Sy gawes deur handoplegging.

In hierdie eerste week gaan ons fokus op die eerste twee hiervan en volgende week op die laaste twee. Daar gaan ook volgende week geleentheid wees om die doop in water en die doop met die Gees deur handoplegging prakties aan gelowiges te bedien.

**Ter voorbereiding vir hierdie week**

Jy kan die volgende gedeeltes gaan lees as jy 'n kansie het:

WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, hoofstuk 5
DIE STORIE AGTER DIE STORIE, Dag 6-8, 20,21

Maak tyd hierdie res van die week om saam met my en Hetta voor die Here stil te wees en Hom te vra om self ons tree vir tree te lei in hierdie ervaring. Ja, dat Sy agenda ons agenda sal wees, en dat Hy deur Sy Gees self die leiding sal neem en ons sal bedien.

Liefde in Jesus, Christo en Hetta Nel

## Week 1 – Jy word deel van die Ekklesia deur 'n normale Bybelse geboorte

**Studiemateriaal**

**Skrifgedeeltes**

Jes. 1:2-3, 11-18; Rom. 3:10-28; 55:1-7; Hand. 2:21,36-42.

**Opsomming:**

1. Die noodsaak van 'n Bybelse bekering

Radikale oorgawe aan Christus Jesus as Verlosser en Here

2. En 'n veranderde lewe wat getuig van die ware vrugte van bekering

**Om oor na te dink:**

***'n Normale Bybelse geestelike geboorte***

In Joh. 3:3 en 5 praat Jesus hiervan as Hy sê*: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie... Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie."*

In 'n neutedop glo ek, bestaan die normale Christelike geboorte, aan die mens se kant, uit 4 spesifieke gebeure in elke nuwe bekeerling se lewe:

1. 'n Besef van sonde, gevolg deur ware berou en bekering of wegdraai van jou ou sondige lewe

2. 'n Doelbewuste keuse om in geloof Jesus Christus as Verlosser en Here te aanvaar. Jy glo dit met jou hart en bely dit met jou mond

3. Dit word gesimboliseer en bevestig word deur die bediening van die doop in water aan die gelowige

4. Gevolg deur handoplegging vir die doelbewuste doop/salwing/bonatuurlike toerusting met die Gees en Sy gawes.

### 1. 'n Normale geestelike geboorte vereis Bybelse berou en bekering – Luk. 24:47; 2 Kor. 7:9,10; 1 Tess. 1:9

Kom ons dink na oor die kern evangelieboodskap.

Gebruik Skrifgedeeltes soos Joh. 3:16; Rom. 3:10 e.v.; Rom. 3: 21-26; 2 Kor. 5:19-21; Gal. 3:13; Joh. 1:12; 1 Joh. 5:12,13 om die evangelieboodskap in jou eie woorde te verwoord.

Om hierdie Evangelieboodskap in geloof aan te neem, beteken en vereis Bybelse berou en ’n doelbewuste bekering.

Die verskeie maniere om die kern evangelieboodskap oor te dra, bv. deur middel van **Die Vier Geestelike Wette** van Campus Crusade (Kyk Powerpoint-aanbieding daarvan).

Bybelse berou behels ‘n “verandering van gedagte”. Om weer te dink oor jou lewe en optrede en dit ‘n slag in ‘n ander lig te sien, as't ware deur God se oë te sien.

Ware berou begin daar waar ‘n mens die erns van die situasie en die realiteit van ‘n lewende God besef.

Ware berou en bekering begin daar waar ons besef dat ons God se outoriteit vertrap het, Sy wette gebreek het, Sy skepping geruïneer het, Sy woede laat opvlam het, en gevolglik, Sy oordeel en straf, en uiteindelik, die hel verdien (Rom. 6:23).

Dit begin daar waar jy die afskuwelikheid van jou spesifieke sondes besef. Jy besef elke sonde is ernstig en is dodelik. Dit diskwalifiseer jou onmiddellik om die koninkryk van God te ontvang (1 Kor. 6:9,10; Gal. 5:19-21).

Die Bybel sê hierdie sondes moet dan spesifiek met jou mond bely word (Mat. 3:6).

Ons moet dus ons self en ons lewe sien soos God dit sien.

God haat sonde en moet dit straf met die dood (Rom. 6:23).

Hoe ontdek ons ons sonde?

In die lig van die wet/Tien Gebooie (die Bybel noem die wet ’n Tugmeester na Christus toe (Gal 3:24,25)

M.a.w. deur onsself te toets aan die verskillende wette ontdek ons ons sondigheid. (Rom. 3:19)

Al is ons net aan een van hierdie wette skuldig, is die straf die dood en die hel (Rom. 6:23)

Kom ons toets onsself aan die Tien Gebooie (Powerpoint – **Tien Gebooie – ’n Padwyser na Jesus**)

**1ste Gebod**—Is die God van die Bybel werklik die enigste God in jou lewe? Dien en vertrou jou Hom vir alles?

**2de Gebod**—Wat anders in jou lewe is ook die god in jou lewe? Wat meer tyd en aandag kry as die ware God? Is die prentjie wat jy van God in jou kop het, werklik die God van die Bybel? Vrees jy God?

**3de Gebod**—Gebruik jy die Naam van die Here onnodig of oneerbiedig? Gebruik jy Sy Naam as ’n vloekwoord?

**4de Gebod**—Is daar een dag van die week wat jy anders inrig as die ander 6 dae? Watter dag gebruik jy om meer intens op God en Sy dinge te fokus en daarvoor tyd te maak? Werk jy 7 dae aanmekaar?

**5de Gebod**—Eer jy werklik jou pa en jou ma? Respekteer en eer jy die mense/instansies wat God oor jou aangestel het?

**6de Gebod**—Is daar mense wat jy haat? Is daar mense vir wie jy kwaad is en kwaad bly? Wat jy net nie wil vergewe nie?

**7de Gebod**—Is daar 'n man/vrou/seun/dogter oor wie jy fantaseer/begeer? (Mat. 5:27,28) Kyk jy na pornografiese materiaal/films?

**8ste Gebod**—Steel jy ander mense se goed/tyd?

**9de Gebod**—Praat jy kwaad oor ander? Beskinder jy mense?

**10de Gebod**—Kyk jy met begeerlike oë na dit wat ander het? Maak die mode dat jy net nooit tevrede is met wat jy het nie?

**Ander Sonde-lysies in die Bybel:**

Gal. 5:19-21; Ef. 4:17-19; 4:25-31; Rom. 1:29-32, 13:13-14.

Is jy skuldig aan sondes van gedagtes, woord en daad; of sondes teen God, teen ander en teen jouself? Of dalk skuldig aan sondes van nalaat of waar jy medewerker was?

Vertrou verder die Heilige Gees om jou van spesifieke sondes te oortuig.

Pleit om God se vergiffenis.

Berou behels ook 'n verklaring dat jy gaan wegdraai daarvandaan en dit 100% gaan los.

Berou en bekering vereis ook restitusie: regmaak van dinge wat jy in die verlede verkeerd gedoen het (vergelyk Luk. 3:8 en sy meegaande verduideliking).

Kyk ook na Luk. 19:1-10. Hand. 19:18,19 sê dat dit soms ook prakties kan uitloop op 'n spesifieke daad, soos die verbrand van 'n klomp okkultiese voorwerpe.

Vergiffenis begin by God. Dit bestaan uit 'n herstel van jou verhouding met God wat as gevolg van sonde verbreek was. Hy vergewe en vergeet. Maar dit loop ook deur na mense wat jou moet vergewe vir sekere dade aan hulle, en wie jy 100% moet vergewe vir sekere dade aan jou. (Vergelyk Filemon 12-14, en 19).

Bely dit baie spesifiek en vra Sy vergifnis. Aanvaar in geloof dat jy vergewe is omdat Jesus ook daarvoor gesterf het.

Draai dan om, doen restitusie waar nodig en gaan lewe jou nuwe lewe.

## 2. Glo in die Here Jesus as Verlosser, is deel van ’n normale geestelike geboorte (Hand. 2:38,39 en Heb. 6:1,2)

Glo in die sekerheid van God se oordeel en die wonderlike Evangelieboodskap dat Christus Jesus vir al ons sondes die volle straf kom dra het deur daarvoor te sterf aan die kruis.

Hy het Sy lewe gegee, as die totaal Onskuldige, in jou en my plek. Sodat die Vader ons kan vergewe en kan vryspreek.

Hy het so die Bose oorwin en Sy mag oor ons gebreek om ons volkome te verlos as ons dit sou glo.

*“Hoe kan ek gered word?”*

*“Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word”* (Hand. 16:30-31).

**5 aspekte van Bybelse saligmakende geloof**

- Geloof is gebou op historiese feite – Jesus Christus het werklik vir my gesterf aan die kruis en opgestaan uit die dood as teken dat God Sy versoenings daad aanvaar het.
- Geloof is persoonlik – jy moet glo Hy het dit ook alles vir jou gedoen
- Geloof moet met die mond bely word (Rom. 10:9-11)
- Geloof moet gelewe word – geloof moet oorgaan in dade en 'n leefwyse wat daarvan getuig
- Geloof volhard

Het jy Jesus Christus aangeneem as Verlosser en Here?

Sê nou jy sterf vandag, en jy staan voor God en Hy vra jou: Waarom moet Ek jou in die hemel toelaat?

Wat sal jy Hom antwoord?

Het jy totale geloofsekerheid dat jy ’n kind van God is?

**Dink net weer na oor die volgende verse:**

Joh. 3:16-18

Rom. 3:23-28

1 Joh. 5:11-14

Joh. 1:12

Open. 3:20

Vergelyk wat daar in Hand. 2:38,39 en Heb. 6:1 en 2 oor geloof in Christus Jesus as Verlosser en Here staan.

Geloof is werklik die grond en fondament, die dryfveer in elkeen van die vier gebeure in die geboorte van ‘n Christen.

Geloof is gebaseer op feite en nie gevoel nie. Vgl. Hand. 4:12. In die hart van hierdie kritiese gebeure staan ‘n kruis en ‘n oop graf (1 Kor. 15:3-4). Geloof is om te aanvaar dat hierdie gebeure plaasgevind het, en om te vertrou op die betekenis daarvan vir jou lewe. Geloof is dus nie net om te glo dat Jesus Christus Verlosser is van die wêreld nie. Geloof is om te glo Hy is ook jou persoonlike Verlosser. Geloof is nie net om te glo dat Jesus gesterf en opgestaan het nie. Geloof is om te glo in die Jesus wat gesterf en opgestaan het. Sien, dan verskuif geloof van die verstand na die hart.

Dit gaan dus hier oor ‘n persoonlike vertroue, om met jou lewe aan Hom en dit wat Hy vir jou gedoen het, vas te hou en net daaraan vas te hou.

Geloof is ook nie weer net gehoorsaamheid aan ‘n klomp onpersoonlike wette nie. Dit is eerder gehoorsaamheid wat spruit uit ‘n persoonlike liefdesverhouding met ‘n lewende Jesus wat jy “ken”.

Die Nuwe Testament leer dat geloof in woorde uitgesê moet word. Vgl. Hand. 2:21 oor die gebruik van die “Naam van Jesus”. Rom. 10:9-10 praat oor ‘n hardop-uitsê van jou vertroue in Hom en ‘n aanroep van Sy Naam omdat jy weet Hy is by jou.

Ef. 2:8-10 sê dat ons glo dat God ons genadig wil wees in Jesus Christus. Maar ook dat die hart van geloof is om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het! Geloof mond dus uit in dade van liefde. Jak. 2:14 e.v. leer ons geloof is aksie. Geloof in aksie red. In Heb. 11 vind jy baie voorbeelde van geloof in aksie.

Geloof volhard. Luister maar net wat die volgende gedeeltes daaroor sê: Heb. 12:1-12; Heb. 10:19-25; Heb. 10:32-39. Joh. 20:31 beaam dit deur te sê: Hou aan glo, dag vir dag. 2 Kor. 13:5 sê: Ondersoek julleself, want ware geloof is geloof wat aanhou en aanhou.

Geloof wandel is ‘n dag vir dag, tree vir tree, wandeling saam met Jesus. Vorentoe... nthou gerus wat in Heb. 13:5b en 6 staan. Asook dit wat Joh. 10:28 en Rom. 8:31,35-37 vir ons leer.

PRAKTIESE AANBIEDING EN LERING

Bybelse Ekklesia begin dus daar waar die Evangelie verkondig word en God deur Sy Gees ’n sondebesef en berou in mense bewerk, wat dan lei tot ’n in die geloofaanvaarding van Jesus Christus as Verlosser en Here.

Omdat ek van oortuiging is dat die gesinne deel moet wees van die hele ekklesia-ervaring, probeer ek sovêr moontlik ook die lering so aan te bied dat volwassenes en kinders dit kan verstaan.

Ek het die volgende leringe en PowerPoint-aanbiedinge gebruik om dit oor te dra:

1. NUWE WYNSAKKE – M-eatings. Beklemtoon die 5 elemente van praktiese ekklesia-wees. En nooi veral mense uit om enige nood bekend te maak – al is dit net aan jou, sodat die nood bedien kan word sovêr moontlik.

2. ’n Normale Geestelike Geboorte – hanteer net die relevante gedeeltes in die Powerpoint wat op hierdie lering van toepassing is

3. Dan het ek die kernboodskap van die Evangelie oorgedra deur: ’n A-4 te gebruik om die evangelieboodskap oor te vertel; die Woordlose Boekie te gebruik om die evangelie oor te vertel. (Ek het ook ’n klompie Woordlose Boekies gemaak en uitgedeel onder die kinders, terwyl my vrou agterna die kleiner kinders geneem het en hulle elkeen met die 5 kleure wol vir hulleself ’n Woordlose Wol-vertelling van die Evangelie te maak. (Bind letterlik kort stukkies Geel, Swart, Rooi, Wit en Groen wol aanmekaar vas).

4. ’n Mens kan ook die lering oor die Tien Gebooie as Tugmeester na Christus toe gebruik om verder die noodsaak van ware sondebesef en -berou te beklemtoon. Ek gebruik die PowerPoint-lering: Die Tien Gebooie as Tugmeester na Christus toe, daarvoor.

5. Tref dan reëlings vir die volgende week se byeen-wees en spesifiek vir die doop van gelowiges volwassenes en kinders, wat nog nie gedoop is as gelowiges nie. Meld ook dat almal daarna hande opgelê en voorgebid gaan word vir die doop met die Gees, vir die eerste keer of by hernuwing.

6. Eet en kuier dan saam.

## Week 2 – (Vervolg: 'n Normale Bybelse geboorte)

### 3. Om gedoop te word in water…

**Ter voorbereiding vir hierdie week**

Jy kan die volgende gedeeltes gaan lees as jy 'n kansie het:

WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, hoofstuk 5
DIE STORIE AGTER DIE STORIE, Dag 6-8, 20,21

**Inleidend**

In sekere gedeeltes van die Liggaam van Jesus word babas gedoop omdat daardie geloofsgemeenskappe oortuig is dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, op grond van hulle besondere interpretasie van een Bybelteks, naamlik Kol. 2:11 en 12.

Ongelukkig is hulle interpretasie van hierdie vers verkeerd, want as hier sprake is van "besnydenis", dan verwys dit nie na die fisiese besnydenis van babatjies nie, maar eerder na die "besnydenis van die hart" of die "wedergeboorte" (Joh. 3:1-16,) wat sigbaar word in bekering en geloof in 'n mens se lewe (Rom. 10:9).

Daarom gee Jesus opdrag dat mense eers Sy dissipels gemaak word, en dan eers gedoop en geleer moet word wat Hy ons alles beveel het (vgl. Mat. 28:19 en 20 in die Ou Afrikaanse Vertaling).

Let ook op dat daar dan staan dat hierdie nuwe gelowige dissipels of volgelinge van Jesus gedoop moet word "in die Naam…" Dit beteken dat ons by ons doop in water alles voor Jesus op die altaar plaas. Van nou af is Jesus al waarvoor hulle lewe.

Vgl. ook Hand. 2:38,39; 8:12 e.v.; 10:44-48; 11:11-18; 15:7-11; 11:14; 16:15,31; 18:8; en 1 Kor. 1:16 in die verband.

Die Griekse woord "baptizein" dui op onderdompeling. Die simbool van die doop teken dus vir ons die bad vir die wat vuil is.  Vgl. Hand. 22:16, Ef. 5:26 en Heb. 10:22.

Die doop is ook die begrafnis van 'n "ou mens" wat nou in Christus Jesus dood is. Vgl. Rom. 6:1-12; Kol. 2:9-12.

Volgens Rom 6:4; Kol. 2:12; en 1 Pet. 3:21 word die nuwe bekeerling se "ou mens" dan letterlik in die water "begrawe". Hy/sy is dus nou "dood" vir hulle ou sondige manier van lewe, en het "opgestaan" in 'n nuwe lewe, om nou voortaan volgens Jesus se wil te lewe. Dit is dan ook 'n opstaan en uitstap in 'n nuwe lewe, 100% toegewy aan Jesus Christus as jou Here en Verlosser deur die genadewerking van die Gees van God in jou lewe.

Dit is so 'n belangrike waarheid vir die Nuwe Testament skrywers dat hulle nie huiwer om die woord "red" in verband met die doop te gebruik nie. Kyk maar net na Mark. 16:16; Hand. 2:40-41; 1 Pet. 3:21.

Ook Tit. 3:5 verwys hierna as hy praat van *"die bad van wedergeboorte",* waar 'n persoon gebore word uit of in water (Joh. 3:5). In 1 Pet. 3:21 sien Petrus in die gebeure rondom die vloed 'n tipe van

die Christelike doop, waardeur hy en ander gedooptes van hulle sondige omgewing geskei word deur water. In 1 Kor. 10:1-2 weer sien Paulus die trek deur die Rooi See as ‘n tipe van die “doop”. Die uittrek uit Egipte, die land van Farao, was ook ‘n trek na Kanaän. Vanuit ‘n lewe waar Satan die heerskappy oor ons gehad het en sonde daarom oor ons geheers het, (Rom. 6:11-14) het ons nou erfgename geword van ‘n nuwe lewe.

Alleen as sekere geestelike voorwaardes geldig is, is hierdie dinge waar oor die doop. Die water as sodanig, kan niks anders doen as om mense se vuil uiterlik af te was nie. Maar deur die krag en genade van God, deur die werking van Sy Gees, in reaksie op die mens se sondebelydenis en geloof, kry hierdie fisiese aksie sy geestelike betekenis.

**Wanneer is mense gedoop?**

Hand. 2:37 tot 39; 10:48 en 16:33 vertel vir ons dat dit gewoonlik op dieselfde dag plaasgevind het wat hulle vir die eerste keer die Evangelie gehoor het en gekies het om dit te glo. Hand 26:20 bevestig dat wat verder van belang is, is dat ware geloof en die Bybelse doop gevolg sal word deur 'n lewe wat getuig van verandering. Hand. 19:4-5 beklemtoon weer dat waar sondebelydenis al voorwaarde was vir die doop van Johannes, het die Christelike doop geloof in Christus Jesus as Verlosser en Here vereis. Sonder hierdie geloof is die doop oneffektief vir die mens en onaanvaarbaar vir God.

Daarom is dit van belang dat die doop ‘n vrywillige stap is deur gelowige mense (2 Pet. 3:21). Hand. 2:38 bevestig dit met die woordjie “elkeen”. Dit verduidelik ook waarom die uitsonderlike vorm van die werkwoord (middle voice) gebruik word in byvoorbeeld Hand. 22:16. Die aktiewe vorm sou beteken: doop jouself. Die passief sou beteken “word gedoop”. Die sogenaamde "middle voice"-vorm dui op “kry jouself gedoop”, bedoelende deur iemand anders.

Die doop dui dus op die einde van ‘n ou lewe en die begin van ‘n nuwe lewe, die dood en begrafnis van ‘n sondaar, en die opstanding van ‘n nuwe mens in Christus. Dit is ‘n bad wat nie net ‘n nuwe begin in die lewe voorstel nie, maar ‘n nuwe lewe gee om mee te begin! Natuurlik waarborg dit nie ‘n nuwe lewe wat vir altyd sonder sonde gaan bly nie. Om nie te sondig nie, gaan voortaan ’n keuse wees. En as jy sou sondig, hoef ons maar net ons voete gereeld te laat was. (Joh. 13:10; 1 Joh. 1:9)

Kyk ‘n mens na Eks. 29:4,7 en Lev. 8:6,12, sien jy hoe die Levitiese priesters in die Ou Verbond aan God geheilig en bekragtig is deur die was in water, en daarna gesalf is met olie. In die nuwe verbond is ons almal priesters en het ons ook hierdie tweeledige doping nodig: ‘n Doop-was in water, en doop–salwing met olie. Maar oor hierdie salwing met die Gees net hierna meer.

## 4. Die doop met die Heilige Gees…

God se Gees woon klaar in ons. Daaroor hoef ons nie te wonder of te twyfel nie. Kyk na Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 12:3; Rom. 8:1-16.

Maar God se hart is nie net om ons Sy Gees te gee wat in ons woon nie.

Hy wil ons ook Sy Gees gee wat op ons is. Vgl. Luk. 24:46-49; Hand. 1:8; Hand 2:36-39; Hand. 8:4-24; Hand. 19:1-7.

Wat eintlik so 'n eenvoudige pad daar in die Nuwe Testamentiese gemeentes in Bybelse tye was, het as gevolg van soveel verwarrende leringe hieroor dwarsdeur die ganse kerk van Jesus Christus, niks anders as 'n stekerige turksvy geword nie. Daarom is dit so belangrik dat ek en jy die Bybel moet ondersoek en vir onsself sal seker maak wat hier staan.

As God ons dan oortuig het, moet ons opstaan in die geloof en in gehoorsaamheid aan die Here sê: Here, ek glo dit is ook vir my bedoel. Ek begeer dit. Gee dit ook vir my!

Mark. 11:24 belowe dan dat as ons daarvoor vra, sal dit gebeur. Luk. 11:9-13 moedig jou aan om aan te hou vra totdat dit volledig gebeur het. En as dit dan nie gou volledig gebeur nie, maak net seker of jy die vorige Bybelse stappe gehoorsaam gevolg het, naamlik:

1. Was daar werklik spesifieke en deeglike sondebelydenis en bekering aan die begin van jou geestelike geboorte? Baie mense was byvoorbeeld voorheen betrokke by allerlei okkultiese bedrywighede wat eers bely moet word.

2. Maak seker of jy werklik Jesus Christus as Verlosser en Here in die geloof aanvaar het. Was dit jou persoonlike belydenis of bloot 'n nasê van historiese feite? Het jy dit uitgesê? Kan mense dit in jou lewe sien? Is daar 'n vasbyt in geloof in jou lewe?

3. En dan: Is jy gedoop met water as gelowige?

Wat word dus bedoel as ons praat van die "ontvang van…" of "doping met die Heilige Gees"?

Hiermee verwys ons na iets soortgelyk as dit wat in Num. 11:25 gebeur het, en wat in 1 Sam. 10:6 beskryf word in die Ou Testament. Hierdie begrip kom uit die Ou Testament wanneer konings of priesters met olie gesalf is. Olie is dwarsdeur die Bybel simbool van die Heilige Gees. Daarom, as Ps. 2:2 verwys na die Messias as die "Gesalfde", was dit duidelik dat Hy gesalf sou wees met die Heilige Gees, soos Jes. 61:1 dan ook voorspel.

Die woord "Christus" se betekenis is eintlik "die Gesalfde Een". As die volgelinge van Jesus Christus dan later "Christene" genoem word, beteken dit, behalwe "mense wat aan Christus behoort", ook "gesalfdes".

Christus is immers die Een wat ons sal doop of salf met Sy Gees (Mat. 3:11). "Immanuel" noem Jes. 7:14 Hom. God by ons. Die engel het vir Josef gesê (Mat. 1:20) dat Hy in Maria verwek is deur die Heilige Gees. In Luk. 2:40 lees ons in die *New King James*-Vertaling*: "And the Child grew and became strong in spirit, filled with wisdom; and the grace of God was upon Him."*

En dan op 'n dag byna dertig jaar later, verskyn Hy in die openbaar daar by die Jordaanrivier, halflyf in die water, om deur Johannes die Doper gedoop te word, "want" het Hy gesê, *"op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen"* (Mat. 3:15). Terwyl Hy staan en bid, vertel Lukas in 3:21 verder, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: *"Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My."*

Gedoop in water, gedoop of toegerus deur die Heilige Gees, kon Hy Sy drie-jaar lange openbare bediening op aarde begin en voltooi. Sodat Johannes jare later kon skryf: *"Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid."* En *"Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang"* (Joh. 1:14 en 16). 'n Paar weke na hierdie gebeure daar by die

Jordaanrivier, het hierdie selfde Jesus in die sinagoge daar in Nasaret opgestaan en gelees uit die boek Jesaja uit hoofstuk 61:1-2. (Vergelyk Luk. 4:18-21).

"Gesalf deur die Gees"…"echrisen" sê die Grieks. Wat ook verstaan kan word as om mense te laat deel in die oorvloed van God se genade aan hulle. Of om kanaal te wees waardeur die bediening van God se liefde na mense kan vloei volgens hulle behoeftes. Miskien deur die Evangelie te verkondig aan armes. Of die Evangelie en sy boodskap aan te bied aan mense as 'n tronkdeur sleutel vir al die verskillende tronkselle waarin hulle hulle bevind. Of om dit aan te bied as genesing aan blindes, of om mense onder ander se voete, uit te haal en 'n plekkie in God se son te gee; om die Jubilee jaar, die genadejaar van die Here, aan te kondig.

"Chrio, chrisma" sê die Griekse Woordeboek. Wat beteken "salf, aanstel in 'n taak". Die Engels sê: "to pour oil upon someone as a means of conveying a supernatural blessing and endowment for a task…" En "to pour oil upon someone… preparatory to set a person on fire…"

Doping met die Heilige Gees is dus altyd salwing, bo-aardse, goddelike toerusting vir 'n bediening as mens van God in hierdie wêreld. So het ons dit ook in die Ou Testament sien gebeur met elke koning, priester en profeet, wat bedoel was as God se mens in 'n spesifieke situasie. En so sien ons dit in die Nuwe Testament gebeur.

Na 'n bediening van drie jaar saam met hierdie Jesus as Sy dissipels, het hulle reeds die eerste drie treë van 'n geestelike geboorte gestap: sondebelydenis, geloof en doop. En net voor Sy hemelvaart gee Hy dan vir hulle opdrag om *"te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie…"* (Hand. 1:4 en 5). *"… Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."* (Hand. 1:8)

*"Julle sal die krag van die Gees van God ontvang…"* het Jesus gesê en hiermee ten minste drie dinge bedoel:

- Die Heilige Gees is die Persoon en die Krag van God in ons waardeur ons die bo-aardse vermoë het om ander te bedien met die lewe en die krag van God se koninkryk in hierdie wêreld.
- Hierdie doping of salwing van die Gees moet ons as geskenk ontvang. Ons moet biddend ons leë hande in die geloof uitsteek om dit te wil hê. So seker as die Heilige Gees reeds in elke gelowige lewe, so seker wil Hy elke gelowige doop of salf met die oorvloed waarvan Jesus daar in Joh. 7:37-39 geprofeteer het. En elkeen wat soos 'n kindjie vir Sy Pa in die hemel dit vra, sê Hy daar in Luk. 11:13, sal dit ontvang.
- As die Heilige Gees jou gedoop het, sal jy dit weet, sal ander dit weet. Jesus het dit tog belowe en die dissipels het dit persoonlik ondervind. Hierdie belofte is ook vandag vir jou bedoel (kyk ook Hand. 2:37-39).

Omdat daar niemand was om hulle die gebruiklike hande op te lê nie, salf God hulle daar op Pinksterdag deur Sy vingers van vuur op elkeen se kop neer te sit. En elkeen wat vervul was met die Gees, het in ander tale, bekende tale, begin om God te loof en te prys, te profeteer en te vertel van die wonderdade en genade van God in Christus Jesus. *"Julle sal My getuies wees…"* het Jesus tog gesê.

*"So sal dit in die laaste dae wees"*, sê God. "Laaste dae" is die Bybelse term vir die tydperk tussen Jesus se eerste koms en Sy Wederkoms. *"Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom…"* het die profeet Joël daar in hfst. 2:28-32 geprofeteer. En dit het Petrus vir die skare in Hand. 2:17 e.v. verduidelik was gevra het na wat daar rondom hulle aan die gebeur was.

In Hand. 4:31 lees ons weer hoe die plek waar die nuwe gelowiges byeen was, geskud het en almal met die Heilige Gees vervul is en met vrymoedigheid die Woord van God verkondig het. Hierdie doping of salwing met die Gees kan dus weer en weer in ons lewens gebeur.

Maar daar sal ook tekens daarvan wees. Soos dat almal "een van hart en siel" sal wees. Soos in die vroeg-Christelike gemeentes waar niemand sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle alles met mekaar gedeel. *"Die apostels het kragtig getuig… en die genade van God was groot oor almal".* (Hand. 4:32-33). Baie wonders en tekens het plaasgevind. Daar was verder 'n vrymoedigheid… 'n "boldness" by die gelowiges merkbaar, sê Hand. 4:31. Die gees van 'n Staffie, noem Gary dit altyd. En, sê Hand. 4:33, daar was hierdie "krag", dunamis, sê die Grieks, hierdie energie, vermoë, om enige teenstand te oorwin, om dinge met bonatuurlike mag na God se wil te verander. Daar was hierdie geloof dat God deur ons kan wonders doen.

Dit tref 'n mens, as jy daar van Hand. 8:14 en verder lees, dat die Heilige Gees ontvang is deur gelowiges waar ander gelowiges, wat reeds gedoop is met die Gees, vir hulle gebid en die hande opgelê het. Dit het gebeur daar in hoofstuk 8:17; 9:17 en 19:6, asook in 2 Tim. 1:6-7. (Daar was net twee uitsonderings – waarvoor daar goeie redes genoem kan word – naamlik Hand. 2 en Hand. 10:4 e.v.).

In Hand. 9 word Paulus, na sy bekering, die hande opgelê om met die Heilige Gees vervul te word. En as jy Hand. 10:44 en verder lees, sê hoofstuk 10:46 dat sigbare tekens dit bevestig het dat die Heilige Gees op Kornelius en almal saam met hom gekom het, want *"… they heard them speak with tongues and magnify God."* (Vgl. ook Hand. 19:2 e.v.)

Sê vir my, begeer jy dit nie ook vir jouself nie? Vra dit dan van God en Hy sal dit ook vir jou gee, soos wat Hy dit vir my en miljoene ander al gegee het.

Deel van hierdie ontvangs is natuurlik 'n vat daarvan. Hoe vat en ontvang jy dit?

Dors daarna, sê Joh. 7:37-39. Verwag dit (Ef. 3:20). Bekering en 'n wandel in die Lig, is natuurlik voorvereistes ( Hand. 2:38; 1 Joh. 1:5-10). Vra daarvoor in gebed (Luk. 11:9-13). En verwag dat dit op baie maniere kan gebeur (Hand. 9:6,17). En selfs herhaalde kere ( Hand 2:1-4; 4:29-31).

Dit is ook kardinaal belangrik om te verstaan ek en jy ontvang die salwing of doping met die gawes van die Gees in geloof; net soos ons ons sekerheid van ons kindskap in geloof ontvang het (vgl. Gal. 3:13-14; Mrk. 11:22-24; 1 Joh. 5:14-15).

PRAKTIESE LERING EN BEDIENING

Om hierdie materiaal en inhoud oor te dra, voor die bediening van die doop en die handoplegging, gebruik ek die volgende:

1. Die PowerPoint-aanbieding, **'n Normale Bybelse Geestelike Geboorte** – Hanteer die relevante gedeeltes meer in detail.

2. Dieselfde lering wat ek gewoonlik gebruik in Sessie 5, 6 en 7 van die DVD, JESUS DIE DOPER MET DIE GEES. (Kyk Handleiding vir hooftrekke van die lering). Die volgende Skrifgedeeltes word behandel: Luk. 24:44-49; Hand. 1:4,5,8; Hand. 2; kyk in Jesus se lewe: Luk. 3:21-22; 4:1,14,16-21,31,32,40,41; 5:17; en oor die gawes: 1 Kor. 12:4-11; Rom. 12:6-8; Luk. 11:9-13; Gal. 3.

3. Daarna lees ek Rom. 6:1-12 ter voorbereiding vir die bediening van die doop en doop dan die betrokkenes.

4. Nadat al die gedooptes droog gaan aantrek het, bid ons Jesus as die Doper met die Gees om self Sy mense vir die eerste keer of by hernuwing te doop met Sy Gees en die gawes. Ek bedien gewoonlik eers die gedooptes en daarna die ander deur handoplegging met die gepaardgaande bediening soos God se Gees gee.

## Week 3 – Leer mekaar God se stem hoor om te kan bedien

**Ter voorbereiding vir hierdie week**

Jy kan die volgende gedeeltes gaan lees as jy 'n kansie het:

- WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, hoofstuk 7 en 9 oor die gawes van die Gees en hoe om die Here se stem te hoor.
- DIE STORIE AGTER DIE STORIE, Dag 28, 49-50, 73-76
- As jy die DVD-kursus het, HOE HOOR EK DIE HERE SE STEM HET, kyk gerus na ’n paar sessies daarvan

### Inleidend

Lees ‘n mens die Bybel, hoor jy deurgaans God se hart: Dat Hy begeer om in ‘n intiem-persoonlike liefdesverhouding met Sy mense te wees waar daar maksimum liefdes kommunikasie sal wees.

Volgens Joh. 10;3,4,14,15,27 en 28 is dit duidelik dat God met ons as Sy kinders ‘n daaglikse intieme liefdesverhouding verlang waarin ons beleef hoe Hy gedurig met ons wil kommunikeer deur Sy stem. Sy skape sal beleef hoe Hy hulle lei deur Sy stem.

Die “hoor van die Here se stem” bestaan ten minste uit ‘n drieledige proses van: a) hoor van Jesus se stem; b) herken van hierdie stem tussen al die ander stemme; en dan c) die gehoorsaam van hierdie stem.

Dwarsdeur die Ou Testament is daar sovele voorbeelde van hoe God met Sy mense reeds in die Ou Testament op ‘n baie persoonlike manier gekommunikeer het. Vgl. maar Heb. 11 se geloofshelde.

En tog sê die Skrif, het God vir ons, na die koms van Christus Jesus, iets baie beter in die oog. Jesus het immers gekom (Heb. 1:1,2); en die lewende God woon nou in elkeen van Sy mense se eie liggame deur Sy Gees (Joh. 14:26). Joh. 14:18 sê verder dat Christus Jesus self in ons woon deur die Heilige Gees.

Sy Gees is die Een wat ons elkeen nou dag vir dag, van situasie tot situasie, wil lei en leer (Eseg. 36:26,27; Joh. 14:16,17). En Hy is ook die Een wat ons in die hele waarheid wil lei. M.a.w. Hy wil ons help om te onderskei tussen reg en verkeerd en wat God se wil vir ons lewens is.

Soos wat Eli die jong Samuel moes leer om God se stem te onderskei tussen al die ander stemme wat ons gewoond is om te hoor, so moet elke Christen leer om God se stem te onderskei tussen die ander stemme. (1 Sam 3:1-10,19,20). Dit is verder belangrik om op te merk dat soos Samuel bedoel was om profeet te wees, so wil God elkeen van ons as Sy gesalfde kinders ten minste gebruik in die profetiese gawe (1 Kor.14).

- 1 Joh. 2:26,27 – Die Heilige Gees in ons gaan ons op baie maniere self leer.
- Rom. 8:14 – Hy gaan ons as God se kinders lei en leer.
- Rom. 12:2 – Hy gaan ons verander deur ons te leer anders dink oor dinge.

## Hoe praat die Here met ons?

Op baie maniere, maar die belangrikste maniere is…

- Deur die Woord, die Bybel (Ps. 119:105; Ef. 6:17; Heb. 4:12; 2 Tim 3:16,17). Dit is werklik die enigste "stem" van God waarvan ons seker kan wees ons hoor hier werklik God se stem. En die ander wonderlike ding is dat God Homself nooit hierin kan weerspreek nie. Dit wil sê as ons dit in konteks reg interpreteer. Daarom bly dit ook altyd ons finale toets vir as God op enige ander wyse met ons praat.

- God praat ook deur ander gelowiges in die Liggaam met ons (1 Kor. 12-14; Ef. 4:11-12). Sy dit deur lering, of bemoediging, of profesie, of 'n woord van kennis of wysheid is.

- Maar Hy praat ook met ons deur die getuienis van God se Gees hier in ons gees (Rom. 8:16). Ja, die Heilige Gees woon immers in ons lywe, daarom kan ons verwag dat Hy met ons hier binne gaan praat. 'n Goeie voorbeeld hiervan reeds in die Ou Testamente was 1 Kon. 22, waar iets in Josafat net gesê het: dit wat hierdie groep profete sê, is verkeerd! Ps. 37:4 leer ons selfs dat God letterlik ook deur ons begeertes met ons kan praat. Ons gaan dit dalk beleef as spontane gedagtes of gevoelens wat by ons opkom. Of soms as ons gewete. Ek is oortuig dat ons gees die ontmoetingsplek is waar ek (my gees) met God se Gees, en dus met God self, intieme kommunikasie kan hê. Vgl. in hierdie verband dan ook die manier hoe God vir Paulus-hulle gelei het op hulle reis daar in Hand. 16:6-10. In hierdie gebeure lei God hulle. Sy dit deur 'n stem hier binne-in hulle was, of deur visioene of drome. Wat my verder tref in hierdie gedeelte is hoe God minstens 3 keer met hulle in hierdie paar verse op verskillende maniere gepraat het (ons weet nie eers presies hoe dit altyd gebeur het nie). En hoe Paulus-hulle elke keer onmiddellik gereageer het op wat Hy gesê of gewys het.

- Soms praat God ook deur buitengewone dinge met ons: soos deure wat oopgaan of toegaan; deur 'n brandende braambos, soos in Moses se lewe; of deur 'n donkie, soos met Bileam (Num. 22).

Ek is van oordeel dat baie van ons geweldig sukkel om God se stem te hoor omdat ons so geweldig rasioneel ingestel is. Boonop dink ons dat alle gedagtes in ons kop en binneste van ons self afkomstig is. Wat alles veroorsaak dat ons werklik "doof" is vir God se stem in en rondom ons. Wat dan natuurlik ook maak dat ons Sy stem nie herken as ons dit in werklikheid hoor nie.

Daarom is deel van die uitdaging en oefening om God se stem te begin hoor, 'n oefening om net weer die basiese van Christen-wees vas te gryp. Dat Christen wees nie nog 'n godsdiens tussen ander godsdienste is nie. Dit is nie net 'n etiese lewens kode of 'n stel lewensreëls waarvolgens 'n mens 'n goeie lewe kan lewe nie. Dit is 'n liefdesverhouding met 'n lewende, opgestane Here Jesus, wat met wil praat deur Sy Gees.

En Hy praat nie net met ons verstand nie. Hy wil met ons in ons hele menswees praat en besig wees.

In hierdie proses sal ons net weer vir onsself moet uitmaak wat ons werklik glo die Bybel is. Ek is oortuig dat ons nie net hier te make het met 'n boek wat deur mense geskryf is nie. Ons het hier te make met 'n boek waarin God sovele mense op 'n merkwaardige manier geïnspireer het om Sy Woord, Sy hart, Sy planne, Sy handleiding vir menswees en vir 'n gelukkige menswees, neer te pen. Dat ons vandag saam met die Hebreër-skrywer en Paulus oor die hele Skrif wil getuig wat daar in Heb. 4:12 en 2 Tim. 3:15 tot 17 staan.

Maar ek is ook daarvan oortuig dat ons, in hierdie intieme liefdesverhouding met God, gaan beleef hoe Hy op baie maniere Hy met ons gees deur Sy Gees wil praat. Sodat ons meer en meer bewus gaan word van hoe Hy met ons daagliks wandel deur ons hele lewe, letterlik saam met ons kuier en liefdes gemeenskap het, deur die liefdes gemeenskap en bemiddeling van Sy Gees hier binne-in ons.

Daarom moet ons mekaar leer om sensitief te wees vir Jesus se stem (Joh. 10:3,4,10b,14,15,27,28). Ons moet Sy stem herken tussen die volgende stemme:

- Jou eie vlees se stem (gedagtes, emosies, drange, wils keuses) (Jak. 1:14; 4:3; Gal. 5:16-20)
- Die bose se stem – 2 Kor. 11:3,14; Ef. 6:12)
- Die gemeenskap se stem
- Die Heilige Gees se stem (Rom. 8:14 e.v.)

***Hier is 'n paar praktiese wenke:***

1. Maak tyd dat Jesus met jou kan praat

- Waar jy alleen is – deur Sy Woord en deur Sy Gees
- Deur gereeld in die byeenkomste van die ekklesia te wees – Heb. 10:24,25

2. Maak tyd om saam met God se mense tyd in Jesus se teenwoordigheid te spandeer

- Jesus is op 'n besonder manier self daar waar 2 of 3 gelowiges saam is (Mat. 18:20)
- Daar is die gawes teenwoordig waardeur die Here ons self kan bedien en met ons praat (1 Kor 12:1-11,12-13,18; 14:26; Ef. 4:11-16)

2. Toets dit wat jy hoor

- Beleef ek vrede – Kol. 3:15
- Klop dit met die Woord – Deut. 13
- Bevestig die Gees dit deur die Liggaam

3. Leer om Sy stem onvoorwaardelik te gehoorsaam deur te doen wat Hy sê (Hand. 16:6-10)

PRAKTIESE LERING EN BEDIENING

Power Point-aanbieding beskikbaar om hierdie materiaal oor te dra: **God lei Sy mense deur Sy stem.**

**Praktiese oefening:**

a. Leer mekaar beter ken-sessie

Skep geleentheid vir mense in die groep om mekaar beter te leer ken. 'n Praktiese wyse sou bv. wees om die groter groep in kleiner groepe van so 6 tot 8 volwassenes, saam met hulle tieners (12 jaar en ouer) in te deel. Die kleiner kinders kan apart bedien word. (Fokus in hulle groep op die b-gedeelte se oefening hier onder).

Dit is essensieel is om 'n tipe van bekendstellings aksie uit te voer m.b.t. die lede van hierdie groep. Ter illustrasie net 'n voorbeeld:

Ek sien vir Jannie en Sannie by die samekoms vandag en ek ken hul van geen kant af nie. Binnekort moet ek dalk as deel van die groep vir hulle in gebed intree by Vader terwyl ek geen agtergrond het nie. Dit mag dalk nie so klink nie, maar ek belowe jou, dit maak dit moeilik en selfs onmoontlik om sinvol vir iemand te bid sonder enige kennis van hul agtergrond of geestelike belewenisse. Gestel nou maar hul het behoefte aan gebed of handoplegging – ek glo nie eens dat hul die vrymoedigheid sal hê om te vra daarvoor nie – doodeenvoudig omdat hul dalk te vreemd en geïsoleerd voel. As ek nie myself aan hul gaan bekend stel het nie, sou hul maar net weer volgende keer ook gekom en gegaan het soos mense in 'n inkopiesentrum.

Die feit dat ek weet waar mense werk of dalk wie sy skoonouers is, beteken absoluut niks in die saam aanbid en saam groei in hierdie nuutgevormde groep waar sekere waarhede of begrippe dalk op die pad vorentoe kan lei tot konflik en verskille nie. Wanneer daar sulke tye kom – en kom gaan dit kom – sal verder vorm aan die nodige ervaring van vriendskap en samehorigheid tussen die lede van die groep onderling. By gebrek aan eensgesindheid moet daar minstens dan vertroue wees in mekaar.

Onthou ou Floyd McClung se sêding: "People don't care how much you know until they know how much you care!"

Dit geld vir ons almal. As jy nie weet dat ek werklik vir jou omgee nie, is dit onmoontlik vir jou om my bona fides te aanvaar. Omdat jy my ken en terdeë bewus is van my vriendskap en liefde, sal jy baie meer geneë wees om my te dra en verdra.

Wanneer ons mekaar ken en mekaar se sterk en swak punte verstaan, is dit net soveel makliker om mekaar se uiteenlopende standpunte te begryp en te respekteer. Wanneer ons agtergrond-kennis het aangaande mekaar se geestelike belewenisse en ten spyte daarvan steeds vriende is, dan kan ons maar verskil t.o.v. sekere beginsels en waarhede. Dan sal ons kan bid vir mekaar en vertrou dat Sy Gees ons in die waarheid sal inlei. Dit is die gesindheid wat in hierdie groep behoort te wees. Maar ons moet mekaar ontmoet.

Goed, klaar gefilosofeer! Nou my verdere voorstel: Kry die groep bymekaar, hetsy op 'n Sondagoggend of aand of selfs Saterdagoggend. Noem dit 'n bekendstellings-byeenkoms of getuienis-byeenkoms of wat ook àl in jou kop opkom. Dit is tog maar deels wat jy heel aan die begin wou vermag met die vraelyste.

Gee kennis vir almal wat jy weet wat reeds in die groep is. En asseblief – ook aan ons ouens wat sporadies inskakel omdat ons werklik oop is om van die Here te hoor en dus ter enige tyd wel mag deel word van die groep.

By die byeenkoms kan daar 'n beroep gedoen word op elke gesin om d.m.v. 'n iemand in daardie gesin iets te vertel van hul unieke geestelike sowel as fisiese omstandighede, m.a.w. waar ons woon en werk, wat ons geestelike ervaringe behels, wat ons kan bydra in die groep, en wat ons beleef t.o.v. ons betrokkenheid by hierdie groep en in die gemeenskap.

Dit kan dan dien as wedersydse bekendstelling aan persone wat vreemd of onbekend is aan mekaar, asook natuurlik 'n bevestiging of bekendmaking van waar elkeen in sy/haar pad met die Here is. Al hierdie inligting en deel met mekaar, kan dan ook dien as 'n fondasie vir verdere groei in die groep.

As Jannie weet wie Paul is en waar hy vandaan kom en waarheen hy graag wil beweeg, is dit net soveel makliker vir hulle om te gesels oor die diepere dinge.

Terselfdertyd is dit nie slegs jy wat met informasie sit m.b.t. die groep wat jy moet verwerk nie. Dit skep ook geleentheid vir almal om mekaar beter te leer ken, al is dit slegs nog maar net die begin. Dit kan dan ook aanleiding gee vir gebed m.b.t. sake voortvloeiend uit hierdie nuutgevonde kennis.

So 'n bekendstelling van elke persoon behoort nie langer as 3-5 minute te duur nie – en jy sal moet help dan elkeen in die groep hulle daarby hou.

b. Bedien mekaar met die gawes van die Gees, soos wat die Heilige Gees julle lei

Herinner mekaar net weer aan die verskillende gawes wat daar in 1 Kor. 12:7-10 en in Rom. 12:6-8 genoem word.

Laat almal vir ’n tydjie aan Jesus se voete stil word om te hoor of die Here nie jou wil gebruik in iemand se lewe om hulle te bedien met van die gawes nie.

Gee dan geleentheid vir mense om mekaar te bedien.

Jy kan selfs ’n meer gestruktureerde bedieningsgeleentheid skep deur twee stoele in die middel neer te sit, spesifieke persone te vra om daarop te sit soos God se Gees jou lei en die res van die gelowiges geleentheid te gee om hulle te bedien soos wat God se Gees lei.

(In die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, is daar ’n beskrywing van vier sulke sessies hoe ’n mens dit prakties kan doen).

## Week 4 – Jy is deel van die Familie van God

### Inleidend

God is besig om ons prentjie van die kerk en kerk-wees totaal te verander.

Oor die jare is ons so gekontamineer met allerlei menslike tradisies en maniere van doen in die mensgemaakte kerkstrukture dat die meeste van ons geen idee het hoe God oorspronklik bedoel het kerk/ekklesia moes lyk of funksioneer nie.

Daarom dat Hy ons terugneem daar na die begin en ons ou prentjies uitvee en vervang met nuwe prentjies (wat inderwaarheid maar net die "ou Bybelse prentjie" is.

Die Handelinge-gemeentes/ekklesia het hoofsaaklik twee kenmerke gehad wat die gemeenskap aangegryp en na hulle toe getrek het soos motte na lig:

- Die manier hoe hulle mekaar liefgehad het en die gemeenskap om hulle liefgehad het en
- Die werklikheid van die veranderde lewens van die mense wat deel was van hierdie gemeentes

Joh. 13:34,35 – "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

Hand. 2:41-47 – "Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.

Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."

In my aanbieding het ek in die begin hierdie twee Skrifgedeeltes in detail gehanteer en al die belangrike begrippe verduidelik.

Daarna het ek voorgegaan en die res van die materiaal behandel.

In die ware Bybelse ekklesia word ons nie deel van die een of ander denominasie of kerkstruktuur nie. Ons is klaar deel van die Liggaam van Jesus op aarde.

Ons naby-familie is die lokale geloof-familie of ekklesia hier in ons onmiddellike omgewing waar ons familie vir mekaar word en vir wie ons ons huis en lewe oopstel.

Daar leer ons om mekaar lief te hê soos wat Jesus ons liefhet. Waar Hy die beheer het. Hier sterf die "ek" en word ons "ons". En word ons "medewerkers van God".

Ons vêrlangse familie in Jesus is die res van die Liggaam van Jesus in ander dele van die wêreld met wie ons op allerlei wyses doelbewus "een" is.

## Frustrasie met “kerk-wees” in die kerkstrukture

Daar is tans ’n groeiende frustrasie met “kerk” soos ons dit ken

- In Amsterdam wys ’n studie dat 100% van die mense geïnteresseerd is in Jesus, terwyl 99% van dieselfde mense ongeïnteresseerd in die “kerk” is
- Wêreldwyd toon studies aan dat 50% leiers gefrustreerd is met die kerklike praktyke in die gestruktureerde kerke

In Luk. 5:37-39 leer Jesus ons: Nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke.

Daarom sê iemand: ‘n Derde Reformasie is nodig. In Luther en Calvyn se tyd het ons ’n Reformasie van teologiese inhoud gehad. In Wesley e.a. se tyd, was dit ’n Reformasie rondom intieme verhouding met God. Maar nou is ’n Reformasie van strukture nodig!

Die ou wynsakke kan nie die groei en vrye werking van Gees akkommodeer nie!

Dit gaan ook nie help om net na ’n ander denominasie of vernuwings gemeente te gaan nie.

Want watter een van die sowat 30000 is reg?

Tom Peters: Vernuwing gaan nie die ding doen nie!

God se Gees sal ons weer moet wys en leer hoe lyk die wynsak wat kan akkommodeer wat God nou wil doen.

Daarin beleef ons tans dat God se Gees oor die wêreld vir God se mense ’n nuwe prentjie van die kerk/ekklesia begin wys.

In hierdie proses neem Hy ons terug daar na die oorsprong en die begin van die kerk/ekklesia soos wat ons dit in die gemeentes in Handelinge leer ken het.

## Daar ontdek ons Ekklesia-wees is…

Ekklesia-wees is nie ‘n klomp georganiseerde byeenkomste op spesiale plekke nie

Ekklesia-wees = ’n bonatuurlike geloof familie-lewe waar ons elkeen ‘n intieme liefdesverhouding het met Jesus Christus en Hy ons elkeen gebruik deur Sy Gees om mekaar en ander te bedien met Sy krag en genade

Ekklesia is twee of drie gelowiges saam in die Naam van Jesus (Mat 18:20)

Ekklesia is gelowiges saam in ‘n huis (Rom 16:5)

Ekklesia is gelowiges in ‘n dorp of stad (Rom 16:1; 1 Kor. 1:2)

Ekklesia is gelowiges in ‘n bepaalde area (Op 1:4)

Ekklesia is gelowiges in die Liggaam van Jesus oor die wêreld (Heb. 12:22,23)

## ’n Nuwe Bybelse ervaring van kerk/ekklesia-wees

Daarom glo ek het die Here ons uitgenooi om Hom toe te laat om ons te help om die Nuwe Testamentiese DNA van die ekklesia weer te herontdek.

(Afhangende van hoeveel tyd daar vir lering is, kan ’n vergelyking hier getref word tussen die kerk-wees in die gestruktureerde kerk en kerk/ekklesia-wees in hierdie nuwe wynsak).

(Kyk die Power Point-reeks van my: **Nuwe wynsakke**).

In my geval het ek net die Power Point-lering, **Nuwe wynsakke – m-eatings**, gebruik.

## Die Nuwe wynsakke was m-eatings

Die vyf Nuwe Testamentiese elemente van die ekklesia in huise:

1. “M-eatings” – Hulle was saam om te eet

Dit het hulle by Jesus aangesteek

Hiervan was “die Here se feesmaal” deel (Hand 2:42; 1 Kor. 11:33)

Aan tafel deel ons ons hele lewe

‘n Familie eet mos saam!

2. Leer hulle om alles te onderhou

Jesus se opdrag in Mat 28:19,20

Joodse Pa was veral aan tafel onderwyser

In Nuwe Testament het ouderlinge en gesalfde gelowiges dit gedoen

Woord is via dialoog en geloof stories aan mense gevoer

Gaan nie oor nog kennis nie, maar oor ‘n doen van die Woord (Rom 1:5)

Fokus was geloofsgroei na die beeld van Jesus

3. Deel materiële en geestelike seën

Hand 2:42-47; 4:34,35

Luk 18:22 – Alles behoort aan God en aanmekaar. Hoekom moet ek dit so vashou?

1 Kor. 12-14; Ef. 5:19; 2 Tim 2:2 – God kan enige gesalfde gelowige gebruik om mense te bedien met Sy genade en lewe

4. Hulle het saam gebid

Hand 2:42

Vir mekaar, vir oorvloed, vir vrede (Fil. 4:6,7)

Gebed is dialoog met God; ons praat met Hom en Hy met ons

Daarom kan ons opdragte, deurbrake, profesieë en visioene verwag (Amos 3:7; 1 Kor. 14:29)

Bid ook vir mekaar se sondes (Jak 5:16)

5. Ekklesia is om ons hele lewe met mekaar te deel

Die Christendom is “The Way” genoem

Bybelse geloof is om die wil van die Vader te doen (Mat 7:21)

Geloof sonder werke is dood (Jak 2:14-26)

Wat jy ook àl vir die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het jy vir My gedoen… (Mat 25:31-46)

Daar in Luk. 10:1-12 leer Jesus Sy dissipels om daar in die huise van mense God te vertrou om hulle te gebruik om die “mens wat soek na vrede” te bedien.

Daarom skryf Wolfgang Simson ’n boek met die titel, “Houses can change the world”.

Want daar kan Jesus as die Hoof van Sy liggaam mense deur Sy Gees bedien soos en hoe Hy wil (1 Kor. 14:26).

Daar kan Jesus mense selfs deur die vyfvoudige bedieninge bedien (Ef. 4:11-16).

Ek wil afsluit.

Ons is baie keer tevrede dat ‘n derde van die wêreldbevolking nominaal Christen is.

Terwyl God Sy Seun gegee het sodat die hele wêreld lewe in oorvloed kan smaak.

Daarom is God besig om die ekklesia in huise te herstel. Daar kan gelowiges geestelike familie vir mekaar kan wees wat mekaar versorg en daar buite beskikbaar kan wees as God ander mense deur hulle wil bedien.

Sy hart is ‘n ekklesia binne stapafstand van elke mens sodat hulle ‘n vertoonvenster kan hê van Sy genade en Sy heerlikheid.

So leer Hy Sy Liggaam om op te staan.

Kom ek vertel vir jou die storie van die 17 kamele om vir jou te illustreer hoe God my gebruik.

’n Arabier het 3 seuns gehad. Hy sterf toe en laat ’n testament agter wat die volgende bepaal: Sy oudste seun moet die helfte van alles kry; die tweede seun ’n derde van alles en die laaste seun ’n negende van alles. Maar toe laat hy 17 kamele agter.

Die arme eksekuteur van die boedel gaan soek toe raad by sy buurman.

“Dit is maklik”, sê die buurman. “Al wat jy doen, is jy leen my kameel. Dan het jy 18 kamele. Die helfte van 18 is 9, ’n derde van 18 is 6 en ’n negende van 18 is 2. Dan gee jy weer my kameel terug.

Ek glo ek is God se 18de kameel aan gelowiges hier. God gebruik my vir ’n tyd om die syfers te laat klop.

Praktiese aanbieding van lering:

Ek gebruik die Powerpoint-aanbieding – **Nuwe wynsakke – meatings** – om die lering aan te bied.

DIE FILM, **COURAGEOUS**

Hierna wys ek kort snitte uit die Film, **Courageous**, vir almal teenwoordig oor die Belofte wat die manne aan God, hulle gesinne en mekaar gemaak het oor Man-wees soos God dit bedoel het.

Ek beklemtoon dan dat vrouens dit ook kan doen, asook die tieners en die kinders. Elkeen natuurlik op sy eie unieke maniere en in hulle eie woorde.

Waaroor dit gaan is dat ons volgeling van Jesus wees nie net woorde moet bly nie, maar moet oorgaan tot dade.

Hierdie is ’n manier hoe dit kan gebeur.

Skep ’n manier of geleentheid hoe betrokkenes hierdie belofte aan mekaar voor God kan maak.

(Dit kan volgende keer gebeur, sodat hulle die volgende week tyd kry om dit goed te oordink voordat hulle hul daartoe verbind).

## Week 5 – Bekering rondom julle finansies

**Ter voorbereiding:**

As jy geleentheid het, lees gerus die volgende gedeeltes in my materiaal as jy dit beskikbaar het:

- In DIE STORIE AGTER DIE STORIE: Dag 58, 64
- Die Beginsels van die ekonomie van die Koninkryk – 'n Gratis dokument (Vra net vir my om dit vir jou te stuur as jy dit nie het nie)

### Inleiding

Deel van die ontdekking van die DNA van die vroeg-Christelike gemeentes soos ons dit in Handelinge ontdek, is om te ontdek hoe hulle met geld en goed gewerk het.

Onthou niemand het hulle dit geleer nie. Dit was werklik Jesus Christus, hulle nuwe Koning, wat hulle deur Sy Gees in hulle self geleer het.

Hy het hulle geleer…

- Jy kan nie God en Mammon dien nie (Mat. 6:24)
- Ons moet leer alles wat ons nodig het, is op die oes lande (Mat. 10:9)
- Om te leer om te gee, maak ons vry

Dit is verder belangrik om op te merk dat Hand. 5 se gebeure van die begin-gebeure in die gemeente in Jerusalem se lewe was.

Waarom dan, vra ek myself baie keer af.

Miskien omdat die manier hoe ons geld hanteer, 'n goeie aanduiding van die ware aard van ons gehoorsaamheid en liefde vir God en ons liefde vir medegelowiges is.

Dink maar aan gedeeltes soos Mat 25, Jakobus 2:14 e.v. en 1 Joh. 3-5.

### God, ek en finansies

(Die lering hieroor op Power Point)

**God, Ek, Geld en Goed**

'n Ontmoeting met 'n lewende God verander my hantering van geld en goed

CROWN FINANCIAL MINISTRIES www.crown.org; Larry Burkett – HOW TO MANAGE YOUR MONEY

2350 tekse in die Bybel oor geld en besittings

**Mat. 28:19**

*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

= Alles wat ek het behoort nou aan die nuwe Koning wat ek dien en volg

**Hand. 4:34-5:2**

*"Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte."*

**Hand. 5:1,2**

*"Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het. Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee."*

**Lukas 16:9-13**

*"En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.*

*"Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.*

*As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?*

*As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?*

*"Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal of die een minder ag en die ander een hoër, of vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."*

**Mat. 6:25-33**

*"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? …As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? …Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee,*

*beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

**Fil. 4:11-13,19**

*"… ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."*

*"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus."*

**Spr. 4:23**

*"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."*

## My "ere-diens"

**1 Kor. 10:31**

*"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God."*

**Kol. 3:23,24**

*"… wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan."*

## Oor jou werk

**Genesis 2:15**

**"Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas."**

**Eksodus 34:21**

*"Ses dae moet jy werk…"*

**1 Tessalonisense 3:10**

*"As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."*

## 6 Bybelse beginsels vir my bediening op die markplein

1. Wees bereid om as volgeling van Jesus ook hier Jesus Bybels-getrou te volg (Luk. 16:9-13).

2. Wees bereid om rekenskap te gee oor jou doen en late op die markplein (Gen. 2:24; Job 31:37; Ps. 10:4; Pred. 12:14).

3. Behandel ander soos wat jy behandel wil word (Luk. 6:31) = Verskaf waarde: kwaliteit-diens,kwaliteit-produkte, teen 'n billike prys.

4. Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê (Rom. 13:8). Betaal jou krediteure (Spr. 3:27,28 in die NIV; Jak. 5:12).

5. Betaal en behandel jou werknemers regverdig en billik (Jak. 4:17-5:5).

6. Behandel jou kliënte met liefde, respek en eerbied (Fil. 2:3; Jak. 3:2-18).

## Finansiële asemhaling

Leer om vergenoeg te wees (Fil. 4:11-13,19; 1 Tim. 6:8).

Kies om God te vertrou dat Hy sal voorsien (Spr. 3:5-6).

Bestuur alles waaroor God jou aangestel het met groot verantwoordelikheid (1 Kor. 4:2; Luk. 16:2).

= verantwoordelike begroting, besteding en bestuur. Hou elke maand rekening met jou behoeftes, verpligtinge en begeertes.

Vermy skuld sovêr moontlik (1 Tessalonisense 4:11-12).

Leer die dissipline van gereeld-gee aan (Hand. 20:35; Fil 4.17; 2 Kor. 9:6-11; 1 Kor. 13:3).

Laat God toe om met jou te praat oor wat jy vir jou nageslag moet nalaat (Spr. 21:20).

Bely as jy fouteer en verander dit onmiddellik (1 Joh. 1:9)

## Leer die dissipline van gereeld-gee aan

Hand. 20:35 – Om te gee, maak jou vry!

2 Kor. 9:6-11 – Om te gee, is soos om te saai!

## Vir wie moet ons gee?

Gal. 6:6, Fil 4.17, 1 Kor. 9 – Vir die span wat God gebruik om jou geestelik te voed

Jak. 2:14 e.v., 1 Joh. 3:17 – Vir gelowiges in nood

Luk. 18:22, Spr. 28:8 – Vir waar God jou armes wys vir wie jy moet gee

## Week 6 – Opdrag Lukas 10 leer ons om ʼn gemeenskap te dissipel

**Ter voorbereiding**

- Lees in DIE STORIE AGTER DIE STORIE: Dag 6,7,8,18,19,93-94, 97,121.

### Inleiding

Ons moet nooit die groter prentjie vergeet nie. Ekklesia-wees gaan nooit oor Ekklesia in die eerste plek nie. Ekklesia en Ekklesia-wees is in diens van die Koms van die Koninkryk.

Die basiese opdrag van volgelinge van Jesus het nog nooit verander nie. Net voor Sy hemelvaart leer Jesus Sy dissipels daar in Mat. 28:18 tot 20 die volgende:

*"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*

*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

*En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."*

### Lukas 10 – ʼn Metode om ʼn gemeenskap te dissipel

Die vier stappe wat Jesus hulle leer is die volgende:

Die Stappe is:

1. Begin in ʼn gemeenskap rondstap en vra die Here se seën of "shalom" waar jy gaan.

2. Waar die Here vir jou deure oopmaak na gesinne toe, begin by hulle kuier en word deel van hulle lewens ("fellowship").

3. Wees heeltyd sensitief vir God se stem en hulle nood en bedien hulle nood dan soos Hy jou lei.

4. Gebruik die brug van vertroue wat so geskep word om hulle van Jesus te vertel.

Ek noem hierdie proses: LUKAS 10 TRANSFORMASIE

So lyk my aantekeninge en inhoud van die Power Point-lering wat ek gebruik om dit oor te dra:

**Lukas 10– Transformasie**

Jy sal saamstem dat daar drie hoofgroepe mense in Suid-Afrika is wat vir Christus bereik moet word (die oes):

- Die wat in naam Christene is maar nie hul geloof uitlewe nie (minstens 50% maar dalk soveel as 70%)
- Die wat vals gelowe aanhang (4%)
- Die ateïste (15%)

In Luk. 10:2 sê Jesus:

Hy het vir hulle gesê: *"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in."*

Kom ons kyk na nog feite oor die werkers in die oes en die metode van werk.

Binne die gemeentes werk die aktiewe lidmate gewoonlik op meer as een diens of program en kan gewoonlik niks meer doen nie.

Die dienste of programme in gemeentes is gewoonlik meer as 90% na binne gemik – dit doen goeie werk, maar versorg hoofsaaklik gemeentelede.

- Die "oes" : 50-70% "naam"– Christene; 4% wat vals gelowe aanhang; 15% ateïste.
- 90-95% van gemeenteprogramme is net op gemeente gerig.
- 10-15% van gemeentelede is aktief betrokke by hul gemeente
- 4% van gemeentelede het die gawe vir direkte evangelisasie.
- 75-90% mense wat Christus as Verlosser aanneem doen so vanweë vriendskaps kontak met 'n Christen – dikwels oor 'n lang tyd.

## Vraag: Hoe kan ons die 96% gemeentelede mobiliseer om die mense om ons te bereik?

**Ef 4:11-12**

*"En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."*

Dit is duidelik dat die spesiale ampte of "gawes" die gelowiges moet toerus vir hulle diens. Wat is die diens? Wanneer moet dit gedoen word?

Voor Jesus opgevaar het na Sy Vader in die hemel toe het Hy 'n belangrike opdrag aan Sy dissipels en deur hulle aan ons gegee – genoem die Groot Opdrag:

**Mat 28:19**

*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

Hoe goed voer JY die Groot Opdrag uit?

**Mat 22:37-40.**

Jesus antwoord hom: *"'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod.*

*En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."*

Die Groot Gebooie reguleer ons verhouding met GOD en met MY NAASTE.

**Mat 25:31-46**

*"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit.*

*Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei.*

*Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.*

*"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit,*

*want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.'*

*Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink?*

*En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee?*

*Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?'*

*En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'*

*"Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie;*

*Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.'*

*Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?'*

*En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.'*

*En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."*

**Watter mense het Jesus in gedagte?**

Die hongeriges, dorstiges, dié sonder klere, ens. M a.w. die met nood.

Vir die gewone Christen is dit uiters belangrik om Christus se bevele na te kom en daardeur as Sy vriend gereken te word, naamlik:

Vir die gewone Christen is dit uiters belangrik om Christus se bevele na te kom en daardeur as Sy vriend gereken te word, naamlik:

**Die Groot Opdrag**

Eerste Groot Gebod = Om Jesus as eerste prioriteit te volg en Om God te ken en deur Hom geken word

Tweede Groot Gebod met die praktiese klem op die uitreik na minderbevoorregtes

## Vraag: Hoe kan ek as "gewone" gelowige bogenoemde in my besige program inpas?

**Lukas 10: 1-9**

*"Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. Hy het vir hulle gesê: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in. Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie. As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: 'Vrede vir hierdie huis.' As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom. Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon. As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense:'Vir julle is die koninkryk van God baie naby!'"*

Ons het uit bogenoemde opdrag van Jesus 4 stappe gehaal om vir die gewone Christen vandag 'n riglyn te gee om Jesus Christus na buite in jou gemeenskap te volg. Ter selfdertyd gaan jy begin om meeste van Sy opdragte uit te voer!

Die Stappe is:

1. Vra die Here se seën of "shalom" waar jy gaan
2. Kuier en word deel van hulle lewens ("fellowship")
3. Bedien hulle nood
4. Vertel hulle van Jesus

## Hoe doen ons dit prakties?

### *Stap 1: Seën hulle*

Wat is die betekenis daarvan om die Here se seën of vrede op 'n plek af te bid?

Die Here se seën of vrede bring:

- genade, verlossing, voorspoed,
- God se goedheid en genesing in mense se lewens

Jer 29:7

*"Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."*

### *Stap 2: "Fellowship"*

Stap 2 ("Fellowship") Jesus verwag van ons om met die mense rondom ons vriende te maak, te kuier en deel te word van hulle lewens! Ons moet dit doen oral waar ons gaan – ons moet gewone mense wees wat gewone goed soos meeste mense doen.

Vir die arme twee-en-sewentig dissipels in Jesus se tyd was hierdie 'n verskriklike opdrag want hulle het 'n klomp godsdienstige reëls oor kos gehad! Ons het gelukkig nie soveel kosreëls nie.

Maak seker dat daar niks in jou taal of gedrag is wat mense afsit van jou as mens of Christen nie.

Wees vriendelik en normaal en gebruik die taal van die groep waar jy is. Vermy Christelike uitdrukkings wat vir nie-Christene vreemd mag klink – bv "Ek is gewas in die bloed van die Lam"

**Rom 13:8-14:23**

*"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet. En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.*

*Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.*

*Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil. Een glo 'n mens mag alles eet; 'n ander is swak in die geloof, en hy eet net groente. Die een wat alles eet, moet die ander wat net groente eet, nie verag nie; en die een wat net groente eet, moet die ander wat alles eet, nie veroordeel nie, want God het hom aangeneem…*

*Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting. Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here. Die een wat alles eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God. En die een wat nie alles eet nie, doen dit tot eer van die Here, en ook hy dank God.*

*Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*

*Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes.*

*Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn, want daar staan geskrywe: "So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is."*

*Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee.*

*Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie. Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie. Maar as iemand iets as onrein beskou—vir hom is dit dan onrein.*

*As jy met wat jy eet, jou broer aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie.*

*Moenie dat die goeie wat julle het, 'n slegte naam kry nie.*

*Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense. Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder. Moenie oor kos afbreuk doen aan die werk van God nie. Alle kos is rein, maar dit is verkeerd om deur wat jy eet, aanstoot te gee.*

*Dit is goed as 'n mens nie vleis eet of wyn drink of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie. Laat jou oortuiging hieroor 'n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyt oor wat hy hom veroorloof nie. As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde."*

Van Maandag tot Saterdag interaksie met mense buite ons gemeente in verskillende situasies moet ons as Christene niks doen wat vir ons medemens, Christen of nie Christen, aanstoot sal gee en daarom hulle van die geloof sal wegdryf of weghou.

### *Stap 3: Bedien hulle Nood*

Wat verstaan jy onder “hulle Nood”?

Die wonderlike daarvan om vir ‘n behoefte te bid is dat meeste mense – Christen, Moslem, Hindoe, “New Ager” of ateïs – altyd ja sal sê vir gebed!

As die persoon nee sou sê? Wel dan sê jy OK – draai weg en bid in elk geval saggies vir die situasie.

## *Stap 4: Vertel hulle van JESUS*

Ons moet altyd gereed wees om ons geloof in Jesus Christus in die openbaar te bely.

**Gebedsevangelisasie**

Vat Vyf is `n Gebedsevangelisasie-strategie wat jy kan gebruik om effektief te bid vir mense, wie die Here op jou hart lê, wie Sy seën en verlossing in hul lewens nodig het.

1. Maak `n lysie van vyf name van mense wie jy weet Christus nie ken nie of wie teruggevalle Christene is of wie God se seën in hul lewens nodig het.

2. Bid vir elkeen van hierdie persone vir een minuut elke dag, vir hulle verlossing of terugkeer na God en enige ander behoefte wat hulle mag hê.

**Bid vir Vyf Lewensareas**

- Ligaam – gesondheid, beskerming, krag
- Werksplek – werk, inkomste, sekuriteit
- Emosies soos vreugde, vrede, hoop, liefde
- Sosiaal soos ons huwelike, familie verhoudings, vriende, bure
- Geestelik, in die sin van verlossing, geloof, genade, barmhartigheid, geestelike groei

**Spesifieke gebed rondom bekeringsvrae**

Wanneer jy vir die redding van mense bid, vra vir God dat hulle, deur die werking van die Heilige Gees, hulself die volgende vrae sal afvra:

- Wie kan ek vertrou?
- Wat is my doel in die lewe?
- Wanneer sal ek vry wees van my laste?

- Waarheen gaan ek na die dood?
- Waarom haat ek God?/Waarom hardloop ek weg van Hom?
- Hoe moet ek my probleme hanteer?
- Waar sal ek veilig wees?/Wie kan my beskerm?

3. Gee om vir jou vyf mense deur hulle te bedien in hul nood en hul laste te dra by elke moontlike geleentheid (Stap 3 van L-10-T).

4. Wees gereed om die goeie nuus van Jesus se verlossing vir hulle met hulle te deel (Stap 4 van L-10-T).

5. Volhard in gebed vir die mense op jou lys tot hulle Christus ontmoet, of ten minste vir een jaar.

## Ons roeping

Om nie net hoop te gee nie, maar om "lewe in oorvloed" te bedien aan mense

**L-10-T is die basis**

**Waarvoor is jy toegerus?**

1) Is jy 'n Christen wat net elke dag in jou werk-plek probeer oorleef?

2) Is jy 'n Christen wat Bybelse beginsels vir die werk-plek ken en self probeer toepas?

3) Of werk jy in jou werk-omgewing onder die leiding en krag van die Heilige Gees?

4) Of is jy 'n Christen wat sy werk-omgewing transformeer vir Christus?

**Lukas 10:21-22**

*"By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: 'Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling. My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak.'"*

KOMAAN!

**Jakobus 2:14-17**

*"Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet*

*genoeg,' maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."*

**Waar eindig dit?**

L-10-T is die begin… die einde is God se unieke roeping op ELKEEN se lewe!

En eendag díe woorde:

Mooi so, goeie en getroue dienskneg! Oor weinig was jy getrou – oor veel sal Ek jou aanstel.

## Week 7 – 'n Heilige lewe

**Ter voorbereiding**

Lees die volgende gedurende die week as jy die geleentheid het…

- Uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE – Dag 10, 12,13,57,85,115,116,129

### Lering – opsomming

- God wil ons verlede herstel
- Ou sere en wonde moet bedien word sodat hulle kan genees
- Sonde moet bely en afgelê word
- Okkultiese bindinge moet gebreek word
- Gebroke verhoudinge moet herstel word
- Restitusie moet plaasvind
- Valse leringe moet herstel word
- Binne 'n kokon van liefde, genade, aanvaarding en God se helende teenwoordigheid

### Lering

***Waar Jesus Christus die Koning is (Luk. 13:18-21) daar…***

- Is mense vry
- Verander mense
- Beïnvloed daardie mense die mense en die gemeenskap om hulle
- Is sonde se houvas gebreek
- Is die vyand se houvas gebreek
- Is ons geplant, gewortel in Jesus Christus en alles wat Hy vir en namens ons gedoen het
- Daar eet ons saam met die Koning aan Sy tafel elke dag (Luk. 13:29)
- Daar ontdek ons wie ons is in God se oë (Sag. 3)… Sy kinders, Sy Geliefde, deel van Sy Liggaam, deel van Sy Bruid, vrygekoop, losgekoop, geregverdig

Lees Gal. 5:16-25

Lees Ef. 4:21-6:20

God het my en jou so lief. Hy het immers Sy Seun se lewe gegee sodat Hy jou Lewe en dit in oorvloed kan gee.

Maar Hy het ons te lief om ons te los soos ons is.

Daarom staan daar in Heb. 12:14 e.v. wat daar staan.

Daarom het God selfs Sy Gees gestuur om in jou lyf te kom woon om die werk wat Hy in jou begin het te voltooi (Fil. 1:6)

In Jesus het die lewende God ons Vader geword, en ons Sy kinders.

Ons kan getuig van Sy liefde en Sy genade (Eks. 34:5-8; Ef. 2:4,5)

Maar Sy Gees in ons herinner ons ook aan Sy heiligheid. En dring ons om heilig te lewe (Ef. 4:17 e.v.; Heb. 12:14)

## God se Gees in ons is die wonderlikste Berader

Hy het Sy spreekkamer in jou liggaam oopgemaak (1 Kor. 6:18,19)

Om jou en ander te bedien, gaan Hy…

• Self in jou lewe werk

• Die Woord gebruik

• En ander gelowiges gebruik om jou met die gawes te bedien

Sy teenwoordigheid in ons lewe is soos 'n lig wat elke stuk donker ontbloot en wil verwyder.

Daarom God se oproep:

- Maak klaar met die donker uit julle verlede! (Ef. 2:1-3; 4:17 e.v.)
- Maak nou 'n keuse om op te hou lewe soos jy altyd gelewe het (Ef. 4:22-24)
- En kies om Sy Gees toe te laat om die Jesus-lewe deur julle te lewe (Ef. 5:1 e.v.)
  - ✓ in julle verhoudinge met ander mense
  - ✓ julle huwelike
  - ✓ ouers en kinders teenoor mekaar
  - ✓ by die werk…
- Sodat mense julle kan herken as volgelinge van Jesus




Kom ons oordink net weer kortliks die Blye Evangelieboodskap:

Volgens die boodskap, het God, toe Hy die mens gemaak het, die mens gemaak volgens Sy Beeld.

Behalwe al die wonderlike dinge wat dit ook beteken, beteken dit dat die mens, soos God, in die eerste plek gees-mens is, met ’n siel, wat woon in ’n liggaam. God en mens was in perfekte harmonie en perfekte kommunikasie.

Maar daar was ’n ander geestelike mag ook in die Tuin, ’n geestelike wese wat God eers in die hemel – waar hy reeds verslaan is en nou op aarde probeer onttroon het.

Die oomblik toe die mens gekies het om eerder hom te glo as God, het die mens aan hierdie geestelike mag die geestelike outoriteit gegee wat God bedoel het die mens s’n moet wees. En daardie oomblik het planeet Aarde Satan en sy magte se hoofkwartier geword.

Daardie oomblik het God se hele skepping in dieselfde rebellie verval as Satan en ook onder God se oordeel beland. Hierdie rebellie se straf is die dood.

Wat eens 'n perfekte skepping en mens het totaal korrup geword. Elke mens wat daarna gebore is, het hierdie stuk inherente korruptheid in hom of haar en is totaal tot niks goeds in staat uit eie krag nie. (Rom. 3)

Die mens se gees was geestelik dood en glad nie in staat om God stem te hoor, waarheid te herken of God te gehoorsaam nie. Elkeen loop sy eie pad en leef ten diepste net vir hulleself, korrup en sondig deur en deur.

Maar van die begin af het God ’n plan gehad om hierdie gevalle mens te herstel na die beeld van Sy Seun. Hy sou Sy eie Seun stuur om vir ons sonde en sondigheid te sterf en om Satan en sy werke te vernietig aan die kruis (1 Joh. 3:8). Deur Jesus se opstanding uit die dood, sou Hy nuwe lewe gee vir elkeen wat in Jesus en dit wat Hy gedoen het, sou glo en daarop vertrou.

Aan elke mens wat in Christus glo, skenk God se Gees lewe. Hy maak letterlik ons gees wat geestelik dood was lewend deur die lewe van Jesus aan ons te bedien. Dit is asof ons ingeprop word in die lewe van Jesus. Maar nou wil God se Gees hierdie lewe oorvloedig aan elke deeltjie van ons menswees ook bedien. Hy wat ons gees lewend gemaak het, wil ook nou ons siel en ons liggame bedien met hierdie lewe in oorvloed.

Kom ons oordink dit ’n bietjie meer in detail.

## God se Gees in ons

Die Gees van God het in ons as volgelinge van Jesus kom woon

### ***In my gees***

- Om ons gees te vernuwe en woonplek van die Son van Geregtigheid te maak (Mal. 4:2)
- Sodat Sy strale kan begin deurbreek in die res van my lewe

- In Sy Lig bedien HY my met die Waarheid en Verlossing wat Hy reeds vir my ten volle bewerk het aan die kruis en deur die oop graf
- Daar ontdek ek dat Hy Lewe en dit in Oorvloed aan my bedien

***In my siel***

Deel van hierdie Oorvloed moet nou oorspoel na die res van my lewe en ook dus na my "siel"

Hy wil my leer om anders te dink oor myself, oor ander, en oor alles rondom my (Rom. 12:2)

Kyk na die prentjie in 2 Kor. 10:4 en 5

Stop elke gedagte en identifiseer waar dit vandaan kom

Bely die negatiewe, en vervang dit met nuwe, lewe-gewende positiewe Woord (Ps. 42:5,11)

Dan begin ons emosies ook verander en in lyn kom met God se hart vir ons

Dan leer ons om gelowige, gehoorsame, Woord gebonde keuses en wils besluite te maak (Rom. 6:12-14)

***In my liggaam***

God se plan is ook om ons liggame te verlos van sondige gewoontes (Rom. 8:11; 1 Tess. 5:23; Jak. 5:14-19)

### Dissipelskap beteken dus ook…

1. Maak klaar met die donker, sondige dinge in jou lewe!

2. Laat God toe om die orde in jou lewe en in jou persoonlike verhoudinge te herstel (1 Kor. 11:3; Ef. 5:21-25)

3. Aanvaar God se beloftes oor Sy totale versorging plan vir jou lewe (Mat. 6:25-33)

4. Gooi alles uit jou huis en lewe wat die bose 'n vashouplek gegee het

Daar sit onsigbare magte by die "hekke" van mense se lewens (Mat. 16:18; Ef. 6:12)

Gaan proklameer God se oorwinning in Jesus daar (Ef. 3:10)

Baie keer is ons probleme nie te wyte aan "duiwels" of "demone" in ons lewe nie, maar net die oorsaak van ons eie ongehoorsaamheid (Mat. 7:21-23)

Begin daarom bid: Here, deursoek en reinig ons. Sodat U rivier van lewe deur ons na ander kan begin vloei! (Joh. 7:38,39)

En U heerlikheid in ons lewens sigbaar kan word (2 Kor. 3:18)

## Week 8 – Lewe soos nuwe mense

**Ter voorbereiding**

Lees die volgende gedurende die week as jy die geleentheid het…

- Uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE – Dag 10, 12,13,57,85,115,116,129

### Lering: Lewe soos nuwe mense…

2 Korintiërs 5:17 sê 'n Christen is 'n nuwe mens, omdat God jou nuutgemaak het

Johannes 3:3 tot 16 beskryf die Christen as iemand wat weer gebore is

Wat eenvoudig beteken…

***1. Jy was "dood" voordat jy 'n volgeling van Jesus geword het***

- Fisies het jy gelewe, maar in 'n geestelike sin was jy dood— Efesiërs 2:1-3
- Jy was blind en dood vir die realiteit van 'n lewende God en Sy Woord
- Jy het gerebelleer teen God en Sy planne vir jou lewe
- Jy het jou lewe geleef soos wat jy goed gedink het

***2. God het jou 'n nuwe lewe in genade gegee***

- Met jou bekering het God met jou 'n ruil-transaksie aangegaan: Jou ou lewe ruil Hy vir die lewe van Jesus – Romeine 6:1-14; Efesiërs 2:4
- Hy skenk jou ook Sy Gees om in jou liggaam te kom woon om jou Onderwyser en Berader te wees – 1 Korintiërs 3:16; Romeine 8:9-16
- En dit is Sy Gees se werk om jou meer en meer te verander dat jy lyk en optree soos Jesus – 2 Korintiërs 3:18; Romeine 8:29-30; Filippense 1:6

***3. Hierdie veranderingsproses duur van dag tot dag tot die einde van jou lewe***

- Die mens is gees, met 'n fisies-chemiese siel, wat woon in 'n fisiese liggaam – 1 Tessalonisense 5:23
- God vernuwe jou gees volkome as Hy jou die geskenk van 'n nuwe lewe in Jesus gee
- Deur die werk van die Heilige Gees in jou, wil Hy jou nou leer om nie meer jou lewe te laat beheer deur jou siel en jou liggaamlike behoeftes en begeertes nie

✓ Hy wil jou gedagtes en manier van dink verander – Romeine 12:2

- ✓ Hy wil al jou emosionele seer en pyn uit die verlede gesond maak en jou verhoudings restoureer
- ✓ Hy wil jou leer om nuwe keuses te maak wat pas by 'n kind van die Koning van alle konings
- ✓ En Hy wil jou help om jou liggaam te dissiplineer om op te hou om toe te gee aan ou, siek en sondige gewoontes en begeertes – Kolossense 3:1-17

***4. Lewe dan as verloste mense***

- Filippense 2:12 and 13
- Maak tyd om 'n intiem-persoonlike liefdesverhouding met God te ontwikkel
- Kies om 'n lewe van geloof en daaglikse gehoorsaamheid te lewe soos wat God jou wil lei – Hebreërs 11 en 12; Jakobus 1:19-2:26

- ✓ Word stil en ontspanne is Sy teenwoordigheid
- ✓ Wees sensitief vir Sy stem en Sy Woord as Hy jou wil lei en leer deur Sy Gees
- ✓ Praat met Hom in gebed
- ✓ Aanbid en loof Hom
- ✓ Maak tyd om saam met gelowiges byeen te kom
- ✓ Ontwikkel sterk liefdesverhoudinge met gelowiges in jou naby-geloofsfamilie (soos in jou selgroep)
- ✓ Moenie van die groter byeenkomste van gelowiges in die Liggaam in jou area wegbly nie – Hebreërs 10:25
- ✓ God wil jou bedien – deur middel van ander gelowiges om jou – deur die gawes van Sy Gees

***5. God het 'n spesifieke plan vir jou lewe***

- Toe God jou gevorm en gemaak het, het Hy 'n baie spesifieke plan vir jou lewe gehad het – Psalms 139; Jeremia 1:5
- Moenie op jou eie planne en insigte vertrou nie, maar soek God se aangesig en wil vir jou lewe – Spreuke 3:5-10
- God het jou gered uit jou vorige lewe van doodsheid met iets baie spesifiek in gedagte – Efesiërs 2:10; Johannes 14:12
- Begin om tree vir tree jou lewe in geloof te lewe terwyl jy God vertrou om jou te lei deur Sy Gees en deur Sy Woord
- Wees sensitief vir die stem van God in jou lewe – Hy lei jou deur Sy stem – Johannes 10:3,4,27
- Doen elke dag wat jy glo Jesus wil hê jy moet doen – Mat. 6:33

### *6. Gawes en roeping/"destiny"*

- Elkeen van ons het ‘n unieke “SHAPE”

  S – “Spiritual gifts”

  H – “Heart”

  A – “Abilities”

  P – “Personality”

  E – “Experiences”

- Die vyfvoudige bediening spanne moet ons toerus met die oog op ons unieke bediening (Ef. 4:11-16)

## Week 9 – Wees My getuies… Teenoor die hele wêreld

**Ter voorbereiding**

Lees uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE – Dag 21,36,38,42,49,50,60,74,81,84,91,99,104,106,119.

### Lering: Wees My getuies

Ons opdrag as volgelinge van Jesus is steeds:

"Wees My getuies "… teenoor 'n hele wêreld (Mat. 28:19,20; Hand. 1:8)

:

- Daar is 'n bonatuurlike groeipotensiaal in die saad (Mark. 4:26).
- Kyk maar net wat in Jerusalem gebeur het. Dit was soos 'n onstuitbare virus!
- Jesus lei deur Sy stem. Ons verhouding met Hom is ons lewensbron.
- Deur die gawes van Sy Gees wil Hy elke ledemaat gebruik om mekaar en ander daar buite te bedien – 'n nuwe geslag bedienaars staan op.

#### 'n Vergelyking

Olifante kan tot 4 keer in 'n jaar vrugbaar wees en kry 1 baba per keer na 'n swangerskap van 22 maande lank. Verder is 'n olifantkoei eers op 18 jaar gereed om bevrug te word. Met ander woorde, vir olifante, neem dit 3 jaar om te vermeerder van 2 tot 3.

Hase aan die ander kant, is heel jaar vrugbaar. Elke keer kry hulle ±7 kleintjies per swangerskap. Hulle is maar net een maand lank swanger en van 4 maande oud is hulle gereed om bevrug te word. Dit beteken dat hulle in 3 jaar se tyd kan vermeerder van 2 tot 476 miljoen!

Waarom ek dit vir jou wys, is omdat dit iets van die groeipotensiaal van die Bybelse ekklesia vir ons illustreer.

Op die oomblik ontstaan daar tussen 2000 tot 10 000 nuwe ekklesia per week oor die wêreld. Onthou, dit is nie nuwe kerke nie. Dit is die Liggaam van Jesus wat net op nuwe maniere begin byeenkom en ekklesia leer wees daar waar God hulle 'n platform gegee het.

### God het 'n spesifieke plan vir jou lewe (Ef. 2:9,10)

Hy wil elke Christen op 'n unieke manier voltyds gebruik (1 Kor. 10:31 en 1 Pet. 4:10,11)

En hiervoor hoef jy nie 'n dominee of pastoor of sendeling te word nie

Wees jy maar net beskikbaar daar waar Hy vir jou ‘n verhoog gegee het

- In jou gesin en familie
- Tussen jou vriende
- Daar by die werk
- Teenoor elkeen wat jou pad kruis

## Wees jy maar net sensitief vir die stem van die Heilige Gees in jou

Hy sal jou sê hoe, waar en wanneer Hy jou wil gebruik

Onthou, jy is ‘n oikonomos! (Luk. 12:42)

Met ‘n invloedsfeer waar God jou spesifiek wil gebruik

## Jou invloedsfeer

Kom ons dink ‘n bietjie oor jou invloedsfeer (jou “oikos”)

- Met hoeveel mense spandeer jy meer as 60 minute altesaam in ‘n gewone week?
- Wie is hulle almal? (Maak ‘n lys)
- Hoeveel van hulle is Christene?
- En hoeveel is doodgewoon godsdienstige mense of totaal ongelowige mense?

## Wees op die uitkyk vir ‘n man of vrou of tiener “opsoek na vrede” (Luk. 10:5-9)

Hierdie mense in jou lewe het gewoonlik 3 kenmerke:

- Hulle is ontvanklik vir of positief teenoor die Evangelieboodskap
- Hulle het ‘n reputasie onder mense wat ander mense na die Evangelie kan trek
- Hulle kan die draers van die Evangelie aan die groter groep bekend stel

Ons het nodig om tyd saam met hierdie mense te spandeer om…

- Werklik brûe na mense se harte en lewens te bou
- Hulle behoeftes te bedien en gemeenskaplike belangstellings te ontwikkel

- ‘n Vertrouensverhouding met hulle op te bou
- Hulle die geleentheid te gee om ons werklik te leer ken
- Hulle geleentheid te gee om iets raak te sien van die veranderinge wat God in ons lewens bewerk het
- Die regte vrae te vra wat jou die “reg” gee om hulle in Jesus se Naam te bedien

## Besef jy dat jou huis of werksplek ‘n bedienings plek kan wees?

Vertrou die Here om vir jou te wys hoe jy ‘n verskil kan maak in die lewens van die mense wat jy ken

Maak ‘n keuse om tyd met hulle te spandeer en bid dat God jou sal gebruik om Sy koninkryk te laat kom

Maak ‘n keuse om met alles wat jy het hiervoor beskikbaar te wees

Sien in jou gees hoe jy saam met ‘n paar vriende weekliks ‘n paar ure in jou huis of werksplek saam kuier met Jesus as julle “Gasheer”

Van die begin af was gelowiges se huise…

- ‘n Wonderlike bedienings plek (Hand. 2:46; 5:42; Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19)
- ‘n Uitdrukking van liefdevolle saamwees en die ware Christelike lewe
- Deel  van die basiese ondersteuningstelsel van die Liggaam (Ef. 4:11-16)
- Die gimnasium waar gelowiges geleer het om mekaar lief te hê

## Ons saam-wees met ander gelowiges het ten minste 5 elemente:

***1. Dit is “M-eatings”***

- Daar het gelowiges saam geëet
- Hulle het dit by Jesus geleer
- Daar het hulle saam die “Here se ete” saam gebruik ter herinnering aan wat Hy vir ons gedoen het (Hand 2:26; 1 Kor. 11:33) – Hy is ons Gas
- Aan tafel deel ons lewe en God se genade met mekaar

- Daar eet ons saam as geloof familie aan die tafel van ons Hemelse Vader
- Ons is immers nou deel van Sy een familie oor alle grense heen

***2. Hier leer ons mekaar OM TE GEHOORSAAM***

- In die tipies-Joodse gesin is die vader die onderwyser rondom die etenstafel
- Daar wys ons mekaar hoe om dinge te doen of te hanteer
- Dit gaan nie in die eerste plek oor nog kennis nie
- Dit gaan oor 'n lewe van navolging van Jesus
- Dit gaan oor die doen van die Woord (Mat. 28:19,20; Rom. 1:5; Jak. 1:19-26)
- Daarom voer ons mekaar met die Woord deur kort geselsies en ontspanne gesprekke
- Sodat almal kan groei tot volwassenheid en meer kan vertoon van die beeld van Jesus

***3. Hier DEEL ONS materiële en geestelike seën***

- Kyk maar na Hand. 2:44-45; 4:32-34
- Hier leer ons om te werk dat ons almal genoeg kan hê (1 Tess. 4:11,12; 2 Tess. 3:6-10)
- Hier leer ons alles behoort aan God en aan mekaar
- Dit gaan nie soseer oor hoeveel ek gee nie, maar eerder hoekom ek terughou (Hand. 4:32-35)
- Hier dien ons mekaar ook met geestelike seën (1 Kor. 14:26; Ef. 5:19; 2 Tim. 2:2)
- Onthou die toets van Christen wees daar in Mat. 25:31-46

***4. Hier BID ONS VIR MEKAAR***

- Hier bid ons vir mekaar, vir die owerhede en vir vrede (Hand. 2:42; Fil. 4:6,7)
- Hier ontdek ons gebed is 'n dialoog met God waarin Hy met ons, en ons met Hom kan praat (Amos 3:7; en deur profesie – 1 Kor. 14:29)
- So gee God Sy opdragte en deurbrake
- En bid ons ook vir mekaar se sondes (Jak. 5:16)

***5. So word ons huis 'n VERTOONVENSTER teenoor 'n ongelowige gemeenskap***

- Daardeur kan ons bure iets van God se genade, liefde, krag en heerlikheid baie konkreet sien
- Kyk maar hoeveel keer het Jesus ongelowige mense bedien in huise (Luk. 5:27-32; 7:36-50
- Dit is werklik God se hart dat daar so 'n vertoonvenster binne stap-afstand van elke mens op aarde sal wees

- Waar mense Jesus as lewende Verlosser en Here kan ontmoet

## Maak mense My dissipels – Mat. 28:19,20

*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* (Ou Afrikaanse Vertaling)

(As jy nog tyd het, kan jy die volgende ook deel met die groep)

### *3 Fases van dissipel-wees*

FASE 1

Hulle weet van Jesus

Wil meer weet van Hom

Beskou Hom as 'n Leermeester

FASE 2

Hulle het tot bekering gekom

Kan getuig dat hulle glo dat Hy gekruisig en opgestaan het

Wil Hom nou volg as Here

FASE 3

Hulle is totaal ge-commit aan Jesus en Sy familie op aarde

Is geestelik volwasse

Besig om ander te dien en te dissipel

### *Hoe bedien ons mense in die verskillende fases?*

FASE 1

Ontmoet hulle daar waar hulle is en bedien hulle met wat hulle nodig het

Lei hulle daarvandaan tree vir tree nader aan Jesus as Verlosser en Here

FASE 2

Lei hulle tot bekering en ‘n geloof keuse vir Jesus as Verlosser en Here

Doop hulle

Bid vir hulle vir die doping met die Gees

Begin hulle dan alles te leer wat Jesus ons geleer het

FASE 3

Leer hulle alles wat Jesus ons geleer het

Leer hulle om dit vir ander te leer

Leer hulle van kruis-dra en jou lewe vir ander neerlê

Hulle bedien ander

Hulle leer weer ander om dissipels te maak

## Week 10 – Opdrag Lukas 10 – Om Ekklesia-netwerke te plant

**Lering**

As jy geleentheid om ook 'n tiende week lering te gee, kan hierdie materiaal gebruik word om die groter en wyer prentjie aan almal betrokke te teken van hoe dit inpas in wat God in streke, provinsies, lande en selfs wêreldwyd aan die doen, is.

### Opdrag Lukas 10 – Om gelowiges op te lei om te minstens 100 miljoen nuwe ekklesia te plant

Opdrag: Lukas 10

- God stuur Mat 9:38 se "arbeiders wat kan help oes"
- Hulle het geen hart vir 'n skadelose soort Christendom en net nog "lidmate" vir kerksisteme nie
- Hulle is Luk 10-soort dissipels opsoek na mense "wat soek na vrede"
- Ons wêreld is propvol sulke soekers
- God wil Sy heerlike teenwoordigheid in 'n netwerk huis-ekklesia aan hulle vertoon

***"Opdrag: Lukas 10" wil 'n apostoliese en profetiese virus versprei:***

- God se passie vir verlore mense
- Sensitiwiteit om God se stem te hoor en te doen wat Hy sê

***"Opdrag: Lukas 10" wil nuwe en volwasse gelowiges fokus en toerus om gesonde en radikale dissipels van Jesus te wees***

- Wat in staat is om huis-ekklesia te plant wat vermenigvuldig
- Om die oes in te samel
- Van die begin van die Christendom het die ekklesia in huise bymekaar gekom
- Die ekklesia in huise was die sleutel tot groei daar in die begin
- Die Liggaam staan vandag weer op om hierdie instrument effektief te benut

***Die "ekklesia in die huis" staan vir die volgende Bybelse waardes:***

- Verhoudinggebaseerde
- Bybelse
- Organiese
- Ge– netwerkte
- 24 uur-7 dae 'n week, 365 dae 'n jaar
- Radikale dissipelskap

***Die "ekklesia in die huis" is…***

- God se antwoord om pa's te skep vir die wese
- God se antwoord om 'n geloofsfamilie te skep vir die biljoene geestelike wesies

"Ekklesia in huise" kan in plekke van aanbidding of in huise wees

Dit kan ook in kroeë, hotelle, restourante, êrens onder 'n boom of in 'n kantoor wees

Dit gaan immers nie oor die plek nie, maar oor gelowiges wat geloofsfamilie wil wees

Waar gelowiges lewe en meeste van hulle tyd spandeer

Wil God tussen en onder hulle woon

En hulle lewens verander

Om hulle te gebruik

Om nasies Sy dissipels te maak

***In "kerksisteme" het die ekklesia verstrengel geraak tussen programme en bemarking van "hulle denominasie"***

- Terwyl Godgestuurde visioenêre en missionêre leiers gemarginaliseer is
- Dit het 'n leemte geskep, want die bouers van die fondasie, het ontbreek (Ef 2:20)
- Pastors, leraars en evangeliste moes maar "Jack of all trades" wees

**Die tragiese resultate is…**

- Gebrek aan soliede fondasies
- Skynbaar onopgeloste konflikte
- Onpraktiese en strategies-foutiewe idees en praktyke
- Omdat Christus nie geleentheid kry om ook deur die apostoliese en profetiese bedieninge te bedien nie

In die Bybelse ekklesia…

- Van vroeg af het die dissipels van Jesus blootstelling gehad aan apostoliese lering (Hand 2:42)
- En het hulle geweet hoe om God se stem te hoor en te doen wat Hy sê
- Daar is 'n herlewing van bediening deur die volledige vyfvoudige bedieningspan (Ef 4:11-16)
- "Opdrag: Luk 10" wil deel hiervan wees
- "Opdrag: Lukas 10" wil "kerk" na mense toe bring
- "Opdrag: Lukas 10" – 10 naweke oor 2 tot 3 maande
- Jy word opgelei terwyl jy by die werk is
- Ons volg Jesus se metodiek: 'n Bietjie leer en baie oefen!
- Dit is kort en kragtig, maar ook dinamies en lewensveranderend!

- Die “Koninkryk van God” moet kom, nie “kerke” nie.
- Ons bemark geen denominasie of leer nie.
- Opleiding vind lokaal plaas en weerspieël die kultuur van die omgewing

“Tydelike huis-ekklesia” van tot 12 persone word geskep om geestelike geloofsfamilies te wees

- Wat saam eet
- Hulle lewens met mekaar deel
- Saam leer
- Ge-commit is aan mekaar
- En ge-commit is aan Koninkrykswaardes

**Die fokus van die opleiding sal nie akademies wees nie**

Maar eerder dissipels wil infekteer met ‘n dissipel-lewensstyl en ‘n apostoliese visie van waarmee God tans besig is

Terwyl waardes, “skills” en ervaringe aangeleer word

Opleiding sal plaasvind deur van die vyfvoudige gawe-bedieninge (Ef 4:11-13)

Hulle komplementeer dus heeltyd mekaar

Die styl is dinamies en deelnemend, vol stories uit eie ervaring en “leermomente”

Jou onderneming is om wat jy hier geleer het, in die weke wat kom aan 5 tot 10 ander te leer

Daar is praktiese opdragte en soms studie vir huiswerk

Opsomming: 10 Sleutel-elemente van Opdrag Lukas 10

- ❑ **1. Die noodsaak van ’n Bybelse bekering**
  - Radikale oorgawe aan Christus Jesus as Verlosser en Here
  - En ‘n veranderde lewe wat getuig van die ware vrugte van bekering
- ❑ **2. Bekeerlinge word onmiddellik gedoop**
  - Dwarsdeur die Nuwe Testament was dit die praktyk
  - As radikale inisiasie in die nuwe lewe saam met Christus en as simbool van die dood van die eie-ek
  - Dit is ook deel van die opdrag van Mat 28:19,20
- ❑ **3. Die doop en vervulling met die Heilige Gees**
  - Hand 2:37-39

- Die doop met die Gees het die eerste dag van bekering plaasgevind
- Gelowiges is geleer om oor te gee aan Sy beheer (Ef 5:18; Gal 5:16-26)
- Die Gees leer ons, herinner ons, gee vrede en oortuig van sonde (Joh 14-16)
- Hy salf ons met bonatuurlike gawes om in Jesus se Naam ander met God se krag en Woord te bedien

❑ **4. Word deel God se familie**

- Hand 2:47 – "En die Here het… mense wat gered word by die gemeente gevoeg…"
- Of jy sluit aan by 'n geloofsfamilie in 'n ander huis, of jy stel jou huis oop vir Jesus en Sy mense
- Om saam verbondslewe te beleef en te deel
- En voorberei te word om ekklesia ook op ander plekke te kan plant
- Hier sterf die "ek" en word ons "ons"
- En word ons "medewerkers van God"

❑ **5. 'n Skoon begin…**

- Begin met 'n herstelde verlede
- Ou sere en wonde moet bedien word sodat hulle kan genees
- Sonde moet bely en afgelê word
- Okkultiese bindinge moet gebreek word
- Gebroke verhoudinge moet herstel word
- Restitusie moet plaasvind
- Valse leringe moet herstel word
- Binne 'n kokon van liefde, genade, aanvaarding en God se helende teenwoordigheid

❑ **6. Bou verder op Bybelse apostoliese fondamente**

- Van wedergeboorte af is God se agenda ons agenda
- "Gaan maak dissipels van al die nasies!"
- "Soek eers My koninkryk…"
- Geld Mat 5 tot 7 ook vir ons
- Voed Hy ons ook eers melk (Heb 6:1-4)
- Leer ons hoe om Sy stem te gehoorsaam
- Om Sy Woord te eet
- En te bid

- Opdrag: Lukas 10 Asook al die ander Koninkrykswaardes

❑ **7. Bekering rondom ons finansies**

- Jy kan nie God en Mammon dien nie (Mat 6:24)
- Ons moet leer alles wat ons nodig het, is op die oeslande (Mat 10:9)
- Om te leer om te gee maak ons vry

❑ **8. Gawes en roeping/"destiny"**

- Elkeen van ons het 'n unieke "SHAPE"

S – "Spiritual gifts"

H – "Heart"

A – "Abilities"

P – "Personality"

E – "Experiences"

- Die vyfvoudige bedieningspanne moet ons toerus met die oog op ons unieke bediening (Ef 4:11-16)

❑ **9. Om ander te dissipel**

- Ons het vasgeval in die Griekse model: Waar vakke bestudeer het
- Lewensverandering vind eerder plaas deur die Hebreeuse model: Wees my navolger!
- Die Dooie See het net 'n inloop
- Die Meer van Gennesaret lewe omdat dit 'n in– en 'n uitloop het
- 2 Tim 2:2
- Word geestelike pa's en ma's

❑ **10. Om ekklesia-netwerke te plant**

- Gaan soek huise met mense wat soek na vrede (Luk 10:6)
- Gaan deel dan jou hele lewe met hulle (vers 7)
- So gebruikersvriendelik moontlik in hulle kultuur en manier van doen (vers 7)
- Gaan dan en doen dit weer in 'n volgende area
- So skep ons vertoonvensters waar mense God en wat Hy doen kan bekyk binne 'n stapafstand van elke mens op aarde

❑ **Die verwagte uitkoms van "Opdrag: Luk 10"**

- 'n Effektiewe apostoliese model waarmee ons die wêreld mee kan dissipel
- "Opdrag: Luk 10" word vier keer 'n jaar herhaal
- Binne die volgende 5 jaar sal hierdie opleiding in 100 nasies beskikbaar wees
- Dit skep nuwe wynsakke wat kan akkommodeer wat God nou wil doen
- "Opdrag: Luk 10" word 'n lanseerplaat vir nuwe dissipels in bediening

❑ **"Opdrag: Luk 10" sal ons help om vier soorte gelowiges te herken:**

- Gelowiges wat verder toegerus moet word om met vrymoedigheid ander te begin bedien
- Gelowiges wat gewillige medewerkers sal wees as iemand anders die inisiatief neem
- Gelowiges wat gereed is om proaktief die inisiatief te neem om ander te bedien en ander medewerkers saam met hulle te neem
- Gelowiges wat reeds deel is van die vyfvoudige bedieningspanne of deel moet word van so ‘n span

❑ **Praktiese sake**

✓ **Wie kan deel wees?**

Nuwe en volwasse Christengelowiges met ‘n goeie reputasie, wat gewillig is om ook ander later te leer wat hulle geleer het

✓ **Wanneer?**

Oor 10 naweke

Dit sal eindig met ‘n persoonlike evaluasie en opdrag rondom jou persoonlike bediening verder

✓ **Verpligte leesstof**

“Houses can change the world” – Wolfgang Simson

✓ **Grootte van groepe?**

Maksimum van 7 “tydelike huisgroepe” van 12 persone elk

✓ **Waar?**

“Opdrag: Luk 10” word lokaal aangebied

✓ **Koste?**

Begroot vir 10 % van jou maandelikse netto-inkomste vir die 3 maande van die opleiding (Gal 6:6; Luk 10:7)

## Bylaag A –'n Bekendstelling-pamflet

**Opdrag: Lukas 10 – 'n Opsomming van die opleidingsprogram**

"Tydelike huis-ekklesia" van tot 12 persone word geskep om geestelike geloof families te wees

- Wat saam eet
- Hulle lewens met mekaar deel
- Saam leer
- Ge-commit is aan mekaar
- En ge-commit is aan Koninkryk waardes

Die fokus van die opleiding sal nie akademies wees nie

- Maar eerder dissipels wil infekteer met 'n dissipel-lewenstyl en 'n apostoliese visie van waarmee God tans besig is
- Terwyl waardes, "skills" en ervaringe aangeleer word

Opleiding sal plaasvind deur van die vyfvoudige gawe-bedieninge (Ef. 4:11-13)

Hulle komplementeer dus heeltyd mekaar

Die styl is dinamies en deelnemend, vol stories uit eie ervaring en "léér-momente"

Jou onderneming is om wat jy hier geleer het, in die weke wat kom aan 5-10 ander te leer

Daar is praktiese opdragte en soms studie vir huiswerk

**10 Sleutel-elemente van Opdrag Lukas 10**

1. Die noodsaak van 'n Bybelse bekering

- Radikale oorgawe aan Christus Jesus as Verlosser en Here
- En 'n veranderde lewe wat getuig van die ware vrugte van bekering

2. Bekeerlinge word onmiddellik gedoop

- Dwarsdeur die Nuwe Testament was dit die praktyk
- As radikale inisiasie in die nuwe lewe saam met Christus en as simbool van die dood van die eie-ek
- Dit is ook deel van die opdrag van Mat. 28:19,20

3. Die doop en vervulling met die Heilige Gees

- Hand. 2:37-39
- Die doop met die Gees het die eerste dag van bekering plaasgevind
- Gelowiges is geleer om oor te gee aan Sy beheer (Ef. 5:18; Gal 5:16-26)
- Die Gees leer ons, herinner ons, gee vrede en oortuig van sonde (Joh. 14-16)
- Hy salf ons met bonatuurlike gawes om in Jesus se Naam ander met God se krag en Woord te bedien

4. Word deel God se familie

- Hand. 2:47 – “En die Here het… mense wat gered word by die gemeente gevoeg…”
- Of jy sluit aan by ‘n geloof familie in ‘n ander huis, of jy stel jou huis oop vir Jesus en Sy mense
- Om saam verbond lewe te beleef en te deel
- En voorberei te word om ekklesia ook op ander plekke te kan plant
- Hier sterf die “ek” en word ons “ons”
- En word ons “medewerkers van God”

5. ‘n Skoon begin…

- Begin met ‘n herstelde verlede
- Ou sere en wonde moet bedien word sodat hulle kan genees
- Sonde moet bely en afgelê word
- Okkultiese bindinge moet gebreek word
- Gebroke verhoudinge moet herstel word
- Restitusie moet plaasvind
- Valse leringe moet herstel word

- Binne ‘n kokon van liefde, genade, aanvaarding en God se helende teenwoordigheid

6. Bou verder op Bybelse apostoliese fondamente

- Van wedergeboorte af is God se agenda ons agenda
- “Gaan maak dissipels van al die nasies!”
- “Soek eers My koninkryk…”
- Geld Mat. 5 tot 7 ook vir ons
- Voed Hy ons ook eers melk (Heb. 6:1-4)
- Leer ons hoe om Sy stem te gehoorsaam
- Om Sy Woord te eet
- En te bid
- Asook al die ander Koninkryk waardes

7. Bekering rondom ons finansies

- Jy kan nie God en Mammon dien nie (Mat. 6:24)
- Ons moet leer alles wat ons nodig het, is op die oes lande (Mat. 10:9)
- Om te leer om te gee maak ons vry

8. Gawes en roeping/”destiny”

- Elkeen van ons het ‘n unieke “SHAPE”

  S – “Spiritual gifts”

  H – “Heart”

  A – “Abilities”

  P – “Personality”

  E – “Experiences”

- Die vyfvoudige bediening spanne moet ons toerus met die oog op ons unieke bediening (Ef. 4:11-16)

9. Om ander te dissipel

- Ons het vasgeval in die Griekse model: Waar vakke bestudeer het

- Lewensverandering vind eerder plaas deur die Hebreeuse model: Wees my navolger!
- Die Dooie See het net ‘n inloop
- Die Meer van Gennesaret lewe omdat dit ‘n in– en ‘n uitloop het
- 2 Tim. 2:2
- Word geestelike pa’s en ma’s

10. Om ekklesia-netwerke te plant

- Gaan soek huise met mense wat soek na vrede (Luk. 10:6)
- Gaan deel dan jou hele lewe met hulle (vers 7)
- So gebruikersvriendelik moontlik in hulle kultuur en manier van doen (vers 7)
- Gaan dan en doen dit weer in ‘n volgende area
- So skep ons vertoonvensters waar mense God en wat Hy doen kan bekyk binne ‘n stapafstand van elke mens op aarde

**Die verwagte uitkoms van “Opdrag: Luk. 10”**

- ‘n Effektiewe apostoliese model waarmee ons die wêreld mee kan dissipel
- “Opdrag: Luk. 10” word vier keer ‘n jaar herhaal
- Binne die volgende 5 jaar sal hierdie opleiding in 100 nasies beskikbaar wees
- Dit skep nuwe wynsakke wat kan akkommodeer wat God nou wil doen
- “Opdrag: Luk. 10” word ‘n lanseer plaat vir nuwe dissipels in bediening

“Opdrag: Luk. 10” sal ons help om vier soorte gelowiges te herken:

- Gelowiges wat verder toegerus moet word om met vrymoedigheid ander te begin bedien
- Gelowiges wat gewillige medewerkers sal wees as iemand anders die inisiatief neem
- Gelowiges wat gereed is om proaktief die inisiatief te neem om ander te bedien en ander medewerkers saam met hulle te neem
- Gelowiges wat reeds deel is van die vyfvoudige bediening spanne of deel moet word van so ‘n span

**Praktiese sake**

- Wie kan deel wees?

Nuwe en volwasse Christen gelowiges met 'n goeie reputasie, wat gewillig is om ook ander later te leer wat hulle geleer het

- Wanneer?

10 halwe naweke van Vrydag 19:00-22:00; Saterdag 8:00 tot 14:00

Dit sal eindig met 'n persoonlike evaluasie en opdrag rondom jou persoonlike bediening verder

- Verpligte leesstof

Waarheen met die Nuwe Wyn

Die Storie agter die Storie

DVD's: Hoe hoor ek die Here se stem

En: Jesus, die Doper met die Gees

- Grootte van groepe?

  Maksimum van 7 "tydelike huis groepe" van 12 persone elk

- Waar?

  "Opdrag: Luk. 10" word lokaal aangebied

- "Koste"?

  10 % van jou maandelikse netto-inkomste vir die 3 maande van die opleiding (Gal. 6:6; Luk. 10:7)

# ADDENDUM: Agtergrond-materiaal en korrespondensie

Laat ek dadelik erken: Hierdie "nuwe prentjie" wat besig was om in my hart te groei, was beslis nie iets waarvoor ek kan eer neem of kan pa staan nie.

Vandag weet ek dit was die werk van God in my lewe, die meeste van die tyd, ten spyte van myself en my eie wan persepsies en skeefgetrekte teologiese sienings.

Tog kan ek vandag, as ek terugkyk en van hierdie korrespondensie lees, baie duidelik God se handewerk in my lewe sien.

Alle eer dus aan Hom wat in Sy genade met my so geduldig besig was!

## ’n Baie persoonlike brief aan die NG Gemeente, Potchefstroom-Mooirivier, 1992

### ’n Getuienis: Om aan God die eer te gee!

Dit voel vir my asof die Here vir my 'n tweede kans gegee het… om te lewe en Christen te wees ... en dominee te wees!

Na byna 27 maande se worsteling met die sogenaamde Kroniese Uitputting Sindroom het die Here as die Groot Geneesheer in sy groot genade ingegryp en my gesondheid weer teruggegee.

Dit beteken nie dat Hy alles eenvoudig eensklaps reg getoor het nie! God werk mos nie so nie.

Hy werk mos deur gewone dinge ook: soos die gebede van medegelowiges, die mediese behandeling van dokters, 'n meer gebalanseerde lewenstyl en beter eetgewoontes, die ontspanne gesprekke met vriende, die ure van oefening in vriende in die gemeente se swembaddens, ens.

Die Here gryp in 'n mens se nood deur mense om ons!

Daarom glo ek is Sy opdrag aan Potchefstroom-Mooirivier Gemeente:

### Operasie: Help-Mekaar! ’n Kerklike Aksie-Noodplan (K.A.N.)

God wil so in die gemeente en deur die gemeente in ander mense se nood werk. Veral in die ernstige tye waarin ons lewe. Ons is geroep om mekaar te help met dit wat ons het en wat ons KAN doen.

***Waarmee?***

Om as Christene mekaar te help om in tye soos dié… :

- Finansieel te herstel en te oorleef
- Ons huwelike in stand te hou en te verryk
- Konflikte en stres meer sinvol te hanteer
- Te leer om die Bybel in die praktyk van elke dag te hanteer
- Onsself beter te bemark en so nuwe inkomstebronne te ontgin
- Self tuin te maak en meer selfvoorsienend te word
- Rekenaarvaardig  te word
- Gesonder te eet en gesonder te leef
- Die wonder van God se skepping om ons te ontdek
- Te leer om te ontspan
- Vir mekaar te bid
- Mekaar te help om emosionele pyn en seer te dra en te verwerk

### Weer ’n stukkie getuienis

Vir bykans nege jaar het ek in 'n amptelike hoedanigheid jaarliks by mense huisbesoek gedoen as dominee. Maar tydens my siekte moes ek ontdek hoe van hierdie selfde mense, toe ek langs hulle sit

in 'n kortbroek en tekkies, heel ontspanne en as vriend, skielik oopmaak en met my hulle persoonlike lewe begin deel.

Daarom wil ek voortaan nie net jou dominee wees nie, maar jou vriend. En wil ek beskikbaar wees om jou te help, en as ek nie kan nie, ander te kry wat kan.

Kom gesels met my oor enige van bogenoemde hulpprogramme as jy self hulp nodig het of self die gawes het om ander daarmee te help. Want hiermee moet ons mekaar help.

Ek is in die volgende paar weke gereed om vir jou sover menslik moontlik te help. Daarom sit ek spesiaal tyd opsy op…

**Maandae en Woensdae tussen 10:00-11:00, en 17:00-18:00.**

Ek is of in die Kerksaal, of in my studeerkamer in die pastorie, as jy my nodig het.

Onthou: Jy is vir my belangrik genoeg – selfs al ken ons nog nie eers mekaar goed nie.

Christo Nel

## ’n Brief aan Dr Johan Engelbrecht (Instituut vir Kerkgroei in Afrika, Kempton Park)

Op 16 Augustus 1993 – voor my doop en voor my bedanking as leraar

Geagte dr Johan

MY DROOM OF VISIE

Ek wil graag net eers baie dankie sê vir u empatie waarmee u my vanoggend telefonies aangehoor en geantwoord het. Ek het dit geweldig waardeer.

Soos u versoek het, gee ek graag in 'n paar paragrawe iets van my droom/visie weer:

1. Deur die Here se genade-werk deur die jare in my bediening is my spesialisasie-veld: Woord bediening aan kinders, veral die kind tussen 3 tot 12 jaar. Maar dan "Woord bediening" in al sy fasette van evangelisasie aan kinders tot toegespitste bediening van die kind binne die gemeente.

   In die lig van die belang van die kind in God se oë en Sy opdrag aan ons (vgl. gedeeltes soos Deut. 4, 11, 31, Ps. 78:1-8, Matt. 18:1-14, ens.), maar aan die anderkant, die totaal onder waardering van die kind (veral die klein kind tussen 3 tot 12) in die meeste gemeentes se gewone bediening, is dit van lewensbelang dat gemeenteleiers toegerus moet word om meer effektief die Woord aan kinders te bring, sy dit ongelowige of gelowige kinders.

   Daar is so 'n magdom materiaal en inligting reeds wêreldwyd beskikbaar vir die Kerk om te benut in 'n meer effektiewe Woord bediening aan kinders, dat dit 'n tragiek is hoe onkundig die meerderheid kerkleiers hieroor is.

   Maar Woord bediening aan die kind is intrinsiek deel van gemeente-wees, en gaan dus baie direk beïnvloed word daardeur. Dit sal dus in ag geneem moet word in ons nadenke rondom strategiese gemeente-beplanning in sy breë.

2. Die gawes van die Heilige Gees (veral in die lig van 1 Kor. 12 tot 14 en Ef. 4:11 en 12) wat in my eie persoonlike bediening in diens van die Here baie sterk funksioneer is die gawes van lering en profeet-wees.

   Die Here het my geseën met baie kreatiwiteit, die vermoë om nuut te kan dink en beplan, en bestuursvermoëns.

3. Vir meer as 'n jaar reeds is die Here op baie maniere deur sy Woord en gelowiges rondom my besig om my voor te berei om " 'n nuwe pad" voltyds in Sy diens te loop.

Ek het al die jare die gemeentebediening geweldig geniet, maar belewe tans dat dit vir my "te nou" begin raak het.

Die Here het my oë oopgemaak vir baie fasette van die bediening en bediening strukture van die Ned. Geref. Kerk waar daar in die lig van die basiese Skrif gegewens oor kerk-wees, noodsaaklike Bybelse vernuwing sal moet intree.

Ek het daarom 'n intense begeerte ontwikkel om betrokke te wees by die proses van nuut-dink en stimulering tot nuwe denke in die Ned.Geref. Kerk – en die Here het reeds kanale daarvoor begin skep.

Maar dan ook baie wyer as net die Ned.Geref. Kerk, want hierdie nuut-dink raak alle Christelike kerke op die een of ander wyse.

My visie vir my diens aan my Here is dus baie wyer as net in 'n Ned.Geref. gemeente êrens in die RSA, en selfs baie breër as die Ned.Geref. Kerk. Ek is oortuig dat in die lig van die uitdagings en geleenthede wat vir ons net hier in die RSA as Kerk van die Here voor die deur lê, en in die lig van ons opdrag in Matt. 28:19,20 en Hand. 1:8, het ons 'n geweldige roeping om die Kerk van Jesus Christus in sy wydste verband te begelei in sinvolle, Bybelse groei (na binne en buite).

Ek besef dat die sleutel hiertoe lê in toerusting van die leierskorps met die beste materiaal wat in die wêreld beskikbaar is.

Daarom glo ek dat dit waarmee die Instituut tans besig is van sleutelbelang is, en sou ek, as dit die Here se pad vir my vorentoe is, my bediening graag onder hierdie sambreel kon voortsit.

Hiermee hoop ek, het ek erkenning gegee aan dit wat die Here die afgelope tyd in my hart laat lewe het.

Baie dankie vir u aandag en mag die Here vir u baie duidelik wys wat Sy wil in die verband op hierdie stadium is.

U broer in Jesus

Christo Nel

## My bedankingsbrief as leraar – 18 Oktober 1993

### Redes vir bedanking as Leraar van die Ned.Geref. Kerk

N.a.v. my gesprek met die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom-Mooirivier, en in opdrag van hulle, gee ek graag die volgende kursories hier weer:

1. Die Here het die afgelope tyd veral twee groepe mense se geestelike welsyn op my hart gedruk nl.

1.1 Lidmate van die Ned.Geref. Kerk wat hulle nie meer tuis voel in die tradisionele bedienings patroon, -styl en liturgiese orde van die NGK nie.

1.2 En nie-lidmate en ongelowiges wat net nie deur die normale bedienings patroon, styl en erediens vorm van die Ned.Geref. Kerk bereik word nie.

2. Na my mening bied die Kerkorde en bepalinge van die Ned.Geref. Kerk nie ruimte vir 'n eiesoortige bediening van hierdie persone vir 'n predikant van die Ned.Geref. Kerk binne die grense van Suid Afrika nie.

3. Verder laat die Kerkorde en -Bepalinge ook nie ruimte vir 'n andersoortige model vir gemeente-wees as die struktuur waarvoor in die Kerkorde gekies is nie.

'n Huis-selgemeente-model wat wêreldwyd voorkom, en in die boek van Ralph Neigbour, WHERE DO WE GO FROM HERE, beskryf word, sou daarom nie kerkordelik wees nie.

4. Daarom is die enigste gehoorsame weg vir my om te bedank as predikant van die Ned.Geref. Kerk en om 'n gereformeerde Vernuwings gemeente vir diesulkes hier in Potchefstroom te plant.

5. My motief is dus geensins om in opposisie met die ander gereformeerde gemeentes te opereer nie, of om proseliete te maak nie. Inteendeel, my teiken is juis 'n sinvolle bediening van mense wat juis vir die tipiese gereformeerde gemeentes 'n verleentheid geword het.

6. Verder glo ek van harte dat daar op die wyse 'n eksperiment tot stand kan kom naas die bestaande gemeente-model, wat deur skakeling en sinvolle gesprek, die ander Ned.Geref. gemeentes en ook ander kerke in die gereformeerde familie) tot verdere vernuwing en aanpassing van strukture kan aanspoor met die oog op uitdagings in die toekoms in die RSA, en dit selfs kan versnel.

## 'n Artikel vir die JOY-tydskrif – Gepubliseer in JOY, Oktober 1997

### In the midst of a Second Reformation!

"… He who began a good work in you will carry it on to completion until the day of Christ Jesus."

This is the promise I'm holding on to. For myself and for all the beautiful children of God in the Body of Christ with a Reformed Protestant background across the world. I know from personal experience that God is also busy leading us into the new things He is doing all across His believing Body in the world today.

I was a typical good Dutch Reformed dominee. Doing what I had to in a congregation with 1400 members in Potchefstroom, the heart of the "Reformed–heaven" as we used to joke among each other. I've loved the Lord and His Word since the day of my conversion on the 10th of October 1969. For me to be in full–time ministry was pure joy.

But God knew of my hunger and thirst, and He has ways of shaking your very secure world till you understand His heart and His new plans for your life now. In my life it all began while we were in Switzerland at the European base of Child Evangelism Fellowship for a three month–course.

The remarkable experience of fellowshipping with Christians from 13 different countries and all the parts of the Body of Christ made an undeniable impression upon my life. The opportunity of sharing with members of the Baptist–part of the Reformed–world really shook my theological world.

But it was only after we came back that my world seemed to give way. I became ill and struggled for three years with a defying illness they called chronic fatigue and immune dysfunction syndrome (CFIDS). In the midst of this crisis I kept on working but also crying out to the Lord.

God gave me three promises. The one I understood: He would heal me. The other two was Greek to me: "I'm giving you a new ministry and it's only a fool faulting twice".

My paths crossed with a guy called Gary Kieswetter whom God is using phenomenally to stimulate members of the Reformed part of Jesus Christ's Body in the new things God is doing through His Spirit. He became my friend and really shook my world!

I heard him speaking of "The Spirit said this to me … and I said that to Him …" This was absolutely new to me. I had a personal relationship with God the Father and the Son ever since my conversion but a personal relationship with the Holy Spirit was uncommon ground.

Speaking to God about it, I experienced Him saying that if I let Him, He would reveal Himself as the Spirit of Christ to me. This led to one of the most life–changing experiences I've ever had. It started when I studied every piece of Scripture on the Holy Spirit in the Old and New Testament. After revealing Himself in a new way to me personally, the Spirit led me to study the way He wants to minister with the full range of His gifts to the Body.

Then God spoke to me through two "modern prophets"! Wow! What a new experience for an ordinary dominee who thought all prophets died with Agabus of Acts 11!

We taped the word to test it as 1 Thessalonians 5 teaches but knew immediately this was God speaking.

Let me quote some of it:

"…I see God is training you and trying to get you into a higher level. And it has been difficult for God, because you've almost stuck with the familiar and you don't want to move up because you've understood this that you've been busy with. But God's going to shake and rattle you and He will have you on that higher level. He'll not allow you to stick there because He invested too much in you.

I even see you shifting. I don't know …into a bigger church or a different calling … But I see a total shift … It is almost as if where you are is not able to contain you…

…You've been ignorant of God's healing power. You've been ignorant in many areas. But your love of God brought you through …

A lot of new things are coming your way. I see books opening all the way … learning new things, because you have such a hunger to flow with God… You really go for God. You've no desire to be left behind. 'Go with God' is in your heart and God has seen it and He's not going to let you be left out, because He'd invested so much in you …"

The other prophet continued:

"…I see two paths …One I see is full of red dust. And it's full of rejection … and it's hardened by the sweet of your brow. You've work there and you said 'God, how long? I've worked and I've done this' …

It's a groove and God wants you out of there. He wants you to start making a new path. Through the bush. God will show you the path, step by step, day by day through His Spirit. He's not going to give you the whole vision right now. He never does that. But I can tell you the vision is a new thing! Not the old thing! Not the old way of tradition. You've got to get out of that traditional thing…

Many dominees are not walking the traditional way and doing the traditional thing… I don't know where you stand. I just share concerning your life in the Spirit and where you should be going…"

… I see there are those that follow you and those that don't …that are adamant …they are going to stay in that sloot … and you can do nothing about that … nothing! I see the people following you carrying banners … depicting warfare… ready to take authority in the Spirit. And I see you moving ahead of them with a sword, pointing the way, the Word of God giving you direction, cutting through the long grass and stuff, making a new way… a new idea …"

Then they prayed for us to be baptized by the Spirit and anointed afresh for the ministry ahead.

Everybody knew something new happened! Prophetic words and words of knowledge from God flowed from my lips and God healed in ordinary Dutch Reformed services.

God kept on working in my family's life, restoring my marriage in a new way, restoring my relationship with my two daughters, restoring my finances, restoring my life.

Then He said:

"I want you as a family to be baptized".

We obeyed.

Then He said:

“Within fourteen days I want you to quit as pastor in the Dutch Reformed–part of My Body and plant a new Reformed Renewal congregation in Potchefstroom. But no one of your old congregation’s members may follow you, because I’m not ripping that congregation apart. I’m only doing a new thing with you that is to be a model for the rest of My people in the Reformed–part of My Body.”

We obeyed again, moving out of the congregation I’d led for ten and a half years, starting a new congregation to minister to people from a Reformed theological tradition in a new way about the things God is doing through His Spirit in a theological language they knew.

That was in October 1993. Since then nearly four of the most remarkable years of my time in full–time ministry have passed. The congregation grew at a rate of nearly 400%. We’ve experienced that God’s alive in our midst! He is still doing the same things He had done in the early Church. He is still using ordinary people to minister His love to each other in the home cells, the services and the community. And He added to our congregation those who were saved.

In June 1995 God told me to write a book about what we’d been experiencing. This book “WAARHEEN MET DIE NUWE WYN” was published in May 1996 by KRATOS Publishing House and is available directly from them or from me.

With the publication of this book my ministry was launched countrywide. From everywhere cries from believers came to tell about what God was doing in our midst.

In April this year, God said: “Pack up and move down to Hermanus. Minister to My Body in the Boland and Cape Province where the needs are. We obeyed again, sold our house in Potchefstroom and left the congregation in the hands of the newly appointed pastor God provided, Paul Smit. We moved to a house we are renting in Hermanus, trusting God for everything we need as a family.

This time we have to trust God to provide through His Body as a whole and not through a local congregation as in the past, because God said, “Minister to My Body in the whole Cape region.”

God is remarkable. From everywhere requests is coming from believers in all the different parts of the Body of Christ in that region, from Pentecostal to very traditional congregations. But especially from believers in the Dutch Reformed Church who are thirsting after what God is now doing across the world. This past weekend for example, I’d been to the Northern Cape and saw God doing remarkable things in Keimoes and Upington among believers from Pofadder, Grootdrink, Brandvlei and Groblershoop.

I really believe we are experiencing a second reformation across the whole section of traditional churches in the world. And as the first reformation in Luther’s time brought about a revival that shook every part of Christ’s Body, this second reformation will do the same.

During the first reformation God spoke to His Body on the crucified Christ, atonement and salvation by grace alone. Now Christ is surprising His people with His power as the resurrected and glorified One who baptizes with the Holy Spirit and is ministering with the gifts of the Spirit in the midst of His Body. To lead people into an intimate, personal, abundant relationship with God where they will worship Him in Spirit and truth.

## ’n Artikel vir die JOY-tydskrif – 11 Aug. 1998

Dear Editor

Nearly a year has passed since my article A SECOND REFORMATION was published in October 1997 in your magazine.

What a remarkable response I had since then! Hundreds and hundreds of people called from nearly every town in South Africa. Most of them being from a Reformed theological background and confirming the wonderful way God is working among them.

And this is just confirming what I am experiencing here in the Western Cape. Through God’s grace I had the opportunity to minister “new wine” truths to more than 25 000 people in 27 towns and cities in the Western, Southern en Northern Cape over the last 16 months. And I’ve seen and experienced first–hand what God is doing among His people.

Take for example what is happening in the Dutch Reformed Congregations in Tulbagh and in Table View, Cape Town. God is doing a new thing! Apart from ministering in new, more efficient ways in the services and cell groups, hundreds of people are reborn by God’s gracious work, hundreds of Christians are experiencing a full–blown restoration of their personal lives, health, marriages, family life, farms, businesses, political views and finances.

God is teaching His people that He is Lord and that every knee shall bow before Him. He is teaching His people to meet under the Headship of Christ, to be obedient to Him only and really responsible in love to one another. In the process they are discovering the power of God working through and among them in big and small group gatherings. Where there is an expectancy for a personal touch of God and His glory through the working of the Spirit to be present among them, God is moving in His power and grace.

I am seeing a new generation rising from amongst us, a Lazarus–generation! People who were spiritually dead, coming to life by God’s generative power, but who need restoration and cleaning up of the stench of death still clinging to them. That is why God is teaching His people to minister to these needs with the full spectrum of gifts of the Holy Spirit.

But on the other hand, this new generation is also Ezekiel’s army, ready to fight the fight that is on hand everywhere. And part of this fight is within the traditional structures in the Body of Christ. This is why this generation is a difficult customer to minister too, because they have declared war on tradition that cannot pass the test of Scripture and the test of the Spirit.

God has a way of speaking and moving that is impossible to ignore. Many spiritual leaders are still clinging to the old things and old ways of doing, but many more are in a process of paradigm–shifts because of God serving them new wine truths from His Word.

Everywhere there is a new hunger and longing for revival and total restoration of believers individually, and as the Body of Christ. That is why I want to comfort every believer that is still experiencing the bondage of tradition in the congregation that he or she is part of.

Keep on praying, keep on being sensitive to the leading of God through His Spirit.

God is busy doing what He has promised to do. He is busy restoring His Bride as He said He would (Titus 3:4,5).

If there is anyone wanting to contact me or if I can be of service in any way, feel free to phone me on my cell phone 082 7702397, of email me at nchristo@lantic.net

(Ds Christo Nel has been in full–time ministry for 19 years already. He has ministered in two congregations in the Dutch Reformed Church from 1979 to 1993, and from 1993 to 1997 in a Reformed Renewal Congregation. Since June 1997 he is living in Hermanus, part–time ministering through Radio 7, a Christian Community Radio Station, and available to minister in the whole Body of Christ where needed, especially among believers of a Reformed background.)

## Lansering van die REVEILLE BEDIENING in 1998

In 1998 lanseer ons 'n REVEILLE BEDIENING, wat ons so formuleer:

Vir u aandag en voorbidding!

As jy hierdie inligting blaadjie lees, is jy heelwaarskynlik een van meer as 25 000 mense wat die afgelope 14 maande hier in die Wes Kaap deur die bediening van Ds. Christo Nel geraak en bedien is.

Christo se opdrag is om gelowiges uit alle dele van die Liggaam van Jesus Christus hier te bedien maar spesifiek te fokus op diegene met 'n Gereformeerde belydenis. Dit is die mense wie se harte en teologie hy ken.

Hierdie bediening staan tans bekend as REVEILLE BEDIENING en het in die oog om gelowiges voor te berei as die nuwe geslag bedienaars vir herlewing.

### Reveille Bediening

'n Komplimentêre bediening vir die hele Liggaam van Jesus

Spesifiek gefokus op die behoeftes van gelowiges met 'n gereformeerde belydenis

### Visie

Die bediening van "nuwe wyn"-waarhede en die toerusting en fasilitering met die oog op skepping van "nuwe wynsakke" binne die Liggaam van Jesus

Hierdie bediening het gekies om onverskrokke die totale Bybel-boodskap te bedien, maar konsentreer op die volgende:

- 'n Lewe van oorvloed in die lig van Jesus se verlossings– en Heerskap deur die werking van die Heilige Gees
- 'n Herontdekking van Jesus as die Doper en Toeruster met die Heilige Gees, Sy gawes en Sy krag vir ons getuienis-taak in hierdie wêreld
- Die opwekking van 'n nuwe geslag bedienaars waarin elke gelowige sy priesterlike, koninklike en profetiese bediening opnuut ontdek
- Die restourering van gelowiges se totale lewe
- 'n Nuwe intimiteit, liefde en koinonia is moontlik tussen God en Sy kinders, en Sy kinders onder mekaar
- Die Persoon, werk en volle spektrum gawes van die Heilige Gees
- Die herstel van die eenheid in die Liggaam van Jesus
- Die vyfvoudige leier-bediening van Ef. 4 as toerusting-bediening vir die hele Liggaam
- Die heerlikheid van Jesus word geopenbaar in ons as gebarste erdekruike

## Metodiek

Die bediening maak van die volgende gebruik om hierdie boodskap oor te dra aan die Liggaam:

Naweek-uitreik en toerusting

Seminare

Begeleiding en fasilitering van transisie-prosesse in die verskillende dele van die Liggaam

'n Opleidingsprogram vir leiers en ander bedienaars

Die publikasie van artikels en boeke vir 'n wyer leserskring

Bediening van vakansiegangers

Hierdie bediening wil ter wille van effektiwiteit netwerk met TOUCH INTERNATIONAL, die selgemeente-netwerk en die VCSV-bediening, soos die Diensjaar-spanne en die Josua-bediening.

## 'n Beleidsverklaring oor die Liggaam van Jesus

Ons glo in die Liggaam van Jesus as 'n lewende, geloof-gemeenskap wat as organisme in eenheid in hierdie wêreld moet lewe en handel.

Dit funksioneer soos 'n liggaam.

Dit is 'n koninklike priesterdom waarin elkeen bedoel is en toegerus word met die oog op bediening en dissipelskap.

Dit is bedoel as 'n lig in hierdie wêreld wat mense moet bewus maak van die realiteit van God en die lewenskrag en aktualiteit van Sy Woord.

Ons is bedoel om as versoeners op te tree tussen God en mens, en mens en mens.

Gelowiges moet 'n Christo-sentriese, ekstro-vertiese, geloof-bediening in die gemeenskap lewer wat gerig is op die holistiese genesing en bevryding van die mens in alle areas van sy lewe.

As die Liggaam vergader, is dit nie bedoel om nog 'n denominasie of "kerk" te wees nie, maar bloot om mekaar in kleingroep– en groter groep-verband te bedien.

Alle dele van die Liggaam moet gedissiplineer fokus op eenheid en strewe na netwerking van die verskillende groepe en gemeentes.

Gemeente-wees is altyd bloot 'n bediening–metode om mekaar en die gemeenskap meer effektief te kan bedien.

Sulke gemeentes moet in die gemeenskap diens lewer wat brûe bou tussen alle sosiale lae van die gemeenskap, die nood van mense konstruktief bedien, mense bedien met hoop en kreatiwiteit, mense inlei in entrepreneurskap, dienste aan die gemeenskap koördineer en inisieer.

## ’n Moontlike prentjie vir toekomstige bediening

REVEILLE-BEDIENING  sal in die toekoms deur God se genade uit 'n bediening-span van spesialis-leiers en bediening-spanne bestaan wat gelowiges gaan toerus na alle dele van die land.

In Sandbaai sal die sentrum en kamp-fasiliteite van Radio 7 gebruik word as kantore, weeklikse bedienings– en opleidingsentrum, en as fasiliteit vir 'n vakansie bediening in die toekoms.

## Finansiering van die bediening-span

Ons vertrou die Here vir borge en finansiële vennote in hierdie bediening.

## Die Bekendstelling-blaadjie van REVEILLE

# REVEILLE

98/1

MEI 1998

**"Reveille" is 'n Franse woord wat in Afrikaans 'n goeie ekwivalent vir Herlewing of Restourasie kon wees. Dit is waarmee ek belewe Jesus tans in Sy Liggaam besig is. Hierby het ek my lewe en my energie ingegooi. Wil jy ook 'n Reveille-vennoot wees?**

Ek het jou nodig as my Reveille-vennoot vir dit wat die Here nou vir my gegee het om te doen.

## REVEILLE - VENNOOT

Groetnis hier uit Hermanus!

As 'n mens God se koninkryk gekies het as jou enigste besigheid op aarde, belowe Jesus dat God prioriteits-aandag aan jou daaglikse behoeftes sal gee.

Dit is tog wat Mat 6:33 belowe as daar staan "Soek eers die koninkryk van God en die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."



**Laat ons mekaar se hande vat!**

Elkeen van ons pas êrens in God se plan en agenda in. Dit is ons verantwoordelikheid om persoonlik die hoe en waar op die skoot van die Vader te gaan ontdek.

Ons het daarom as gesin net weer die Paasvakansie weer tyd spandeer om mooi te hoor waar ons nou inpas.

En dit wil ek graag met jou deel, want ek glo dat jy my VENNOOT kan wees in wat God baie spesifiek vir nou in gedagte het. Maar besluit jy self daar-oor.

Die Here het vir ons sekerheid daaroor gegee dat ons tans in Hermanus moet wees. Sy plan is dat hier

- 'n meer permanente bedieningsbasis gevestig moet word
- waar daar dissipelskap-toerusting, vakansie-bediening
- en leieropleiding kan plaasvind.
- Van hier af kan die koördinering van ten minste drie bediening-spanne na oral in die omgewing oor naweke plaasvind.
- 'n kantoor en bedieningsentrum gevestig word waar mense met geestelike nood en seer bedien kan word met die gawes van die Gees, die Woord en gebed sewe dae elke week.
- 'n Nasorg-bediening wat via nuusbriewe en nasorg-materiaal oor die pos en radio mense verder kan bedien.

Ek is 'n geestelike WYNMAKER. En die wyn waarin ek spesialiseer is wat die Bybel NUWE WYN noem.

Hierdie nuwe wyn is eintlik niks anders as ou bekende Bybelse waarhede wat God nou deur Sy Gees aan ons met die oog op 'n tyd soos dié vars bedien nie.

Die mense aan wie die nuwe wyn bedien moet word is die hele Liggaam van Christus, maar in die besonder die gelowiges wat 'n Gereformeerde smaak soos ek oor die jare ontwikkel het.

Die Here gebruik my om aan hulle

- die kern-evangelie oor te dra
- hulle te leer om as dissipels van Jesus werklik ekklessia of gemeente van Christus te wees
- hulle te leer om mekaar en die gemeenskap met die volle spektrum gawes van die Heilige Gees te bedien as Liggaam van


| Reveille-vennoot | |
|---|---|
| Vennoot ... (vervolg) | 1 |
| Vennoot ... (vervolg) | 2 |
| **Bid saam** | **3** |


1

Kom ons plant 'n nuwe hektaar wingerd aan waardeur mense bedien kan word met die nuwe wyn van God se Gees.

# Wees my vennoot ...

Jesus.

Die Here is daarom werklik besig om 'n bedieningspan hier rondom my in Hermanus op te rig wat hulle ge-commit het om toegerus te word, om weer op hulle beurt ander te gaan bedien.

Omdat ek my tans in een van die hoofstreke van die tafel- en wyndruif-bedryf in ons land bevind, wil ek graag die volgende beeld uit hierdie bedryf gebruik om te verduidelik wat ons onmiddellike behoeftes is en waarom ek jou as vennoot broodnodig het.

Hulle vertel my dat dit deesdae R50 000 kos om 'n hektaar nuwe druiwe aan te plant waar daar tans niks is nie. En dan kos dit elke jaar nog duisende om dit te versorg met die oog op 'n ordentlike oes.

Dit is waaroor ek jou as vennoot nodig het.

As jy glo dat die Liggaam, en baie spesifiek die Gereformeerde deel van die Liggaam, NUWE WYN nodig het, en glo dat ek dit effektief aan hulle kan bedien, wil ek jou in die Naam van ons Koning, Jesus Christus, uitdaag om 'n nuwe wingerd saam met my aan te plant.

Maar hierdie keer gaan hierdie nuwe wingerd 'n geestelike hektaar wingerd wees waarin jy finansieel 'n inset gaan maak.

Die Here belowe in Sy Woord dat Hy self sal sorg dat elke sent wat jy saai, sal vermenigvuldig word om vir jou - beter as enige aardse hektaar wingerd - 'n geseënde oes te lewe. En die oes gaan letterlik uit alle windrigtings kom soos en hoe God dit wil gee.

Daar is verskillende moontlikhede waarvoor jy 'n bydrae kan maak:

- Die dringendste behoefte tans is om borge te vind wat met debiet-orders of maandelikse donasies ons maandelikse onkoste kan dek. Tans is ons onkostes R9000 maandeliks.
- Dan soek ons ook 'n vennoot of twee wat in 'n huis hier in Hermanus wil belê om vir ons meer permanente huisvesting hier te verseker. (Ons moes reeds die derde keer in 12 maande trek uit die huise wat ons die afgelope tyd gehuur het).
- Ons benodig 'n betroubare voertuig vir die honderde en honderde kilometers wat ons moet ry om die behoeftes tans in Geformeerde kringe van Upington tot in George te bedien .
- Ek benodig borge om drie nuwe manuskripte te laat publiseer wat gereed is vir publikasie.

Ek wil hê jy moet self voor die Here gaan sit om mooi te hoor wat die Here wil hê jy in hierdie projek moet saai.

Wat jy ookal besluit jou bydrae gaan wees, belowe ek van my kant af om jou gereeld op hoogte te hou van enige verwikkelinge.

En verder is ek bereid om te eniger tyd verantwoording te doen oor die vordering en vrug van hierdie be-diening.

**Die Gees van God is besig om nuwe dinge onder die Gereformeerde gelowiges te doen. Ongelukkig is die meeste Gereformeerde leiers nog doof en blind hiervoor. Of te vasgevang in die huidige status quo om dit te bedien. Maar die Here is getrou. Hy sal self die werk wat Hy deur Sy Gees in mense se lewens doen, nie in die wiele laat ry deur onwillige leiers nie. Die tragedie is egter dat God nou omweë moet gebruik i p v die plaaslike gemeentes om te doen wat Hy wil doen. Daarom het Hy ook my bediening opgerig en uitgebou as 'n komplimenterende bediening juis vir nou.**

Ook in ons lewe is die Here besig met nuwe dinge. Elke dag is 'n avontuur om hier-die geloofspad saam met Hom agter Sy Gees aan te stap. En soos ons stap leer ons .. leer ons om te glo ... leer ons om Hom vir groter en groter dinge te vertrou ...

**Die Herlewing waarvoor ons al so lank bid, is besig om soos sagte reën oral in ons land, byna ongesiens te begin val.**

**As jy jou oor op die grond hou, hoor jy feitlik in elke dorp waar jy kom hoe die Here mense in 'n om-mekeer omdop en restoureer.**

**Maar ons hou aan bid ... totdat die stroom lewende water miljoene sal meesleur, en ook die res van Afrika en elke ander kontinent in die wêreld ingestroom het.**

**Dit is mos wat die Here in soveel profesieë aan Sy kinders belowe het.**

**Ek bid dat die Here Jesus in Sy heerlikheid in ons as brose erdekruike so helder sal skyn dat almal om Sy kinders verblind sal word deur die glans daarvan in ons lewens.**

# Bid asb saam met ons vir ...

Dit waarmee ons besig is, is God se werk. Hy bly altyd ons enigste Bron en die werklike Boer in hierdie Koninkryks-wingerd. Hy gee die opdragte en die groei, en Hy bepaal die grootte van die oes. Ons moet net sorg dat ons sensitief in pas bly met dit wat Hy hierdie seisoen beplan.

Dankie vir jou aandag en die erns waarmee jy hierdie versoek biddend gaan oorweeg.

Jou broer in Christus
CHRISTO NEL EN GESIN

'N PINKSTER UIT DIE HEMEL!!
Ek het so pas teruggekeer van die NG-gemeente Tulbagh waar die Here deur Sy Gees op 'n manjefieke wyse aan die werk is. Ek het nog nooit werklik herlewing self beleef nie, maar dit wat ons daar beleef het moet iets daarvan wees. Honderde jongkinders, tieners, jongmense en volwassenes het hulle lewens vir die eerste keer of by hernuwing vir Jesus as Verlosser en Here in geloof toegesê. Boere wat vir jare en jare in vyandskap geleef het is weer met mekaar versoen. Pa's en seuns wat 30 jaar laas mekaar fisies gedruk het het weer mekaar omhels. 'n Gemeente het geleer om mekaar in die Gees en met die Gees se gawes te bedien sodat restorasie van baie seer en pyn kan plaasvind.
Kom ons prys die Here hiervoor, want dit is net Sy werk. En prys Hom vir ds Chris Eksteen en sy kollega, Martin Smit, wat net getrou die pad stap wat die Here self vir hulle die afgelope 17 jaar aangedui het.

WAARVOOR KAN ONS DANKIE SÊ?

Die Here het die wonderlikste deure vir my oopgemaak die laaste tyd. Dank die Here saam met ons daarvoor.

Bid dan ook asb vir die volgende saam met ons:

- My optrede as die hoof-pastorale-koördineerder by die JOSUA-belewing waar na verwagting 5000 tieners en jongmense gaan wees in Stellenbosch
- Skoling en toerusting wat in Malmesbury, De Doorns, Stellenbosch, Stanford en Bredasdorp in die volgende maand of twee gaan plaasvind
- Die hersien en herdruk van my boek WAARHEEN MET DIE NUWE WYN wat binnekort moet plaasvind aangesien die eerste oplaag feitlik uitverkoop is.
- Bid ook vir die werk wat by Radio 7 elke dag gedoen word en vir die oprigting van die kampterrein en opleidingsfasiliteite wat in die vooruitsig gestel word.

'N OPLEIDINGSENTRUM IS IN DIE VOORUITSIG
Radio 7 en sy besturende direkteur, Servaas Conradie, het 'n visie om 'n kampterrein wat 250 mense kan huisves, plus 'n saal wat 300 mense kan bedien, en twee kleiner lokale in Hermanus se omgewing op te rig. Grond is reeds tussen Hermanus en Sandbaai hiervoor aangekoop. Hierdie geriewe sal dan beskikbaar gestel word vir my bediening sewe dae 'n week. Kom ons bid werklik dat die Here die beplanning en realisering hiervan sal verhaas.

WAAROOR BEDIEN DIE HERE MY TANS?

Saamwees in die gemeente van Christus is om God toe te laat om ons te restoureer en om mekaar te bedien soos Hy ons leer

## Waarmee is die Here tans in ons besig? ENNOOT ...

Die afgelope tyd het die Here op 'n verskeidenheid maniere my begin toerus vir 'n restorasie-bediening wat in gelowiges se lewens moet begin plaasvind.

Soveel gelowiges is al vir jare Christen, maar worstel nog steeds met dieselfde basiese sondes en verkeerde gesindhede waarmee hulle geworstel het 10 of 20 jaar gelede. Terwyl dit God se begeerte is om hulle volkome vry te maak en te verlos van hierdie houvas van hulle ou sielsnatuur op hulle lewens.

Maar die Here het belowe dat Hy my gaan toerus vir 'n bediening waarin genesings en wonderwerke Sy heerlikheid aan Sy kinders en die gemeenskap sal toon.

Maar dan is die Here ook besig om my iets te leer van wat dit beteken om EKKLESSIA of gemeente van Christus onder die HOOFSKAP VAN CHRISTUS

### BID ASSEBLIEF ELKE DAG VIR ONS!

in hierdie wêreld te wees.

Dit is werklik radikale lering hierdie, en my "hart" wil telkens net omdraai en hardloop. Maar ek weet dit is wat nou op God se hart vir Sy Liggaam en hulle koinonia-geleenthede is.

Die hart hiervan is dat die Here met ons wil wegbeweeg van die tradisionele erediens waaraan ons in die Protestantse wêreld vir meer as 45 jaar gewoond geword het.

Die Here wil ons deur Sy Gees leer wat dit beteken om saam te wees in byeenkomste waar ons elkeen bereid is om 'n bydrae te lewer soos en hoe die Gees van Christus ons lei.

Maar hieroor later meer.

Ek wil afsluit.

As iemand graag met ons wil kontak maak, is ons gegewens die volgende:

Ons selnommer : 0827702397
Ons posadres: Posbus 2185, Hermanus, 7200.
Ons huisadres: Mosselrivier-rylaan 43, Kwaaiwater, Hermanus.

Ons bankrekening is tans by UNITED BANK, Hermanus. Dit is 'n tjekrekening met die volgende nommer 4040149654 en dit is op my naam: C A Nel.

## My brief op 22 Januarie 2004 aan DIE KERKBODE, oor die doop

Geagte Redakteur

Vir jare waarsku ek en ‘n paar ander dat daar ‘n reuse burgeroorlog dreig in die hart van die NG Kerk rondom die doop van babas. Maar tot nou toe nog is dit deur al wat teologiese professor en kerkleier ontken. Met die gebeure rondom die afgedankte ds. Chris Swart en ‘n dreigende “skeuring” in die NG-gemeente Brackenfell-Wes is dit skielik weer op die tafel waar almal dit kan sien.

Hoeveel jare woed hierdie teenstrydigheid tussen dit wat in die NG Kerk se belydenisskrifte geskryf staan en dit wat in gemeentes dwarsdeur die land in die praktyk plaasvind!

Hoevele dominees en duisende belydende lidmate in die land in die NG Kerk is nie al in die geheim gedoop as gelowiges nie! Juis omdat hulle nie meer in hulle hart die NG Kerk se leer rondom die doop van babas kan onderskryf nie. Van die grootste en mees suksesvolle NG-gemeentes val in hierdie kategorie.

En tog, elke nou en dan, is daar ‘n ringskommissie wat kerkregtelik korrek, op die letter van die belydenis en kerkorde van die NG Kerk, ‘n dominee in sy amp stuit en afdank, terwyl ander ringskommissies maar gerieflikheidshalwe ‘n blinde oog gooi vir wat feitelik in elke gemeente in die praktyk aan die gang is.

Dit het hoog tyd geword om met integriteit en dapper ‘n te lank uitgestelde saak te hanteer.

Die NG Kerk staan weer ‘n keer voor die uitdaging om op die hoogste vlak ten minste twee doop-praktyke in sy midde toe te laat. Tot nou toe was hy bereid om babas te doop – wat teologies gesproke die moeilikste saak is om Bybels te verdedig. Waarom nie ook ruimte te maak vir die doop van gelowiges as dit lankal reeds die Bybelse oortuiging van duisende belydende lidmate in sy eie midde is nie?

Groete,

Ds Christo Nel – Hermanus

### Ons uitdaging: Om die ongedane werk van die Reformasie van 1517 af te handel!

17 Februarie 2005

Soos spoke uit die verlede kom sekere ongedane werk uit die reformasie van 1517 telkens en spook by Protestante en spesifiek die Gereformeerde wêreld ook hier in Suid-Afrika.

Willie Jonker skryf in Junie 1998 ‘n artikel in die AAMBEELD van RAU oor die drie kragvelde waarmee die Nederduitse Gereformeerde Kerk heeltyd aan die worstel is in sy eie geledere. Kom ek haal ietsie daarvan hier aan:

“Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het uit Nederland die karakter van ’n gereformeerde volkskerk meegekry. Daar was dus van die begin af twee kragvelde wat binne die kerk in spanning verkeer het: die gereformeerde karakter en die volkskarakter van die kerk. Die Nederduitse

Gereformeerde Kerk wou 'n reformatoriese kerk wees, maar ook 'n volkskerk wat die hele volk omvat en aan die volkslewe 'n Christelike karakter verleen, soos dit in die teokratiese visie van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord word."

Hy dui dan verder aan dat die Ned.Geref. Kerk nooit hierdie ideaal heeltemal kon bereik nie, met die gevolg dat daar deurgaans 'n diep behoefte was aan meer meelewendheid, selfs onder baie van die belydende lidmate in die kerk. 'n Mens sou hierdie behoefte verder kon omskryf as 'n behoefte aan geestelike verdieping of geestelike herlewing. Jonker verkies self om te praat van 'n nuwe soort spiritualiteit, wat hy soos volg tipeer: "Dit het 'n nuwe tipe spiritualiteit in die kerk gestimuleer, wat van die Nederlandse gereformeerde vroomheid verskil het. Dit kan as 'n evangelikaliese spiritualiteit getipeer word. Hoewel dit 'n presbiteriaans-gereformeerde basis het, vertoon dit ook 'n sterk metodisties-piëtistiese inslag. Dit beklemtoon veral die persoonlike heiliging en aktiewe diens aan die saak van die evangelie."

Hy dui verder aan dat ons dit bv. by Andrew Murray en baie van die Skotse predikante gekry het. Dit het egter stelselmatig 'n derde kragveld in die Ned.Geref. Kerk geword wat aan die eenkant baie positief die geestelike lewe van baie gelowiges verdiep het, maar aan die anderkant mettertyd in spanning met die Gereformeerde karakter van die Ned.Geref. Kerk gekom het.

Die impak wat dit in die Ned.Geref. Kerk gemaak het beskryf hy soos volg: "Die kerklike aanslag beweeg eerder in die rigting van die Evangelicals en Anabaptiste as in dié van die Gereformeerdes. Kategoriale en huisgemeentes word bo territoriale gemeentes verkies. Die ervaringselement word oorheersend in prediking, lied en aanbidding. Die Woord-karakter van die kerk kom onder druk. Die Psalms het feitlik uit die eredienste verdwyn. In die plek daarvan kom liedjies met 'n gospel-inslag, soms selfs in Engels. Die Heidelbergse Kategismus en ander belydenisskrifte speel geen rol meer in prediking en kategese nie."

Tot sover Jonker.

Ek is egter oortuig dat die wortels van die spanning in die Ned.Geref. Kerk baie dieper en baie verder terug lê as dit wat Jonker aandui.

Dit strek sover as die Reformasie van 1517 en die spanning wat reeds daartydens na vore gekom het tussen geesgenote van die Reformasie.

Leonard Verduin haal Luther aan wat reeds kort na die reformasie die volgende gesê het: "In our times the doctrine of the Gospel, reestablished and cleansed, has drawn to it and gained many who in earlier times had been suppressed by the tyranny of Antichrist, the Pope, however there have forthwith gone out from us *Wiedertäufer, Sacramentschwärmer und Rottengeister...* for they were not of us even though for a while they walked with us". (Leonard Verduin, THE REFORMERS AND THEIR STEPFAMILY, bl. 18).

En dan toon hy aan dat selfs die reformasie van 1517 nie al die sake afgehandel het wat eintlik met die reformasie afgehandel moes word nie. Spanning wat al sedert 330 n.C. dwarsdeur die Middeleeue elke nou en dan na vore gekom het, is selfs onder die geledere van die reformatore nie gehanteer nie.

Gevolglik het dit in die jare en eeue wat daarna sou kom telkens kom spook onder die nageslag van die reformasie.

Dit is my mening dat wat ons tans in die geledere van die Ned.Geref. Kerk sien, bloot die gevolge daarvan is.

Die hart van hierdie spanning lê in hoe daar oor die ekklesia of kerk gedink word.

- Aan die eenkant staan die mense wat die ekklesia beskou as die Corpus Christi, of Liggaam van Christus. Wat net mense insluit wat kan bely dat Jesus Christus hulle persoonlike Verlosser is op grond van wat hulle in hulle hart glo.

- Aan die anderkant staan diegene wat die ekklesia beskou as 'n Corpus Christianum, 'n liggaam van territoriale gemeenskappe wat gedoop is in die Naam van Christus Jesus.

Niemand uit die geledere van die reformasie het vrygekom van 'n verskeurdheid tussen hierdie twee alternatiewe nie. Almal het probeer om 'n finale keuse te vermy deur bloot draadsitters te wees, en gehoop dat dit uiteindelik nie vir hulle nodig sal wees om uiteindelik te kies tussen hierdie twee sienings nie.

So 'n paar maande gelede het ek die volgende brief aan die redakteur van DIE BURGER geskryf:

*"Vir jare waarsku ek en 'n paar ander dat daar 'n reuse burgeroorlog dreig in die hart van die NG Kerk rondom die doop van babas. Maar tot nou toe nog is dit deur al wat teologiese professor en kerkleier ontken. Met die gebeure rondom die afgedankte ds. Chris Swart en 'n dreigende "skeuring" in die NG-gemeente Brackenfell-Wes is dit skielik weer op die tafel waar almal dit kan sien.*

*Hoeveel jare woed hierdie teenstrydigheid tussen dit wat in die NG Kerk se belydenisskrifte geskryf staan en dit wat in gemeentes dwarsdeur die land in die praktyk plaasvind!*

*Hoevele dominees en duisende belydende lidmate in die land in die NG Kerk is nie al in die geheim gedoop as gelowiges nie! Juis omdat hulle nie meer in hulle hart die NG Kerk se leer rondom die doop van babas kan onderskryf nie. Van die grootste en mees suksesvolle NG-gemeentes val in hierdie kategorie.*

*En tog, elke nou en dan, is daar 'n ringskommissie wat kerkregtelik korrek, op die letter van die belydenis en kerkorde van die NG Kerk, 'n dominee in sy amp stuit en afdank, terwyl ander ringskommissies maar gerieflikheidshalwe 'n blinde oog gooi vir wat feitelik in elke gemeente in die praktyk aan die gang is.*

*Dit het hoog tyd geword om met integriteit en dapper 'n te lank uitgestelde saak te hanteer.*

*Die NG Kerk staan weer 'n keer voor die uitdaging om op die hoogste vlak ten minste twee doop-praktyke in sy midde toe te laat. Tot nou toe was hy bereid om babas te doop – wat teologies gesproke die moeilikste saak is om Bybels te verdedig. Waarom nie ook ruimte te maak vir die doop van gelowiges as dit lankal reeds die Bybelse oortuiging van duisende belydende lidmate in sy eie midde is nie?*

*Groete,*

*Ds. Christo Nel "*

Tot sover my brief.

Ek is oortuig dat die interne worsteling rondom die vraag of die doop aan suigelinge bedien mag word of nie, nie soseer 'n vraag is na wat sê die Skrif nie, maar eerder maar net die reeds genoemde "spook" is uit die reformasie wat weer by ons kom spook.

Uiteindelik gaan dit oor die vraag oor wie deel is van die ekklesia of kerk van die Here Jesus.

Om hierdie vraag in Gereformeerde geledere onbevange te kan antwoord, sal ons moet loskom van wat die Nederlanders "het historisch gewordene" noem: naamlik die teologiese argumente wat sedert 330 nC gebruik is om bepaalde teologiese keuses te verdedig. En ons sal weer moet waag om self voor die Skrif te gaan staan met 'n oop gemoed dat God onsself sal kan oortuig en kan lei deur Sy Gees oor wat God se wil vir ons vir nou is.

Daarom is ek van oortuiging dat die tyd hier is vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk om ten minste twee praktyke rondom die doop in sy eie midde vir 'n tyd toe te laat om vir gelowiges die geleentheid te gee om onbevange te gaan soek na God se wil in die verband.

## Oor 'n "Petri-glas-gemeente op 18 Maart 2005

- My skrywe op 18 Maart 2005 in sake: 'n "Petri-glas"-gemeente waarbinne Bybelse eksperimentering moontlik is as oplossing vir gelowiges wat op soek is na fundamentele vernuwing

Ek skryf in gehoorsaamheid aan die Here wat ons dien, in diens van Sy koninkryk onder die mense waarvoor God ons geroep het.

Tot in 1993 was ek 14 jaar predikant in die Ned.Geref. Kerk, en die 11 jaar daarna tot nou is ek deur God gebruik om vernuwing te fasiliteer onder veral Afrikaanssprekende gelowiges, wat meestal nog lidmate in die Ned.Geref. Kerk of ander kerke in die Gereformeerde familie is.

Hierdie groep gelowiges kan in die algemeen beskryf word as gelowiges wat 'n dringende behoefte het aan fundamentele vernuwing waarvoor die Ned.Geref. Kerk (en ander gereformeerde kerke) in sy breë nog nie gereed blyk te wees nie. (Hieroor meer in die bylaag wat hierby ingesluit is).

Ek sê fundamentele vernuwing, want die realiteite  is dat

- tientalle leraars net in die Wes Kaap se sinodale gebied hulle reeds uit geloofsoortuiging hulle laat doop het as gelowiges
- talle kerkrade sit met die realiteit dat meer as die helfte van die kerkraadslede gedoop is as gelowiges
- duisende gelowige, lojale lidmate van die Ned.Geref. Kerk reeds gedoop is as gelowiges, maar steeds geduldig deel bly van die deel van die Liggaam van Jesus waarin hulle opgegroei het, in die hoop dat daar tog meer ruimte sal kom vir diepgaande, fundamentele reformasie.

In die lig hiervan wil ek graag in nederigheid kom met 'n voorstel wat 'n oplossing kan wees vir die Ned.Geref. Kerk om hierdie groep gelowiges, wat tot dusver vir meeste gemeentes en leraars 'n tameletjie was, effektief te bedien.

My voorstel is dat die Ned.Geref. Kerk op Algemeen Sinodale vlak besluit om ruimte te maak vir "petri-glas"-gemeentes binne Ringverband waar gelowiges, wat daaraan 'n behoefte het, bedien kan word.

Ek sou met groot graagte u of enige ander persone in die verband te woord wou staan oor hierdie voorstel.

Die uwe

Ds. Christo Nel ((BA, B Th, Lis in Teologie, M Div)

## Bylaag: 'n Petri-glas-gemeente kan 'n effektiewe oplossing wees

Die Webster Woordeboek se verklaring vir "Petri-dish" lui soos volg: " a small shallow dish of thin glass or plastic with a loose cover used especially for cultures in bacteriology".

Vir 'n groot tradisionele georganiseerde kerk, soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is dit nooit maklik om ingrypende veranderings te maak nie. Dit vat jare en jare om die besluitnemers te oortuig en om die nodige besluite te neem.

Wat die uitdaging en nood nog soveel groter maak, is as daar gelowiges is wat nie meer kans sien om te wag totdat die Ned.Geref. Kerk eendag gereed is om te verander nie. Veral omdat hulle behoeftes reeds vir jare sluimerend was of vir jare oneffektief bedien is.

Daarom wil ek voorstel dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die moontlike skep van "Petri-glas"-gemeentes sal oorweeg, waarbinne daar ruimte is vir fundamentele Bybelse vernuwing en reformasie op alle vlakke soos wat nodig blyk te wees.

Dit was ook die oplossing van byvoorbeeld die Episkopaalse Kerk in Amerika in die vroeë negentigs.

Miskien is dit nodig om my persoonlike ervaring as geestelike leier en oud-predikant uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk in hierdie verband te deel:

Die afgelope 11 jaar reeds werk ek hoofsaaklik onder gelowiges (wat ook predikante en oud-predikante insluit) wat tradisioneel doop- en belydende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (en ander van die Gereformeerde Kerke) was of is, wat êrens in hulle lewe tot ander geloofsoortuiging gekom het as dit wat tans binne die NG Kerk geleer en geglo word.

Dit is ook van belang dat ek sê dat ek die afgelope 7 jaar hier in die Wes-Kaap die voorreg gehad het om in verskeie N.G.-gemeentes, asook in vele VGK gemeentes, vernuwing te kon fasiliteer. As skrywer van 'n aantal teologiese boeke in die verband, is ek ook die fasiliteerder van 'n teologiese gesprek tussen predikante van die NG Kerk en ander leiers uit die vernuwing (die sogenaamde Ekklesia-gesprek), wat tweekeer per jaar die afgelope drie jaar gehou is in Hermanus.

Die mense op wie ek fokus is gelowiges wat kan getuig van 'n persoonlike geloofsoortuiging dat Jesus Christus Verlosser en Here is, wat gekies het om Hom, en Hom alleen, in gehoorsaamheid aan Sy Woord te volg. Dit is ook die rede waarom die meeste van hulle hulle laat doop het as gelowiges omdat hulle van oortuiging is dat die besprinkeling van suigelinge nie werklik 'n Bybelse doop is nie.

Die meeste van hierdie gelowiges verskil van die leer van die NG Kerk hoofsaaklik rondom die volgende geloofsoortuiginge:

- die doop
- wie werklik deel is van die gemeente van Jesus
- die uitverkiesingsleer van die NG Kerk
- die Persoon en bediening van die Heilige Gees deur die gawes in die byeenkomste en bediening van die gemeente
- die plek van geloof in God se verlossingsplan

Hierdie verskille in geloofsoortuiging maak dit bykans onmoontlik vir die meeste van hierdie gelowiges om hulleself met integriteit en in waarheid, sonder gewetensbesware, uit te leef in die tipiese NG-gemeente.

Natuurlik is daar nog boonop die NG Kerk se amptelike standpunte en besluite rondom die sogenaamde “herdoop” van gelowiges, en oor wie deel van die gemeente van Jesus Christus is, wat maak dat daar deurentyd ‘n swaard oor hierdie gelowiges binne die NG Kerk hang.

Tog is die meeste van hierdie gelowiges tans nog amptelik lidmate van die NG Kerk, terwyl ander wel reeds in ander dele van die Liggaam van Jesus ‘n geestelike tuiste gaan soek het.

As jy dié wat reeds elders vir hulleself ‘n tuiste moes soek hierna uitvra, vertel almal van hulle vir jou dat hulle, vanweë hulle persoonlikheid, styl en Skrifoortuigings, nie gemaklik tuis is in ‘n tipiese Pinkstergemeente nie, maar ook nie in die tipies Charismatiese of meer onafhanklike gemeentes nie.

Maar waarheen anders?

Gesels jy met die gelowiges wat nog steeds lidmate in die NG Kerk is, vertel almal van hulle vir jou van hulle geloofstryd, maar tog ook van hulle behoefte om “’n verskil te maak in die NG Kerk”.

Ek weet daar is ‘n klompie NG-gemeentes in Suid-Afrika wat tans werklik erns maak met Bybelse vernuwing. Wat verstaan dat Bybelse vernuwing baie meer is as net bloot ‘n paar liturgiese veranderings of ‘n nuwe liedboek. Daar is selfs gemeentes en predikante wat amptelik of nie-amptelik aan gelowiges gesê het dat hulle geen beswaar sou hê as van hulle hulle laat doop as gelowiges nie.

Hoe onmoontlik dit ook klink, is daar selfs NG-gemeentes waarvan meer as die helfte van die kerkraad reeds gedoop is as gelowiges.

Ek het ook kennis geneem van bv. Prof. König se standpunt oor ‘n moontlike “herdoop” van gelowiges wat daaraan ‘n behoefte sou hê. Hoewel ek baie waardering het vir die “sagter pastorale hantering” van hierdie gelowiges, is dit my oortuiging dat hierdie voorstel bloot TEOLOGIESE LAFHARTIGHEID is wat in werklikheid die noodsaak van werklike Bybelse fundamentele vernuwing in die huidige NG Kerk se leer ontken en ontduik.

Wie werklik besef hoe intrinsiek verweef die NG Kerk se leer oor die doop is met bv. sy ekklesiologie, sy uitverkiesings- en geloofsleer, sal besef dat alleen fundamentele vernuwing hier ‘n meer Bybelse oplossing kan bied.

‘n Moontlike oplossing vir hierdie uitdaging is, na my oordeel, die skep van ‘n “petri-glas”-eksperimentele gemeente binne die geledere van ‘n ring of sinode van die NG Kerk.

Kom ek probeer kortliks sê wat ek met so ‘n “petri-glas”- eksperimentele gemeente bedoel:

Toe die Episkopaalse Kerk in Amerika in die vroeë negentigs besef dat daar gelowiges in sommige van sy gemeentes is wat ‘n behoefte het aan meer en ingrypende vernuwing as wat die sisteem gou sou kon akkommodeer, het hulle met ‘n baie kreatiewe oplossing na vore gekom. Hulle het besluit om in die midde van ringe van gemeentes ruimte te skep vir wat hulle ‘n “eksperimentele gemeente” genoem het.

Dit was hulle poging om vinniger te reformeer as wat die amptelike strukture moontlik maak sonder om die grootste meerderheid in die gemeentes te ontwrig met te groot veranderinge te vinnig.

Die praktyk van so 'n gemeente werk dan so:

- Hier kan gelowiges vrywillig geakkommodeer word wat in 'n mindere of meerdere mate verskil met die aanvaarde belydenis en bedieningsmetodes binne die NG Kerk.
- Hier kan hulle dan bedien word deur 'n groep vrywillige leiers wat soos hulle voel en glo, in 'n veilige ruimte, sonder dat dit vir hulle nodig is om "uit die bepaalde kerk" of die deel van die Liggaam van Jesus hoef te gaan om elders geakkommodeer te word.
- Hier skep die groter kerksisteem vir haarself 'n "veilige ruimte" om op alle vlakke te kan "eksperimenteer" sonder om gevestigde, gelukkige lidmate ongelukkig te maak of onveilig te laat voel.
- Die "veilige ruimte" word soos volg geskep: Binne Ringsgrense word ruimte geskep vir so 'n nuwesoortige gemeente waarby lidmate en leiers dan vrywillig kan inskakel. Binne Rings- en Sinodale verband word besluit om vir so 'n gemeente met sy leiers 'n periode van 5 jaar te gun om volgens oortuiging mekaar te bedien in die lig van die Skrif in gehoorsaamheid aan God soos Hy hulle sou lei.
- Hierdie ruimte vir "eksperimentering" geld werklik op alle vlakke: sy dit bedienings-metodiek, of selfs wat belydenis betref.
- Die NG Kerk in wyer verband, ontneem hulleself dus van enige veto- of besluitnemingsreg namens hierdie nuwe eksperimentele gemeentes. Hulle het wel die reg om voorstelle te maak of om gemeentes en leiers van so 'n eksperimentele gemeente van raad en hulp te bedien.
- As dit na 5 jaar sou blyk dat die afstand tussen so 'n nuwe gemeente en die bestaande kerkstruktuur te groot is om op enige manier oorbrug te word, gaan die nuwe gemeente bloot sy pad en die NG Kerk sy pad. Die positiewe is dat albei geloof-families die geleentheid gehad het om vir 5 jaar saam 'n meer positiewe pad rondom moontlike vernuwing te stap en kardinale geloofsake weer van nuuts af deurdink en deursoek het.

My voorstel in die lig hiervan is dus die volgende:

- Dat die Sinode van die Wes-Kaap binne bepaalde strategies-gekose Ringe ruimte maak vir sulke eksperimentele gemeentes.
- Ek is bereid om saam met ander oortuigde leiers sulke gemeentes te help waar ek kan.
- Dat gelowiges wat tans ander oortuigings oor die doop en die werking van die Heilige Gees het as die NG Kerk, maar wat tans nog lidmate is van die NG Kerk, geleentheid gebied word om deur hierdie nuwe gemeentes bedien te word.

## Die doop van gelowiges – 'n Kursoriese Bybelse en Kerkhistoriese ondersoek met die oog op biddende nadenke hieroor

**2 Junie 2009**

Vra jy vir enige gelowige lidmaat in die NG Kerk, wat hulle laat doop het as gelowige, waarom hulle dit gedoen het, dan antwoord die meeste van hulle bloot: "Die Here self het my daarvan oortuig. Geen mens kon dit doen nie. Ek het dit nie gedoen uit rebellie nie, maar uit gehoorsaamheid."

### Die volgende Bybelse gegewens is van belang in die verband

1. Jesus se opdrag as gekruisigde, opgestane, verheerlikte, Verlosser, Here, Doper met die Gees, en Hoof van Sy Liggaam in **Mat. 28:18 tot 20**: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."

Let daarop dat die NAV **vers 19** ongelukkig interpreterend vertaal het in die lig van die tipiese Suid-Afrikaanse Gereformeerde teologiese beskouing van die doop. Daarom die dubbelpunt na die "… maak die mense my dissipels".

2. Petrus se antwoord op Pinksterdag aan die Jode wat hom gevra het: "Wat moet ons doen, broers?" Sy antwoord en hulle reaksie daarop is van belang.

Let ook daarop dat ons hier te make het met Jode wat oortuig was hulle is in 'n verbondsverhouding met God.

**Hand. 2:38 tot 41** lui soos volg: "Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.' Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: 'Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.' Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg."

3. Dit is baie duidelik dat dit die normale praktyk was onder die vroeë Christene om nuwe gelowige volgelinge van Jesus, indien moontlik, op die dag van hulle bekering en tot-geloof-kom gedoop het. Die volgende Skrifgedeeltes bevestig hierdie praktyk:

**Markus 16:16:** "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."

*(Hierdie vers kom wel nie in die oudste grondteks-manuskripte voor nie, maar as 'n byvoeging uit die vroeg-tweede eeu, wat ten minste die doeppraktyk onder die vroeë Christengelowiges bevestig).*

**Hand. 8:12**: "Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."

**Hand. 8:35-38**: "Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig. Onderweg kom hulle toe by water aan, en die amptenaar sê: 'Hier is water. Wat

verhinder dat ek gedoop word?’ Toe het hy die wa laat stilhou. Filippus en die hofdienaar het albei in die water in gegaan, en Filippus het hom gedoop.”

**Hand. 10:44-48**: “Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het. Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê: ‘Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?’ Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word.”

**Handelinge 19:3,4:** “En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.”

**Handelinge 22:16:** “En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.”

**Rom. 6:3-11**: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ‘n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.”

**Kol. 2:8-15**: “Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. In Hom is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.”

*Hierdie is natuurlik die gedeelte wat in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde wêreld baie keer gebruik word om aan te voer dat die Ou Testamentiese gebruik om babas te besny, vervang is deur die Nuwe Testamentiese doop.*

*So is die Nuwe Testamentiese opdrag om te doop verbind aan die verbond en God se verbondverhouding met gelowiges en hulle kinders.*

*Wie egter die konteks van en teks van Kolossense 2 behoorlik eksegeties ondersoek, sal ontdek dat die "besnydenis" waarna hier verwys word glad nie die teken van die fisiese besnydenis is nie, maar eerder dui op 'n "geestelike besnydenis" wat die nuutmakingswerk van God se Gees in die gees van die mens is (vgl. Eseg. 36:24-27; Joh. 3:3-16 ens.)*

*Die teologiese verbintenis en fundering van die gebruik om babas van gelowige ouers te doop met die Nuwe Testamentiese teken van die doop is duidelik nie Skrifgefundeerd nie, en het gelei tot allerlei foutiewe teologiese aannames in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde doopspraktyke en -uitsprake rondom die doop.*

*(Vergelyk die Bylaag hieronder oor die Doopsformulier wat gebruik word by die doop van babas wat in die NG Kerk gebruik word, en my opmerkings daarby).*

**1 Petrus 3:21:** "… waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus…"

(Die NIV vertaal hierdie vers soos volg: "and this water symbolises baptism that now saves you also— not the removal of dirt from the body but the pledge of a good conscience towards God. It saves you by the resurrection of Jesus Christ")

Bestudeer 'n mens die nuutste navorsing oor die doop in die vroeg-Christelike Kerk, is van die mees resente navorsing hieroor gedoen deur Prof Hennie Stander en Prof Jannie Louw, Departement Antieke Tale van die UP, in hulle navorsingsdokument, BAPTISM IN THE EARLY CHURCH. (Uitgegee in 1988, en in 1994 as 'n hersiene weergawe, deur Didaskalia Uitgewers, Garsfontein, ISBN 0-86979-955-X).

Na 'n ondersoek van al die beskikbare Griekse, Latynse en Siriese bronne oor die praktyk van die doop in die eerste vier eeue, kom hulle tot die konklusie dat tot in die vroeg-derde eeu is net gelowige volgelinge van Jesus gedoop in die vroeg-Christelike gemeentes. Dit was eers na 250 nC, en ook net eers in Noord-Afrika, en later elders, wat ons skrywes vind oor die doop van kinders van gelowige ouers. (Vgl. bl. 117-121)

Stander en Louw konstateer die volgende oor die betekenis van die doop in die harte van die gelowiges in die vroeg-Christelike gemeentes, en ek haal aan: "Going down into the baptismal water symbolized participatation in the death of Christ on the cross and performed, at the same time, a washing away of sins, so that the person emerging from the water is performatively cleansed and regenerated symbolically, by sharing in the death and resurrection of Christ. The theology underlying these conceptions was linked to Paul's statement in Romans 6 that baptism entails being baptized into the death of Christ." (bl. 117)

## Die nuutste navorsing rondom die Reformasie-gebeure van 1517

Die nuutste navorsing rondom die gebeure tydens en na die Reformasie (1517) plaas allerlei nuwe gegewens op die tafel wat ons aandag verdien in ons nadenke hieroor.

Vergelyk in die verband die navorsing van Leonard Verduin, wat onder leiding van die Calvynse Instituut in Grand Rapids, Michigan, gepubliseer is met die titel, THE REFORMERS AND THEIR STEPCHILDREN. (Herdruk 2000, The Christian Hymnary Publishers, Sarasota, Florida, ISBN 0-8010-9284-1)

Aangesien ons ons gereformeerde teologiese wortels terugvind in die belydenisse van die leierfigure tydens die Reformasie, is die bevindinge van Verduin vir ons van kardinale belang in die verband.

Hy toon aan dat voordat die reformasie 10 jaar oud was, dit gou duidelik geword het dat onder die leiers tydens die Reformasie oor sekere kardinaal belangrike sake nie totale eenstemmigheid was nie. Ja, dat die verskille so erg was dat Zwingli op 28 Mei 1525 in 'n brief aan Vadius skryf dat die stryd teen die Rooms-Katolieke party "but child's play" was in vergelyking met die radikale denke in die ander front van die reformasie-geledere. (bl.11)

En wat nog van groter belang is, is dat as gevolg van hierdie radikale standpunte van sommige in die reformasie-geledere, het van die Reformasie-leierfigure teruggegaan op hulle woord, en op sekere kardinaal belangrike belydenisuitsprake in reaksie omgedraai, selfs van standpunt verander, en het hulle later selfs aggressief teen van hulle vroeëre "vriende" in die begin van die Reformasie opgetree.

Van belang vir hierdie gesprek en nadenke van ons, is die belydenisuitsprake en denke oor die ekklesiologie en oor die doop onder die leierfigure tydens die Reformasie.

Uiteindelik sou die stryd in die geledere van die Reformasie gaan oor die vraag of die Kerk werklik "Corpus Christi", die Liggaam van Christus, is, óf "Corpus Christianum", 'n "body of a 'christened " society", soos Verduin dit vertaal en verwoord. (bl. 17)

Luther self, maar ook van die ander leierfigure in die Reformasie, was aan die begin vasgevang in die dilemma dat hy nie werklik wou kies tussen hierdie twee dinge nie. Verduin verwoord hierdie dilemma soos volg: "… the dilemma of wanting both a confessional Church based on personal faith and a regional Church including all in a given locality." (bl. 17)

Dit was soos olie op die vuur van die radikale tweede front in die reformasie-geledere! Want vir hulle was daar nie kompromie moontlik nie. Vir hulle was die kerk van Jesus in sy fondasie en identiteit belydende kerk gebaseer op persoonlike geloof.

En dit het dan ook 'n uittog uit die geledere van die aanvanklike "leiers en vriende van die Reformasie" meegebring, wat veroorsaak het dat ons werklik uit die een wortel van die Reformasie van 1517 ten minste twee stamme histories in die kerk van die Here Jesus sien ontwikkel het hierna, as gevolg van die teologiese en belydenisverskille wat hier was.

Verduin verwoord hierdie dilemma waarin van die leiers in die Reformasie van 1517 vasgevang was op bl. 19 van sy boek soos volg: "The dilemma resulted from the fact that the Reformers were torn between two loyalties. On the one hand was a loyalty to the New Testament Scriptures, which know no Church other than the believers' Church, a Church based on personal faith. On the other hand was a loyalty to what the Dutch call "het historisch gewordene" (that which come about with the passing of time), in which the Church was construed so as to include all in a given locality. Only by repudiating history, twelve whole centuries of it, could one escape from the dilemma – unless he was prepared to repudiate the New Testament. This latter escape neither the Reformers nor the Stepchildren were willing to use. So there was the other escape, the repudiation of *het historisch gewordene.* To reject it was a radical step, too radical except for the radicals, who took this way out and so came to stand alone, as Stepchildren."

Ek wil nie op die detail hiervan ingaan nie, maar slegs aantoon hoe dit die hele aangeleentheid van die doop geraak het.

Verduin toon aan dat hierdie groep radikales, as gevolg van hulle siening oor die doop , en spesifiek dan die doop wat aan suigelinge bedien word, “her-dopers” of “anabaptiste” genoem is.

Maar in werklikheid was die skelnaam juis ‘n aanduiding dat selfs in die geledere van die Reformasie die saak waaroor dit eintlik vir hierdie groep gegaan het, nie raakgesien en herken is nie.

Hulle was juis nie “her-dopers” nie. Hulle was eerder oortuig dat die doop wat bedien is aan suigelinge nie ‘n Bybelse Nuwe Testamentiese doop was nie.

Na hulle oordeel was dit maar net ‘n kerklike tradisionele gebruik wat sy wortels in Konstantianisme terugvind. Dit was bloot ‘n “christening”, of soos Verduin dit defineer, “… a ritual whereby every child… was taken and ‘made a Christian of’ – before he had any voice in the matter. Since every child so ‘christened’ was considered to be a ‘Christian’ ever after, this was a highly useful institution…” (bl. 190)

Die doop wat hulle geglo het die werklike Bybelse Nuwe Testamentiese doop was, was in die woorde van Pierre de Bruys (wat alreeds in die 12de eeu geleef het): “We wait until the proper time has come, after a man is ready to know his God and believe in Him; we do not, as they accuse us, rebaptize him whom may be said never to have been baptized before.” (bl.194)

Dit is verder baie interessant om te lees hoe Verduin aantoon dat die doop van ekslusief-net-gelowiges in die geledere van die radikales ten tye van die reformasie, nie in die eerste plek gedoen is as “anti-pedobaptism”, maar eerder net doodgewoon “anti-Constantianianism” was. (bl. 197) “The outright rejection of infant baptism came when it became apparent that the Reformation was heading in a neo-Constantinian direction. Not until the Reformers began to embrace the old institution of “christening” did the Anabaptists by way of reaction make a clean sweep of the board. Prior to that point there had been considerable give and take on both sides.” (bl. 197)

Solank as wat daar nog duidelik tekens was dat die Hervormers steeds vasgehou het aan die begeerte en geloofskeuse dat die kerk of gemeente van Jesus in die eerste plek mense is wat ‘n geloofskeuse gemaak het en nou in ‘n persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus gewandel het, was die sogenaamde radikale groep in die begin van die reformasie bereid om saam te stap.

So lees ons bv. hoe in die Gereformeerde gemeente in Nordlingen, in 1525, aan die ouers oorgelaat is om te kies of hulle wil hê dat hulle babas met die teken van die doop bedien moet word, of eerder wil wag totdat daardie kinders, nadat hulle bedien is met die evangelie, self ‘n geloofskeuse maak vir Jesus Christus as Verlosser en Here. (Kyk voetnota, bl.198)

Verduin gaan voort om aan te toon dat die eksklusiewe doop net van gelowiges in die geledere van Reformasie, in die hart van Zwingli, een van die leiers in die Reformasie, gebore is.

Reeds van die staanspoor af was hy maar bra louwarm teenoor die doop van suigelinge. Hy erken self:  “Nothing grieves me more than that at the present I have to baptize children, for I know it ought not to be done.” (soos aangehaal op bl. 198)

Vra ‘n mens jouself af waarom Zwingli, as deel van die leierskap ten tye van die Reformasie, nie meer uitdruklik hierdie siening van hom sterker gepropageer het nie, verstaan ‘n mens dit in die lig van die wyse waarop enige afwyking van die bestaande praktyk om suigelinge te doop in die bestaande kerke vervolg en selfs aggressief met geweld onderdruk is.

Verder het Zwingli self ook gesê: “But on account of the possibility of offence I omit preaching this: it is better not to preach it until the world is ready to take it.” (soos aangehaal op bl. 199)

Zwingli sou egter ‘n totale omkeer maak wat hierdie saak betref, en in die latere jare van sy bediening “bely” dat die feit dat babas “nog nie glo nie”, hom laat fouteer het in sy denke oor die doop van suigelinge.

Soos Luther op sy kenmerkende skerp manier dit sou formuleer: “How can baptism be more grievously reviled and disgraced than when we say that baptism given to a unbelieving man is not good and genuine baptism! …What, baptism rendered ineffective because I do not believe? …That would be to think as a fool thinks not only, but to blaspheme and disgrace God moreover.” (soos aangehaal op bl. 201)

Hierdie hele geloofsdilemma veroorsaak uiteindelik dat daar aggressief vanuit die geledere van die Reformasie teen diegene onder die radikales opgetree word a.g.v. hulle siening oor die doop.

In 1529 word daar in Speier geproklameer dat: “Every Anabaptist or rebaptized person, of either sex, is to be put to death, by fire, or by the sword, or by some other means.” (Soos aangehaal op bl. 202)

Speier se stadsraad was wel onder Rooms-Katolieke beheer, maar dit sou uit die geledere van Reformasie gevolg word deur soortgelyke hardhandige en selfs geweldadige optredes teenoor diegene wat nie hulle kinders ten doop bring nie, of hulle “laat herdoop” het. Soos in 1534 in die Protestantse stad, Strasbourg, besluit sou word. (Bl. 202, in voetnota)

Dit was egter nie net Zwingli, in die geledere van die leiers tydens die reformasie, wat bedenkinge oor die bediening van die doop aan suigelinge gehad het nie. Bucer sê op 24 Desember 1524 dat hy praat namens die broederkring van al die leraars in Strasbourgh: “If someone wishes to wait with baptism… we would not for that reason separate from him nor condemn him; let everyone figure it out for himself. The Kingdom of God does not consist in eating or drinking, and therefore not in water baptism, but in the righteousness and peace and joy in the Holy Ghost.” (soos aangehaal op bl. 203)

Verduin gaan voort: “Luther was likewise embarrassed with ‘christening’. But he was too well aware of the radicalness of a clean break with it to abandon the sacralism-feeding institution. Wrote he: There is not sufficient evidence from Scripture that one might justify the introduction of infant baptism at the time of the early Christians after the apostilic period… But so much is evident, that no one may venture with a good conscience to reject or abandon infant baptism, which has for a long a time been practiced.” (soos aangehaal op bl. 204)

Verduin konstateer dan dat dit eintlik in werklikheid ‘n teenstrydigheid in die denke van Luther self verteenwoordig, in die lig van sy eie sola Scriptura-belydenis. Dit was in werklikheid niks anders nie as ‘n “capitulation to *het historisch gewordene;* this takes us dangerously close to the Catholic position of ‘Scripture plus tradition’”. (bl. 204)

In die hart van die radikales in die geledere van die Reformasie was dit duidelik dat met die doop van suigelinge, en dit wat later daaroor gesê is deur die meeste van die leiers van die Reformasie, niks anders was nie as dat, soos Verduin dit verwoord: “A new Volk Gottes was envisioned, and a new badge was needed to mark the member of this new Volk Gottes, one that did not have the objectionable tribal overtones. Ths new badge was baptism.” (bl. 212)

Hy gaan voort: “When ‘Christendom’ was launched, things were forced back into the pre-Christian mold. Baptism became a new circumcision, now known as ‘christening’. “ (bl. 212)

Tot sover Verduin se navorsing.

My eie oordeel is dat daar genoeg redes is waarom die N G Kerk so gou moontlik, as gereformeerdes wat immers “heeltyd wil terug neig na net dit wat die Skrif vir ons sê”, hierdie hele aangeleentheid rondom die doop aan die voete van Jesus Christus, ons Verlosser, Here, en Hoof van Sy Liggaam, biddend moet gaan ondersoek aan die hand van Sy Woord, die Bybel, as ons enigste riglyn en toets vir die waarheid.

Daarom wil ek afsluit met my brief in die verband aan die Moderatuur van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk, gedateer 25 Maart 2005.

Mag my voorlegging in die verband werklik ‘n bydrae maak in julle opregte soeke na God se wil in die verband in die geledere van God se mense binne die NG Kerk.

Julle broer in Christus,

Christo Nel

BA, B Th, M Div, D Phil, D Juris Prudence (Theol)

## Brief aan die Moderatuur van die NG Kerk oor ruimte vir die doop van gelowiges, 25 Maart 2005

VIR AANDAG:

Dr. C W Burger

Dr. J J E Koornhof

Ds. J P Theron

Dr. J F Marais

25 Maart 2005

**VIR WIE DIT MAG AANGAAN**

### In sake: Bestuur doelbewus die verskille oor die doop binne die Ned.Geref. Kerk

Hoe meer ek my ingrawe in 'n Bybelse ekklesiologie, hoe meer kom ek tot die oortuiging dat eenheid binne die Kerk van die Here Jesus vir die God van die Bybel ononderhandelbaar is. (Sien aangehegte BYLAAG – 'n verkorte dokument in Engels oor eenheid aan die 226 kerke in die Helderberg-kom)

As ek kyk na die wyse waarop die Sinode van die Wes-Kaap die konflik in die gemeente Welgemoed tot dusver gehanteer het, sien ek bewyse dat dit ook vir u erns is.

En dit gee my vrymoedigheid om in nederigheid, maar in groot erns, die volgende aan u voor te lê as my oortuiging van wat God se hart is rondom die verskille wat daar tans onder God se mense binne die Ned.Geref. Kerk rondom die doop is:

### My Voorstel:

1. Bestuur proaktief die verskille wat daar onder God se mense binne die Ned.Geref. Kerk oor die doop is, deur vir 'n interim-periode van vier jaar doelbewus ruimte te maak vir die twee doop beskouings wat tans onder gelowiges binne die Ned.Geref. Kerk teenwoordig is.

2. In hierdie interim-tydperk word gelowiges en predikante geleentheid gebied om rondom die bediening van die doop volgens hulle eie gewete te handel, sonder die vrees vir druk of vervolging van enige aard.

3. Waar predikante oortuig is dat die Bybelse doop net aan gelowiges bedien mag word, is dit hulle verantwoordelikheid om reëlings betyds te tref as daar in die gemeente gelowige ouers is wat graag hulle suigelinge ten doop wil bring.

## My beredenering
Die meeste gelowiges binne die Ned.Geref. Kerk is van oortuiging dat die Bybelse doop aan gelowiges en hulle kinders, en dus ook die suigeling-kinders van gelowige ouers, bedien mag word. En dit op grond van hulle oortuiging dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Tog is daar 'n al-groterwordende groep gelowiges (in die besondere ampte en algemene amp van gelowiges) wat van oortuiging is dat die Nuwe Testament leer dat net gelowiges, sy dit volwassenes of kinders is, bedien mag word met die Nuwe Testamentiese doop.

Deur hierdie reëling van 'n interim-periode van vier jaar, maak die Ned.Geref. Kerk doelbewus ruimte vir God se Gees om self gelowiges binne die Ned.Geref. Kerk onbevange te oortuig van wat Sy hart rondom die doop is.

So 'n besluit skep ook die nodige ruimte waarbinne die verskillende sieninge rondom die Bybelse doop sonder vrees, in dampkring van akkommoderende liefde, weer biddend bedink en bespreek kan word.

## Agtergrond
Soos u weet was ek tot in Oktober 1993 vir 14 jaar predikant in die Ned.Geref. Kerk, waarna die Here my die laaste 12 jaar wyer as net binne die Ned.Geref. Kerk gebruik het om Bybelse vernuwing, en in die laaste twee jaar ook eenheid, binne die hele Liggaam van Jesus te fasiliteer. En dan veral onder Afrikaanssprekende gelowiges.

Hierdie groep gelowiges kan in die algemeen beskryf word as gelowiges wat 'n dringende behoefte het aan fundamentele vernuwing waarvoor daar, onder andere in die Ned.Geref. Kerk (en ander gereformeerde kerke) in haar breë, nog nie ruimte blyk te wees nie.

Soos ek reeds in 'n vroeëre skrywe aan u aangedui het, is die realiteite binne die N G Kerk dat…

- tientalle leraars – net in die Wes Kaap se sinodale gebied – hulle reeds uit geloofsoortuiging laat doop het as gelowiges
- honderde kerkrade sit met die realiteit dat groot getalle kerkraadslede reeds gedoop is as gelowiges
- duisende lojale, gelowige lidmate van die Ned.Geref. Kerk reeds gedoop is as gelowiges ten spyte van die besluite van die Ned.Geref. Kerk in die verband. En boonop is hulle steeds geduldig deel van die Ned.Geref. Kerk, as die deel van die Liggaam van Jesus waarin hulle opgegroei het, in die hoop dat daar tog meer ruimte sal kom vir diepgaande, fundamentele reformasie.

In die lig hiervan dus my voorstel.

Na my oordeel kan dit 'n oplossing kan wees vir die NG Kerk om ook hierdie groep gelowiges – wat tot dusver vir meeste gemeentes en leraars 'n tameletjie was – effektief te bedien. Maar dan op so 'n wyse dat hulle siening en verskil van mening met groter erns as in die verlede gehanteer word.

Oor die jare het die NG Kerk by uitnemendheid getoon dat sy die vermoë en soepelheid het om rondom bepaalde leerverskille ruimte te maak vir verskillende sieninge.

Een baie goeie voorbeeld hiervan is die hantering van Millennialisme binne die NG Kerk oor die jare. In die besondere geval het die NG Kerk haar selfs amptelik onthou van enige besliste kant-kies in hierdie saak ter wille van die eenheid onder gelowiges.

## Meer oor die verskille rondom die doop

Dit is van kardinale belang om die volgende op te merk oor die verskille wat tans oor die bediening van die Bybelse doop binne die NG Kerk onder gelowiges bestaan:

- Die redes waarom sommige gelowiges hulle laat doop as gelowiges, verskil geheel en al van die tipiese siening wat ons tradisioneel onder gelowiges in die sogenaamde Pinksterkerke kry.
- Die gelowiges binne die NG Kerk waaroor dit hier gaan, het hulle laat doop omdat hulle tot die oortuiging gekom het dat die Nuwe Testamentiese doop net aan gelowiges bedien mag word, sy dit as volwassene of as kind.
- Wanneer hulle dan hulle laat doop as gelowiges, was dit uit gehoorsaamheid aan hulle Verlosser en Here, op grond van hulle opregte Bybelse oortuiging dat dit is wat Hyself van hulle vra. Hulle doen dit nie uit opstandigheid of rebellie teenoor die Ned.Geref. Kerk en haar sieninge nie.
- Dit gaan ook nie vir hierdie gelowiges oor ‘n “viering van hulle doop as baba” nie.
- Daar is na hulle oordeel ook nie sprake van ‘n weer-doop nie. Omdat hulle oortuig is dat die besprinkeling wat hulle ontvang het as suigeling in ‘n verbond-huis, nie die Nuwe Testamentiese doop is nie.
- Dit is ook belangrik om te verstaan dat hierdie gelowiges ten volle oortuig is van die tipiese gereformeerde siening rondom die verbond en die rykdom Bybelse beloftes in die verband. Al waar hulle wel verskil van die tipiese Gereformeerde siening in die verband is dat hulle tot oortuiging gekom het dat die doop nie die Nuwe Testamentiese teken is wat in die plek van die fisiese teken van die besnydenis gekom het nie.
- Dit is verder belangrik om op te merk dat hierdie gelowiges glad nie verskil van die basiese Bybelse genadeleer wat binne die NG Kerk geglo word nie. Hulle is dus ten volle oortuig van die Bybelse waarhede oor God wat in Sy genade self die inisiatief neem in ons lewe, lank voor ons ooit dit self bedink of ge-wil het.

## Die volgende oor die reëling vir ’n interim-periode

Oor die neem van ‘n doelbewuste besluit om hierdie verskille oor die doop effektief te bestuur deur ‘n reëling van ‘n interim-periode die volgende:

- Na my wete het beide die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, asook die Presbiteriaanse Kerk, vir hulleself op die wyse ruimte geskep om verskille oor die doop rustig en biddend vanuit die Woord, onder die begeleiding van God se Gees opnuut te ondersoek.
- ‘n Reëling van vier jaar pas dan ook die huidige praktyk vir wanneer die Algemene Sinode vergader en bied voldoende tyd om rustig weer hieroor landswyd te besin.

Hiermee wil ek volstaan.

Ek sou met groot graagte u of enige ander persone in die verband te woord wou staan in dien nodig.

Die uwe

Ds Christo Nel ((BA, B Th, Lis in Teologie, M Div)

**BYLAAG**

**DIE DOOPSFORMULIER VAN DIE NG KERK WAT GEBRUIK WORD BY DIE DOOP VAN BABAS VAN GELOWIGE OUERS**

***Plus: My persoonlike opmerkinges en vrae aan die hand van die formulier vir die bediening van die doop aan die kinders van gelowiges (van die NG Kerk)***

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou:

**Waarom ons doop**

Ons word gedoop omdat die Here God 'n verbond van genade met ons en ons kinders gesluit het. Reeds vir Abraham die vader van alle gelowiges (Gal 3:29; Rom 4:11,16), het die Here gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee.

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28:19,20a). So het die Here Hom verbind deur hierdie verbond om ons God te wees en ons te seën. Van ons vereis Hy dat ons Hom in dankbaarheid en gehoorsaamheid sal dien.

**Wat is die doop?**

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, beteken en verkondig:

- dat ons en ons kinders, wat as sondaars in die wêreld gekom het, slegs in die koninkryk van God kan kom as ons opnuut gebore word;
- dat die Here daardeur bevestig dat Hy ons in sy verbond insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons deel laat hê aan al die voorregte van die verbond;
- dat ons en ons kinders verbind word aan Christus wat ons sonde deur sy bloed afgewas het;

- dat ons ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word sodat "ons vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom 6:11);
- dat die doop 'n seël is van die inlywing in die kerk van Jesus Christus en ons verplig om as lewende lidmate te leef;
- dat ons as gedooptes die Here uit dankbaarheid met ons hele wese moet liefhê, vertrou en dien, en
- dat die Here ons deur hierdie sakrament verséker dat Hy deur sy Gees in ons wil woon en ons lewens daagliks so regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

**Verbondskinders moet gedoop word**

Kinders van gelowiges moet gedoop word omdat God die kind van die begin af insluit in sy verbond met die gelowige ouers. Daarom is hele gesinne in die Nuwe Testament gedoop waar die ouer(s) tot geloof gekom het.

Al verstaan die kinders nog nie die doop nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Trouens, dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade ook in hulle geval die inisiatief neem in hul verlossing.

**Waartoe verplig dit ons?**

Die doop bevestig aan ons alles wat God ons skenk deur die genadeverbond en maak ons telkens bewus van hierdie vaste grond waarop ons geloof berus.

Daarom verbind die doop die ouers om hulle kinders soos hulle opgroei oor die betekenis en eise van die genadeverbond in te lig, 'n voorbeeld vir hulle te wees in die uitlewing daarvan en hulle op te roep tot die toe-eiening van God se beloftes.

*(Die doopouers word opgeroep en die dopelinge word ingebring.)*

**Gebed**

(Opsioneel)

**Doopgelofte**

Geliefdes in die Here Jesus Christus

U* het gehoor dat die doop 'n Goddelike instelling is waardeur die Here sy verbond van genade aan ons en ons kinders waarborg en aan ons al die gawes van Christus skenk. Om te bevestig dat u die doop vir hierdie doel gebruik en nie uit gewoonte of bygelowigheid nie, moet u opreg op die volgende vrae antwoord:

*Ten eerste:* Bely u dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wéreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

*Ten tweede:* Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

*Ten derde:* Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in dié leer na dié beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

*Antwoord* (hardop): Ja.

**"u" kan met "jy" of "julle" vervang word.*

**Bediening**

Die liturg wat die doop bedien, sê: "NN (volle naam en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

**Dankgebed**

Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het, dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf het en ons tot u kinders aangeneem het. Baie dankie dat U hierdie waarheid deur die doop aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig.

Regeer hierdie kind(ers) so deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U uit dankbaarheid en met vreugde voortdurend sal dien, dat hy/sy/hulle met volharding teen die duiwel en sy mag sal stry en oorwin, sodat hy/sy/hulle eenmaal voor u troon sal kan staan met vrymoedigheid.

Hemelse Vader, ons bring aan U die lof, dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid, in die Naam van ons Here, Jesus Christus. *Amen*.

**Verdere kritiese opmerkings oor die leer van die NG Kerk rondom die bediening van die doop aan suigelinge (veral o.g.v. die bewoording daarvan in die KLASSIEKE FORMULIER VAN DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN DIE KINDERS VAN GELOWIGES):**

- Dit is baie duidelik dat die leer van die doop in die N G Kerk direk gekoppel word aan die leer rondom die verbond op grond van die oortuiging dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Maar na my oordeel is daar geen teks in die Nuwe Testament wat hierdie oortuiging staaf nie.
- Dit is verder baie belangrik om op te merk dat daar glad nie in die formulier vir die bediening van die doop aan kinders van gelowiges verwys word na die belangrike lering van Rom 6:1 tot 12 oor die betekenis en gebeure wat by die doop van gelowiges plaasvind nie.
- Ook in hierdie formulier word daar geleer dat suigelinge deur die bediening van die teken van die doop kinders en erfgename van God word.
- Ja, dat die suigeling wat gedoop word van al hulle sondes verlos word, ingelyf word by die dood en opstanding van Christus en voor God regverdig gereken word!
- Maar ook dat die Heilige Gees in elkeen van hierdie babas kom woon en hulle daagliks meer en meer vernuwe o g v hulle doop.
- Daar word verder aanvaar dat soos die besnydenis die seël was van die Ou Verbond, so is die doop die seël van die Nuwe Verbond.
- Daar word ook verklaar dat die doop van suigelingkinders van gelowiges ‘n instelling van God is. Die vraag is net: Waar vind ons dit in die Skrif?

Artikels in die Belydenisskrifte wat hiermee verband hou, is die volgende:

- Art 34 in die NGB – In hierdie artikel het ons ‘n goeie verduideliking van die betekenis van die doop. Maar ‘n mens mis die leer van Rom 6 in hierdie verduideliking. Daar is egter maar weer die dwaling in vervat om die verbond by te trek by die doop. En dan word alles verder skeef getrek deur te leer dat suigelinge ook met die teken van die doop bedien moet word, en spesifiek deur hulle te besprenkel.

## Kommentaar oor die besluite van die NG Kerk in 2015 en 2016 oor Selfde geslag verhoudings en -huwelike

### Die 2015-besluit

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die menswaardigheid van alle mense.

2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ŉ verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ŉ huwelik beskou word.

2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouing oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ŉ gees van Christelike liefde te doen.

2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ŉ ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ŉ selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan die studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en veral 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

2.9 Die Algemene Sinode besluit om ŉ Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van die voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ŉ soortgelyke opdrag op A p172 punt 7.4 ontvang het.

2.10 Die Algemene Sinode besluit om ŉ bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

## Die 2016-besluit

1.Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

Die Algemene Sinode

2.1. herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.

"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.

Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."

(Vgl.: Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91)

2.2. wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt is.

Die Algemene Sinode bely

3.1. dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

3.2. dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3. dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.

3.4. dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

4. Die Algemene Sinode

4.1. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel dat met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.

4.2. roep alle lidmate en ampsdraers op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.

4.3. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie

4.4. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap (dade) buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie, maar erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.

4.5. bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

4.6. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

4.7 bevestig dat Kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

4.8 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

Ons maak hierdie besluit beskikbaar omdat dit vir baie lidmate belangrik is. Die notule waarin hierdie besluit bevat word moet egter nog goedgekeur word.

## My kommentaar

In die lig van hierdie besluit van die NG Kerk tydens sy buitengewone Algemene Sinode van 2016, stem ek saam met Wynand Louw van www.hierstaanek.co.za dat…

Daarom…

Die buitengewone Algemene Sinode van 2016 se besluit oor selfdegeslag seks moet verwerp word.

Neels Jackson skryf in die e-Kerkbode na die buitengewone Algemene Sinode van 2016 dat "die omstrede besluite [oor selfdegeslagverhoudings] van 2015 volledig omgekeer is."

Hierdie is 'n uiters misleidende opsomming van die Algemene Sinode se besluit. Die besluit gaan veel verder as enige ander besluit oor selfdegeslagverhoudings wat voor 2015 geneem is. Ek haal aan:

Besluit, Paragraaf 1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

Die Algemene Sinode verklaar hiermee dat hulle besluit nie bindend op gemeentes die NG Kerk is nie. Die sinode verklaar hiermee dat hy oorbodig is, dat sy besluite geen gewig dra nie en dat elke gemeente maar kan maak soos hulle goed dink. Indien dit is hoe die Algemene Sinode sy gesag in die kerk sien is dit beter om heeltemal te ontbind.

Besluit, paragraaf 4. Die Algemene Sinode

[…]

4.4. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap (dade) buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie, maar erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.

Die Algemene Sinode bevestig die Bybel se leer oor die heiligheid van die huwelik, maar sê dan dat dit slegs riglyne is. Daar is 'n wêreld se verskil tussen 'n riglyn en 'n wet. 'n Riglyn is nie afdwingbaar nie. 'n Wet is wel afdwingbaar.

Kyk wat sê God oor sy wet:

Jakobus 2:10-12

*“As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.*

*God wat gesê het: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie,’ het ook gesê: ‘Jy mag nie moord pleeg nie.’*

*As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog ’n oortreder van die hele wet.*

*Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak.”*

Romeine 6:23

*“Die loon wat die sonde gee, is die dood.”*

God gee ons nie riglyne wat ons kan volg soos ons goed dink of soos wat dit vir ons gerieflik is nie. God gee wette wat ons moet onderhou, en die oortreding van die geringste van hierdie wette verdien die ewige dood. Deur God se wet te verskraal tot riglyne word God van sy heiligheid beroof, en word sonde se absolute, objektiewe boosheid ontken. Die evangelie word verskraal, omdat Christus gesterf het om ons van die vloek van die wet te red, nie om vir ons opsionele riglyne te gee oor hoe om te leef nie.

Die Algemene Sinode aanvaar verder dat daar selfdegeslag seksuele verhoudings is wat getuig van liefde en trou. Hierdie stelling legitimeer selfdegeslag seksuele verhoudings, omdat die Bybel dit duidelik stel dat ware liefde van God af kom.

Kyk hoe interpreteer die moderatuur van die sinode van Weskaap reeds die besluit:

Die sinode het herbevestig dat ’n huwelik die veilige ruimte is waarbinne seksualiteit ten volle uitgeleef moet word, maar ook erkenning gegee aan die feit dat daar gay gelowiges is wat leef in burgerlike verbintenisse en wie se verhoudings getuig van die liefde en trou wat hoort by gelowiges.

Charl Stander, Skriba van die Sinode (Namens die moderatuur)

Let op dat Stander die woorde “… wat hoort by gelowiges” invoeg in sy rapportering oor die besluit. Die narratief word dus reeds aangepas.

Dit is natuurlik ’n verwerping van wat die Bybel sê oor sonde en liefde: Ware liefde kom van God (1 Johannes 4).

Indien homoseks sonde is soos die Bybel duidelik leer, kan ware, Goddelike liefde dus onmoontlik in ’n homoseksuele verhouding manifesteer.

En navorsing bevestig dit: In ’n studie deur McWhirter en Mattison van 156 homoseksuele paartjies kon hulle nie een eksklusief monogame verhouding vind wat langer as 5 jaar geduur het nie. (McWhirter, D., and Mattison, A. (1984). The Male Couple: How Relationships Develop. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.)

In teenstelling hiermee het ’n nie-Christelike heteroseksuele huwelik ten minste ’n 30% kans om lewenslank eksklusief monogaam te wees.

Opsommend van paragraaf 4.4: Buite egtelike (en spesifiek selfdegeslag) seksuele verhoudings is nie sonde nie, dit is net teen die riglyne. Dit is selfs aanvaarbaar in dié sin dat dit kan getuig van liefde en trou.

[…]4.6. (Die Algemene Sinode) is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, ’n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

4.7 bevestig dat Kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in ’n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

4.8 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

Paragraaf 4.6: Dit is onduidelik of mense wat in homoseksuele verhoudings is onder sensuur geplaas moet word of nie. Is ’n homoseksuele verhouding grond vir die kerklike tug? Daar is geen aanduiding dat dit die geval is nie.

Let op 4.7: Gemeentes kan nie gedwing word om mense in selfdegeslag verhoudings aan te stel in die ampte nie. Die betekenis van hierdie sin is duidelik en ondubbelsinnig, maar doelbewus verdoesel in ’n negatiewe stelling: Gemeentes mag dus mense in selfdegeslag seksuele verhoudings in die ampte aanstel!

Paragraaf 4.8 probeer ons gerus stel deur te stel dat dieselfde standaarde geld vir alle persone, ongeag seksuele orientasie. Die probleem is, paragraaf 4.4 verlaag God se standaard vir die huwelik van wet na riglyn, en legitimeer buite egtelike verhoudings. Om dit moontlik te maak om mense wat in selfdegeslag seksuele verhoudings staan toe te laat tot die amp word die standaard vir alle mense dus verlaag! Let op dat paragraaf 4.8 inhoudelik identies is aan Paragraaf 2.5 van die 2015 besluit – in die konteks van die besluit om homoseks verhoudings te heilig!!

Wat die besluit nié sê nie is egter baie belangriker as wat dit wél sê!

Die besluit verklaar nie, saam met God, dat homoseks (en alle ander vorms van buite egtelike seks) sonde is nie.

Die besluit roep nie sondaars op tot bekering, sondebelydnis en ’n heilige lewe deur die genade van God in Christus nie.

Die besluit stel nie sondebelydenis en heiligmaking as voorwaarde vir toelating tot ampte in die kerk nie. Daar is in hierdie besluit geen rede waarom mense in sondige homoseks-verhoudings nie in die ampte kan dien nie.

Omdat die héél belangrikste nie gesê word nie verloën die Algemene Sinode se besluit die Evangelie.

In teenstelling met wat Jackson in die e-Kerkbode verklaar is hierdie nie ’n volledige ommekeer van die 2015-besluit nie. Dit is ’n herbevestiging van die besluit, met die uitsondering dat homoseksuele verbintenisse nie volgens die 2016-besluit in die kerk deur predikante bevestig kan word nie. (Dit word egter duidelik nie verbied nie)

Die hart en siel van die 2015-besluit leef net so voort in die 2016-besluit, met dié een uitsondering.

Ek glo dit is ’n doelbewuste poging om ons, die gewone lidmate, te mislei.

Wynand Louw

(Nota: Die teks van hierdie artikel is effe aangepas nadat dit onder my aandag gekom het dat daar onduidelikhede in was. W.L.)

## My artikel op my BLOG hieroor

https://nuwewyn.wordpress.com/2015/10/23/opmerkinge-oor-die-besluit-van-die-algemene-sinode-oor-dieselfde-geslag-huwelike-ens/

Sjoe, die NG Kerk het hier 'n streep in die grond getrek en gekies wie hy wil dien en hoekom.

Enigiemand wat die Rapport se hoofberig op die voorblad en Hanlie se gesprek met die Moderator gelees het, weet nou hoe die NG Kerk oor hierdie dinge dink en hoekom die NG Kerk, ten spyte van 7 baie direkte Skrifgedeeltes teen homoseksualisme, gekies het om in sy etiek eerder te kies om mense tevrede te stel.

Ek wil dit so teken:

Daar is drie fondasies waarop 'n mens kan kies om jou besluite (en ook etiese besluite) te baseer.

Die eerste fondasie is: Godsdiens (wette, godsdienstige reëls en tradisies en leringe van jou betrokke deel van die godsdienstige mensgemaakte struktuur waaraan jy behoort en waaraan jy lojaal wil wees).

Die tweede fondasie is: Polities, in lyn met die humanistiese standpunte van die gemeenskap rondom jou en wat polities as "reg" beskou word.

En die derde fondasie is die Koninkryk van God waarin Jesus Christus die Koning en Here is en Sy wil en Woord die enigste woord oor enigiets is. Hier is die Bybel ons finale toets as geïnspireerde Woord van die lewende God.

Dit is dus duidelik wat die NG Kerk in hierdie besluit gekies het as fondasie: Politiek, eerstens en Godsdiens tweedens.

So het die NG Kerk, na sy besluite van 2007 reeds in die verband, tydens hierdie sinode ook sommer alle onduidelikheid uit die weggeruim en sommer in die proses goedkeuring gegee aan die wettigheid van selfdegeslag huwelike wat reeds sedert 1 Des. 2006 ook in Suid-Afrika volgens wetgewing wettig is.

Omdat die leiers van die NG Kerk vooraf verwag het dat Jan Alleman in die NG Kerk nie hiermee sommer gediend sal wees nie, skryf die Moderatuur die Pastorale brief van die Algemene Sinode om dadelik na die Alg. Sinode aan alle gemeentes uit te stuur en te vra dat daar in alle gemeentes gemeentevergaderings gehou sal word om die plofbare situasie te ontlont so gou moontlik.

Nou sal elke gemeente en elke leraar en elke gelowige volgeling van Jesus vir hulleself moet besluit wie dien hulle en aan wie gaan hulle lojaal wees: God en Christus, of die NG Kerk?

Die NG Gemeente, Moreletapark, het klaar besluit en hier is hulle standpunt wat hulle openbaar gemaak het:

Standpunt van die Kerkraad van Moreletapark Gemeente oor homoseksualiteit

1. Ons is oortuig dat die Skrif ons leer dat 'n huwelik die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is, wat mekaar met die liefde van Christus versorg. Ons aanvaar dat die enigste wyse waarop 'n Christelike huwelik tot stand kom, is tussen een man en een vrou waar Christus in die

middelpunt is.
2. Ons glo dat die Skrif daaroor duidelik is dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is.
3. Ons glo dat die beoefening van homoseksualiteit teen God se wil en plan is soos alle ander sondes waaroor die Skrif praat. Vir al hierdie sondes is daar vergifnis en vrymaking deur die bloed van Jesus Christus.
4. Die gemeente se deure staan met die liefde en deernis van Christus oop vir alle mense. Wanneer ‘n persoon egter in enige sonde volhard kan hy/sy nie in ‘n leiersposisie (leraar, personeel, bestuurslid, bedieningsleier of aanbieder) in ons gemeente dien nie.
5. Ons wil steeds as kerk die oop arms van Jesus wees wat vir alle mense genade, vergifnis en heling bied.

## Verdere opmerkings van my kant af hieroor

Hier is eintlik soveel sake wat deur hierdie besluit van die Algemene Sinode geraak word, soos:

Wie het die reg om die begrip “huwelik” te definieer?

Het die Staat die reg? Na my oordeel: Nee.

Het individuele geïnstitueerde kerke die reg? Weereens, na my oordeel: Nee.

Na my oordeel, as gelowige volgeling van Jesus Christus, is God die Een wat die begrip “huwelik” definieer en dit het Hy reeds in Gen. 1 en 2, reg aan die begin van die skepping, gedoen.

Dit is naamlik ’n lewenslange verhouding tussen een man en een vrou, wat beleef het God het hulle vir mekaar bedoel om mekaar aan te vul en mekaar se lewenslange “helper” en “maat” te wees.

Deel van hierdie verhouding is ook die seksuele verhouding tussen hierdie man en hierdie vrou binne hierdie huwelik deel van God se genade-goedere aan hulle. Enige ander vorm van seks is volgens God teen Sy wil en orde.

En soos in enige ding waar God Sy wil en plan vir ons uitgespel het, is dit ons keuse of ons dit wil gehoorsaam of nie.

Soos dit daar in Deut. 30:15 so treffend staan:

*“Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou.”*

Die OAV vertaal dit so:

*“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk.”*

Ons keuses uit vrye wil, ook in die verband, kan of tot lewe lei of tot die dood.

Wat die seksuele betref, het God seks bedoel as tussen hierdie een man en een vrou binne hierdie huwelik. Dit is die “normale” en “natuurlike” soos Hy dit bedoel het.

En dit is hierna wat Paulus verwys in Rom. 1:26 en 27 as daar sprake is van “die natuurlike omgang”, of fusiken in die Grieks!

Hoor wat hier staan:

*“Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in ‘n teen-natuurlike omgang.*

*Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.”*

“Natuurlike omgang” beteken tog in doodgewone Jan Alleman se taal: die regte “tools” vir die regte “job” op die regte plek, soos God dit bedoel het!

Dit is nie vir my moontlik om hier reg te laat geskied aan alles wat in die Nuwe Testament en die res van die Skrif hieroor gesê word nie.

Daarom wil ek graag elkeen wat opreg soek na wat God self in Sy Woord vir ons hieroor sê in gedeeltes soos Rom. 1:18 e.v.; 1 Kor. 6; van die gedeeltes in Levitikus; en dan dit wat in Gen. 1 en 2 in die verband staan, uitnooi om na een van die wêreld se beste Nuwe-Testamentici, dr. Robert Gagnon, se uitstekende uiteensetting hiervan te luister (vir sowat 26 minute) deur die volgende skakel te druk:

https://www.youtube.com/watch?v=bG3nEH5Jn–A

Dit is dus duidelik dat die fundamentele beginsels op grond waarvan die besluit van die Algemene Sinode sy besluit gegrond het, nie meer eksklusief op die Woord van die Koning gebaseer is nie. En daaroor staan hulle verantwoordelik teenoor die Koning uiteindelik.

Wat die Algemene Sinode se besluit nou en reeds in 2007 so aanvegbaar maak, is dat hulle besluit het dat die seksuele voorkeur van mense en dus ook diegene wat ’n voorkeur het vir dieselfde geslag as hulle, ’n gegewe geskape werklikheid is. Dit “is dus net so” en is dus nie ’n keuse van die betrokkenes self nie.

Behalwe dat dit reeds net nog ’n uitvloeisel is van die fundamentele beginsels wat die Alg Sinode gekies het om sy besluite op te baseer, is dit direk in teenstelling met van die nuutste navorsing in die neuro-wetenskappe wat iemand soos Dr. Caroline Leaf vir ons so treffend in haar studies aantoon.

Alhoewel dit geweldig kompleks is en onmoontlik om hier reg aan te laat geskied, wil ek net een sin van haar aanhaal wat van hierdie navorsingsresultate saamvat: “Scientists are discovering precise pathways by which changes in human thinking operates as signals that activate genetic expression, which then produce changes in our brains and bodies.” (Bl. 50, HOW TO SWITCH ON YOUR BRAIN. 2013, Baker Books).

Dit bly vir my ’n raaisel dat die NG Kerk so “akkommoderend” kan wees wat sekere sake betref, terwyl hy onversetlik kan weier om sienings te akkommodeer waarvoor daar duidelike Skrifgronde is (dink maar net aan die hele kwessie van die doop van gelowiges).

Met die 500-jarige viering van die Reformasie wat oor twee jaar voorlê, is dit baie duidelik dat die NG Kerk as geïnstitusionaliseerde kerk weer beslis aan die voete van Jesus Christus as Verlosser, Koning en Here, sal moet gaan besin oor die kern vrae wat die Reformasie-gebeure vandag aan ons vra. Volgens my oordeel is dit ook ’n geleentheid vir weer-reformeer, of moet ek eerder sê, ’n totale rewolusie en oorbou op die oorspronklike Woord-fondament soos die oorspronklike Nuwe Testamentiese gemeentes van destyds moes doen. En hier sal dit dan vrae moet aanspreek soos: Glo ons steeds dat die Bybel die geïnspireerde woord is van die lewende God? En hoe moet ons dit vandag interpreteer om aan ons oortuiging hieroor reg te laat geskied?

Natuurlik het hierdie hele krisis wat in gemeentes en lidmate se lewens plaasgevind het n.a.v. hierdie besluit van die Algemene Sinode ook weer ’n geleentheid aan almal gegee om te herbesin oor ons hele Kerk-begrip. Dit raak sake soos: Hoe rym ons die feit dat Jesus sê Sy Kerk is een, met die realiteit dat daar volgens mense wat sulke dinge tel, net in SA meer as 30 000 verskillende “kerke” is, waarvan die NG Kerk een is? As ek en jy as volgelinge van Jesus reeds deel is van Sy Een Kerk, is ’n ekstra lojaliteit aan ’n mensgemaakte geïnstitusionaliseerde kerk nie in ’n sin demonies nie? Wie dien ons en praat ons agterna as die mensgemaakte geïnstitusionaliseerde kerk waarvan ek tans deel is, anders sê en doen as wat Jesus self in Sy Woord vir ons sê? Wie is dan werklik my Here en Koning?

Daar is natuurlik heelwat spesialis-bedieninge wat spesifiek op hierdie veld mense oor die wêreld bedien, soos wat jy op die volgende webblaaie beter sal leer ken: Soos bv. http://masteringlife.org/ en hier in SA http://www.learntolove.co.za/

Luister ook na hierdie Engelse professor, Rosaria Butterfield, oor haar bekering uit ’n lesbiese lewensstyl: https://www.youtube.com/watch?time_continue=995&v=TW06rdv1eOo

Sien ook die artikel hieroor van ds. Eben Swart, AS DIE SOUT LAF GEWORD HET.

## VERKLARING – Moreletapark Gemeente se reaksie op die Algemene Sinode se besluite rakende selfdegeslag verhoudinge

As voorbeeld van die skeuring wat plaasgevind het met die Algemene Sinodale besluit tydens die 2019-vergadering, haal ek aan uit die NG-gemeente Moreletapark se reaksie en verklaring op hierdie Algemene Sinode se besluite in die verband.

Dit sou dan ook aanleiding gee tot die SPESIALE BERAAD wat by Moreletapark plaasgevind het op 25 en 26 Februarie 2020 vir alle gemeentes en geestelike leiers wat beleef het dat hulle nie meer met die besluite kon saamgaan nie en na alternatiewe optrede in die verband soek.

Oktober 2019

"Die kerkraad het kennis geneem van die besluite rakende selfde-geslag verhoudinge by die pas afgelope Algemene Sinode (AS) van 6-11 Oktober 2019. Na afloop van 'n gespreksgeleentheid van die kerkraad en leraars rakende hierdie saak, word die hieropvolgende verklaring voorgehou:

Die AS erken die huwelik tussen een man en een vrou maar besluite is ook geneem wat ruimte maak vir selfde-geslag verhoudings en -verbintenisse. Teenoorstaande Skrifbeskouing word geakkommodeer ter wille van eenheid in die NG Kerk. Kerkrade word aangemoedig om hul eie standpunte aangaande hierdie saak te formuleer om sodoende die diverse uitgangspunte te akkommodeer. Opdrag is deur die AS gegee om 'n huweliksformulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

In diepe afhanklikheid van die Here, wil ons ons bekommernis en ontsteltenis ten sterkste uitspreek oor hierdie besluite en wil as volg verklaar:

1. Die Woord van God staan sentraal in die uitleef van ons geloof. Primêr gaan dit oor die gesag en interpretasie van die Woord van God en die erkenning dat die Bybel deur God geïnspireer is. Die Woord van God, soos wat dit deur die eeue staan (Duet. 4:2, Mat. 5:18-20), is die enigste riglyn vir die onderskeiding van die waarheid. Die Woord is 'n tweesnydende swaard wat skeiding bring tussen lig en duisternis, reg en verkeerd, heiligheid en sonde en beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (Heb. 4:12). 2. Christelike eenheid kan nie ten koste van die waarheid voorgehou word nie. Eenheid binne die kerk vind hom juis binne die waarheid van die Skrif en akkommodeer nie sondige praktyke nie (2 Kor. 6:14). 3. Ons bevestig ons beleid aangaande die huwelik te wete dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word (Gen. 2:22-24). Gevolglik sien ons nie ons weg oop om selfde-geslag verbintenisse te bevestig nie en sal dit daarom nie in die gemeente toelaat nie. 4. Alle leiers in die gemeente sal volgens Bybelse riglyne gekeur word, en wel op grond van hulle roeping, belydenis, spiritualiteit en die getuienis van hulle leer en lewe (1 Tim 3:1-9).

Ons is geskape na die beeld van God en daarom moet ons mekaar met respek en deernis behandel. Ons deure en harte is oop om mense in selfde-geslag verhoudings in die gemeente te ontvang en te bedien met die evangelie van liefde in Christus Jesus.

Ons is bekommerd oor die stand van die NG Kerk denominasie. Die vrug van die Sinodebesluit is een van verwarring en onenigheid. Ons is van mening dat 'n valse eenheid voorgehou word en dat daar reeds polarisering binne die denominasie bestaan rondom hierdie saak. Ons kan nie Bybelse

outoriteit ondermyn en verwag om ‘n lewendige geestelike basis in stand te hou nie. Sonder sondebesef, skuldbelydenis en verandering sal die Kerk die weg van wêreldse praktyke volg.

Dit word in die vooruitsig gestel dat die volgende punte vir goedkeuring sal dien by die kerkraadsvergadering van 31 Oktober 2019:

1. Die kerkraad versoek die Oostelike Sinode om ‘n dringende buitengewone vergadering van die Oostelike Sinode byeen te roep waar hierdie saak op die agenda sal dien.

2. Die kerkraad beplan ‘n konferensie/byeenkoms waarheen alle leraars/gemeentes wat dieselfde standpunt huldig uitgenooi word. Ons wil kontak maak, sodat gemeentes wat dieselfde belydenis het, saam kan besin oor die pad vorentoe.

3. Die kerkraad ondersteun nie die ontwikkeling van ‘n formulier vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag nie en versoek dat dit gestaak word.

Dit is met kommer dat ons kennis neem van behoudende lidmate wat reeds die NG Kerk verlaat het of wat op die punt is om dit te doen. Ons doen ‘n beroep op lidmate om nie oorhaastige besluite in hierdie verband te neem nie. As behoudende Christene wil ons vra dat ons hande sal vat en ons verantwoordelikheid opneem om uit te reik na alle mense met liefde, deernis en genade om Jesus Christus se verlossingsboodskap te verkondig. Mag God verheerlik word op hierdie herlewings pad.

Nota: Die Kerkraad van Moreletapark Gemeente (MPG) het, in die proses van gesprek met die Oostelike sinode, twee dokumente na die Oostelike Sinode gestuur:

1. ‘n Lys van ons bekommernisse, en

2. ‘n Geloofsdokument waarin ons sê wat ons glo. Hierdie verklaring, wat ‘n spesifieke reaksie op die AS se besluit oor selfde-geslag verhoudings is, ondersteun en versterk genoemde twee dokumente. “

## Geloofsdokument van Moreletapark Gemeente

Augustus 2019

“Moreletapark Gemeente is gegrond op die Bybel as die geïnspireerde, genoegsame en onfeilbare Woord van God en glo dat dit akkuraat is in die beginsels wat dit ons leer. Ons leef ons identiteit in Christus uit in gehoorsaamheid, diensbaarheid en verhoudings deur afhanklike gebed en die leiding van die Heilige Gees. Ons visie is: “Jesus, alles in elkeen”, na aanleiding van Kol. 3:11b.

Ons is oortuig dat dit ons roeping is om die Evangelie van Jesus Christus se genade en verlossing aan alle mense te verkondig en dissipels te maak (Mat. 28:19-20, Hand. 1:8, Mark. 2:17).

Moreletapark Gemeente bely en verklaar die volgende:

1. Ons glo dat daar net een lewende Drie-enige God is, Vader, Seun en Heilige Gees (2 Kor. 3:17; Joh. 4:24; Jes. 40:14).

2. Ons glo dat God heilig en soewerein is (Lev. 19:2, Hab. 1:13) daarom wil ons heilig lewe tot Sy verheerliking.

3. Ons glo dat God die Skepper is en dat Hy die mens geskep het na sy beeld, man en vrou het Hy hulle geskep (Gen. 1:26). Daarom glo ons dat die huwelik 'n Goddelike instelling en vaste, lewenslange verbintenis is tussen een man en een vrou (Gen. 2:22-24), en dat enige seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie binne God se wil is nie.

4. Ons fondament is gebou op Christus, die Skrif, genade en geloof, sodat God alleen die eer en heerlikheid ontvang.

5. Ons glo dat Jesus Christus ons Verlosser:

a. Gebore is uit die maagd Maria (Mat. 1:23), b. Fisies gesterf en fisies opgestaan het uit die dood (Joh. 11:25, Kol. 1:18), c. Opgevaar het na die hemel (Hand. 1:9-11), en d. Dat Hy weer terugkom om regverdig te oordeel (Kol. 3:4, Mat. 16:27).

(Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) Art. 3, 5, 7; (NGB) Art. 1, 8, 9; Heidelbergse Kategismus (HK) Vr. & Antw. 53; Algemene Sinode Besluite 2007, 2013, HK Vr. & Antw. 109; HK Vr. & Antw. 23; NGB Art. 21; HK Vr. & Antw. 23, 35, 45, 46; NGB Art. 10, 18).

6. Ons glo in die Heilige Gees wat ons vandag nog aktief rig, lei, leer, troos en toerus met Sy gawes (Hand. 2:33; 1 Kor. 12, 13, 14, Ef. 4:8.

7. Ons glo in die fisiese bestaan van die duiwel en dat sy strategie is om die kerk van Christus te mislei en te vernietig. (1 Pet. 5:8, Joh. 8:44, 1 Joh. 3:8, Rom. 16:20, Rom. 6:23, Rom. 3:23) Ons glo egter dat die duiwel reeds deur Christus oorwin is. (1 Kor. 15:55-57).

8. Ons glo dat sonde die verhouding tussen God en mens versteur, want God haat sonde, maar dat Jesus se kruisdood die verhouding herstel as daar opregte berou, skuldbelydenis en aanvaarding van Sy offergawe is. (Joh. 21:15-19, Rom. 12:1-2, Ps. 51:7, Gen. 5:3, 1 Joh. 1:9)

9. Ons glo dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk moet word nie, maar dat ons deur God verander moet word om 'n heilige lewe te leef (Lev. 19:2, Hab. 1:13, Rom. 12:1-2, Ps. 51:7, Gen. 5:3, 1 Pet 1:16)

10. Ons glo dat ons alleen deur geloof in Jesus Christus weergebore word as kinders van God en so die ewige lewe verkry. (1 Pet. 3:18, Kol. 1:21-22, Joh. 10:28, Joh. 3:3)

11. Ons glo in die bediening van die doop en die nagmaal as Sakramente wat deur Jesus self ingestel is as sigbare, simboliese tekens om ons op die offer van Jesus Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys en om daardeur ons geloof te versterk (Luk. 3:21, Luk. 22:14-20, 1 Kor. 11:24, Hand. 10:48, Mat. 28:18-20).

Soli Deo Gloria,

Moreletapark Gemeente Leierskap"

## "Dink mooi voor jy die NGK verlaat", vra Moreleta"

So lui die opskrif van 'n artikel op 21 Oktober 2019 in die Kerkbode.

Ek haal aan:

“Hulle is bekommerd oor die “stand van die NG Kerk denominasie”, maar Moreletapark Gemeente se leiers het ná die vergadering van die Algemene Sinode vroeër vandeesmaand kommer uitgespreek oor “behoudende lidmate” wat kerk verlaat het of wat op die punt is om dit te doen.

“Ons doen ’n beroep op lidmate om nie oorhaastige besluite in hierdie verband te neem nie. As behoudende Christene wil ons vra dat ons hande sal vat en ons verantwoordelikheid opneem om uit te reik na alle mense met liefde, deernis en genade om Jesus Christus se verlossingsboodskap te verkondig” lui ’n verklaring wat die gemeente op hul webwerf publiseer het. “Mag God verheerlik word op hierdie herlewingspad.”

Die makrogemeente beplan intussen ’n byeenkoms waarheen alle leraars / gemeentes genooi word wat hul ongemak deel met die amptelike besluit rakende selfdegeslagverhoudings wat by die Benoni-sinode geneem is. “Ons wil kontak maak, sodat gemeentes wat dieselfde belydenis het, saam kan besin oor die pad vorentoe.”

Die gemeente het sy eie siening oor die saak gestel: “Ons bevestig ons beleid aangaande die huwelik te wete dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word (Gen 2:22-24). Gevolglik sien ons nie ons weg oop om selfdegeslag verbintenisse te bevestig nie en sal dit daarom nie in die gemeente toelaat nie.”

Die Pretoria-gemeente meen dat ’n “valse eenheid” voorgehou word met die besluit wat afgevaardigdes by die sitting van die Algemene Sinode op 8 Oktober geneem het.

Die besluit bied ruimte vir verskillende standpunte oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag.

Die besluit bely ook dat eenheid nie verbrokkel as daar verskille oor die hantering en uitleg van die Bybel is nie, het DIE KERKBODE berig.”

## Verslag oor die SPESIALE BERAAD van 25 en 26 Februarie 2020

Toe ek en Hetta beleef het dat die Here wou hê dat ons self persoonlik teenwoordig moes wees by hierdie beraad wat in Moreletapark gaan plaasvind, het ek vir myself 'n kortlys opgestel van die vraagstukke waaroor dit op hierdie beraad uiteindelik moet gaan.

Hier was my kortlys:

Die belangrikste vraag wat elke geestelike leier in die verband, en na aanleiding van die Algemene Sinode-besluite oor sal moet rekenskap gee, is die vraag:

Wat verkondig ons in die verband aan mekaar en aan ander gelowiges?

Verkondig ons dit wat die Here God self vir ons in Sy Woord hieroor sê of dit wat die kerksisteem sê en voorskryf?

(Wat hiermee verband hou, is natuurlik die "Legitimasie-eed" wat elke dominee na sy studies tydens Legitimasie moes aflê voordat hy toegelaat word tot die bediening.

Maar ook die belofte wat elke belydende lidmaat in die NG Kerk tydens belydenis van geloof afgelê het.)

Die antwoord op hierdie vrae gaan dan ook aandui wie werklik die laaste sê in jou lewe het.

Ander belangrike vrae wat beantwoord sal moet word:

Wat is jou definisie van die Bybel? (In die lig van gedeeltes soos 2 Tim. 3:14-17, ens.)

Stem jy saam met die NG Kerk se definisie naamlik dat die Bybel "die getuienis is van gelowige mense oor God"?

Wie is die Kerk?

Is dit die wedergebore, bekeerde gelowige volgelinge van Jesus?

Of...

Die wat gedoop is in NG-terme?

'n Volgende kwessie waaroor uitsluitsel gekry sal moet word, is:

Die onderskeid tussen die Kerk en "kerk" soos in "kerksisteem/-struktuur of -verband", soos in die term, die NG Kerk, en soos dit gebruik word deur die ander sowat 30 000 soortgelyke kerksisteme in Suid-Afrika.

Dit is belangrik om in die verband te verstaan dat 'n belangrike deel van die oorspronklike Reformasie van 1517 en verder was, soos Martin Luther en ander na hom ontdek het, 'n breuk met die kerksisteem (destyds was dit die Rooms Katolieke kerk) terwille van Waarheid.

Daarom glo ek, dat enige ware reformasie, in die lig van die meerdere lig en leiding van God se Gees deur die eeue midde die ware Ekklesia, ook vandag nog sal beteken dat ons kies om klaar te maak wat die Reformatore van ouds, uit vrees en ongeloof, nie wou doen nie.

Dit behels ten minste dat ons vir onsself van nuuts af moet rekenskap gee oor wat die Skrif werklik te sê het oor:

- 'n Bybelse Ekklesiologie;
- Die plek van 'n ware sondebesef, bekering, geloof, doop in water en doop in die Gees as deel van 'n normale Bybelse geboorteproses;
- Die Bybelse doop wat net aan gelowiges bedien is;
- Die werk, gawes en bediening van die Heilige Gees;
- God as ons Totale Versorger; (in die lig van al die vrese oor waar die finansiële versorging vir die "voltydse leraars en bedienaars" vandaan sou kom;
- God se voorsiening vir die pad vorentoe;
- Is die honderde opgeleide leraars wat oor die afgelope 20 tot 30 jaar uit die NG Kerk bedank het omdat hulle oortuig was dat die Algemene Sinode-besluite oor die jare nie meer werklik in lyn is met wat in die Skrif in die verband gesê en bely word nie, nie in werklikheid 'n soort "Ef. 4:11-16-bedieningspan wat gereed staan om God se mense te help toerus vir die pad vorentoe nie?

En dan die laaste saak waaroor daar uitsluitsel verkry sal moet word:

Kerkregtelike wysheid rondom kerkregtelike kwessies soos wat gemeentes en Ringe en Sinodes se verhouding in die toekoms moet wees teenoor die Algemene Sinode en haar besluite, oor geboue, verhoudinge tussen gelowiges, gemeentes, en res van Kerk van Jesus, ens.

## Hoekom moet ek en Hetta by die Beraad wees, Here?

My een belangrike vraag aan die Here was: Hoekom moet ek en Hetta persoonlik by die Beraad wees? Ek is immers nie meer 'n leraar of leier in die NG Kerk nie, en het dus in der waarheid nie werklike "geestelike outoriteit" binne daardie geledere nie.

Daarom was dit vir my geweldig insiggewend wat ek beleef het as die Here se antwoord op my vraag.

Die Here het my herinner aan ten minste twee skrywes wat ek voor my bedanking uit die NG Kerk in 1993, op die tafel van die NG Kerk tydens die een of ander kerkvergadering neergesit het.

Daarin het die Here my gedring om te sê dat as die NG Kerk nie wat sekere kardinale sake betref, "terug na die Waarheid van die Woord" gaan beweeg nie, die NG Kerk as geheel meer as twee-derdes van haar belydende lidmate gaan verloor oor die volgende twintig of wat jare.

Toe ek in 1993 bedank het as NG-leraar, was daar om en by een en 'n half-miljoen belydende lidmate in die NG Kerk.

En verlede jaar (2019) het amptelike syfers aangetoon dat daar net sowat 500 000 belydende lidmate in die NG Kerk oor is.

Ek beleef toe tydens die Beraad hoe die Here vir my sê dat ek (en ander soos ek, tydens en na die Beraad) die sowat ŉ miljoen oud-lidmate van die NG Kerk verteenwoordig wat reeds van die sinkende skip afgeklim het. Ek hoor Hom sê: "En soos jy, het hulle nie uit die NG Kerk gestap omdat hulle nie meer My liefhet nie. Hulle het juis uitgestap omdat hulle My liefhet!"

Verder het die Here my al die materiaal wat ek die afgelope 27 jaar voorberei en selfs gepubliseer het, om God se mense, spesifiek uit hierdie groep, toe te rus soos Efesiërs 4:11 tot 16 vir ons leer.

"Daarom," het die Here verder gesê, "het Ek jou beveel om jouself en jou dienste aan te meld voor die Beraad by die leiers wat die Beraad gereël het. En wil Ek ook hê dat jy jouself en jou dienste sal aanmeld aan die leiers wat na hierdie Beraad moet voor stap in hierdie nuwe Beweging wat kom!"

Hoe heerlik was dit dan nie vir my nie om tydens die Beraad, in die besprekingsgroep waarin ons ingedeel was, telkens perspektief te kon bring vanuit die geledere van hierdie sowat ŉ miljoen gelowiges se kant!

Telkens kon ek ook sê: Ja, ek weet julle weet nie hoe lyk "kerk" en "kerk-wees" anderkant die mure van die NG Kerk nie! Maar mense soos ek, en baie ander daar buite, kan en wil met julle hande vat en vir julle "die teerpad" wys wat die Here deur ons en baie ander soos ons, reeds gebou het vir julle.

Na die afloop van die Beraad kon ek dan ook met presies dieselfde boodskap, myself en my dienste aanmeld aan die leierskap wat sou leiding neem in die nuwe Beweging hiervandaan verder. (Kyk hieronder na my brief aan hulle in die verband.)

## Rapport oor Dag 1 en 2 tydens die beraad

Waaroor was die beraad en wie was daar?

Die beraad was oor die volgende sake:

Dit het gegaan oor besluite wat geneem is tydens die 2019 se Algemene Sinode wat veroorsaak het dat verskeie gemeentes en lidmate gekonfronteer was met ernstige vrae oor of hulle langer in eenheid saam met die res van die NG Kerk kan beweeg, maar ook oor die gesag van die Skrif as geïnspireerde Woord van God, oor die interpretasie van die Skrif, en oor besluite tydens hierdie sinode wat in stryd was met wat hulle geglo het in die Skrif hieroor gestaan het. Die vraag was dus oor die pad vorentoe binne die NG Kerk.

Die fokus tydens hierdie beraad was dam om 'n forum te skep waarin, onder andere, inligting oor die kerkregtelike aspekte en moontlike opsies vir die hantering van die huidige kwessies binne die NG Kerk gedeel en bespreek kon word.

Genoegsame tyd vir ronde-tafelgesprekke is gegee om by 'n punt van moontlike besluitneming of verdere aksiestappe te kom.

Tydens die beraad, het 'n paneel kundiges, bestaande uit kerkreg-kundiges en teoloë, gehelp tydens die proses deur enige vrae en opmerkinge uit die groepe te bespreek.

Tydens die beraad was meer as 500 afgevaardigdes, waarvan meer as 300 gemeenteleiers was, teenwoordig.

Dit het my getref watter merkwaardige eenstemmigheid hier geheers het!

Tydens die beraad is verskeie daadwerklike opsies vir gelowiges wat nie saamgestem het nie met die besluite van die Algemene Sinode op die tafel gesit. Van hierdie opsies was "maklike oplossings" soos:

1. Aanvaar net die besluite van die Alg. Sinode

2. Doen net niks nie en gaan aan asof daar geen "probleme" is nie

3. "Stig" net nog 'n nuwe "kerk"

4. Word een van die groot klomp negatiewe, kritiese "brekers" wat net negatief oor die NG Kerk praat asof daar nie een werklike kind van God daarin is en asof daar niks "goeds" onder die NG sambreel plaasvind nie.

Maar dan was daar merkwaardige "kreatiewe en werkbare" oplossings, soos…

5. Begin "doleer" as gemeente, wat beteken dat die gemeente onmiddellik begin treur oor die toestand in die NG Kerk en al die onwaarhede wat verkondig en besluit is. Maar dit moet dan ook opgevolg word deur van die ander, volgende, opsies.

6. Verklaar 'n leergeskil met die NG kerk oor die sake waarvan jy/die gemeente verskil en skryf 'n gravamen/beswaarskrif daaroor aan die Algemene Sinode. Die probleem hiermee is natuurlik dat dan gewag moet word vir die volgende Sinode om te sit hieroor.

7. Maak met behulp van Kerkorde Artikel 37, 36 en Artikel 3, julle gemeente, ring of sinode, los van die Algemene Sinode en haar besluite. Die meeste beraad-gangers het gevolg dat dit werklik een van die beter oplossings was vir die ontevrede gemeentes. Sulke groep gemeentes kan dan binne 'n ander sinode (wat besluit het om ook hierdie pad te volg) vir hulle 'n nuwe geestelike tuiste te vind. So bly hulle dus wel deel van die NG Kerk maar word nie meer gebind nie deur daardie "probleem-besluite" van die Algemene Sinode.

8. Skep nuwe samewerking strukture tussen verskillende gemeentes, Ringe, Sinodes en selfs met ander "kerke" wat die Skrif dieselfde verstaan met die oog op reformasie.

9. Natuurlik kan hierdie gelowiges ook weer 'n regsaksie in die burgerlike hof aan die gang sit om so hierdie besluite van die Alg Sinode ongeldig te laat verklaar.

Dit blyk dus dat daar nie 'n enkelvoudige oplossing vir hierdie krisis is nie. Maar tog het almal gevoel dat met die opsies op die tafel, soos al telkens in die geskiedenis van die NG kerk (en ander kerke), sulke situasies opgelos kon word, omdat die Here telkens 'n oplossing gegee het!

Daarom vertrou gelowiges tydens hierdie beraad ook die Here om deur Sy Gees ook hier Sy Koninkryk te laat kom!

Wat beslis deurgekom het tydens die beraad was die feit dat die NG Kerk letterlik geskeur het n a v onder andere oor die besluite van die Algemene Sinode.

Hierdie beraad se oogmerk was om die eenheid in die Liggaam van Jesus, ook in die NG Kerk, maar ook wyer terwille van die Koms van die Koninkryk te herstel.

As deel hiervan is daar gesels oor hoe individue en groepe gelowiges prakties 'n leerverskil kan verklaar deur 'n beswaarskrif in te dien oor een of meer besluite van die Algemene Sinode verlede jaar of enige ander jaar, as hulle oortuig daarvan was dat dit nie in lyn was met die Skrif en sy boodskap oor wat waarheid is nie.

Dan is daar ook gesels oor hoe om, as jou pad en gemeente se pad vasgeloop het daar waar jy in verband is met ŉ spesifieke Ring of Sinode omdat jy/julle nie meer in verband wil staan met die Algemene Sinode en haar besluite nie, is daar die moontlikheid om nuwe samewerking strukture te skep met ander gelowiges wat die Skrif dieselfde verstaan met die oog op ware Bybelse Reformasie.

Ons soek immers na ware eenheid in leer en belydenis.

Dit kan binne "kerkverband" plaasvind, maar ook selfs gesoek word in nuwe strukture met die Kerk in die breë en buite die NG kerkverband.

Deurgaans was ŉ mens bewus dat hier werklik gesoek is na Bybelse reformasie en nuwe basisse vir eenheid.

Uiteindelik het afgevaardigdes na hierdie beraad gestreef om op die een of ander wyse elkeen by die Here en Koning van Sy Kerk te hoor wat om te doen in die verband en om dit altyd biddend, gelowig en gehoorsaam te doen soos wat die Here en Koning hulle self lei.

## ŉ Profetiese woord aan Ds. Willem Badenhorst na die Beraad

Na die profetiese woord wat ek die Sondag voor die beraad in die erediens by Moreletapark gemeente moes aflewer, het die Here my en Hetta ge-netwerk met honderde leiers van oor die land en uit verskillende bedienings waar ons op die een of ander wyse in die nabye toekoms kan gaan bedien.

Reg aan die einde van die beraad moes ek ook 'n profetiese woord aan ds. Willem Badenhorst en die NG gemeente Moreletapark oordra en moes ek vir hom en hulle as gemeente bid vir hulle rol as die pioniers en leiers wat moes voor stap in die nuwe beweging wat hier tot stand gekom het.

Aan God al die eer.

Hier volg die profetiese woord Sondag, 23 Feb. 2020, in die oggenddiens van Moreletapark.

"Die Here sê: Soos Ek met 'n Martin Luther gepraat het sodat hy op 31 Okt. 1517 nie anders kon as om te sê: Hier staan ek, ek kan nie anders nie, so het Ek met hierdie gemeente en baie ander van My mense in die NG kerk-sisteem gepraat wat hierdie week tydens hierdie beraad bymekaar kom, want hulle kon nie anders nie.

My mense het weer 'n geleentheid om te reformeer, terug na wat Ek in My Woord vir hulle sê.

En as julle dit doen, sal julle terugkyk na hierdie twee dae van die Beraad ses of twaalf maande hierna en dan vir mekaar sê: Dit was seker die mees krities belangrike gebeure ooit in die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika."

Hier volg ook die profetiese woord aan ds. Willem Badenhorst op die Woensdagmiddag, 26 Feb. 2020, na die Beraad:

"Ek self het die NG-gemeente Moreletapark geroep vir 'n tyd soos hierdie om voor te loop as die pioniere en leiers op hierdie nuwe pad waarop Ek besig is om My mense te lei.

En jy, ds. Willem, as leier in hierdie gemeente van My, Ek het jou self geroep en aangestel om as leier voor te stap.

Ja, Ek weet jy wonder en twyfel baie hieroor.

Maar weet verseker, Ek het jou hiervoor geroep en toegerus.

Ek het oor die jare al soveel keer met My mense in hierdie gemeente gepraat en hulle soveel van die nuwe dinge geleer, ja, selfs anders as wat ander in die res van die NG kerk glo en dit verstaan. Soos oor My prentjie van wie die Kerk regtig is, en oor die doop van gelowiges, en oor die Heilige Gees en die bediening met die gawes.

Moenie bang wees om dit met die ander te deel nie.

## My brief aan die Leierskap van die nuwe Beweging na die Beraad

3 Maart 2020

Geagte broers en susters

Soos voor die Beraad, in 'n brief aan ds. Pieter Badenhorst, wil ek myself kom aanmeld vir diens, as en wanneer julle iemand soos ek mag nodig kry.

(Laat ek dadelik sê dat hierdie soort optrede heeltemal "nie ek is nie". Maar in die lig van die gebeure – kyk "my storie hieronder" – voel ek "gedring" daartoe.)

Miskien was dit vir julle onverwags en vreemd om mense soos ek ook by hierdie twee dae-beraad te ontdek, en ook nou op die lys van diegene wat graag verder saam wil stap en saam wil dink en werk aan dit wat nuut hier begin het.

Ek sien myself as een van die sowat 'n miljoen oud-NG-belydende lidmate wat net vroeër as julle nou, in die afgelope sowat 30 jaar, beleef het die besluite van die Algemene Sinode is nie meer in lyn met wat God in Sy Woord vir ons leer en sê nie.

Maar ek is ook verteenwoordigend van honderde oud-leraars en teologies opgeleide persone, wat noodgedwonge moes bedank as leraars omdat ons soos 'n Martin Luther en andere beleef het, dit wat ons in die Skrif lees en ontdek het, is anders as wat die NG kerk in sy leer en besluite leer.

In my geval het ek na my bedanking in Okt. 1993, steeds by vele geleenthede gemeentes, Ringe en Sinodes van die NG Kerk bygestaan en bedien waar ek die geleentheid gebied is.

Bv. Soos vir die Sinode van die Wes-Kaap, ter voorbereiding op die Algemene Sinode van 2011, waar ek die Sinodale kommissie en andere gehelp het om 'n verslag voor te berei oor die Doop van gelowiges, en hoe die NG kerk in sy breë verband ruimte kan maak vir die doop van gelowiges in sy bedienings praktyke.

(Veral aangesien sowat 5 gemeentes in die Wes- en Suid-Kaap se sinodale gebied reeds al op daardie stadium "onoffisieel" gelowiges gedoop het. Kerkrade was bekend met derduisende belydende gelowiges in gemeentes in die Sinode wat ook reeds gedoop is as gelowiges. Daar was ook gerugte van tientalle leraars wat ook gedoop is as gelowiges.)

Almal van julle weet egter hoe die Algemene Sinode van 2011, ten spyte van wat in die Skrif hieroor staan, besluit het!

En boonop ruimte gemaak het vir 'n totaal onbybelse praktyk van "viering van jou doop as baba"!

Dit alles het daartoe gelei dat ek in 2013 op elkeen van die sowat 3300 dienende leraars, professore of kweekskool-dosente van die NG kerk, maar ook van die ander vier gereformeerde kerke (Gereformeerde Kerke, Hervormde Kerk van Afrika, Christelike Gereformeerde Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk) se tafel persoonlik 'n profetiese dokument moes gaan "neersit" oor wat ek beleef het die Here oor hierdie gebeure gesê het. (Kyk my boekie, Reformeer weer 'n keer).

Na die Alg. Sinode van 2019, het soveel dominees en gemeentes uit vele Sinodes ( soos die Wes-Kaap, Namibië, Botswana, en ander dele van die land) met wie ek op die een of ander wyse 'n pad stap of verbintenis het, raad kom vra.

En toe, tot my verbasing, het ek en my vrou ook beleef dat die Here ons opdrag gegee het om persoonlik ook hierdie Beraad te kom bywoon.

(Van hierdie bogenoemde gemeentes, wat dit nie kon bywoon nie, het ons toe ook gevra om hulle onoffisieel hier te verteenwoordig en aan hulle oor die gebeure hier terug te rapporteer.)

Hoe ek dalk tot diens kan wees:

Behalwe vir my "van buite af"-staanplek en perspektiewe, glo ek kan ek help met toerusting en begeleiding op hierdie nuwe pad en met die oordra van nuwe insigte;

Behalwe vir my "van buite af"-staanplek en perspektiewe, glo ek help met toerusting en begeleiding op hierdie nuwe pad en met die oordra van nuwe insigte;

Maar ek glo ek kan ook help in die proses van herstel met en binne die res van die groter Ekklesia van Jesus;

En spesifiek met die sowat 'n miljoen oud-NG gelowiges wat elders probeer het om weer 'n geestelike tuiste te vind,

En met die netwerk en toekomstige samewerking met die oog op die koms van die Koninkryk, met die geloof families waarbinne hulle 'n tuiste gevind het.

Ek hoor graag van julle.

Groetnis

Dr Christo Nel

In die diens van Koning Jesus

‘n Verteenwoordiger van die Koninkryk van die Hemel hier op Aarde

C: 082 770 2397

E: nchristo@lantic.net

## ’n Sirkel wat na 27 jaar voltooi word

As ek oor al hierdie gebeure nadink, dan voel dit vir my soos ’n sirkel wat hiermee voltooi is. Sewe-en-twintig jaar gelede moes ek en Hetta uitstap, afstap, uit ’n skip wat ons beleef het, besig was om te begin sink.

In gehoorsaamheid aan die woord van die Here aan ons, moes ons ’n pad deur die bos maak waar daar nie ’n pad was nie, maar net ’n klein voetpaadjie, wat deur ander voor ons gemaak is.

Toe moes ons daardie pad “teer” en gereed maak vir die derduisende wat agterna sou kom.

En nou, voel ek, is hulle hier.

Nou kan ek en Hetta, en ’n hele klomp ander leiers soos ons, as’t ware in roeibote nader seil en ons hulp kom aanbied aan die derduisende wat op die dek staan van hierdie skip wat nou baie duidelik aan die sink is.

As hulle gewillig is en saam met ons inklim, kan ons hulle na veiligheid toe neem en die “teerpad” gaan wys wat ons, in opdrag van die Here, vir hulle moes bou vir die pad vorentoe.

Alles sodat Sy Koninkryk ook so en hier kan kom, en Sy wil ook so en hier kan geskied, sodat iets van die realiteite soos in die Hemel, ook hier tussen ons op aarde kan gebeur.

## Oor die Skrywer

Dr Christo A. Nel is gebore in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal en matrikuleer aan die Hoërskool Voortrekker.

Hy verwerf sy B.A.-graad met Grieks en Wysbegeerte as hoofvakke aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, en voltooi sy sewe jaar teologiese studies aan die Universiteit van Stellenbosch, in die Kweekskool van die NG Kerk, waar hy 'n B.Th. en Nagraadse diploma in Teologie verwerf.

Terwyl hy bedien as 'n leraar in die NG Kerk, voltooi hy sy doktorale mondelinge eksamens met Nuwe Testament en Praktiese Teologie as hoofvakke, en Kerkreg as byvak, en verwerf sy M.Th. aan die Universiteit van Pretoria in 1988.

Na veertien jaar van bediening in die NG Kerk, breek 'n nuwe seisoen in sy en sy vrou se bediening en lewe aan toe die Here hulle roep om beskikbaar te wees as Sy instrumente in alle dele van die Liggaam van Jesus.

Hierdie nuwe bedieningstyd begin op 31 Oktober 1993, die dag van die jaar waarop die Reformasie herdenk word wêreldwyd.

Dit is nou reeds meer as 25 jaar wat die Here hom en sy vrou gebruik om "nuwe wyn"-waarhede aan God se mense te bedien oor kerk grense heen in verskillende denominasionele en post-denominasionele gemeentes en kerke, asook in verskillende huis gemeentes en ander groepe.

Intussen het hy ook sy D.Phil en n.D.Juris. (Theol.) voltooi.

Deel van Christo se bediening is om God se mense toe te rus vir bediening. Om hierdie rede het Christo reeds twee boeke gepubliseer, naamlik: *WAARHEEN MET DIE NUWE WYN* en *DIE STORIE AGTER DIE STORIE* (wat die verhaal is oor die Nuwe Testamentiese gemeentes van 32 tot 70 n.C.)

In 2013 ontvang hy 'n profetiese woord van die Here met die opdrag om dit persoonlik aan meer as 3300 dominees, professors en dosente van al vyf die gereformeerde kerke in Suidelike Afrika te bedien.

Dit verskyn dan ook in daardie selfde jaar as 'n nuwe publikasie, genaamd REFORMEER WEER 'n KEER.

Hy het ook twee DVD-kursusse gepubliseer, naamlik: *JESUS DIE DOPER MET DIE GEES* oor die werk en Persoon van die Heilige Gees en *HOE HOOR JY DIE HERE SE STEM.*

Hy is ook geakkrediteer as Professor en help by verskeie Christelike universiteite, opleidingsentrums en opleiding-bedienings waar hy en andere 'n nuwe generasie Christelike leiers vir die Liggaam van Jesus Christus help toerus vir Afrika, Pakistan, Indië en ander dele van die wêreld.

Hy is ook 'n vryskutskrywer vir verskeie Christelike tydskrifte, asook webblaaie.

Jy kan meer oor sy en sy vrou se bediening lees op hulle webblad by www.nuwewyn.co.za asook hulle Engelse webblad, www.new-wine.co.za

**Kontakbesonderhede**

Dr Christo A. Nel se kontakbesonderhede is soos volg:

E-pos-adres: nchristo@lantic.net

Posadres: Posbus 3114, Somerset-Wes, Suid-Afrika 7129

Telefoonnommer: 021-851 0003

Selfoonnommer: 082 770 2397

Webblad: www.nuwewyn.co.za